DIE LEEFWêRELD VAN DIE AGGRESSIEWE ADOLESSENTE SEUN

deur

ANNEMARIE RETIEF

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS - MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING

in die

DEPARTEMENT SIELKUNDIGE OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF A C LESSING

OKTOBER 1994

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat Die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

A Retief

A. Retief

DANKBETUIGING

Besondere waardering en opregte dank word hiermee betuig aan:

- Prof. A. Lessing, vir die voorreg om onder haar bekwame leiding hierdie studie te kon onderneem. Sonder haar belangstelling en skerp insig sou dié studie nie moontlik gewees het nie.

- Mev. Joline Zeelie, vir die keurige en professionele tikwerk.

- My moeder, Mev. J.M. Steenkamp, vir al haar hulp en bystand.

- Die leerlinge en hul ouers wat by dié ondersoek betrek is.

- Die proeflesers en taalversorgers, Dr. Theo Smith en Mevv. E. Bornman en E. Nigrini.

- Mevv Beryl de Lange en Lenie van der Westhuizen vir die vertaling van die opsomming in Engels.

OPGEDRA AAN: GOD, vir goeie gesondheid en insig waarsonder dié studie nie voltooi sou kon word nie.

OPSOMMING

Die doel van dié studie is om die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun te verken.

Aggressie word beskou as 'n gedragsafwyking wat op fisieke, verbale of passiewe wyses kan manifesteer. Die oorsake van aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessente seun word hoofsaaklik gevind in die ontoereikende gesinsrelasies. Gevoelens van ongeborgenheid, verwardheid en verwerping is dan die gevolg. 'n Onrealisties positiewe of -negatiewe selfkonsep kan hieruit voortvloei en kan daartoe lei dat die aggressiewe adolessente seun betrokke raak by negatiewe portuurrelasies, waar onder andere rook, dwelm- en drankmisbruik asook roekelose gedrag manifesteer. Uit hierdie literatuurbevindinge is twaalf postulate gestel en bespreek.

Vyf idiografiese studies is onderneem, waarvan drie volledig bespreek is. Die bevindings uit hierdie studies sluit aan by die feite wat uit die literatuurstudie oor die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun verkry is.

Vroeë uitkenning, ouerleiding en navorsing met betrekking tot hulpprogramme aan terapeute word aanbeveel om aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessente seun te voorkom.

SLEUTELTERME WAT DIE ONDERWERP VAN DIE VERHANDELING BESKRYF

DIE LEEFWÊRELD VAN DIE AGGRESSIEWE ADOLESSENTE SEUN

Sleutelterme:

Adolessente seun; Leefwêreld; Relasie met die gesin, self en portuur; Aggressie as gedragsafwyking; Verbale, fisieke en passiewe aggressie; Ontoereikende gesinsrelasies; 'n Onrealistiese selfkonsep; Betrokkenheid by negatiewe portuurrelasies; Verkenningsmedia; Postulate.

SUMMARY

The purpose of this study is to explore the lifeworld of the aggressive adolescent boy.

Aggression is regarded as deviant behaviour, that may manifest itself physically, verbally or passively. The causes of aggressive behaviour in the adolescent boy can be due to inadequate family relationships. Feelings of insecurity, confusion and rejection are the results of the problematic relationships. An unrealistic positive or negative self concept may develop that might lead to involvement with the negative peer group. Smoking, alcohol and drug abuse, as well as reckless behaviour may occur. Twelve postulates have been determined and discussed.

Five idiographic studies have been done. Three are discussed in detail. Deductions made from these studies are in agreement with findings in existing literature of the life world of the adolescent boy.

Early identification parental guidance and research regarding therapeutical programmes are recommended to prevent aggressive behaviour with the adolescent.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

INLEIDING EN ORIëNTERING

		BLADSY
1.1	**INLEIDING**	1
1.2.	**PROBLEEMONTLEDING**	4
	1.2.1 **Bewuswording van die probleem**	4
	1.2.2 **Verkenning van die probleem**	6
	1.2.2.1 Relasie met die gesin	7
	1.2.2.2 Relasie met die self	9
	1.2.2.3 Relasie met die portuur	10
	1.2.3 **Probleemstelling**	11
1.3	**DOELSTELLING**	12
1.4	**METODE VAN ONDERSOEK**	13
1.5	**PROGRAM VAN ONDERSOEK**	13
1.6	**AFBAKENING**	14
1.7	**BEGRIPSVERHELDERING**	14
	1.7.1 **Aggressie**	14
	1.7.2 **Adolessensie**	15
	1.7.3 **Leefwêreld**	16
1.8	**SAMEVATTING**	16

HOOFSTUK II

DIE FENOMEEN AGGRESSIE

2.1	**INLEIDING**	18
2.2	**DIE AARD VAN AGGRESSIE**	18
	2.2.1 **Die omskrywing van aggressie**	18
	2.2.2 **Aggressie as gedragsafwyking**	21
	2.2.3 **Verskillende vorme van aggressie**	22
	2.2.3.1 Verbale aggressie	22
	2.2.3.2 Fisieke aggressie	23
	2.2.3.3 Passiewe aggressie	24
	2.2.4 **Emosies wat met aggressie verband hou**	25

BLADSY

2.2.4.1 Angs 25

2.2.4.2 Woede 25

2.2.4.3 Frustrasie 26

2.2.4.4 Depressie 28

2.3 **STABILITEIT VAN AGGRESSIEWE GEDRAG** 29

2.4 **OORSAKE VAN AGGRESSIE** 30

2.4.1 **Die psigo-dinamiese perspektief** 30

2.4.1.1 Oedipuskompleks 30

2.4.1.2 Aggressie as die uitlewing van drange 31

2.4.1.3 Wanfunksionering van die psigiese struktuure 33

2.4.1.4 Waarde van die psigo-dinamiese perspektief vir dié betrokke navorsing 34

2.4.2 **Organiese hipoteses** 35

2.4.2.1 Die omgewing-oorerwing hipoteses 35

2.4.2.2 Die sentrale senuweestelsel en die endokrienestelsel 37

2.4.2.3 Die waarde van die organiese hipotese vir dié betrokke navorsing 40

2.4.3 **Die sosiale leerteoretiese benadering** 40

2.4.3.1 Aggressie as 'n gedragsmanifestasie 40

2.4.3.2 Aggressie as 'n sosiale gebeure 41

2.4.3.3 Die problematiese gesinsituasie 41

2.4.3.4 Ander stimuli wat volgens die sosiaal-teoretiese benadering tot aggressie lei 43

2.4.3.5 Waarde van die sosiale leerteoretiese benadering vir dié navorsing 45

2.4.4 **Sosiaal kognitiewe hipotese** 45

2.4.4.1 Ontoereikende sosiaal kognitiewe vaardighede as oorsake van aggressie 48

2.4.4.2 Waarde van die sosiaal-kognitiewe benadering vir dié navorsing 50

2.5 **SAMEVATTING** 50

HOOFSTUK III

DIE LEEFWÊRELD VAN DIE AGGRESSIEWE ADOLESSENTE SEUN

		BLADSY
3.1	**INLEIDING**	52
3.2	**OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP LEEFWÊRELD**	52
3.3	**RELASIES MET DIE GESIN**	58
	3.3.1 **Omskrywing van die begrip gesin**	58
	3.3.2 **Faktore wat bydra tot ontoereikende relasiestigting tussen gesinslede wat kan manifesteer in aggressiewe gedrag by die adolessente seun**	60
	3.3.2.2 Ontoereikende ontwikkeling van moraliteit in die gesinsituasie	65
	3.3.2.3 Gesagstrukture in die gesin	69
	3.3.2.4 Toepassing van gesag in die gesinsituasie	70
	3.3.2.5 Gesinstipes	71
	3.3.2.6 Toepassing van dissiplinêre tegnieke in die gesin	74
	3.3.2.7 Die invloed van strafmaatreëls op aggressie	78
	3.3.3 **Die aggressiewe adolessente seun se relasies met sy gesin**	78
3.4	**RELASIE MET DIE SELF**	79
	3.4.1 **Omskrywing van die begrip self**	80
	3.4.2 **Faktore wat tot ontoereikende relasiestigting met die self kan lei**	84
	3.4.2.1 Ontoereikende selfevaluering	84
	3.4.2.2 Ontoereikende identifisering	85
	3.4.2.3 Ontoereikende identiteitsvorming	86
	3.4.2.4 Ontoereikende selfkonsepvorming	87
	3.4.3 **Die aggressiewe adolessente seun se relasie met homself**	91

BLADSY

3.5 **RELASIE MET PORTUUR** 92

3.5.1 **Die begrip "portuur"** 92

3.5.2 **Faktore wat tot ontoereikende relasiestigting met die portuur kan lei** 95

3.5.2.1 Verwerping deur die portuurgroep 96

3.5.2.2 Betrokkenheid by negatiewe portuurgroepe 97

3.5.3 **Die aggressiewe adolessente seun se relasie met die portuur** 99

3.6 **SAMEVATTING** 99

HOOFSTUK IV

NAVORSINGSONTWERP

4.1 **INLEIDING** 100

4.2 **DOEL EN NAVORSINGSPROBLEEM VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** 100

4.3 **BESPREKING VAN DIE VERKENNINGSMEDIA** 101

4.3.1 **Menstekening** 101

4.3.1.1 Agtergrond, doel en eienskappe 101

4.3.1.2 Betroubaarheid en geldigheid 101

4.3.1.3 Interpretasie 102

4.3.1.4 Waarde van die menstekening vir die identifisering van aggressie 103

4.3.2 **Die huisgesintekening** 104

4.3.2.1 Agtergrond, doel en eienskappe 104

4.3.2.2 Betroubaarheid en geldigheid 104

4.3.2.3 Interpretasie 104

4.3.2.4 Waarde van die gesinstekening vir die identifisering van aggressie 106

4.3.3 **Die sinsvoltooiingsmedium** 106

4.3.3.1 Agtergrond, doel en eienskappe 106

4.3.3.2 Betroubaarheid en geldigheid 106

4.3.3.3 Interpretasie 107

BLADSY

4.3.3.4 Waarde van die sinsvoltooiingsmedium vir die identifisering van aggressie en die indiwidu se relasiestigting met sy gesin, die self en die portuur 108

4.3.4 **Persoonlikheidstoetse** 108

4.3.4.1 Agtergrond, doel en eienskappe 108

4.3.4.2 Betroubaarheid en geldigheid 109

4.3.4.3 Interpretasie 109

4.3.4.4 Waarde van persoonlikheidstoetse vir die identifisering van aggressie 110

4.3.5 **Tematiese appersepsietoets (TAT)** 110

4.3.5.1 Agtergrond, doel en eienskappe 110

4.3.5.2 Betroubaarheid en geldigheid 111

4.3.5.3 Interpretasie 112

4.3.5.4 Die waarde van die TAT vir die identifisering van aggressiwiteit en die indiwidu se relasiestigting 112

4.3.6 **Adolessente selfkonsepskaal (ASKS)** 113

4.3.6.1 Agtergrond, doel en eienskappe 113

4.3.6.2 Geldigheid en betroubaarheid 114

4.3.6.3 Interpretasie 114

4.3.6.4 Waarde van die ASKS vir dié navorsing 114

4.4 **DIE STEL VAN POSTULATE** 114

4.5 **SELEKTERING VAN DIE PROEFPERSONE** 116

4.6 **METODE VAN ONDERSOEK** 117

4.7 **VERWERKING VAN DIE TOETSRESULTATE** 118

4.8 **SAMEVATTING** 118

HOOFSTUK V

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 **INLEIDING** 119

5.2 **BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE A** 119

BLADSY

5.2.1 **Eerste onderhoud** 119

5.2.2 **Tekeninge** 120

5.2.2.1 Die menstekening 120

5.2.2.2 Die huisgesintekening 121

5.2.3 **Die sinsvoltooiingsmedium** 123

5.2.4 **Persoonlikheidstoetse** 125

5.2.4.1 EPI 125

5.2.4.2 Die HSPV 126

5.2.4.3 Identifisering van Jan se relasie-stigting en aggressiwiteit na aan leiding van die EPI en die HSPV 130

5.2.5 **Die TAT** 131

5.2.5.1 TAT-protokolle 131

5.2.5.2 Jan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT 133

5.2.6 **ASKS** 134

5.2.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal 134

5.2.6.2 Bespreking van die resultate van die ASKS 135

5.2.6.3 Relasies met gesin, die self en die portuur soos afgelei uit die ASKS 138

5.2.7 **Samevattende persoonsbeeld** 139

5.2.7.1 Relasie met gesin 139

5.2.7.2 Relasie met die self 140

5.2.7.3 Relasie met die portuur 141

5.3 **BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE B** 142

5.3.1 **Eerste onderhoud** 142

5.3.2 **Tekeninge** 142

5.3.2.1 Die menstekening 142

5.3.2.2 Die gesinstekening 144

5.3.3 **Die sinsvoltooiingsmedium** 145

5.3.4 **Persoonlikheidstoetse** 147

5.3.4.1 Die EPI 147

5.3.4.2 Die HSPV 148

BLADSY

5.3.4.3 Identifisering van Stiaan se relasie-stigting en aggressiwiteit na aanleiding van die EPI en die HSPV 150

5.3.5 **Die TAT** 152

5.3.5.1 TAT-protokolle 152

5.3.5.2 Stiaan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT 155

5.3.6 **Die ASKS** 156

5.3.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal 156

5.3.6.2 Bespreking van die resultate van die ASKS 157

5.3.6.3 Relasies met gesin, die self en die portuur soos afgelei uit die ASKS 160

5.3.7 **Samevattende persoonsbeeld** 159

5.3.7.1 Relasie met gesin 160

5.3.7.2 Relasie met die self 161

5.3.7.3 Relasie met die portuur 163

5.4 **BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE C** 164

5.4.1 **Eerste onderhoud** 164

5.4.2 **Tekeninge** 164

5.4.2.1 Die menstekening 164

5.4.2.2 Die gesinstekening 165

5.4.2.3 Gevolgtrekkings uit die mens- en gesins-tekening met betrekking tot Johan se relasiestigting en aggressiwiteit 165

5.4.3 **Sinsvoltooiingsmedium** 166

5.4.4 **Persoonlikheidstoetse** 168

5.4.4.1 EPI 168

5.4.4.2 Die HSPV 169

5.4.4.3 Johan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die EPI en die HSPV 170

5.4.5 **Die TAT** 171

BLADSY

5.4.5.1 TAT-protokolle 171

5.4.5.2 Johan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT 172

5.4.6 **ASKS** 172

5.4.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal 172

5.4.6.2 Bespreking van die resultate van die ASKS 173

5.4.7 **Samevattende persoonsbeeld** 174

5.4.7.1 Relasies met die gesin 174

5.4.7.2 Relasie met die self 175

5.4.7.3 Relasie met die portuur 175

5.5 **GEVALLESTUDIES D EN E** 176

5.6 **SAMEVATTING** 176

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING EN SLOT

6.1 **INLEIDING** 177

6.2 **BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE** 177

6.3. **BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** 181

6.4 **GEVOLGTREKKINGS** 192

6.5 **IMPLIKASIES EN AANBEVELINGS VAN DIE ONDERSOEK** 192

6.6 **SLOTOPMERKINGS** 193

BIBLIOGRAFIE 195

BYLAE A TOT E

LYS VAN TABELLE

		BLADSY
TABEL 1:	Die vier perspektiewe van die self	81
TABEL 2:	Waarnemings uit menstekening van Jan	120
TABEL 3:	Waarnemings uit die gesinstekening van Jan	122
TABEL 4:	Sinsvoltooiingsprotokolle van Jan	123
TABEL 5:	Persoonlikheidstrekke volgens EPI van Jan	125
TABEL 6:	Persoonlikheidstrekke volgens die HSPV van Jan	126
TABEL 7:	Die resultate van Jan se selfkonsepskaal	135
TABEL 8:	Waarnemings uit die menstekening van Stiaan	143
TABEL 9:	Waarnemings uit gesinstekening van Stiaan	144
TABEL 10:	Waarnemings uit sinsvoltooiingsprotokolle van Stiaan	145
TABEL 11:	Waarnemings uit EPI van Stiaan	147
TABEL 12:	Waarnemings uit HSPV van Stiaan	148
TABEL 13:	Resultate van Stiaan se selfkonsepskaal	157
TABEL 14:	Waarnemings uit die menstekening van Johan	165
TABEL 15:	Waarnemings uit sinsvoltooiingsprotokolle van Johan	167
TABEL 16:	Waarmenings uit EPI van Johan	168
TABEL 17:	Waarnemings uit HSPV van Johan	169
TABEL 18:	Resultate van Johan se selfkonsepskaal	173
TABEL 19:	Samevatting van postulate wat voorkom in proefpersone (A tot E) se leefwêreld	183
TABEL 20:	Sinopsis van die vyf proefpersone se relasies met die gesin, die self en die portuur	183

PROFIELE VAN PROEFPERSONE, SOWEL AS TABEL 21 TOT 28 EN FIGUUR 1 TOT 10 VERSKYN IN BYLAE A TOT E, AGTER IN DIÉ STUDIE

HOOFSTUK I

INLEIDING EN ORIëNTERING

1.1 INLEIDING

Die mens is 'n sosiale wese wat sy geluk in kontak en in harmoniese verhoudinge met sy medemens en objekte soek. Hierdie verhoudinge met mense en voorwerpe vorm die **leefwêreld** van die mens. Die soeke na geluk lei tot aanpasbaarheid by die mens. Daar bestaan 'n aantal gedragsmanifestasies, waaronder aggressie, wat negatief op die sosiale aanpassing van die mens inwerk. Hoghughi (1992:288) beskou **aggressie** as 'n krag wat deur die mens gebruik word om te beseer of om as uitlaatklep van frustrasie te dien.

In baie gevalle word **aggressiewe gevoelens** verplaas omdat die individu nie hierdie gevoelens kan uitleef nie (Freedman, Carlsmith & Sears 1970:116). Die indiwidu verplaas dan sy aggressie op 'n plaasvervanger en leef dit teenoor dié uit, soos wat hy sy aggressie sou uitleef op die persoon op wie hy dit wou rig. Die beginsel van verplasing is dat hoe groter die ooreenstemming tussen die persoon (teiken) en die oorspronklike bron van frustrasie is, hoe sterker sal die indiwidu se aggressie teenoor die plaasvervanger wees. Die adolessente seun tree aggressief teenoor sy portuur op omdat die portuur hom moontlik op dieselfde wyse as sy ouers behandel. Hy verplaas sy aggressie teenoor sy ouers oor op die portuur.

Volgens Epanchin en Paul (1987:109) is **aggressiewe gedrag** die mees algemene gedragsprobleem onder kinders. Baie aggressiewe kinders word dikwels as emosioneel en gedragsafwykend beskou. Tog moet daar ook in ag geneem word dat meeste mense een of ander tyd 'n vorm van aggressiwiteit openbaar. Namate die persoon ouer word, verander die aard van aggressiwiteit gewoonlik van fisiek na verbaal.

Alhoewel **aggressiwiteit** 'n gedragsmanifestasie is wat by alle mense kan voorkom, is dit soms 'n persoonlikheidseienskap van 'n mens.

Aggressie neem tydens adolessensie, veral by seuns, toe. Ontoereikende hantering van aggressie kan tot problematiese gedrag lei. Manslag is byvoorbeeld die derde grootste oorsaak van sterftes onder swart Amerikaanse middel-adolessente. Min studies is gedoen oor aggressiewe gedrag in kinders en adolessente (Finkelstein 1991:26, 28).

Epanchin en Paul (1987:109) gee die volgende redes aan waarom kinders aggressiewe gedrag openbaar, te wete innerlike konflik, aangeleerde gedrag, modellering, verkeerde beloningstrategieë, organiese faktore, kognitiewe distorsies en wanaanpassing in die samelewing.

Volgens Epanchin en Paul (1987:111) kan **aggressie** op **verbale of fisieke wyse** manifesteer. So stel Van den Aardweg en Van den Aardweg (1988:21) dat woede via verbale en fisieke aggressie tot uiting kan kom. Indien die indiwidu se verbale reaksie geïgnoreer word, kan hy oorgaan tot gewelddadige optrede, soos byvoorbeeld die beskadiging van andere se eiendom.

Die adolessent maak gewoonlik gebruik van verbale reaksies op woede wat ontstaan omdat hy alreeds abstrak kan dink en sodoende diskrepansies en onregverdighede in die leefwêreld kan insien. Deur aanvaarding en toleransie, op 'n meer volwasse wyse, kan die adolessent sommige van sy reaksies op woede beheer. As hierdie beheer afwesig is, kan dit onaanvaarbare en gewelddadige optrede tot gevolg hê (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:21). Die doel van verbale aggressie is om andere antagonisties teenoor die indiwidu te maak en dit kan uiteindelik tot konflik lei (Hoghughi 1992:288).

Aggressiewe gedrag kan volgens Maccoby en Jacklin (1974:244) al vroeg in die lewe van 'n persoon vasgelê word. Hierdie siening word ook deur Freud gehuldig. Freud (1923:699,702,703) het drie substelsels van die persoonlikheid onderskei, naamlik die **id, ego** en **superego**. Die id, wat daarop uit is om sy drange onmiddellik en volledig te bevredig, is 'n aangebore deel van die persoonlikheid. Die

ego wat alreeds in die eerste lewensjaar ontwikkel, streef die id se behoeftes deur drangbevrediging na, maar neem die fisiese en sosiale werklikheid in ag. Die superego ontwikkel uit die id, maar hou verband met die indiwidu se kontak met die gedrags- en morele reëls van die samelewing. Volgens Freud (Meyer 1990:67,68) ontwikkel die ego en superego tot op ongeveer ses jaar .

Indien die indiwidu se ego en superego nie in die eerste ses lewensjare na wense ontwikkel het nie, kan dit moontlik wees dat die indiwidu nie sal weet hoe om sy aggressiewe gevoelens te hanteer nie. Freud (Meyer 1990:71,81) verklaar die manifestasie van aggressie vanuit die doodsdrang. Omdat die drang dit ten doel het om af te breek, kom dit in botsing met ander lewensdrange. Aggressie is veral gerig op voorwerpe en ander persone. Om hierdie aggressiewe drangenergie te beheer, is die ontwikkeling van die superego belangrik. Die kind word met angs, skuldgevoelens en gewetenswroegings gepynig.

Gouws, Louw, Meyer en Plug (1984:282) beskou **skuldgevoelens** as verlaagde selfrespek wat gepaard gaan met die behoefte om bestraf te word. Skuldgevoelens is die gevolg van oortuigings by die mens dat hy 'n sosiale, etiese of morele norm oortree het. Hy beleef 'n gevoel van minderwaardigheid wat hy deur aggressie probeer oorkom.

Volgens die bioloog Zeller (Fuhrmann 1986:18) speel die **liggaamlike en hormonale veranderinge** wat die adolessent ondergaan 'n belangrike rol ten opsigte van sy aggressiwiteit omdat hierdie veranderinge tot emosionele disharmonie kan lei. Kenmerke van dié emosionele disharmonie is 'n kritiese houding, senuweeagtigheid, angstigheid en impulsiwiteit. Grossman en August-Frenzel (1991:303) huldig 'n soortgelyke siening, naamlik dat die emosies van die adolessent deur drie faktore beïnvloed word en wel die biologiese veranderinge, die psigiese integrasie van die indiwidu se aspirasies en die opvoedkundige omgewing. Die biologiese veranderinge wat die puber tydens puberteit ondergaan, lei tot bepaalde emosies.

Volgens Eibl-Eibesfeldt (Grossman & August-Frenzel 1991:303) dui uitbreiding van sosiale kontakte op die uitbreiding van die leefwêreld van die adolessent. Die uitbreiding van die sosiale kontakte van die adolessent lei tot aggressiewe gedrag omdat die adolessent meer kontak met die portuurgroep opbou en die norme van die portuurgroep soms met dié van die ouers kan verskil. Die gevolg van dié verskille is dat die adolessent in opstand teen ouerlike gesag kan kom. Die adolessent se opstandigheid word gesien as rebellering teen die ouerlike gesag.

Vir Vrey (1984:15) sluit die **leefwêreld** alles in waarby die indiwidu betrokke is of was en wat hy verstaan. Die adolessent se veranderde leefwêreld, wat ontstaan uit sy relasies, kan ongunstig deur sy aggressiewe gedragsmanifestasies beïnvloed word. In dié verband gaan Hoghughi (1992:232) van die standpunt uit dat die kwaliteit van die gesinslewe die basis en resultaat van die kwaliteit van die emosionele relasies tussen ouers en kinders bepaal. Emosionele ondersteuning word gemeet aan die kwaliteit en aard van die ouer se betrokkenheid by die kind.

1.2 PROBLEEMONTLEDING

1.2.1 Bewuswording van die probleem

Tydens die praktiese gedeelte van die opleiding vir M.Ed (Voorligting), is opdrag gegee om 'n leerling met emosionele probleme te help. My keuse het op 'n tienerseun, Carl, geval na aanleiding van die gedragsprobleme wat hy by die skool gemanifesteer het. Aggressiewe gedrag het voorgekom. Dit het ook geblyk dat hy op 'n tweede druiping (St.6) sou afstuur as gevolg van sy ongemotiveerdheid jeens sy skoolwerk.

Alhoewel Carl 'n welkome baba was, was sy moeder maar sewentien toe hy gebore is. Sy vader is oorlede in 'n motorfietsongeluk. Carl se moeder, Sharna, het toe by haar ouers gaan woon. Sy is later nog

twee keer getroud, albei kere met dwelmslawe. Sy was aan LSD, Kokaïne en Obex, 'n verslankingsmiddel, verslaaf.

Aggressie is by Carl geïdentifiseer met behulp van die volgende projeksiemedia, naamlik die Sinsvoltooiingsmetode, TAT (Tematiese Appersepsietoets), EPI (Emotions Profile Index) en die selfkonsepskaal (ASKS). Uit die sinsvoltooiingsmedium blyk dat Carl nie goeie relasies met sy moeder of met die onderwysers het nie. Sy moeder en hy kan nie goed met mekaar kommunikeer nie. Carl se swak relasies met sy onderwysers is toe te skryf aan die feit dat hy skool en skoolwerk haat. Luiheid en ongehoorsaamheid word deur hom gemanifesteer. Hy blameer die onderwysers dat hulle nie die werk, wat vir hom onverstaanbaar is, wil verduidelik nie, met die gevolg dat hy soms parmantig jeens sy onderwysers optree.

Uit die TAT het dit na vore gekom dat Carl sy gevoelens onderdruk. Hierdie aspek het ook duidelik uit die EPI geblyk. Sy onderdrukte aggressiwiteit kan moontlik verband hou met die feit dat sy tweede stiefvader hom mishandel en afgekraak het. Sy stiefvader het hom ook terselfdertyd geleer om aggressie op 'n fisieke wyse te toon. Die gevolge hiervan is duidelik te sien in sy relasies met lede van sy portuurgroep deurdat hy in fisieke gevegte met ander seuns betrokke raak.

Uit die selfkonsepskaal blyk duidelik dat Carl nie tevrede is met sy liggaam nie ten spyte van die feit dat hy 'n uitstekende atleet en aantreklike seun is. Sy gesinsverhoudinge is ontoereikend omdat hy voel hy word nie deur sy gesin aanvaar nie.

Uit dié gevallestudie kan die volgende hipoteses gestel word:

- Carl se aggressiewe optredes kan moontlik teruggevoer word na sy huislike omstandighede.
- Sy ontoereikende huislike omstandighede het bygedra tot ontoereikende relasies met symoeder en stiefvader binne gesinsverband.

- Ontoereikende relasies met die portuur kom na vore as gevolg van sy aggressiewe optredes teenoor sekere lede van die portuur.
- Bogenoemde relasies as gevolg van sy ontoereikende huislike omstandighede het daartoe gelei dat Carl 'n ongunstige selfkonsep het.

Carl se leefwêreld blyk baie ongunstig te wees. Dit het die vraag laat ontstaan na die aard van die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun. Sou alle aggressiewe adolessente seuns midde van 'n totale ongunstige leefwêreld staan?

1.2.2 Verkenning van die probleem

Vervolgens word in meer detail vanuit die literatuur gekyk na die **aard van die leefwêreld** van die **aggressiewe adolessente seun**. Die aggressiewe gedrag van die adolessente seun word beïnvloed deur sy behoefte aan selfdeterminasie en onafhanklikheid. Dit kan tot vele konflikte in sy leefwêreld lei (Grossman & August-Frenzel 1991: 303). Saunders (1992:4) verwys na die konflikte wat die adolessent soms ervaar as emosionele stres. Emosionele stres kan lei tot geïrriteerdheid, buie-veranderinge en die neiging om met andere te stry.

Emosionele stres en konflikte kan lei tot aanpassingsprobleme wat gepaard kan gaan met woede-buie en frustrasie. Dié emosies kan as **aggressiewe gedragsmanifestasies** beskou word en kan 'n ongunstige invloed op die adolessent se relasies met andere hê (Grossman & August-Frenzel 1991:303). Relasies met die gesin, die self en die portuur kan ly onder sy aggressiewe gedragsmanifestasies of moontlik die oorsaak wees van sy aggressiewe gedragsmanifestasies (Fesbach, Fesbach, Cohen & Hoffman 1984:167).

Aggressiewe gedragsmanifestasies word beheer deur eksterne en interne faktore in die leefwêreld van die adolessent. **Interne faktore** verwys na die indiwidu se relasie met die self (homself) terwyl

eksterne faktore veral dui op die relasies van die indiwidu met sy ouers en portuur. Interne faktore dui op die evaluering van die aggressiewe handeling, veral met betrekking tot die gevolge van die handeling. Eksterne faktore verwys na die beheer van sy gedrag deur eksterne moniteerders, met die gevolg dat die kind nie in 'n hoë mate onderwerp word aan sy eie evaluerende denke nie, maar eerder deur die eksplisiete aard van eksterne moniteerders (Aronfreed 1968:280).

Vervolgens word kortliks aandag gegee aan enkele belangrike relasies in die adolessente seun se leefwêreld, naamlik met die gesin, die self en die portuur.

1.2.2.1 Relasie met die gesin

Volgens Raath en Jacobs (1990:66) het die ouers die belangrikste taak in die voorbereiding van die kind om te kan aanpas in die samelewing. Die kind sien eers in hulle ouers en later in ander gesinslede en ander belangrike mense, modelle van hoe hulle self wil wees. In hulle strewe om soos hierdie modelle te word, vind sosiale wording plaas. Die ouer dien as model deur opvoeding en voorbeeldstelling (Bandura & Walters 1959:4; Coopersmith 1967:100).

Verskeie outeurs het uit hul navorsing sekere komponente binne die gesinsituasie geïdentifiseer wat tot ontoereikende relasiestigting tussen die ouer(s) en die adolessent kan lei. **Verbale en fisieke aggressie deur ouers** teenoor mekaar het 'n uiters negatiewe invloed op die kinders. Innerlike en uiterlike reaksies word deur Kempton, Thomas en Forehand (1989:303,305) onderskei. Innerlike reaksies is veral die gevolge van verbale aggressie en kan tot problematiese sosiale vaardighede by die adolessent lei. Fisieke aggressie kan weer tot openlike of uiterlike gedragsprobleme lei. Konflik tussen die vader en moeder vererger die neiging tot opstandigheid by adolessente (Balswick & Macrides 1975: 253). Dié opstandigheid mag

selfs manifesteer in aggressie tussen die kinders in die gesin (Hotaling, Strauss & Lincoln 1990:450,451).

Hoghughi (1992:290) skryf ontoereikende gesinsrelasies toe aan die swak sosiale vaardighede en inkonsekwente optrede van die ouers. Inkonsekwente optredes kan veral in verband gebring word met verskillende dissiplinêre tegnieke wat deur die ouers toegepas word, veral waar die een ouer meer outokraties as die ander een optree (Balswick & Macrides 1975:256). Dit kan aanleiding gee tot aggressie by die adolessent, omdat hy nie weet waar hy met sy ouers staan nie.

Bandura en Walters (1959:51,220,223) het uit hul navorsing bevind dat vaders van aggressiewe seuns meer geneig is om fisieke straf toe te pas en dat die moeder nie veel inspraak het met betrekking tot die fisieke straftoepassing op die seun nie. Die vader pas fisieke straf op die seun toe omdat hy nie daartoe in staat is om warmte aan hom te toon nie. Die relasie tussen die vader en seun word gekenmerk deur koudheid en afstand sodat misverstande tussen vader en seun maklik kan ontstaan.

Kille en koue relasies tussen die ouer en kind kan daartoe lei dat die kind frustrasie ervaar en dié frustrasie mag lei tot **aggressiewe gedragsmanifestasies**. Die kind leer die aggressiewe gedragspatrone op kognitiewe wyse aan as gevolg van die indiwidu se relasie tot sy omgewing, in dié geval die ouerhuis. Die omgewing is veronderstel om vertroue te wek deur vriendelikheid en veiligheid. Die aggressiewe kind mag sy ouerhuis as onvriendelik en vyandig belewe met die gevolg dat hy wantrouig, bang en ongeborge voel. Hy is dus altyd gereed om homself te verdedig (Kornadt 1984:79,80).

Dié verdedigende houding kan in die volgende aggressiewe gedragsmanifestasies manifesteer:

- Ongehoorsaamheid teenoor die ouers word gekenmerk deur die oortreding van reëls, parmantigheid en 'n beledigende en uitdagende houding (Dishion, Patterson, Stoolmiller & Skinner 1991:176; Youniss 1980:112,113,114,142).

- Intense en vinnige aggressiewe reaksies by die kind tydens die adolessensiejare kan oorgaan in 'n vertroebelde houding teenoor gesinslede (Thomas & Chess 1984:7). Dié vyandige houding tussen ouer en kind kan selfs daartoe lei dat die adolessent by asosiale gedragsmanifestasies betrokke raak (Hoghughi 1992:232).

Ontoereikende relasiestigting tussen ouer en adolessent manifesteer as gevolg van die aanwesigheid van verbale en fisieke aggressie in die gesinsituasie (Youniss 1980:142).

1.2.2.2 Relasie met die self

Vrey (1984:27) definieer die relasie met die self as die beeld wat die indiwidu van homself het. So probeer die adolessent deur sy relasie met homself en andere inligting oor homself te verkry deur sy strewe na 'n eie identiteit. Die adolessent se relasie met homself hou veral met twee sake verband:

- Eerstens met die adolessent se insig in die verlede toe hy afhanklik van die ouers was (Youniss & Smollar 1985:160). Die ouer-adolessent-relasie blyk 'n goeie voorspeller te wees vir die selfkonsep van die adolessent (Greenberg, Siegel & Leitch 1983:375).

- Tweedens met die adolessent se bewuswording van sy onafhanklikheidstrewe. Teoretici verwys na dié aspekte as die emansipasie van die adolessent. Deur sy emansipasie verkry die adolessent toenemende outonomie (selfstandigheid) en onafhanklikheid van die ouer (Youniss & Smollar 1985:160).

Hoghughi (1992:288,290) bring impulsiewe optrede, spanning en 'n lae frustrasietoleransie in verband met bepaalde identiteitseienskappe van die aggressiewe adolessente seun. Coopersmith (1967:100) het uit sy navorsing afgelei dat kinders wat hulle aggressie op 'n verbale en fisieke wyse manifesteer, 'n **lae selfkonsep** het. Dit mag wees dat hy via die aggressiewe gedragsmanifestasie probeer om die aandag op homself te vestig deur sodoende sy selfkonsep te versterk omdat hy nie werklik deur andere aanvaar word nie (Long 1989:8). Hy tree slegs aggressief op om andere te plesier (Coopersmith 1967: 101). Raath en Jacobs (1990:28) is van mening dat die aggressiewe adolessente seun oor 'n **onrealisties-negatiewe selfkonsep** beskik. Hy wek die skyn van 'n positiewe selfkonsep om sy manlikheid deur die aggressiewe handeling te versterk (Bandura 1973:184). Fonberg (1979:17) huldig dieselfde siening deur te meld dat die verhoogde selfkonsep en sosiale status as beloning vir die aggressiewe seun dien.

1.2.2.3 Relasie met die portuur

Die sosiale omgewing dui nie net op die invloed van die ouerhuis nie, maar ook op die invloed van die portuur. Die begrip **portuur** dui op daardie groep kinders waarmee 'n kind verkeer en wat 'n invloed op sy gedrag en normes uitoefen (Gouws, Louw, Meyer & Plug 1984:235).

In die literatuur word daar onderskei tussen die positiewe en negatiewe portuurgroep. Die **positiewe portuurgroep** verwys na die normale portuurgroep waar dit gaan om die konformerende aard van die groep, soos kleredrag, taalgebruik en gemeenskaplike verwagtinge (kyk afdeling 3.5.1). Die **negatiewe portuurgroep** verwys na die portuurgroep wat meer uiting gee aan aggressiewe gedragsmanifestasies, drankmisbruik, dwelmmisbruik en selfs kriminele oortredinge (kyk afdeling 3.5.2.2).

Hoghughi (1992:290) het uit sy navorsing bevind dat kinders wat uiting gee aan fisieke aggressie, ontoereikende sosiale vaardighede het. Dit beteken dat hy moontlik wanaangepas is in sy sosiale omgewing en die gevolge hiervan kan wees dat hy nie toereikende relasies met sy positiewe portuurgroep het nie. Dié ontoereikende relasies kan moontlik tot frustrasie lei. Die gevolg is dat die individu vyandiggesind en toornig voorkom en geneig is om met die negatiewe portuurgroep te identifiseer, waar dit primêr gaan om die oortreding van gedragsreëls, soos alkoholmisbruik en aggressiewe gedragsmanifestasies wat voortspruit uit frustrasies. Dié frustrasies is die gevolg van behoeftes wat nie bevredig word nie (McMahon 1976:6,316, 317,339).

Dit wil voorkom asof die aggressiewe adolessent se relasies met die portuur gekenmerk word deur vyandigheidsgevoelens en dit kan lei tot ontoereikende relasies met die positiewe portuurgroep (Jacobs & Vrey 1982:43).

1.2.3 **Probleemstelling**

Uit die voorafgaande bespreking blyk dat aggressie 'n gedragsmanifestasie is wat by alle mense voorkom, maar dat dit soms 'n persoonlikheidseienskap kan wees. Uit die voorlopige literatuurstudie is gevind dat aggressie die resultaat kan wees van ontoereikende relasies wat gevorm is. Ten opsigte van die ouer-kind-verhouding bestaan daar in die literatuur gronde dat ongeborgenheid tot manifestasie van aggressie by die kind kan lei. Verder blyk dat 'n lae selfkonsep en swak sosiale interaksie by die kind in aggressie tot uiting kan kom.

'n Vraag het onstaan na die aard van die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun en die wedersydse invloed van aggressie en relasies.

Die probleem of vraag wat in dié studie gevra word is, **hoe die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun daar uitsien.** Met **leefwêreld** word die verskeie relasies of verhoudinge van die seun bedoel. Die vraag is dus in hoe 'n mate hierdie aggressiewe optrede(s) sy relasies beïnvloed. Sogenaamde optredes of gedrag kan sy moontlikhede op sukses en/of deelname in die samelewing benadeel, asook sy totale persoonlikheidsontwikkeling (Newman & Newman 1986: 289).

1.3 DOELSTELLING

Die doel van dié studie is 'n ondersoek na die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun. Dit verg 'n deeglike kennis van die fenomeen **aggressie** wat deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek ingewin sal word.

Verder word gelet op die invloed van die aggressiewe seun se aggressie op sy relasievorming en die invloed van die aard van sy relasies op sy aggressiewe gedrag. Die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun word dus ondersoek, sodat beter hulp deur die opvoedkundige sielkundige verleen kan word aan die adolessent en sy gesin met die oog op die stigting van toereikende relasies. In dié studie word aandag gegee aan die adolessente seun se relasies met sy gesin, die self en die portuur omdat dié relasies die kern van 'n indiwidu se leefwêreld is. Ander relasies soos met objekte (skoolwerk) en onderwysers word deels as die resultaat van die relasies met die gesin, die self en die portuur beskou. Daar sal slegs na relasies met objekte en onderwysers verwys word in samehang met bogenoemde relasies.

Daar word ook beoog om die bevindinge wat uit dié literatuurstudie (oor relasievorming en aggressiewe gedrag) verkry word deur 'n empiriese ondersoek in die praktyk te toets.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

In dié navorsing word gebruik gemaak van'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Die doel van die literatuurstudie is om 'n deeglike kennis van die fenomene **adolessensie, aggressie** en **leefwêreld** te verkry sodat die drie begrippe in verband met mekaar gebring kan word.

Die empiriese ondersoek het ten doel om die samehang tussen adolessensie, aggressie en leefwêreld in enkele gevalle op 'n empiriese wyse vas te stel en met bevindinge uit die literatuur te vergelyk. Vir dié doel word vyf gevallestudies onderneem.

1.5 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Hoofstuk I dien as algemene oriëntering tot die navorsingsprobleem met betrekking tot die probleemontleding, probleemstelling, doelstelling, metode en plan van ondersoek, die afbakening van die studie en relevante begrippe wat in die navorsing gebruik word.

In hoofstuk II word verslag gedoen oor die literatuurstudie met betrekking tot die fenomeen aggressie.

In hoofstuk III word die leefwêreld, met die klem op die relasies van die adolessente seun toegelig. Daar word veral ingegaan op die relasies van die aggressiewe adolessente seun met die gesin, die self en die portuur.

Die teoretiese begronding word in hoofstuk IV opgevolg deur 'n uiteensetting van die navorsingsontwerp, navorsingshipotese en navorsingsprosedures.

Die toepassing en interpretering van die empiriese ondersoek word in hoofstuk V bespreek. Die gevolgtrekkings en aanbevelings word in hoofstuk VI uiteengesit. Die hoofstuk word afgesluit met etlike riglyne vir verdere navorsing.

1.6 AFBAKENING

In dié studie word die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun ondersoek. Dit gaan nie hier om jeugmisdaad, wat soms met aggressie verwar word nie, maar om die ondersoek na die relasies van die aggressiewe adolessente seun met sy gesin, die self en die portuur.

Ontoereikende gesinsrelasies kan 'n nadelige invloed uitoefen op die adolessent se relasies met sy portuur en sy selfkonsep benadeel. Dit is belangrik om aggressiewe gedragsmanifestasies vroegtydig te identifiseer en die oorsake van dié manifestasies te ondersoek sodat hulp verleen kan word.

Slegs seuns van ongeveer 13 tot 17 jaar is by die ondersoek betrek. Dié ouderdom val binne die grense van die adolessente-tydperk.

1.7 BEGRIPSVERHELDERING

1.7.1 Aggressie

Aggressie is 'n **emosie** wat uitgedruk kan word in die vorm van vernietigende gedrag met die doel om te beseer en te beskadig. Dit is gewoonlik gerig teen 'n voorwerp of ander persoon. Die vermoë om aggressie te beheer en uit te druk is 'n ontwikkelingstaak en as dit nie beheer word nie, kan die persoon sosiale probleme ondervind (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:17).

Volgens Engelbrecht, Kok en Van Biljon (1982:85,86) ervaar die adolessent verhoogde emosionaliteit soos woede, ergerlikheid en frustrasie in sy relasies. Woede word gewoonlik deur sosiale situasies ontketen, soos byvoorbeeld wanneer hy geterg, belaglik gemaak, gekritiseer of onregverdig behandel word. Die adolessent kan dan reageer deur voorwerpe rond te gooi of te skop, deure toe te klap of hom in sy kamer toe te maak. Ergerlikheid is minder intens as woede, maar word ook deur sosiale situasies veroorsaak. Die adolessent

poog in dié geval om die persone of situasies wat hom irriteer, te vermy. Frustrasie is die gevolg van die adolessent se onvermoë om sy doel te bereik en manifesteer as hy onderbreek word in take wat hom boei of as hy weerhou word van dinge wat vir hom belangrik is.

Aggressie word in dié studie beskou as 'n **gedragsmanifestasie** wat op verbale- en fisieke wyses kan manifesteer as gevolg van die adolessent se frustrasies omdat sy doelwitte geblokkeer word deur byvoorbeeld sy ouers, homself en portuurlede. Ontoereikende relasiestigting met sy ouers, homself en sy portuurlede kan die gevolg wees van te veel konflikte in die betrokke relasies.

1.7.2 **Adolessensie**

Die **begrip adolessensie** stam volgens Lloyd (1985:3) van die Latynse woord "Adolescere" af. Horrocks (1976:9) ontleed die woord soos volg: "Ad" beteken "na" en "Olescere" om op te groei of om groot te word.

Fuhrmann (1986:3) definieer die begrip adolessensie, as 'n brugtydperk tussen kindwees en volwassenheid. Dié brugtydperk gaan gepaard met persoonlike en sosiale veranderinge tesame met rypingsveranderinge wat tot snelle fisieke groei, seksuele ryping, verhoogde emosionele intensiteit, bewuswording van komplekse, morele sosiale en politieke belange lei (Newman & Newman 1986:40).

'n Aantal outeurs (Gous & Jacobs 1985:16; Lloyd 1985:3; Vrey 1984: 175) verdeel die adolessente tydperk in drie subfases naamlik:

- vroeë adolessensie (12/13 - 14/15 jaar);
- middel-adolessensie (14/15 - 16/17 jaar);
- laat-adolessensie (16/17 - 20/21 jaar).

Vrey (1984:175) beskou die sekondêre skoolkind binne Suid-Afrikaanse terme as 'n adolessent. Dit sluit die groot massa aan sekondêre

skole in, maar 'n grensoorskryding van een of twee jaar, veral aan die bopunt van die tydperk, word toegelaat.

Adolessensie word gesien as een van die belangrikste tydperke in die mens se lewe omdat dit 'n voorspel is tot die volwasse lewe. Indien die adolessent daarin kan slaag om die probleme van dié tydperk te oorbrug, kan hy 'n wel-aangepaste indiwidu word wat sy rol in die samelewing kan volstaan. As die indiwidu nie die psigiese, fisieke en sosiale veranderinge waarmee adolessensie gepaard gaan, kan verwerk nie, lei dit tot wanaanpassing in die samelewing en 'n ontoereikende selfkonsep. Aggressiewe gedragsmanifestasies kan 'n uitlaatklep van sy frustrasie word wat kan lei tot ontoereikende relasiestigting met sy gesinslede en portuur.

1.7.3 **Leefwêreld**

Leefwêreld verwys na alle aspekte wat vir die kind betekenis het. Dit sluit alle relasies in met objekte, idees, mense en met die persoon self. Volgens Vrey (1984:15) sluit hierdie leefwêreld alles in, ook die geografiese wêreld waarby hy betrokke was of is en wat hy verstaan. Hierdie relasies met mense, objekte, idees en met homself is dikwels onderling afhanklik of beïnvloed mekaar wedersyds sodat die relasies wat die persoon vorm dinamies van aard is. Die aard van die leefwêreld is nooit staties nie. Hierdie Gestalt van betekenisvolle relasies wat die indiwidu konstitueer, vorm sy leefwêreld.

1.8 **SAMEVATTING**

In die oriënteringshoofstuk is agtergrond tot die probleem gegee. Verder is die probleem ontleed en tot 'n probleemstelling gekom. Die doel met die studie, sowel as die metode en program van ondersoek is uiteengesit. Aandag is gegee aan die afbakening en begripsverklarings wat van toepassing is op dié navorsing. In hoofstuk II

word verslag gedoen van die literatuurstudie ten opsigte van aggressie as fenomeen.

HOOFSTUK II

DIE FENOMEEN AGGRESSIE

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die begrip **aggressie** in meer besonderhede toegelig. In die eerste plek word daar van die standpunt uitgegaan dat aggressie 'n emosie is. Verbandhoudende emosies met aggressie word ook bespreek. Omdat hierdie studie handel oor die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun, val die kollig ook op die stabiliteit van aggressie by die adolessente seun en moontlike aggressiewe gedragsmanifestasies. Oorsake van aggressie word verder toegelig deur na die standpunte oor aggressie vanuit verskeie terapeutiese skole te kyk.

2.2 DIE AARD VAN AGGRESSIE

Die aard van aggressie word toegelig vanuit die standpunt dat aggressie 'n emosie is, wat as 'n normale gedragsmanifestasie sowel as 'n gedragsafwyking beskou kan word. Eersgenoemde hou verband met selfgelding terwyl laasgenoemde verband hou met persoons- of saakbeskadiging. Daar word veral aandag geskenk aan verbale- en fisieke vorme van aggressie, asook emosies wat met aggressie verband hou. Vervolgens word die begrip aggressie omskryf.

2.2.1 Die omskrywing van aggressie

Aggressie is die manifestasie van 'n emosie en as sodanig is dit nodig om eerstens te let op die aard van **emosies**. Van den Aardweg en Van den Aardweg (1988:77) beskryf 'n emosie as 'n deel van die affektiewe lewe van die mens. **Affeksie** is die vermoë van die individu om gevoel van liefde teenoor mense en objekte te toon (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1988:14). Averill (1982:6,7) beskou affeksie as drifte (passies) en nie as handelinge nie en beskryf dit as 'n aantal response wat in 'n sistematiese orde voorkom. Dieself-

de respons mag soms geïnkorporeer word in meer as een sindroom wat 'n manifestasie is van hoe die indiwidu sy gedrag interpreteer.

Vrey (1984:36) gaan van die standpunt uit dat daar konnotatiewe en intellektuele aspekte by emosies betrokke is. Die konnotatiewe aspek van emosies verwys na die eie en unieke betekenis wat die indiwidu aan 'n bepaalde emosie toeken. Die intellektuele aspek van emosies dui op die kognitiewe betekenis. Hiermee word bedoel dat 'n emosie ook 'n verstandshandeling kan wees en in 'n mindere of meerdere mate op kognitiewe handelinge soos differensiasie, integrasie, vergelyking en memorisering berus. Hierdie siening van emosies word ook by Grossman en August-Frenzel (1991:301) en Lazarus (1990:14) aangetref wat stel dat daar altyd 'n kognitief-evaluerende element by emosies betrokke is. Die indiwidu beleef emosies as 'n innerlike ervaring na aanleiding van positiewe of negatiewe aanmerkings.

Averill (1982:13) beskryf die kognitiewe betekenis van 'n emosie as 'n handeling of aksie wat die indiwidu doelbewus uitvoer. Dié uitvoering van die handeling dui op die manifestering van die emosie.

Soos afgelei kan word, word die indiwidu se emosies bepaal deur konnotatiewe en intellektuele aspekte. Die indiwidu evalueer sy emosies op 'n kognitiewe vlak in samehang met sy eie unieke belewenis van die bepaalde situasie. Die kognitiewe en konnotatiewe evaluering van die emosie kan lei tot die manifestering van 'n bepaalde emosie, soos byvoorbeeld aggressie.

Kornadt (1984:77) onderskei tussen hoë en lae aggressiewe gedrag wat deur twee komponente, naamlik die aggressiewe motief en aggressiewe inhibisies, beïnvloed word. Die aggressiewe motief word geaktiveer deur die kognitiewe strukturering en interpretasie van die situasie en gevoel. Die gevolg is dat die indiwidu woede of aggressie ervaar. Aggressiewe gedragsmanifestasies dui op die aktualisering van die aggressiewe doelwitte en die vermoëns tot aggressiewe handelinge of moontlike gedragspatrone (Kornadt 1984:75).

Aggressiewe inhibisies dui daarop dat die indiwidu die negatiewe gevolge van die aggressiewe doelwit oordink. Hierdie negatiewe gevolge kan verband hou met die indiwidu se subjektiewe morele sisteem waarvolgens hy sy gedrag beoordeel, met die gevolg dat die indiwidu sy voorgenome aggressiewe handelinge as onaanvaarbaar en dom mag beskou en dit as gevolg daarvan onderdruk of verwerk (Kornadt 1984:76).

Volgens Byrne en Kelley (1981:372), asook Freedman et al. (1970: 102) is aggressie 'n gedragsvorm wat manifesteer met die doel om andere te beseer. Kornadt (1984:78) beskou aggressie as 'n gedragspatroon wat op verbale en motoriese wyses tot uiting kan kom. Sekere vaardighede naamlik fisieke krag en 'n voldoende verbale repertoire is aan aggressiewe doelwitte verbonde. Daar is gevolglik 'n bepaalde graad van selfvertroue aan hierdie vaardighede verbonde om sukses te behaal.

Hoghughi (1992:290) identifiseer die volgende grade van ernstigheid ten opsigte van aggressiewe gedragsmanifestasies, naamlik minimaal, onbeduidend, gewoontevormend en ernstig. Aggressiewe handelinge is soms normaal omdat dit van tyd tot tyd voorkom as pogings om groeprelasies en 'n sosiale hiërargie te stig. Aggressie is 'n karaktertrek van die mens en is essensieel vir die indiwidu se normale sosiale ontwikkeling. Sodanige gangbare aggressiewe optrede word in verband gebring met **selfgelding**.

Court (1986:43) beskou selfgelding as 'n middeweg tussen die onderdrukking van die indiwidu se ware gevoelens en aggressie. Die indiwidu wat sy ware gevoelens probeer onderdruk is chronies kwaad, terwyl die aggressiewe indiwidu sy woede meer openlik wys. Albei soek na 'n metode om die omgewing te beheer. Die doel van dié reaksie is 'n poging van die indiwidu om sy doel te bereik of om sy begeertes te vervul. Parens (1987:7,8) verwys na selfgelding as nie-vernietigende aggressie wat gepaard gaan met nie-vyandigheid, selfbeskerming en doelbereiking. Deur hierdie gedragsvorme poog die

indiwidu om homself en sy omgewing te beheer. Dit dien as 'n motiveringskrag en dra positief by tot die indiwidu se gevoelens van bekwaamheid en selfstandigheid.

Wanneer aggressiewe gedragsmanifestasies ernstig of gewoontevormend van aard is, kan dit oorgaan in gewelddadige optrede (Hoghughi 1992:290). Aggressie word deur talle navorsers onder wie Carson en Butcher (1992:543), asook Gabel en Shindledecker (1991:982), as 'n **gedragsafwyking** beskou omdat aggressiewe gedrag tot saak- of persoonsbeskadiging kan lei.

2.2.2 **Aggressie as gedragsafwyking**

Carson en Butcher (1992:543) beskou aggressie as 'n gedragsafwyking wat verband hou met die kind of adolessent se houding teenoor sosiale norme en gedragsreëls. Daar word onderskei tussen aggressie as gedragsafwyking en aggressie as asosiale handeling wat soms ook onder normale kinders en adolessente kan voorkom. As gedragsafwyking is dit nie noodwendig teen die wet soos in die geval van jeugmisdaad nie, maar sluit betrokkenheid by gevegte, ongehoorsaamheid, gemeenheid, destruktiwiteit, vyandigheid, fisieke en verbale aggressie, stryerigheid, die vertel van leuens, buie-uitbarstings en diefstal in. Volgens die navorsing van Keltikangas-Järvinen en Räikkönen (1990:15) gaan die asosiale gedragsvorm, wat aggressie insluit, gepaard met 'n lae selfkonsep, min selfvertroue en 'n gebrek aan geleenthede wat kan bydra tot minder beheer oor sy gedragsmanifestasies.

Bernal, Delfini, North en Kreutzer (1976:225) bring aggressie as 'n gedragsafwyking in verband met die toesegging van kru name aan andere en die vernietigende optrede of die dreiging om vernietigend op te tree teenoor voorwerpe. Die aggressiewe gedragsmanifestasies of vernietigende optredes teenoor persone of voorwerpe moet met fisieke aanvalle of pogings tot fisieke aanvalle, gepaard gaan, asook

met intensiteit en die potensiële gevaar dat pyn en lyding uit die aggressiewe gedragsmanifestasies kan voortvloei.

2.2.3 **Verskillende vorme van aggressie**

In die literatuur word drie vorme van aggressie onderskei, naamlik verbale, fisieke en passiewe aggressie, wat vervolgens bespreek word.

2.2.3.1 Verbale aggressie

Shea (1978:45) beskou verbale aggressie as 'n nie-fisieke vyandige handeling teen die self of andere gerig. Vissing, Strauss, Gelles en Harrop (1991:224) definieer verbale aggressie as 'n kommunikasiehandeling wat daarop gemik is om psigiese pyn by die ander individu te veroorsaak. Een van die kommunikasiehandelinge wat onderskei word, is 'n aktiewe verbale handeling waarvan die toesegging van kru name aan die ander indiwidu 'n voorbeeld is.

Bandura en Walters (1959:95) onderskei tussen **direkte en indirekte verbale aggressie**. Direkte verbale aggressie dui op 'n openlike interaksie tussen die aggressiewe indiwidu en die ander persoon. Deur die doelbewuste verbale kritiek poog die aggressiewe indiwidu om die ander persoon seer te maak. Indirekte verbale aggressie dui op pogings om andere te frustreer deur byvoorbeeld opdragte nie uit te voer nie.

Etlike ander manifestasies van verbale aggressie word geïdentifiseer. Deur die gebruik van die harde stem gee die indiwidu uiting aan sy gevoelens van woede en frustrasie (Byrne & Kelley 1981:383). Etlike intense woedegewoontes word geïdentifiseer, naamlik pruilery (norsheid), sameswering om wraak te neem, kompeterende spel, beskuldigings, stryery, sarkasme en toesnouing van kru name (Court 1986:43; Epanchin & Paul 1987:111; Tavris 1989:289).

Byrne en Kelley (1981:383) gaan van die standpunt uit dat verbale aggressie met net soveel woede gepaard gaan as 'n fisieke aanval. Die doel van verbale aggressie is om andere of die self seer te maak en om vrees te wek (Shea 1978:45). Die gevolge hiervan is sielkundig van aard en het 'n nadelige invloed op die psigo-sosiale lewe van die kind (Strauss 1990:181). Shea (1978:45) bring die sielkundige gevolge van verbale aggressie in verband met self-vernietigende aanmerkings soos byvoorbeeld "Ek is dom" of "Ek is sleg". Gevoelens van minderwaardigheid kan hieruit voortvloei met die gevolg dat die aggressiewe kind mag glo dat andere hom negatief beoordeel (Erasmus 1981:55).

Dit blyk uit 'n navorsingstudie van Vissing et al. (1991:235) dat verbale aggressie 'n hoë voorkoms onder die Amerikaanse bevolking toon. Twee-derdes van Amerikaanse kinders is die slagoffers van verbale aggressie.

Volgens Fesbach et al. (1984:171) neem verbale aggressie na ongeveer die elfde jaar toe terwyl fisieke aggressie afneem vanaf die kleuterjare tot en met die elfde lewensjaar. Fisieke aggressie word vervolgens bespreek.

2.2.3.2 Fisieke aggressie

Vir Bandura en Walters (1959:95) dui fisieke aggressie op fisieke handelinge wat die self of ander benadeel. Voorbeelde van sodanige handelinge is betrokkenheid by gevegte, die gebruik van wapens om die ander indiwidu aan te val of die gooi van objekte na andere. Hoghughi (1992:289) identifiseer handelinge soos byt, slaan, skop, kopstampery, afknouery en gewelddadige optrede teenoor diere as vorme van fisieke aggressie. Fisieke aggressie kan gerig wees teen die self, andere en objekte.

Kelley en Dawson (1991:992) beskou aggressie teenoor die self as selfgemikte fisieke aggressie of selfvernietigende gedrag. Selfver-

nietigende gedrag is die algemene neiging om by handelinge betrokke te raak wat negatiewe gevolge kan hê of die moontlikheid van toekomstige positiewe gevolge verminder. Voorbeelde van chroniese selfvernietigende gedrag is die soeke na sensasie, hoë risiko handelinge wat kan lei tot 'n botsing met die gereg as gevolg van oortreding van die wet, oneerlikheid, asook impulsiwiteit. Pfeffer, Zuckerman, Plutchik en Mizruchi (1987:174) het uit hul navorsing met 101 pre-adolessente die gevolgtrekking gemaak dat impulsiwiteit die oorsaak is van meeste fisieke aggressiewe gedragsmanifestasies.

Fisieke aggressie kan beskou word as 'n reaksie op angs, frustrasie en woede (Hoghughi 1992:290). Volgens Dodge (1991:203) kan dié reaksie lei tot 'n selfstandige fisieke aggressiewe handeling, wat gepaard kan gaan met geïrriteerdheid, koelbloedigheid en die uitvoering van 'n intense begeerte. Pfeffer et al. (1987:174) bring die graad van die aanval in verband met vorige aggressiewe ervarings wat hom motiveer om weer sukses in 'n aanval te behaal. 'n Soortgelyke siening word by Valzelli (1981:84) gevind.

2.2.3.3 Passiewe aggressie

In die literatuur word nog 'n vorm van aggressie onderskei, te wete, passiewe aggressie. Dié begrip kan kortliks soos volg verklaar word: die indiwidu se aggressie kom nie op direkte wyse tot uiting nie, maar wel in byvoorbeeld koppigheid, stuursheid en dwarsboming van andere. Word daar 'n taak aan hom opgedra, wys hy sy aggressie deur doelbewuste ondoeltreffendheid, deur te vergeet, uit te stel of sloerdery met die uitvoering daarvan. Hy kla gereeld, is selde tevrede en is liggeraak, asook geïrriteerd. Sy passiwiteit impliseer dat hy nie sy aggressie openlik en eerlik kan uitdruk nie, omdat dit die sekuriteit wat hy wel geniet, sou bedreig. Hierdie tipe gedrag lei daartoe dat hy diegene met wie hy nou in aanraking is, se geduld tot die uiterste beproef (Möller 1990:401; Weiner 1975: 370,372).

2.2.4 Emosies wat met aggressie verband hou

Die belangrikste emosies wat met aggressie verband hou, is angs, woede en frustrasie (Hoghughi 1992:290), asook depressie. Dié emosies word vervolgens bespreek.

2.2.4.1 Angs

Hoghughi (1992:328) definieer angs as 'n ongelukkige subjektiewe emosionele ervaring wat in intensiteit kan verskil. Die verband tussen angs en aggressie word soos volg aangedui:

- Volgens Psigo-analitici (Epanchin & Paul 1987:118) tree die kind aggressief op om homself teen sy eie vrese en pyn te beskerm. Die primêre emosies wat hy ervaar, is hartseer en angs.
- 'n Gevaarlike of bedreigde omgewing lei tot onsekerheid by die indiwidu omdat hy onseker van die gevolge van die situasie is, en daarom hulpeloos voel (Bertocci 1988:257). Aggressie is vir die indiwidu 'n wyse om sy angs en vrees te hanteer (Kashani, Deuser & Reid 1991:221). Dit blyk dat die angs wat onstaan as gevolg van vrees en onsekerhede tot aggressie lei.

2.2.4.2 Woede

Volgens Byrne en Kelley (1981:383) kan woede die gevolg wees van negatiewe oordele wat oor die indiwidu gefel is. Bertocci (1988: 252) huldig dieselfde siening deur woede te beskou as 'n sensoriese ervaring wat gekenmerk word deur perseptuele en konseptuele interpretasies van die indiwidu se ervaringe. Woede-uitbarstings ontstaan as gevolg van 'n obstruksie van die indiwidu se doelwitte. Volgens Wonderly en Rosenberg (1987:34) speel die woede-reaksie 'n belangrike bydrae om begeertes te volvoer.

Tavris (1989:289) beskou onregverdigheid, swak verwagtinge, blamering van andere en die indiwidu se siening dat hy beter verdien as moontlike oorsake van woede-uitbarstings. Die gevolg is dat die in-

diwidu skuldgevoelens, angs en bitterheid ervaar indien die probleem nie opgelos word nie. Dié gedagte kom ook voor by Wonderly en Rosenberg (1987:34,35). Die woede-uitbarsting kan manifesteer in fisieke aggressie as gevolg van die indiwidu se vyandige en selfverdedigende houding (Bertocci 1988:253; Court 1986:44; Fesbach et al. 1984:171; Tavris 1989:289).

2.2.4.3 Frustrasie

Frustrasie kom voor wanneer daar inmenging met 'n uitdrukking of wens van 'n indiwidu is. Die gevolge van hierdie inmenging kan lei tot gevoelens van hopeloosheid, desperaatheid en ontmoediging wat weer tot aggressie aanleiding kan gee (Wonderly & Rosenberg 1987: 33).

Davidson (1990:253), asook Dollard, Miller, Doob, Mowrer en Sears (1957:7) identifiseer die volgende moontlike oorsake van frustrasie:

- negatiewe intensies van die gefrustreerde;
- die doel is amper bereik toe die onderbreking ingetree het en word dus geblokkeer.

Vyandigheid as vorm van aggressie word deur Wonderly en Rosenberg (1987:33) beskou as 'n manifestasie van frustrasie omdat die doel van vyandigheid nie die uitdrukking van begeertes is nie, maar die eliminering van die negatiewe emosie. Dollard et al. (1957:1;11) meld dat aggressie altyd 'n gevolg van frustrasie is en definieer aggressie as 'n reaksie wat op frustrasie volg. Dié aggressiewe gedragsmanifestasie verminder frustrasie, maar het geen invloed op die oorspronklike oorsake van frustrasie nie. Gevoelens van frustrasie kan manifesteer in reaksies wat tot die besering van andere kan lei (Fesbach 1964:261).

Frustrasie word deur Dollard et al. (1957:11) beskou as aangebore en aangeleerde reaksies. Frustrasie is al met geboorte by die kind aanwesig, ontwikkel vanself en kan enige tyd in die vorm van aggressiewe gedrag verskyn.

Die uiting van aggressie as resultaat van frustrasie kan tot katarsis lei. Die woord katarsis is afgelei van die Griekse woord wat "om skoon te maak" of "suiwering" beteken. Dit beteken dat nadat die indiwidu sy aggressie uitgeleef het, energie verbruik is. Die effek van katarsis is dat die aggressiewe drang behoort te verminder, aldus Kaufmann (1970:30).

Kaufmann (1970:32) beweer dat die manifestering van frustrasie toegeskryf kan word aan enige van die volgende redes:

- die indiwidu wil stoom afblaas;
- hy het aggressief opgetree teenoor 'n ander of andere;
- hy was suksesvol in sy aggressiewe handeling;
- die indiwidu het via sy aggressiewe handeling aan sy kognitiewe verwagtinge voldoen en glo dat reg geskied is;
- hy het fisiek moeg geraak;
- die indiwidu mag glo dat slegs beperkte aggressiewe handelinge voldoende kan wees; en
- skuldgevoelens kan volg op 'n aggressiewe handeling.

Die indiwidu ervaar frustrasie omdat sy doelwitte geblokkeer is. Die aggressiewe gedragsmanifestasie is in reaksie op sy frustrasie wat gevolglik verminder word. Dié gedragsmanifestasie het geen invloed op die oorspronklike oorsake van frustrasie nie. Deur aggressief teenoor 'n ander op te tree, raak die indiwidu ontslae van sy gevoelens van frustrasie, maar kan ongelukkig die persoon in die proses beseer of andersins verbaal beledig.

2.2.4.4 Depressie

Erasmus (1981:57) is die mening toegedaan dat depressie op 'n gevoel van hulpeloosheid, moedeloosheid en mismoedigheid uitloop wat die persoon laat voel om moed op te gee. Sodra daar iets gebeur wat die indiwidu aan homself laat twyfel, reageer hy met depressie. Die twyfel in homself kan bydra tot 'n ongunstige selfkonsep wat dan kan manifesteer in selfvernietigende gedrag. Depressie word geïdentifiseer as 'n manifestasie van aggressie wat in verband gebring kan word met innerlike woede. Die gevolg hiervan kan wees dat die indiwidu misluk om beheer oor sy omgewing te verkry. Die verwagting is dat die indiwidu nie sy woede teenoor homself uitleef nie, maar vyandig teenoor andere sal optree (Tavris 1989:108).

Ney, Colbert, Newman en Young (1986:10,11) beskou aggressie as depressie wat die gevolg is van die indiwidu se gevoelens van ontevredenheid met sy lewensomstandighede of 'n betrokke situasie. Hierdie depressie mag die gevolg wees van angs wat ontstaan uit 'n gebrek aan hoop en hartseer oor die bepaalde omstandighede of situasie. Die volgende moontlike oorsake van depressie en gevolglike aggressie by kinders word geïdentifiseer:

- Onstabiele gesinsituasies kan tot 'n hoër voorkoms van aggressiewe gedragsmanifestasies by depressiewe kinders lei omdat die kind moontlik nie geleer is hoe om verbale uiting aan sy gevoelens te gee nie. Sy aktiwiteite kan veeleisend en irriterend wees wat 'n vyandige reaksie by die ouer kan wek. Dit kan weer tot verdere aggressiewe gedragsmanifestasies by die kind lei omdat die ouer nie besef dat die kind deur sy optrede poog om binne die gesinsituasie te oorleef nie.
- Skolastiese probleme wat tot depressie by die kind lei, kan aggressiewe gedragsmanifestasies tot gevolg hê.

2.3 STABILITEIT VAN AGGRESSIEWE GEDRAG

Vir Epanchin en Paul (1987:115) is aggressiewe gedrag 'n probleem by kinders van alle ouderdomme. Dit is slegs die uitlewing van aggressie wat verander namate die kind ouer word. Volgens Maccoby (1980:384) blyk seuns aggressiewer as meisies op te tree omdat die seun beloon word vir aggressiewe gedrag en gestraf word vir passiwiteit. Die teenoorgestelde is op meisies van toepassing. Wat aggressiewe gedragsmanifestasies betref, word daar van die dogter verwag om vyandigheid op 'n meer katterige wyse te toon, maar nie deur fisieke aggressie nie. Die seun word toegelaat om sy aggressie op 'n fisieke wyse te toon (Maccoby & Jacklin 1974:233,234). As rede vir dié hipotese word aangevoer dat die manlike geslag meer gerig is tot kompetisie en dominering. Hoe sterker die kompetisie, hoe aggressiewer kan die seun optree (Maccoby & Jacklin 1974:247, 254). Cairns, Cairns, Neckerman, Ferguson en Gariepy (1989:320) se navorsings het in dié verband aangedui dat daar 'n skerp toename in aggressiewe gedragsmanifestasies tussen die ouderdomme 10 tot 19 jaar is. Daarna is daar 'n geleidelike afname.

In 'n navorsingstudie van Pollack, Gilmore, Stewart en Mattison (1989:267) is aangetoon dat indien kinders in die junior skoolfases hoë vlakke van aggressiewe gedrag openbaar, die gedrag nie binne vyf jaar afneem nie.

Farrington (1989:81) maak na aanleiding van 'n longitudinale studie van die Cambridge Study in "Deliquent Development" met 411 adolessente, die afleiding dat die mees algemene voorspellers van aggressiewe gedragsmanifestasies en geweld, aan die volgende faktore toegeskryf kan word:

- swak ekonomiese toestande byvoorbeeld 'n lae gesinsinkomste, swak behuising en groot gesinne;
- geskiedenis van kriminele oortredinge by ander gesinslede;

- ontoereikende kinderopvoeding byvoorbeeld onbuigsame en outoritêre dissipline, ouerlike konflik en swak toesig;
- skooldruipings wat gepaard gaan met lae intelligensie en ontoereikende belangstelling deur ouers;
- hiperaktiwiteit en impulsiwiteit by die aggressiewe kind wat gepaard gaan met ontoereikende konsentrasie en rusteloosheid; en
- vaders wat geneig is om nie veel tyd saam met hulle seuns deur bring nie.

Die gevolge van bogenoemde faktore is dat die adolessente seun geneig is om die skool te vroeg te verlaat en dat hy teen die ouderdom van 16 - 18 jaar al 'n swak beroepsrekord gehad het of asosiaal opgetree het (Farrington 1989:97).

2.4 OORSAKE VAN AGGRESSIE

Deur die standpunte van verskillende terapeutiese skole te bestudeer, kan meer lig gewerp word op bogenoemde en ander oorsake van aggressie by adolessente seuns. Die psigo-dinamiese perspektief word eerste bespreek.

2.4.1 Die psigo-dinamiese perspektief

Die oorsake van aggressie, gesien vanuit die psigo-dinamiese perspektief, is geleë in die Oedipus-kompleks, aggressie as die uitlewing van drange, asook die wanfunksionering van die psigiese struktuure wat die menings van verskeie psigo-dinamici is. Die Oedipuskompleks word vervolgens bespreek.

2.4.1.1 Oedipus-kompleks

Tot en met die jare twintig het Sigmund Freud aggressie beskou as die gevolge van die anale-sadistiese lewensfase wat in verband gebring word met die sadistiese- en die masogistiese instinkte. Beide

dié instinkte word in verband gebring met die **Oedipus-kompleks** (Fine 1978:8).

Die **masogistiese instink** dui op die intense begeerte van 'n individu om die liefde van 'n betrokke persoon te behou (Fine 1978:9). Die uitlewing van dié intense begeerte word soms in verband gebring met die **Oedipus-kompleks**. Dié kompleks kan bydra tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die seun. Die Oedipuskompleks kom daarop neer dat die seun 'n begeerte het om sy moeder te besit en gevolglik van sy vader ontslae te wil raak. Twee partye kompeteer om dieselfde objek. Omdat die seun gewoonlik swakker as die vader is, moet hy sy masogistiese instink omkeer of verander (Bellak 1993: 18). Dié omkering of verandering in gedrag impliseer die verplasing van sy aggressie na 'n ander voorwerp (Kaufmann 1970:14).

Bellak (1993:18) beskou die verband tussen **aggressie** en die **Oedipus-kompleks** soos volg: Omdat die seun angs ervaar, kan dit opstandigheid by hom wek met die gevolg dat hy openlik opstandig teenoor sy vader is. Hy sal eerder fisieke straf verduur en kan moontlik vir die res van sy lewe probleme met outoritêre figure ondervind.

2.4.1.2 Aggressie as die uitlewing van drange

Die belangrikste drange wat met aggressie in verband gebring kan word, is die **lewens- en doodsdrange** (Hall & Lindzey 1978:42). Volgens Kaufmann (1970:14) is aggressie die gevolg van die lewenskonflik tussen twee kragte, die eros (kreatiwiteit) en die thanatos (die vernietigende krag).

Aggressie is self-vernietigend van aard, maar word verplaas op ander objekte of persone. 'n Indiwidu veg teen ander persone omdat sy doodsdrang, die thanatos, geblokkeer word deur die lewensinstinkte en deur ander hindernisse in sy persoonlikheid wat die doodsdrang teëwerk (Hall & Lindzey 1978:43).

Rizzuto, Sashin, Buie en Meissner (1993:29,30,31) beskou aggressie as 'n biologiese drang wat afhanklik is van 'n stimulus en 'n respons. Die aggressiewe gedragsmanifestasie hang af van die behoefte aan die stimulus, die doelwitte van die respons en die indiwidu se wense, begeertes, betekenisgewing, asook intensies. Sy gedrag word gemotiveer deur die bereiking van 'n bepaalde doel. Inmenging met die bereiking van die doel kan vir die indiwidu 'n ekstrinsieke of intrinsieke hindernis word. Aggressie kan manifesteer deur die gebruik van fisieke krag en verdedigingsmeganismes.

Anna Freud (1968:484) huldig die siening dat aggressie die gevolge van verhoogde libidinale en aggressiewe drange en houdinge is wat tot en met adolessensie latent was, maar tydens adolessensie deur die onbewuste vlak na die bewuste breek. Aggressiewe gedragsmanifestasies wat tydens die adolessente-tydperk by die seun kan voorkom, is onbeheerste buie en ongeskiktheid.

Vir Anna Freud (1968:463) ontstaan aggressiewe gedragsmanifestasies al tydens die **orale en anale lewensfases**. Tydens die orale-sadistiese lewensfase kom aggressie by die kind tot uiting in sy begeertes om objekte te vernietig deur die betrokke objek te eet. Sy tande word as wapen vir sy aggressie gebruik. Tydens die anale fase is die kind se optrede van nature aggressief, vernietigend en besitlik van aard. Die kind gee tydens dié fase uiting aan sy aggressie deur te slaan, skop, krap en selfs te spuug. Gedurende die **falliese fase**, die volgende lewensfase, kom roekeloosheid en kompetering as aggressiewe gedragmanifestasies na vore. Indien aggressie teenoor die omgewing gemik is, dien die aggressiewe gedragsmanifestasie as 'n poging tot selfbehoud. Indien dit teenoor die self gemik word of geïnhibeer word, word die kind se liggaams- of psigiese gesondheid bedreig.

Anna Freud (1968:463,464) stel dat een van die aggressiewe gedragsmanifestasies wat tydens die vroeë babajare voorkom, **auto-erotisme** (kopstampery) is. Die oorsaak van dié aggressiewe gedragsmanifes-

tasie is die bevrediging van 'n primitiewe begeerte om ritmiese liggaamsbeweging waardeur die kind uiting aan aggressiewe gevoelens teenoor die self gee. Auto-erotiese gedrag neem toe indien die kind nie daarin kan slaag om permanente of bevredigende relasies met sy ouers te stig nie. Hy hou sy gevoelens vir homself, maar gee uiting aan sy aggressiewe gevoelens deur auto-erotisme. In sy latere lewe is die kind geneig om teruggetrokke, self-gesentreerd en moeilik hanteerbaar te wees.

Tydens pre-adolessensie word aggressiewe gedragsmanifestasies veroorsaak deur die konstante innerlike konflikte wat hy ervaar. Sy denke word beïnvloed deur 'n sterk, perverse en aggressiewe seksualiteit, asook sterk onderdrukte drange. Hy gee toe aan sy instinktiewe drange, maar probeer dit terselfdertyd verwerp met die gevolg dat hy dubbele standaarde met betrekking tot sy gedrag handhaaf. Aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor sy gesinslede en selfs teenoor lede van die teenoorgestelde geslag word gesien as 'n poging om sy seksuele fantasieë te onderdruk (Anna Freud 1968:467).

2.4.1.3 Wanfunksionering van die psigiese strukture

In die jare twintig het Freud aggressie beskou as 'n fundamentele aspek van die menslike funksionering. Hoe afwykender die indiwidu se gedrag, hoe betekenisvoller word die aggressiewe gedragsmanifestasies. Om hierdie rede bring Freud die wanfunksionering van die psigiese strukture in verband met **aggressie** (Fine 1978:8,9).

Die adolessent se innerlike konflikte word veroorsaak deur die wanfunksionering van die psigiese strukture. Aggressiewe gedragsmanifestasies vereis die deelname van verskeie psigiese strukture (Rizzuto et al. 1993:31), die **id, ego en superego**. Die funksies van dié strukture is om 'n balans te handhaaf tussen die interne en eksterne behoeftes van die indiwidu. Tydens adolessensie kan die aggressiedrang groot probleme skep veral waar die omgewing aggressief is en die kind psigies verwaarloos is. Die **aggressiedrang** is 'n kom-

ponent van die id wat manifesteer in denke, handelinge, emosies en simptome. Wanneer kinders psigies en fisies mishandel word, word hulle behoeftes misken en dit lei tot die onbeheersde uitlewing van die aggressiedrang wat die gevolg is van 'n konflik tussen die ego en die superego. Die superego word gekenmerk deur ontkenning, wantroue en onbeheersdheid en kan nie met die kwesbare ego integreer nie. Die **ego-superego-konflik** lei tot openlike vyandigheid, moontlike betrokkenheid by jeugmisdaad en die identifisering met 'n negatiewe portuurgroep. Dié portuurgroep word gekenmerk deur buieveranderinge, geïrriteerdheid en aggressiewe gedrag (Berman 1984:4-14).

Epanchin en Paul (1987:118) bring aggressiewe gedragsmanifestasies in verband met die **wanfunksionering van die ego**. Psigiese energie van die ego word gebruik om spanning en stres te hanteer terwyl psigiese energie eintlik aan selfbeheer en beheer oor die omgewing gespandeer moes word. Voldoende selfbeheer en beheer oor die omgewing behoort verband te hou met ouderdomsgepaste vaardighede ten opsigte van die indiwidu se selfbeheer en sosiale relasies.

Die indiwidu reageer verdedigend op 'n poging om homself af te sluit of om homself te beskerm teen ongelukkige ervaringe. Verdedigende gedrag kan lei tot gevoelens van onvergenoegdheid en asosiale gedrag. Hierdie faktore bring die indiwidu toenemend in die moeilikheid en maak andere antagonisties teenoor hom. Die indiwidu regverdig sy handelinge deur die verdedigende superego (Epanchin & Paul 1987:117).

2.4.1.4 Waarde van die psigo-dinamiese perspektief vir dié betrokke navorsing

Uit die psigo-dinamiese perspektief tot aggressie blyk dat gevoelens van frustrasie kan lei tot overte gedragsmanifestasies omdat die indiwidu nie sy doelwitte kan bereik en sy behoeftes kan bevredig nie. Dit mag daartoe lei dat hy aggressief teenoor homself op-

tree (auto-erotisme) of sy aggressie onderdruk. Overte gedragsmanifestasies kan lei tot ontoereikende relasiestigting omdat die persoon deur sy gedrag sy medemens of portuur kan beseer. Selfvernietigende gedrag kan tot die besering van homself lei terwyl onderdrukking van gevoelens tot vyandigheidsgevoelens teenoor andere kan lei. Aggressiewe gevoelens lei tot 'n leefwêreld van ontoereikende relasies.

2.4.2 Organiese hipoteses

Die organiese hipoteses word in twee subgroepe verdeel, naamlik die omgewing-oorerwing hipotese, asook die endokriene en sentrale-senuweestelselhipotese. Laasgenoemde twee hipoteses word in samehang bespreek. Die omgewing-oorerwing hipotese word vervolgens bespreek.

2.4.2.1 Die omgewing-oorerwing hipoteses

Delgado (1979:58) is van mening dat die mens tydens sy geboorte 'n onderontwikkelde brein het. Waardes en motoriese vaardighede word nie net deur gene bepaal nie, maar ook deur ervaring. Volgens Meyer en Weyers (1985:23) beïnvloed genetiese determinante nie alleenlik die indiwidu se ontwikkeling nie, maar ook sy intra-organismiese omgewing en die omgewing buite die organisme. Die indiwidu kan sy eie ontwikkeling beïnvloed wat weer deur sy genetiese, omgewings en fisiologiese faktore beïnvloed word. Die omgewing bepaal die gedrag wat deur biologiese beperkinge en die moontlikhede van die genetiese samestelling van die indiwidu beïnvloed kan word.

Wicks-Nelson en Israel (1984:336) meld dat 'n karaktertrek byvoorbeeld oorgeërf kan word deur 'n dominante geen wat daarop dui dat 'n bepaalde karakteienskap, soos byvoorbeeld aggressie, van een van die ouers oorgeërf kan word. Daar is 'n 50% kans dat 'n bepaalde karaktereienskap oorgeërf kan word.

Die dominante geen bepaal ook die indiwidu se fenotipe (Louw 1985: 61) wat verwys na die indiwidu se uiterlik waarneembare eienskappe wat fisiologiese-, patalogiese-, strukturele- en funksionele eienskappe insluit. Hierdie aspekte is die resultaat van interaksies tussen die indiwidu se genotipe en sy bepaalde omgewing (Kaplan 1976:6).

'n Kenmerk of afwykende gedragsmanifestasie word gewoonlik in verband gebring met 'n bepaalde geen of groep gene en kan ook 'n reaksie wees op bepaalde omgewingsfaktore. 'n Bepaalde gedragsmanifestasie kan sonder enige genetiese invloed ontwikkel. Daar word verwys na dié gedragsmanifestasies as **fenokopieë**. Oorerwing speel geen rol by dié bepaalde gedragsmanifestasies nie (Kaplan 1976:6).

Genokopieë verwys na 'n kenmerk of afwyking wat geassosieer word met 'n bepaalde geen of groep gene wat in die betrokke indiwidu se genetiese samestelling afwesig is. Dié betrokke gedragsmanifestasie word deur ander gene in sy samestelling beïnvloed (Kaplan 1976:6).

Die kanse dat 'n bepaalde karaktertrek of gedragsafwyking oorgeërf kan word, hang af van die ratio (verband) tussen die **genotipiese- en fenotipiese eienskappe**. 'n Patalogiese toestand of afwykende gedrag kan te wyte wees aan die indiwidu se genetiese samestelling (Kaplan 1976:11).

Leyhausen (1973:37) huldig die standpunt dat omgewingsfaktore nie van oorerwingsfaktore geskei kan word nie. Dit gaan oor die wyse waarop oorerwing en omgewingsfaktore gekombineer word en gevolglik die indiwidu se gedrag beïnvloed.

Louw (1990:39) meld dat daarteen gewaak moet word om die oorerflikheid van afwykende gedrag, soos byvoorbeeld aggressie, net aan genetiese oorsake te koppel. Negatiewe omgewingsinvloede kan ook bydra tot afwykende aggressiewe gedrag.

2.4.2.2 Die sentrale senuweestelsel en die endokrienestelsel

Die sentrale senuweestelsel bestaan uit twee komponente, naamlik die **brein** en die **rugmurg**. Die kernfunksie van die sentrale senuweestelsel is om response op stimuli te kontroleer, te integreer en te koördineer sodat die indiwidu sy omgewing doeltreffend kan hanteer. Die **hipotalamus** as subkomponent van die brein, dien as beheersentrum vir outomatiese prosesse, emosionele gedrag en verskeie motiveringsaspekte. Die hipotalamus het 'n invloed op emosies en die **endokrienestelsel** (Louw 1990:49,50).

Meyer (1983:572) beskou die hipotalamus funksioneel as 'n brein en endokriene-orgaan omdat dit die funksies van dié twee kontrolestelsels integreer. Die hipotalamus skakel met die meeste breinsentrums en is die hoofsetel van die outonome senuweestelsel wat die uiting van emosies kan beheer.

Alhoewel die sentrale-senuweestelsel die vrystelling van hormone beheer (Meyer 1983:562), is dit eintlik die endokrienestelsel wat uit hormone en hormonale bindings bestaan. Tydens puberteit tree die pubertale **hormone** in werking (Paikoff, Buchanan & Brooks-Gunn 1991:510).

Tydens adolessensie word die interpretering van emosies beïnvloed deur die biologiese veranderinge wat die adolessent ondergaan omdat die hormoonvlakke tydens die adolessensietydperk drasties toeneem binne 'n tydperk van vyf jaar (Susman 1991:1108).

Behalwe dat die verhoogde hormonale vlakke vir groei en die ontwikkeling van primêre en sekondêre seksuele eienskappe verantwoordelik is, kan dit ook in verband gebring word met die buie-veranderinge wat die adolessent tydens adolessensie beleef (Susman & Dorn 1991:514).

Buie word in verband gebring met die regter en linkerhemisfeer. Positiewe buie, soos opgewondenheid en euforiese gevoelens, word in verband gebring met die linkerhemisfeer terwyl die regterhemisfeer meer aktief is by negatiewe buie, soos depressie en hartseer (Heller 1990:169).

Susman, Inoff-Germain, Nottelman, Loriaux, Cutler en Chrousos (1987:1116) is van mening dat hormone beide negatiewe en positiewe emosies kan affekteer. **Aggressie** word as 'n negatiewe emosie beskou. **Geïrriteerdheid en opstandigheid** word as aggressiewe gedragsmanifestasies onder normale adolessente beskou, daarom word die term aggressiewe eienskappe eerder verkies.

Verskeie studies oor hormoonverwante gedragsmanifestasies hipotetiseer dat die graad van aggressiewe gedrag deur hormone bepaal word en wel ten opsigte van die effek daarvan op die emosionele funksionering van die indiwidu. Emosies by die adolessent word beïnvloed deur die aktiverende aard van hormonale blootstellings en die wanbalans in die biologiese prosesse wat ontstaan as gevolg van die vinnige toename in hormoonvlakke tydens puberteit (Inoff-Germain, Arnold, Cutler, Chrousos, Nottelman & Susman 1988:130).

Tydens die latere kinderjare en vroeë adolessensie neem die vlakke van die gonadale steroïdes en adrenale androgene drasties toe (Susman & Dorn 1991:514). Inoff-Germain et al. (1988:130) gaan van die standpunt uit dat hoër vlakke **androgeen** tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die menslike spesie en ander spesies kan lei. Hoe hoër die androgeenvlak, hoe hoër die graad van aggressiwiteit (Inoff-Germain et al. 1988:130). Susman et al. (1987:1129) bring hoër vlakke androgene in verband met jeugmisdadige neigings en opstandigheid tydens adolessensie.

Seuntjies word met 'n hoër vlak **testosteroon** as meisies gebore alhoewel die meisie ook 'n hoeveelheid van dié hormoon het. Dié oorsprong van testosteroon is by beide geslagte aanwesig maar by seuns

word dit nog afgeskei deur die testes. Die potensiële gevolge van dié hormoon op die indiwidu se emosies, hang daarvan af of die hormoon met sekere proteïne verbind is, al dan nie. Indien dit nie met proteïne in die bloed meng nie, is dit **ongebonde**. Ongebonde testosteroonvlakke is baie laag tot en met puberteit, maar het alreeds met geboorte die breinstrukture fyngevoelig gemaak vir dié hormoon en dit beïnvloed die emosionele gedragsontwikkeling op 'n later stadium wanneer die hormone nie meer teenwoordig is nie (Maccoby 1980:206).

Hoër vlakke **adrenale androgene**, tesame met 'n hoër vlak **testosteroon** kan met aggressiewe gedragsmanifestasies in verband gebring word. Jeugmisdadige neigings word in verband gebring met 'n laer testosteroonvlak in verhouding met 'n laer estradiolvlak, 'n laer testosteroon-estradiol binding globulien en laer vlakke dehiedroepiandrosteroon. Een van die gevolge van laer vlakke dehiedroepiandrosteroon is impulsiewe optrede (Susman et al. 1987:1126,1116).

Inoff-Germain et al. (1988:135) bring woede-reaksies in verband met hoër vlakke **dehiedroepiandrosteroonsulfaat**. Laer vlakke testosteroonestradialbinding globulien word daarenteen in verband gebring met lae aggressiewe reaksie indien daar aggressief teenoor die indiwidu opgetree word.

Daar moet daarteen gewaak word om die hipotese te maak dat hormone aggressiewe gedrag veroorsaak. Navorsingsbevindinge dui hoogstens op die verbánd tussen hormoonvlakke en aggressiewe gedrag (Susman & Dorn 1991:514).

Paikoff et al. (1991:511) is van mening dat gedrag en buie ook 'n invloed op hormonale afskeidings kan hê. Stres, spanning, eetgewoontes en oefening kan byvoorbeeld lei tot die aktivering of onderdrukking van sekere gedeeltes van die endokrienestelsel. Dié aspek moet deeglik in ag geneem word wanneer hormone en die invloed daarvan op aggressie bestudeer word.

2.4.2.3 Die waarde van die organiese hipotese vir dié betrokke navorsing

Organiese hipotese is 'n uiters delikate aangeleentheid. Afwykinge in die **sentrale-senuwee- en endokriene stelsel** kan 'n nadelige invloed op die adolessent se leefwêreld hê. Sy aggressiewe gedragsmanifestasies kan moontlik onbeheersd voorkom en kan sy relasies met andere, veral sy ouers en portuur, beïnvloed. Daar moet daarteen gewaak word om die onbeheersde uitlewing van emosies as gevolg van hormonale afwykinge as enigste oorsaak te sien. Wat belangrik is, is om te weet dat medikasie voorgeskryf kan word indien die adolessent se aggressiewe gedrag van so 'n aard is dat hy 'n gevaar vir homself en andere kan wees.

2.4.3 Die sosiale leerteoretiese benadering

Gesien vanuit die sosiale leer perspektief, verwys aggressiewe gedrag na **sosiaal onaanvaarbare gedragswyses** wat kan lei tot fisieke of psigiese besering van 'n ander indiwidu of die beskadiging van eiendom. Die sosiale leerteorie beskou aggressie as 'n komplekse gedragsmanifestasie as gevolg van die beserende en vernietigende aard van die gedragsmanifestasie, sowel as die feit dat dit 'n sosiaal onaanvaarbare gebeure is (Bandura 1973:5). Die **problematiese gesinsituasie** (vertroebelde onderlinge gesinsrelasies) en ander stimilu wat tot aggressie lei, word ook bespreek. Vervolgens word gelet op aggressie as gedragsmanifestasie en aggressie as sosiale gebeure wat tot aggressiewe gedragsmanifestasies kan lei, vanuit die sosiale leerteoretiese perspektief.

2.4.3.1 Aggressie as 'n gedragsmanifestasie

Aggressie word deur Eron (1979:135) beskou as 'n karaktertrek wat aangeleer word. Dit is vir die aggressiewe indiwidu 'n wyse om met sy medemens te kommunikeer en sy probleme op te los. Die mate waarin hy sukses behaal ten opsigte van probleemoplossing, sal bepaal of hy weer en meer gereeld aggressief sal optree. Aggressie word

aangeleer. Pulkkinen (1987:197) verwys na aangeleerde aggressiewe gedragsmanifestasies as offensiewe aggressie. Nog 'n aggressiewe gedragsvorm wat onderskei word, is defensiewe aggressie wat gedefinieer word as 'n reaksie wat dit ten doel stel om die bedreiging te elimineer.

2.4.3.2 Aggressie as 'n sosiale gebeure

Bandura (1973:5,6,7) beskou aggressiewe gedragsmanifestasies as 'n sosiale gebeure na aanleiding van die volgende faktore:

- die eienskappe van die handeling wat aversiewe gevolge soos fisieke aanvalle, verkleinering en eiendomsbeskadiging insluit;
- die intensiteit van die respons wat handelinge insluit wat ongeduldigheid by ander indiwidue kan verwek;
- uitdrukkings van pyn en besering soos die seuntjie wat huil na 'n geveg; en
- intensies van die aggressor: indien die uitvoerder van die aggressiewe gedragsmanifestasie se intensie as 'n ongeluk beoordeel word, word dit nie as aggressief beskou nie. Indien die indiwidu hom dit ten doel stel om 'n ander doelbewus te beseer, word dit as aggressie beskou.

Die sosiale leerteoretiese benadering beskou aggressie as 'n aangeleerde respons wat as 'n sosiale leefwyse kan manifesteer indien die indiwidu herhaalde sukses in sy aggressiewe gedragsmanifestasies behaal. Hy gee dan min om vir die gevoelens van die ander persoon en of daar beserings ter sprake is.

2.4.3.3 Die problematiese gesinsituasie

Byrne en Kelley (1981:386) bring aggressiewe gedragsmanifestasies in verband met die **opvoedingsituasie** tuis. Patterson (1976:268) is van mening dat die aggressiewe kind deel is van en deel bydra tot

aggressie in die huisgesin. Elke ander gesinslid dra ook by tot aggressiewe gedragsmanifestasies in die gesinsituasie.

Verskeie outeurs deur Patterson (1976:268) aangehaal, identifiseer 16 skadelike gedragsmanifestasies wat in verband gebring kan word met aggressie in die huisgesin. Van dié gedragsmanifestasies is negatiwiteit, ontevredenheid, vernietiging, ignorering, skreeuery (gillery), asook fisieke aggressie die vernaamste. Die begrip **problematies** kom neer op afwykende aggressiewe gedrag in die gesin deur beide die ouers en die adolessente seun.

Patterson (1976:306) verwys na die aggressiewe adolessent as die onbeheersde adolessent wat meer geneig is tot onaanvaarbare gedrag wat in aggressiewe gedragsmanifestasies of uitbarstings tot uiting kan kom. Die aggressiewe adolessent steur hom min aan die goedkeuring van die ouer. Onaanvaarbare gedrag kan toeneem in intensiteit indien een of meer gesinslede gebruik maak van aggressiewe gedrag. Onaanvaarbare gedrag word gekenmerk deur korter latente periodes tussen aggressiewe uitbarstings. As redes vir die gedrag, kan aangegee word dat die kind se reaksie as 'n stimulus vir 'n daaropvolgende aggressiewe gedragsmanifestasie kan dien en dat daar positiewe gevolge deur die familie vir die aggressor mag wees. Die gevolge kan daartoe lei dat die aggressiewe respons tussen gesinslede weer nagevolg word en die gedrag van die kind daartoe kan lei dat daar met aggressiewe gedrag volgehou word. So word die aggressiewe gedragsmanifestasie versterk (Patterson 1976:269,271,272) deur **direkte eksterne versterking** en **waargenome versterking** (Bandura 1973: 184). Direkte eksterne versterking dui op die verkryging van tasbare belonings indien die aggressiewe gedragsmanifestasie suksesvol volvoer is. So kan hy sosiale goedkeuring verkry en status bekom of hy kan poog om sy manlikheid te bewys om sy selfkonsep te versterk. Volgens Fonberg (1979:17) dien die verhoogde selfkonsep en sosiale status as beloning vir die aggressiewe seun.

Waargenome versterking dui op die waarneming van aggressiewe handelinge van andere en die wyses waarop die indiwidu beloon, geïgnoreer of gestraf word vir die gedragsmanifestasie. Soos wat die beloning toeneem, neem die straf daarvoor af, met die gevolg dat die waarnemer die neiging kan openbaar om op dieselfde wyse op te tree (Bandura 1973:202). Fonberg (1979:9) meld dat aggressiewe gedrag verminder kan word indien die versterking van die gedragsmanifestasie verminder word, omdat die positiewe stimulus na die verskyning van die gedragsvorm verwyder word en dit as straf van aggressiewe gedrag dien (Wolff 1990:88).

2.4.3.4 Ander stimuli wat volgens die sosiaalteoretiese benadering tot aggressie lei

Verskeie sosiaal leerteoretici identifiseer etlike ander stimuli wat tot aggressiewe gedragsmanifestasies in die gesinsituasie kan lei, soos byvoorbeeld vyandige gevoelens by gesinslede, toepassing van straf (dissipline) en die permissiewe optrede van die moeder.

Volgens Patterson (1976:273) kan vyandige gevoelens by een gesinslid dieselfde gevoelens by ander gesinslede verwek. Delfini, Bernal en Rosen (1976:244) bring vyandige gevoelens in verband met die wyse waarop ouers bevele aan hulle kinders gee. Ouers van aggressiewe en ander gedragsafwykende kinders is meer geneig om bevele te gee op 'n dreigende, kwaai, verkleinerende en klaende wyse. Die gevolg is dat die kind juis aggressief op hierdie bevele reageer as gevolg van die negatiewe aard van die bevel.

Voorbeelde van aggressiewe gedragsmanifestasies wat op hierdie negatiewe bevele kan volg, is verbale aggressie, vernietigende optrede teenoor objekte, die opskop van 'n groot lawaai, asook nie-verbale vyandige reaksies. Voorbeelde van **verbale aggressie** is dat die kind geneig is om terug te praat met die ouer, met die ouer te stry, op die ouer te skree en die ouer te dreig dat hy iets gaan doen waarvan die ouer nie hou nie. **Nie-verbale vyandige reaksies**

dui op lelike handgebare en die uitsteek van die tong vir die ouer (Bernal et al. 1976:225).

Toepassing van straf word deur sosiaal leerteoretici as 'n baie belangrike versterker van aggressiewe gedrag beskou. Een van die outeurs wat aggressie in verband bring met die wyse waarop die ouer die kind straf, is Kaufmann (1970:57). Volgens Bandura en Walters (1959:232) kan die **toepassing van straf** slegs **effektief** wees indien die kind se handeling en sy gevoelens met betrekking tot die oorsake van sy handeling hanteer word. Toepassing van dissipline is **oneffektief** as dit slegs gaan om die kontrole en gevolglik die onderliggende motivering van die betrokke gedragsmanifestasie ignoreer.

Gewelddadige straf dui op die gebruik van fisieke geweld teenoor die kind (Trojanowicz 1978:79). Fisieke straf word as 'n aanvalswyse beskou en kan deur die kind as 'n aggressiewe daad teenoor hom geïnterpreteer word. Indien die ouers dié vorm van straf gereeld toepas, kan die kinders die gedragsvorm navolg en op 'n soortgelyke wyse optree (Sears, Maccoby & Levin 1974:244; Strauss 1974:164).

Die toepassing van straf vir aggressiewe gedragsmanifestasies behoort die teenoorgestelde uitwerking as bogenoemde te hê. Die kind behoort minder aggressief op te tree in 'n poging om straf vry te spring (Sears et al. 1974:241). Aggressiewe adolessente seuns reageer negatief op straf indien hulle gestraf word omdat die ouer faal om effektiewe straf toe te pas vir aggressiewe gedrag (Patterson 1976:277,290). Sears et al. (1974:242) is van mening dat die kind aggressiewe gedragsmanifestasies kan afleer indien die straf voldoende was. Deur sy aggressiewe gedragsmanifestasies het die kind alreeds die genot gesmaak om die ander indiwidu te beseer. Die aggressiewe handeling is dus versterk. Deur die aggressiewe kind te straf, ervaar hy verdere frustrasie. Indien die straf vir die aggressiewe gedragsmanifestasie voldoende was, kan dit daartoe lei dat die kind die gevolge van sy eie aggressiewe handelinge onder-

druk. Die nadeel hieraan verbonde is dat sy frustrasie verhoog word en aggressie weer kan manifesteer.

Sears et al. (1974:241) gaan van die standpunt uit dat die **permissiewe optrede** van die moeder in die gesinsituasie tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die kind kan lei. Daar kan 'n konstante konflik in die kind se gedrag tussen die uitlewing of die inhibering van aggressie wees. Frustrasie, bedreiginge en stimulerende situasies mag bydra tot die aggressiewe gedragsmanifestasie. Die moeder se optrede teenoor die kind se aggressiewe gedragsmanifestasies blyk 'n belangrike rol te speel. Permissiewe optrede deur die moeder dui op haar bereidwilligheid dat die seun met die aggressiewe gedragsmanifestasie kan voortgaan, met die gevolg dat die aggressiewe gedrag versterk word.

2.4.3.5 Waarde van die sosiale leerteoretiese benadering vir dié navorsing

Dié teoretiese benadering gaan van die standpunt uit dat aggressie by die kind veroorsaak word deur die situasie of omstandighede tuis, veral met betrekking tot die wyse waarop die ouer die kind straf. Die gevolge van die strafmetodes, indien dit gewelddadig en/of te gereeld toegepas word, is dat die kind die strafmetode sien as 'n gedragswyse en dit navolg. Aggressiewe optrede wek dus aggressiewe optrede.

2.4.4 **Sosiaal kognitiewe hipotese**

Die kognitiewe gedragsmodifikasie is 'n siening wat die gedragsmodifikasie met kognitiewe tegnieke kombineer (Kiselica 1988:300). Dodge (1991a:160) beskou die sosiale kognitiewe siening as 'n sosiale teorie waarby inligting op 'n bepaalde wyse geprosesseer word. Die basiese komponente van die sisteem verwys na sekere stappe wat in 'n bepaalde volgorde gevolg word na aanleiding van 'n reaksie op 'n bepaalde stimulus.

Die volgende stappe in kognitiewe tegnieke word deur Dodge (1991a: 160) onderskei, te wete die **enkodering van die stimulus leidrade,** die **interpretering van die leidrade** en die **uitvoering** daarvan.

Die eerste stap is om die relevante inligting van die breë leidrade uit die **omgewingstimulus** te enkodeer. Enkodering vind plaas deur aandag te gee aan verskeie aanvoelinge wat die indiwidu kry uit reaksies van andere en dan op 'n paar te fokus. Die indiwidu se kognitiewe **skemata** maak dit vir hom moontlik om relevante leidrade akkuraat te enkodeer (Dodge & Crick 1990:13). Die kognitiewe skemata sluit gebeure waarby die indiwidu self betrokke was, sy relasies met andere en sy verwagtinge met betrekking tot die verwagte uitkoms van die gedragsmanifestasie in (Mischel 1981:484). So mag mislukking met betrekking tot die enkodering van relevante aanvoelinge uit reaksies tot afwykende response, onder andere aggressiewe gedrag, lei (Dodge & Crick 1990:13).

Die tweede stap, die **interpretering van die leidraad** dui op die integrasie van die leidrade met betrekking tot 'n bepaalde gedragsmanifestasie wat alreeds in die geheue geberg word met die nuwe leidraad (Dodge 1991a:162). Sodra die leidrade geënkodeer is, word dit geberg in die vorm van langtermyngeheue. Betekenis word aan die geënkodeerde leidrade gegee in bepaalde sosiale situasies waar die bepaalde leidrade ter sprake is. Die sosiale situasie dien as 'n respons vir die geënkodeerde leidraad (Dodge & Crick 1990:13).

Die manifestering van 'n bepaalde gedragsreaksie hang nou saam met die resentheid en ervaring wat die indiwidu met betrekking tot die bepaalde reaksie het en die effektiwiteit van die gekose gedrag wat nou saamhang met die aantal pogings met betrekking tot die uitvoering van die betrokke strategie (Dodge 1991a:163). Hoe minder mislukte pogings, hoe suksesvoller is die betrokke strategie (Krasnor & Rubin 1981:470).

Affektiewe reaksies is die gevolge van die indiwidu se eiewaarde wat opgebou word uit positiewe en negatiewe gevoelens wat hy ervaar. Die indiwidu word blootgestel aan hierdie gevoelens en bou bepaalde inligtingsisteme op. Deur selektiewe aandag aan 'n emosie te gee, byvoorbeeld aggressie teenoor 'n portuurlid, kan dié persoon negatiewe gevoelens teenoor andere ervaar (Mischel 1981:493). So kan die indiwidu 'n portuurlid se intensies deur gesigsuitdrukking en verbalisering as aggressiewe **leidrade** beskou (Dodge & Crick 1990:13). Die indiwidu is nou gereed om die **reaksie-besluit** te evalueer en uit te voer en die uitvoering gaan gepaard met motoriese en verbale handelinge (Dodge 1991a:164).

Dodge (1991a:166) toon die verband tussen **emosie** (onder andere aggressie) en die **prosessering van inligting** soos volg aan: Die kognitiewe teorie beklemtoon die belangrikheid van die omgewing omdat die omgewing die prosessering van die inligting bepaal.

'n Emosie, soos aggressie, gaan die prosesseringsproses vooraf. Interne faktore, soos verwagtinge, buie, toestand by tye van emosionele opwekking en moegheid, speel ook 'n belangrike rol by die prosessering van inligting. Sommige faktore, soos byvoorbeeld verwagtinge, is meer kognitief van aard terwyl andere meer psigies en selfs fisies van aard kan wees (Dodge & Somberg 1987:222). Cairns en Cairns (1991:249) toon die verband tussen sosiale kognisie en aggressie aan deur die volgende aspekte, te wete:

- aard van die aggressiewe persepsies van die aggressiewe adolessent deur vergelyking met die nie-aggressiewe portuur; en
- oorsake van sy aggressiewe gedragsmanifestasies, gesien in die lig van sy sosiale verhoudinge en/of kontakte.

Downey en Walker (1989:836) assosieer ontoereikende kognitiewe sosiale vaardighede met aggressiewe gedragsmanifestasies en wanaanpassing in die samelewing.

2.4.4.1 Ontoereikende sosiaal kognitiewe vaardighede as oorsake van aggressie

Brion-Meisels en Selman (1984:281,282), asook Guerra en Slaby (1990:269), het 'n verskeidenheid sosiaal-kognitiewe veranderlikes geïdentifiseer wat tot aggressie kan lei. Hulle verwys na hierdie sosiaal-kognitiewe veranderlikes as **primêre sosiale en kognitiewe probleemoplossingsvaardighede** naamlik:

- die definiëring van sosiale probleme gebaseer op 'n vyandige persepsie wat op 'n onvermoë om die probleem te identifiseer dui;
- doelwitstelling gebaseer op vyandige persepsies;
- soeke na feite;
- veralgemening van 'n paar alternatiewe oplossings;
- veralgemening van 'n paar gevolge van aggressiewe oplossings;
- die besluitneming op die aggressiewe of vyandige oplossing of intensie.

Dodge (1980:162) tref 'n onderskeid tussen **intensionele en insidentele gevolge**. Wanneer die indiwidu die gevolgtrekking gemaak het dat die aggressiewe gedragsmanifestasie teenoor hom intensioneel was, lei dit tot negatiewe gevolge. Die rede hiérvoor is dat die indiwidu die respons teenoor hom as aggressief beskou. Indien die aggressiewe gedragsmanifestasie as insidenteel beskou word, poog die indiwidu om sy aggressie te inhibeer.

Maccoby (1980:118) toon die verband tussen intensie (die intensionele handeling) en kognisie (kennis) soos volg aan:

- Die aggressor weet dat die ander indiwidu in sy pad staan of sy doelwitte blokkeer.
- Hy weet dat sy aggressiewe handelinge tot ongelukkigheid kan lei of dalk die ander persoon in gevaar kan stel.

- Hy weet hoe om aggressiewe handelinge wat tot besering by ander kan lei, uit te voer.
- Hy toon die begeerte om handelinge uit te voer wat tot andere se ongelukkigheid lei, juis omdat hy vyandiggesind is teenoor hulle.

Aggressiewe handelinge word volgens Brion-Meisels en Selman (1984: 282), asook Selman, Lavin en Brion-Meisels (1982:66), beïnvloed deur die indiwidu se **interpersoonlike onderhandelingstrategieë.**

Brion-Meisels en Selman (1984:282), Selman (1980:37,38,39) en Selman et al. (1982:66) onderskei tussen vyf vlakke of fases van interpersoonlike onderhandelingstrategieë. Opsommendsgewys sien die vyf vlakke soos volg daaruit:

- Vlak 0: Impulsief-egosientriese fase (3 tot 6 jaar);
- Vlak 1: Bevels- of eenrigtingonderhandelingsfase (5 tot 9 jaar);
- Vlak 2: Wisselwerkende fase (7 tot 14 jaar);
- Vlak 3: Wedersydse vlak (10 tot 15 jaar);
- Vlak 4: Sosiaal-perspektiewe vlak (ouer as twaalf jaar);

Vir die doel van dié studie word slegs vlak twee bespreek omdat dié vlak die aanvang van adolessensie insluit. Indien die adolessent nie dié vlak se onderhandelingstrategie bemeester het nie, kan die indiwidu nie konflikte in wedersydse behoeftes en relasies uitwerk nie (Brion-Meisels & Selman 1984:282).

Volgens Selman et al. (1982:72) gaan die tweede vlak, die wisselwerkende fase, om die ontwikkeling van die indiwidu se innerlike ervaringe wat hy nou as werklikheid aanvaar. Hy kan sy eie denke en handelinge beheer en verkry so vertroue in sy eie vermoëns. So stel Brion-Meisels en Selman (1984:282,283) dat die behoeftes van die

self en ander afsonderlik in ag geneem word. Adolessente wat interpersoonlike relasieprobleme as gevolg van hulle aggressiewe gedragsmanifestasie ondervind, het nog nie die onderhandelingstrategieë van dié vlak ontwikkel nie, omdat hulle ernstige probleme ondervind om hulle eie gevoelens en relasies met andere te verstaan (Selman et al. 1982:62).

Volgens Mischel (1981:484) kan dié aspek verband hou met 'n bepaalde gedragsmanifestasie en die interaksie van die indiwidu met die bepaalde situasie wat die gedragsmanifestasie ontlok. Dodge en Crick (1990:15) onderskei tussen **kwalitatiewe en kwantitatiewe reaksies**. Kwantitatiewe reaksies dui op die hoeveelheid reaksies en kwalitatiewe reaksies op die inhoud van die reaksies. Die aggressiewe handeling teenoor andere kan as 'n taktiek beskou word om oorwinning te smaak of omdat hy kompeteer om die portuurgroep te beïndruk (Malmquist 1985:27; Shantz & Hartup 1992:4)).

Boldizar, Perry en Perry (1989:576) meld dat aggressiewe kinders meer genot daaruit put om beheer oor hul slagoffers te verkry as nie-aggressiewe kinders. So is die aggressiewe adolessent relatief min besorg oor die negatiewe uitkoms van die aggressiewe handeling.

2.4.4.2 Waarde van die sosiaal-kognitiewe benadering vir dié navorsing

Die waarde van dié benadering is veral geleë in die sosiale probleemoplossingsvaardighede van die aggressiewe adolessent. Die vyandige houding van die aggressor lei tot die besluitneming van 'n aggressiewe gedragsmanifestasie.

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die fenomeen aggressie ontleed. Aggressie is 'n emosie wat in sommige gevalle as 'n gedragsafwyking beskou kan word indien dit tot die besering van andere of eiendomsbeskadiging

lei. Etlike ander emosies soos depressie, frustrasie en angs toon 'n noue verband met aggressie. Aggressiewe gedragsmanifestasies kan veroorsaak word deur die Oedipus-kompleks, uitlewing van onbeheersde drange, die wanfunksionering van die psigiese strukture, moontlike genetiese oorsake in samehang met omgewingsfaktore, asook moontlike hormonale invloede gedurende adolessensie. Ontoereikende gesinsrelasies waar die ouer gebruik maak van aggressiewe dissiplineringsmaatreëls en die indiwidu se sosiale vaardighede kan ook tot aggressiewe gedragsmanifestasies lei. Verdere aandag word aan aggressiewe dissiplineringsmaatreëls in die gesinsituasie in afdeling 3.3.2.6 en 3.3.2.7 geskenk.

In die volgende hoofstuk word die begrip leefwêreld volledig bespreek.

HOOFSTUK III

DIE LEEFWêRELD VAN DIE AGGRESSIEWE ADOLESSENTE SEUN

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die fenomeen **aggressie** ontleed. In dié hoofstuk word die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun breedvoerig bespreek. In die eerste plek word daar op die begrippe leefwêreld en relasie ingegaan en hoe die begrippe met mekaar in verband staan. Vervolgens word die adolessent se **relasies met die gesin** bespreek. Daar word veral gelet op die begrip **gesin** en faktore wat 'n bydrae lewer tot die toereikende of ontoereikende relasiestigting in die gesin, soos die gesinsessensies, moraliteit in die gesinsituasie, gesagstrukture in die gesin, gesinstipes en die toepassing van dissiplinêre tegnieke in die gesin.

Die volgende aspek van die **leefwêreld** van die aggressiewe adolessente seun wat ondersoek word, is die **relasie met die self**. Met betrekking tot dié begrip, word veral aandag gegee aan die intrapsigiese strukture te wete **die ek, die self, identiteit** en **selfkonsep**. Dié strukture manifesteer in die indiwidu se ontoereikende selfevaluering, identifisering, identiteitsvorming en selfkonsepvorming wat na die intrapsigiese strukture bespreek word.

Die laaste faset van die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun wat bespreek word, is **portuurrelasies**. Die begrip portuur, die ontwikkeling van portuurgroepe en die aard van die positiewe en negatiewe adolessente-portuurgroepe word bespreek. Meeste van die aspekte wat bespreek word, word met aggressie in verband gebring.

3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP LEEFWÊRELD

Die wêreld waarin die adolessent hom bevind, is nie slegs 'n geografiese wêreld nie, maar ook **leefwêreld**. Hierdie leefwêreld sluit

ook dié deel van die geografiese wêreld, waarby hy betrokke was of is en wat hy verstaan, in. 'n Onderskeiding tussen **werklikheid, wêreld** en **leefwêreld** is noodsaaklik. Werklikheid omsluit alles waaruit die heelal bestaan. Wêreld is deel van die werklikheid waaraan mense met die verloop van tyd weens hul betrokkenheid daarby betekenis gegee het. Leefwêreld is die Gestalt van die indiwidu se betekenisvolle relasies soos sy relasies met mense, objekte, idees, stelsels, kragte, houdinge en die self (Vrey 1984:15,16).

Die begrip **leefwêreld** verwys na die interaksie tussen die sosiale omgewing, sosiale gedrag en biologiese aspekte van die indiwidu. Die indiwidu se leefwêreld bestaan onder andere uit sosiale interaksies en die wyse waarop die indiwidu leef (Frankl 1975:36; Sullivan 1953:18,19; Van der Linden 1991:5).

Botha (1974:18) gaan van die standpunt uit dat dié sosiale interaksies (leefwêreld) uit drie kategorieë, te wete die deelneem aan **pedagogiese onsheid, pedagogiese uitgaan na die sosiale werklikheid** en die **geleidelike sosiaal-maatskaplike oriëntering** bestaan. Die begrip **pedagogiese onsheid** beskryf die sosiale lewe van die adolessent in die gesinsituasie (Botha 1974:19). Hy is nie net aangewese op sy ouers nie, maar stig ook relasies met die ander gesinslede (Booysen 1987:57).

Pedagogiese uitgaan na sosiale werklikheid dui op die wyses waarop die ouer die adolessent toelaat om by ander sosiale relasies buite die gesin betrokke te raak. Hy behoort in die gesinsituasie toegelaat te word om met ander sosiale relasies in aanraking te kom sodat hy toenemend beweeglik kan word in sy betrokkenheid in ander sosiale relasies. **Pedagogiese uitgaan na sosiale werklikheid** verwys na die noue betrokkenheid van die opvoedingsituasie tuis met invloede van die samelewing. Dit is belangrik dat die ouer die adolessent rig om die regte keuses te maak wanneer hy moontlik deur die negatiewe elemente van die samelewing beïnvloed kan word (Botha:1974:21).

Die begrip **geleidelike sosiaal-maatskaplike oriëntering** verwys na die opvoeding van die adolessent tot die maak van sedelik-selfstandige keuses en stellingname met betrekking tot norme en sosiale groeperinge. Die aard van sy sosiaal-maatskaplike oriëntering hang af van sy persoonstruktuur, die gehalte van die opvoeding tuis en die ruimte en tyd wat die ouer aan die adolessent en dus met die aard van sy relasies wat in sy leefwêreld gedy, bestee (Botha 1974: 22,23).

Die **leefwêreld** van die indiwidu bestaan uit sy **relasies met sy ouers, familielede, ander volwassenes en maats** (Griesel & Jacobs 1991:13). Die kern van elke mens se leefwêreld is **sy eie self** soos deur homself gesien, waargeneem en ervaar (Raath & Jacobs 1990:7). Die mens kan hom nie los van die wêreld sien nie, maar staan in relasie tot mekaar (Preller 1990:105).

Volgens Vrey (1984:23,24) verwys die woord **relasie** na 'n verband tussen twee referente. Dit dui op 'n verband tussen twee objekte, tussen twee betrokkenes of tussen die indiwidu en objekte. Die relasie bestaan uit 'n kognitiewe en affektiewe komponent. Die kognitiewe komponent word deur kognitiewe vermoëns bepaal, soos byvoorbeeld denke en waarnemingsvermoë, terwyl die affektiewe komponent uit liefde, sorg, vertroue, respek, aanvaarding en geborgenheid bestaan.

Vir Sullivan (1953:18) dui die affektiewe komponent op die interpersoonlike situasies waarby die indiwidu betrokke raak. Deur sy wyse van hantering van interpersoonlike situasies manifesteer sy psigiese gesondheid en/of geestesafwykinge. Die indiwidu se geestelike gesondheid word beïnvloed deur die aard van die situasies waarin hy hom bevind en mag daartoe lei dat hy sekere handelinge in 'n bepaalde situasie uitvoer (Van der Linden 1991:5). Die siening kan soos volg verklaar word: Indien die vader die adolessente seun op 'n fisieke wyse straf, kan dit aggressiewe reaksies by die seun ontlok.

Vrey (1984:31,32) bring die indiwidu se interpersoonlike situasies in verband met sy gerigtheid op, of relasies met mense en objekte of handelinge rondom hom. Relasiestigting gaan gepaard met die indiwidu se betekenisgewing, betrokkenheid en belewing van die bepaalde handeling in sy leefwêreld. **Betekenisgewing** vind voortdurend plaas en bestaan uit dit wat die indiwidu kan verstaan sowel as die betekenistoekenning aan objekte, idees en relasies. **Betrokkenheid** verwys na daardie psigiese aktiwiteit waar die mens gemoeid raak by 'n aktiwiteit, saak of objek deur middel van aktiewe betekenisgewing aan sy omgewing en motoriese handeling (Griesel & Jacobs 1991: 17; Vrey 1984:41,42). Omdat betrokkenheid op 'n handeling dui, mag dit daarop neerkom dat hy daarby betrokke wil wees en daarom doelgerig kan wees.

'n Persoon se **belewing** dui aan hoe hy 'n ervaarde situasie evalueer. Hierdie evaluering vind plaas op 'n kontinuum van aangenaam tot onaangenaam en dit beïnvloed die kwaliteit van sy betekenisgewing en betrokkenheid by die situasie (Griesel & Jacobs 1991:18).

Ontoereikende relasiestigting as gevolg van die indiwidu se ontoereikende betekenisgewing, betrokkenheid en belewing van sy leefwêreld kan daartoe lei dat die aggressiewe adolessente seun ontoepaslike gevoels- en gedragsuitinge onder normale omstandighede openbaar. Hy stig onbevredigende interpersoonlike relasies (byvoorbeeld met sy ouers) en kan nie daarin slaag om bevredigende of toereikende relasies in stand te hou nie (Kapp 1990:115,116).

Dit is noodsaaklik om in dieper besonderhede in te gaan op die rol van **betekenisgewing, betrokkenheid en belewing** in die vorming van relasies wat die grondslag van die kind se leefwêreld ten opsigte van sy aggressiewe gedrag vorm.

Volgens Vrey (1984:33) dui **betekenisgewing** op die oriëntering van die kind met sy omgewing. Toename in betekenisvolle relasies stel die kind in staat om sy leefwêreld te konstitueer deur veral na die

strukturering van sy betekenisgewing te kyk. Strukturering dui op die ontwikkeling van betekenis. As 'n objek, situasie of begrip vir 'n persoon betekenisvol is, kom dit daarop neer dat hy die bepaalde situasie, objek of begrip, begryp. Behalwe dié logiese dimensie, kan betekenisgewing ook gevoelsmatig van aard wees. Die aggressiewe gedragsmanifestasies van die adolessente seun kan byvoorbeeld sy logiese betekenisgewing oorskadu as gevolg van te veel affektiewe botone in die eie betekenisgewing. Die seun se denke neig meer irrasioneel te wees omdat hy sy begeertes begin sien as noodsaaklikhede. Hy stel sy begeertes, behoeftes en voorkeure gelyk. Daardeur konstateer hy dat dit wat hy graag wil hê, nie meer net 'n begeerte is nie, maar dat hy dit nou dadelik moet bekom. Hy is dus subjektief in sy eie gedagtes vasgevang (Steyn 1980:127).

Die begrip **betrokkenheid** sentreer rondom die stamwoord trek. Dit verwys na nader trek of om nader getrek te wees. Betrokkenheid dui op 'n psigiese en/of motoriese handeling waarby hy betrokke wil wees (Vrey 1984:37,41,42). Kuypers (1963:244) stel dat die bewuste kognitiewe faktor in geen wilsproses mag ontbreek nie. Vir May (1970:230) bestaan daar 'n sterk verband tussen kennis of kognisie en die indiwidu se wilskrag.

Die indiwidu se wilskrag word beïnvloed deur sy **doelstellinge, besluitneminge** en **wilshandelinge** (Vrey 1984:38,42). **Doelstellinge** verwys na al die moontlikhede waarvan die indiwidu bewus is, wat sy waardes insluit en sy belewing vereis. Indien die indiwidu oor voldoende kennis met betrekking tot sy doelstellinge beskik, lei dit tot **besluitneming** wat daarop neerkom dat hy sy doel wil bereik. Die volgende stap is die **wilshandeling** wat in aanvang neem sodra die besluit geneem is. Wilshandelinge kan psigies of motories van aard wees. Omdat dit 'n gerigte handeling is, koester die indiwidu sekere verwagtinge met betrekking tot die handeling.

Vir Krasnor en Rubin (1981:464,465) dui die begrip **handeling** op die uitvoering van objekoordragte. Verdedigende handelinge word uitge-

voer indien die indiwidu se posisie bedreig word. Handelinge word as prososiaal beskou as die indiwidu sy eer en/of sy besittings moet beskerm, al lei dit daartoe dat die opponent in die handeling beseer mag word. Allport (1961:132,133) onderskei tussen **direkte handelinge, oorkompensasie en verplasingskompensasie. Direkte handelinge** dui daarop dat die indiwidu die oorsprong van sy minderwaardigheidsgevoelens aanval en dit verwyder. Sodra dit verander in 'n bron van krag, word daar verwys na **oorkompensering. Verplasingskompensasie** dui op die ontwikkeling van ander maniere om behoeftes te bevredig indien hy nie sy minderwaardigheidsgevoelens kan oorkom nie.

Bepaalde **belewinge**, naamlik frustrasie en aggressie, gaan gepaard met betrokkenheid by die handeling (Vrey 1984:42). Mischel (1981: 490,493) bring die betrokkenheids- en belewingsaspekte in verband met die subjektiewe waardes wat die indiwidu aan die handeling heg. 'n Swak ondersteunde omgewing, hindernisse, konflikte, negatiewe selfevaluering, karaktereienskappe en die positiewe of negatiewe siening van sy prestasie, dra by tot die indiwidu se interpersoonlike onderhandelingstrategieë wat 'n groot invloed uitoefen op die indiwidu se handelinge.

In die laaste instansie word op die **belewing** van die aggressiewe kind gelet. Sonnekus (1973:17) omskryf **belewing** as 'n intensionele, bepaalde, subjektiewe personale stellingname van die indiwidu in sy kommunikasie met die werklikheid. Vrey (1984:43,45) huldig 'n soortgelyke siening deur belewing te beskou as die gevoelens wat 'n indiwidu beleef. Dié gevoelens word bepaal deur die situasie en sy betekenisgewing aan die situasie. Dit is daarom dat belewing die kwaliteit van relasies bepaal deur die indiwidu se eie unieke relasiestigting. Pretorius (1972:5) meld in dié verband dat belewing 'n intensionele karakter en handelingskarakter besit. Die intensionele karakter verwys na die gerigtheid van die handeling terwyl handelingskarakter dui op die voltrekking van die handeling.

Omdat die aggressiewe adolessente seun ingestel is op die onmiddellike bevrediging van sy behoeftes, neig hy om impulsief op te tree as gevolg van sy gebrekkige affeksie vir andere (Steyn 1980:127). Dit kan uitloop op die verwerping deur en verwydering van andere (Vrey 1984:24). Die gevolg hiervan kan ontoereikende relasiestigting met sy gesin wees.

Aangesien die **leefwêreld** van die kind saamgestel word uit verskillende **relasies**, word vervolgens op enkele van dié relasies met verwysing na die aggressiewe kind gelet.

3.3 RELASIES MET DIE GESIN

In die eerste plek word die begrip **gesin** verhelder. Verder word daar ingegaan op faktore wat tot **toereikende** of **ontoereikende relasiestigting** in die gesin lei, met besondere verwysing na die aggressiewe kind.

3.3.1 Omskrywing van die begrip gesin

Volgens Pretorius (1979:45) beteken die woord **gesin** "reisgeselskap". Vanuit 'n tradisionele oogpunt gesien, bestaan die gesin uit 'n vader, 'n moeder en 'n kind of kinders. Hierdie samestelling word uitgebrei wanneer 'n ander persoon, byvoorbeeld 'n oupa, ouma of ander familielid, by die gesin inwoon. Die gesin kan ook baie ander vorme aanneem, soos byvoorbeeld die enkelouergesin of die gesin wat bestaan uit twee geskeide ouers, elk met kinders uit sy/haar vorige huwelik (Griesel & Jacobs 1991:28).

Verskeie outeurs soos Damon (1988:51), Griesel en Jacobs (1991:11), asook Hoghughi (1992:206), beskou die gesin as 'n klein sosiale sisteem. Hoghughi (1992:206) verwys na hierdie sisteem as 'n **geïntegreerde funksionele entiteit** met 'n komplekse netwerk van rolle, beheer, kommunikasie en sterk relasies.

Die begrip **geïntegreerde funksionele entiteit** kom daarop neer dat die gesin die versameling van interafhanklike komponente is. Hierdie komponente is innerlik verwant maar beskik ook oor die vermoë om ander sisteme (byvoorbeeld die samelewing en familielede) se komponente binne te dring en dan op effektiewe wyses saam te werk. Dié opvattings kan soos volg op die gesin van toepassing gemaak word:

- in watter mate is gesinslede oorbetrokke in mekaar se sake
- oorvleueling van rolvervullings
- rigiditeit of buigbaarheid van die rolvervullings
- die verdeling van huishoudelike take en verantwoordelikhede wat in die gesin gehandhaaf word of nie gehandhaaf word nie (Griesel & Jacobs 1991:11).

Vir Damon (1988:51,52) kom die gesinsgedragreëls ooreen met die van dié samelewing waarin die gesin hom bevind. 'n Bepaalde **hierargie** (sosiale orde) word in die gesin toegepas. Indien daar voldoende reëls in die hierargie toegepas word, ontstaan kohesie in die gesin omdat elke gesinslid weet wat van hom verwag word.

Dibble en Strauss (1990:167) verwys na die sosiale orde in die gesin as die **sosiale struktuur**. Die sosiale struktuur verwys na die bepaalde sosiale interaksie tussen gesinslede en bestaan uit die verskeie gesinslede se rolrelasies en rolverwagtinge. Wedersydse verwagtinge en verpligtinge behoort tussen die gesinslede te bestaan (Fine 1979:151). Volgens Frankl (1975:57) kan die indiwidu hom nie losmaak van sy noodgedwonge gesinsomstandighede nie. Die rol wat die gesinslid aanvaar, is die gevolg van die wyse waarop die indiwidu betekenis gee aan die gesinsituasie, die wyse hoe hy daarby betrokke is en die intensiteit en kwaliteit van hoe hy dit belewe (Griesel & Jacobs 1991:28).

Die gesinsituasie vorm die werkswinkel waarin die kind se karakter gevorm word (Griesel & Jacobs 1991:19). Hoghughi (1992:206) meld dat dit nie altyd moontlik is om vas te stel of die kind se probleme die gevolg van **problematiese gesinsrelasies** en of dit aan ander oorsake te wyte is nie. Die vraag word gevra watter **faktore** bydra tot **ontoereikende relasiestigting** tussen gesinslede wat **aggressiewe gedragsmanifestasies** tot gevolg kan hê.

3.3.2 Faktore wat bydra tot ontoereikende relasiestigting tussen gesinslede wat kan manifesteer in aggressiewe gedrag by die adolessente seun

Faktore wat in hierdie verband geïdentifiseer is, is ontoereikende gesinsessensies, ontoereikende ontwikkeling van moraliteit, gesagstrukture, toepassing van gesag, gesinstipes en die toepassing van dissiplinêre tegnieke.

Die gesinsessensies word vervolgens bespreek.

3.3.2.1 Ontoereikende gesinsessensies

Die verhouding tussen die vader en moeder is die kompas wat die koers vir die ander gesinsrelasies aandui. Die ouers se gesindhede, houding en optrede teenoor mekaar beïnvloed die gedrag van hulle kinders. As hulle liefde, agting, respek en vergewensgesindheid teenoor mekaar toon, volg die kinders dikwels hulle voorbeeld (Barnard 1985:26). 'n Volwasse en ontspanne liefdesverhouding skep 'n atmosfeer van gesonde gesinsrelasies. In so 'n gesin leer die kinders hoe om positiewe en opbouende emosies met mekaar uit te ruil. Te midde van die emosionele klimaat moet die kinders die werklikheid van genot en pyn, tevredenheid of ontevredenheid, hoop of desperaatheid en lewensfrustrasies leer ken (Biswas 1989:1). Die teendeel is ongelukkig ook waar. Waar die ouers dikwels en op 'n onbeheerste wyse rusie maak, onbedagsaam is en mekaar openlik en

liefdeloos kritiseer, leer die kinders telkens om negatiewe emosies te toon (Barnard 1985:27).

Waar die **gesinsessensies** ontbreek, kan dit tot gewelddadige optrede tussen gesinslede lei. Dit strek tot nadeel van die sosiale struktuur in die gesinsituasie (Dibble & Strauss 1990:167). Die aard van die opvoeding tuis word as een van die direkte oorsake van aggressiewe gedragsmanifestasies by die seun beskou. Die nadeel is dat die seun nie maklik sy aggressiewe gedragsmanifestasies sal ontgroei nie, maar dat die gedrag eerder in asosiale gedrag kan ontwikkel. Die gevolg kan wees dat die seun nie net ontoereikende relasies met diegene na aan hom stig nie, maar ook met diegene in die omgewing waarin hy hom bevind (Olweus 1980:645).

In die literatuur word **liefde, aanvaarding, respek, opregtheid, eerlikheid en vertroue** as gesinsessensies geïdentifiseer. Barnard (1985:27) verwys hierna as riglyne vir die ouer in sy relasie met die kind.

Volgens Booysen (1987:35), asook Griesel en Jacobs (1991:30), impliseer **liefde** dat die een die ander liefhet soos hy is, sonder dat die eienaardighede of eienskappe van die ander 'n struikelblok in die verhouding word. Vir Frankl (1975:36,37) is liefde die betrokkenheid by die self, die geestelike wese en die kern van die ander mense wat jy liefhet. Griesel en Jacobs (1991:30) stel dat die ouer wat sy kind liefhet, toegeneë tot sy kind is en bereid is om opofferinge vir hom te maak. Die kind beleef sy ouers se liefde as sekuriteit, warmte en geborgenheid. Vanuit die geborgenheid wat hy deur sy ouers se liefde beyleef, beweeg hy uit na andere en is hy in staat om goeie relasies met die res van sy gesinslede en andere te stig.

Goeie relasiestigting tussen ouer en kind word gekenmerk deur 'n opregte band van liefde, openhartigheid, toegeeflikheid, vriende-

likheid en 'n ontspanne atmosfeer. Die kind leer nie die liefde van self ken nie. Hy leer die liefde ken wat hy ervaar. Deur liefde word wederliefde wakkergemaak en daaruit spruit alle menseverhoudings (Barnard 1985:28,35).

Gebrek aan liefde in die gesinsituasie het 'n nadelige uitwerking op die relasies tussen gesinslede onderling (Barnard 1985:35). Ongelukkige huweliksrelasies tussen ouers lei tot onsekerheid by die adolessent en kan gevolglik frustrasie veroorsaak. Die adolessent reageer dan met aggressiewe gedragsmanifestasies omdat die versteurde huislike atmosfeer angs, onveiligheid en verwardheid by hom skep (Balswick & Macrides 1975:262; Pretorius 1979:141). Die ouer kan die kind as moeilik beskou. Problematiese gedragsmanifestasies word gekenmerk deur onreëlmatige biologiese funksies, intense buieuitbarstings en 'n moeilike of stadige aanpassing by nuwe omstandighede (Thomas & Chess 1991:1134). Dit is die gevolg van sy onvermoë om aanpassings te maak ten einde na die behoeftes van andere om te sien (Sullivan 1953:246).

Aanvaarding dui op die kind se behoeftes om as persoon aanvaar te word (Griesel & Jacobs 1991:36). Vir Coopersmith (1967:165) verwys dié begrip na die ouer se houding met betrekking tot liefde en goedkeuring vir wat die kind werklik is. Andere beoordeel die kind volgens sy voorkoms, vermoë, prestasies of ander kenmerke, maar die ouer behoort die kind onvoorwaardelik te aanvaar ten spyte van sy tekortkominge, selfs al het die kind mislukking ervaar of in die ouer se oë oortredinge begaan.

Volgens Barnard (1985:29) is aanvaarding noodsaaklik vir die opbou van die selfkonsep van die kind. Indien die ouer die kind laat voel dat hy nie aanvaar word nie, word die kind se selfvertroue afgebreek en vind hy dit moeilik om gesonde verhoudinge met ander te handhaaf. Vir Cilliers (1988:48) dui aanvaarding op geborgenheid wat verwys na die skep van 'n veilige ruimte vir die kind en in 'n

goeie waaghouding manifesteer. Waar warmte en goedkeuring deur die ouers ontbreek, ontstaan vyandigheidsgevoelens en kilheid teenoor die kind. Die kind voel verwerp (Coopersmith 1967:166). Die verwerpingsverhouding dui op die verwerping van die kind omdat die ouer die kind om die een of ander rede nie aanvaar nie. Die gevolg is dat die kind gedurig kritiek, afwysing en geïrriteerdheid van die ouer verduur en dit kan tot die manifestering van verskeie onaanvaarbare gedragsuitinge by die kind lei. Die kind kan gevoelsmatig onstabiel raak sodat hy vyandiggesind, gevoelloos en onverskillig teenoor sy ouers optree (Pretorius 1979:139).

Vyandigheidsgevoelens tussen ouer en kind, en veral tussen die ouer en die adolessent, kan lei tot gereelde woede-uitbarstings deur beide ouer en kind (Coopersmith 1967:166). Woede-uitbarstings van die ouer, indien reëls oortree word, kan daartoe lei dat die ouer nie die gewenste reaksie by die adolessent ten opsigte van gehoorsaamheid sal kry nie. Die adolessent kan die ouer se gedrag navolg en kan later nie meer aandag aan die ouer se woede-uitbarstings gee nie. Dit kan tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessent lei wat gesinsrelasies vertroebel (Damon 1988:55; Trivers 1971:49).

Respek word deur Barnard (1985:31), asook Griesel en Jacobs (1991: 35), beskou as respek vir die adolessent se menswaardigheid. Die ouer behoort die moeite te doen om die adolessent te laat besef dat hy hom as 'n mens in eie reg beskou, hy moet sy andersheid respekteer, hom kans gee om self oor dinge te dink en sy gedagtes uit te spreek, met oorgawe luister wanneer hy praat en sy privaatheid respekteer (Barnard 1985:32). Vir Emery (1992:277) gaan die respektering van die adolessent se privaatheid gepaard met die erkenning van sy persoonlike grens. Interpersoonlike grense is subtiel, kompleks en buigbaar en is nie ter sprake totdat sy gebied deur 'n ander indiwidu oortree word nie. Indien dit gebeur, ervaar hy ongemak en mag konflik tussen die ouer en die adolessent ontstaan.

Volgens Saunders (1992:62), asook Smetena, Yau, Restrepo en Braeges (1991:1001), word die meeste konflik tussen die ouer en adolessent veroorsaak deur die neerlegging van te veel reëls in die gesin. Die adolessent hou nie van te veel kontrole oor sy aktiwiteite nie en kan met woede-uitbarstings teenoor die ouer reageer. Ander faktore wat tot konflik tussen ouer en adolessent lei, is onregverdige kritiek of blaam, uiterste fisieke straf, verwerpingsgevoelens, finansiële probleme, alkohol, geweld en die vader se afdanking by sy werk. Dié faktore lei tot problematiese gesinsrelasies en kan gepaard gaan met aggressiewe gedragsmanifestasies, soos woede-reaksies (Saunders 1992:6,62) en verbale aggressie (Youniss & Smollar 1985:66).

Youniss en Smollar (1985:66) meld dat die relasie tussen ouer en adolessente seun ernstig geskaad kan word indien die ouers dubbele standaarde handhaaf en nie die standpunt van die adolessent respekteer nie. Dit wil voorkom asof daar 'n tekort aan konsiderasie en warmte tussen die ouer en kind is en kan lei tot konflik in die gesin wat weer op sy beurt tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessente seun kan lei (Biswas 1989:6).

Eerlikheid dui op die kommunikering van die kind se werklike gevoelens op so 'n wyse dat almal sal weet waar hulle met hom staan. Onegte kommunikasie het die gevolg dat niemand presies weet wat die andere werklik beleef nie (Jacobs & Vrey 1982:16).

Opregtheid van die ouer bied vir die adolessent 'n gevoel van sekerheid, vastigheid en veiligheid. Onopregtheid dui op 'n teenstrydigheid tussen belydenis en lewenswandel. Gesinsrelasies vertroebel omdat die vertrouensatmosfeer ondermyn word. Gesinskommunikasie word gekenmerk deur oppervlakkigheid met die gevolg dat die kind swak kommunikasievaardighede aanleer (Barnard 1985:33). Conger (1991:216) is van mening dat kommunikasie tussen ouer en kind in problematiese gesinne nie altyd na wense is nie. Hy verwys na de-

fensiewe kommunikasie waar 'n hoë vlak van woede en vyandigheid voorkom wat in aggressie kan manifesteer.

Sonnekus (1976:4) beskou **vertroue** as die atmosfeer tussen ouer en kind wat deur die kind aangevoel en gevolglik beleef word. Vertroue tussen ouer en kind bied vir die kind veiligheid wat sy waaghouding en selfvertroue bevorder (Griesel & Jacobs 1991:31). Volgens Gresse (1973:27) kan die gesin nie toereikend wees as daar nie 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind bestaan nie.

Dit blyk dat daar 'n verband bestaan tussen onstabiele gesinsrelasies wat veroorsaak word deur die ouers wat in konflik met mekaar is en die onvermoë van die ouers om 'n vertrouensverhouding met hulle kinders te hê (Trojanowicz 1978:75).

Saunders (1992:19,20,21) is van mening dat die verskillende persoonlikhede in die gesinsamestelling, die botsende behoeftes van die onderskeie ouderdomsgroepe en verskille oor die reëls ook bydra tot 'n verlies aan 'n vertrouensverhouding in die gesin. Met betrekking tot die botsende behoeftes van die onderskeie gesinslede meld Smetena et al. (1991:1001) dat meer konflik in gesinne voorkom waar die ouers hulle besluite probeer afdwing en die kinders nie in hul vertroue neem by besluitneming nie, veral in gevalle waar die ouers geskei is en moontlik die guns van die adolessent probeer wen. Die verlies aan 'n vertrouensverhouding mag lei tot aggressiewe gedragsmanifestasies tussen die adolessent en die ouer.

3.3.2.2 Ontoereikende ontwikkeling van moraliteit in die gesinsituasie

Die begrip **moraliteit** word as 'n evaluerende oriëntasie teenoor handelinge en gebeure gedefinieer wat die goeie van die kwade onderskei. Dit dui op bepaalde standaarde en die inagneming van andere. **Inagneming van andere** verwys na die aanvaarding van verant-

woordelikheid van eie gedrag en die besorgdheid oor die regte van andere, wat 'n sin vir geregtigheid insluit (Damon 1988:5).

Vir Bull (1969:7,8) word die kind se moraliteit deur die omgewing gevorm, maar hy meld dat elke indiwidu met 'n potensiële gewete gebore word. Vier fases van morele ontwikkeling is geïdentifiseer, naamlik anomie, heteronomie, sosionomie en outonomie. Gedurende die **anomiese fase** tree die indiwidu instinktief op. Die enigste aspekte wat die instinktiewe gedrag kan beïnvloed, is pyn en plesier (Bull 1969:27,29).

Tydens die **heteronomiese fase** word die kind beïnvloed deur reëls wat deur outoritêre figure (gewoonlik die ouers en onderwysers) bepaal word. Die kind word gewoonlik gestraf indien hy die vasgelegde reëls oortree. Gedurende die vroeëre heteronomiese fase is die straf gewoonlik fisiek van aard sodat die kind 'n vrees vir straf ontwikkel (Bull 1969:30). Kohlberg (1981:409,410) verwys na die heteronomiese fase as die prekonvensionele vlak omdat die kind se ongehoorsaamheid gestraf word en hy sodoende leer om sy handelinge te beoordeel in terme van die fisieke gevolge van sy aggressiewe gedragsmanifestasies. Vorige ervaringe of straf vir onaanvaarbare gedrag lei daartoe dat dié vrees gepaard gaan met pyn, isolasie en afkeuring, indien die kind weer dieselfde oortreding begaan (Ausubel 1965:417).

Bull (1969:31) stel dat moraliteit nie aangeleer kan word indien die oortreding opgevolg word deur fisieke straf nie. In dié verband meld Ausubel (1965:419) dat morele waardes nie werklik op dié wyse geïnternaliseer word nie. Morele ontwikkeling vind eerder plaas as die gesagsfigure die oortreding met die kind bespreek. Indien die relasie hartlik en toenemend van aard is, het die inhoud van heteronomie die gewenste invloed op die kind en leer hy om die behoeftes van andere te kan raaksien en met syne te integreer as gevolg van sy behoefte aan andere (Kohlberg 1981:409,410).

Indien die gesinsituasie gekenmerk word deur onstabiliteit, mag dit lei tot die rebellering teen die ouer se gesag wat manifesteer in vyandigheid jeens die ouer (Ausubel 1965:424).

Sosionomie neem alreeds in aanvang tydens die heteronomiese fase. Tydens dié fase word die morele waardes wat tydens die heteronomiese fase op die kind afgedwing is, geïnternaliseer. Straf of beloning beheer nie meer die kind se gedrag nie, maar eerder sosiale blaam en sosiale erkenning. Die opinie van die omgewing speel hier 'n belangrike rol. Sosiale goedkeuring en afkeuring hang veral af van die kind se vroeëre vrees vir straf, simpatie vir sy optrede, vrees vir sosiale isolasie en empatie teenoor sy medemens (Bull 1969:31,32).

Sekere emosies soos **empatie, skaamte en skuldgevoelens** lei tot die ontwikkeling van moraliteit. In ouer kinders en adolessente kan ontoereikende **empatie** lei tot asosiale gedrag omdat jeugdiges wat soms by misdaad betrokke raak, neig om 'n gebrek te openbaar om sy slagoffer se ongemak of nood aan te voel (Damon 1988:13,14,17). Vir Hoffman (1991:278,279) toon moraliteit 'n verband met empatie vir andere, wat ontwikkel uit 'n **globale en egosentriese empatie. Globale empatie** word beskryf as die baba se handelinge om sy moeder se aandag te trek as hy ongemak verduur.

Egosentriese empatie word gedefinieer as die baba se bewuswording van sy moeder wat hom byvoorbeeld troos as hy huil. Op die ouderdom van 2 tot 3 jaar begin die peuter en kleuter empatie vir andere se gevoelens ontwikkel, alhoewel dié empatie meer gebaseer is op die eie behoeftes en die interpretasie van sekere gebeure. Soos wat die kind se taal toenemend ontwikkel, kan hy sy empatie teenoor ander toon deur sy emosies wat manifesteer in byvoorbeeld gesigsuitdrukkinge en handelinge. Wanneer die kind sy later kinderjare bereik, raak hy bewus van andere se pyn en genot en kan hy goed onderskei tussen wat tot onmiddellike situasies soos pyn lei en situasies wat tot chroniese hartseer of pyn lei, byvoorbeeld empatie met 'n be-

paalde groep mense, onderdruktes, bejaardes, die verworpenes en gestremdes (Hoffman 1991:279).

Verskeie outeurs in Hoffman (1991:287) stel dat 'n indiwidu meer empatiese vooroordeel het vir slagoffers wat in min of meer dieselfde situasie as hy is en minder empatie toon met diegene wie se handelinge of situasies in kontras met syne is asook meer empatie toon in situasies wat pas afgeloop het of wat besig is om te gebeur.

Skaamte dui op 'n verleentheid wat die indiwidu ondervind wanneer hy faal om te reageer of handel in ooreenstemming met die gedragsstandaarde wat deur die outoritêre figure daargestel is. Skaamte is meer van toepassing op die indiwidu se eie evaluering van 'n betrokke situasie of handeling (Damon 1988:21,22,26).

Skuldgevoelens word beskou as 'n reaksie wanneer die indiwidu verantwoordelikheid aanvaar indien hy 'n ander persoon op die een of ander wyse benadeel het. Indien hy nie verantwoordelikheid vir sy daad aanvaar nie, kan hy nie skuldgevoelens ervaar nie (Damon 1988: 21,22,26). Volgens Trivers (1971:50) kan skuldgevoelens lei tot kompenserende gedrag omdat hy oortree het. Dit kan daartoe lei dat die vergeldende gedragsmanifestasie moontlik nie in die toekoms herhaal sal word nie.

Kohlberg (1981:410) bring die **sosionomiese fase** in verband met die **konvensionele vlak** van die ontwikkeling van moraliteit. Die konvensionele vlak word verdeel in die fase van wedersydse interpersoonlike verwagtinge, relasies en konformiteit, asook die fase van sosiale sisteme en die onderhouding van die gewete. Eersgenoemde verwys na die inagneming van andere se gevoelens, lojaliteit aan vriende en die motivering om sosiaal aanvaarbare gedragsreëls na te volg.

Die **sosiale fase** verwys na die fase waartydens die indiwidu sy pligte en verantwoordelikhede teenoor sy samelewing of portuur nakom. Hy is daartoe in staat om die regte besluite te neem indien sy gewete na wense deur sy selfrespek gevorm is en indien hy die normes, waardes en reëls van sy samelewing aanvaar (Kohlberg 1981: 410,411).

Die **outonomiese fase** is die hoogste vlak van morele ontwikkeling waartydens die indiwidu nie meer afhanklik is van vrees vir gesagsfigure of die openbare mening nie. Sy morele waardes is nou so deel van homself dat hy afhanklik is van sy innerlike beloning en selfblamering (Bull 1969:33,34). Kohlberg (1981:412) bring die outonomiese fase in verband met die **postkonvensionele vlak** van morele ontwikkeling.

Die **postkonvensionele vlak** bestaan ook uit twee fases: die fase van erkenning van regte en sosiale kontrakte, waartydens die basiese regte, waardes en wetlike aspekte van 'n bepaalde samelewing deur 'n indiwidu aanvaar word as sy eie en die fase van universele beginsels, waartydens die indiwidu hom laat lei deur algemene universele beginsels, soos byvoorbeeld gelykheid met betrekking tot menslike regte en respektering van andere as indiwidue in hulle eie reg (Kohlberg 1981:411,412).

Volgens Bull (1969:38) pas die outoritêre figure fisieke en sielkundige dissipline op die kind van 7 tot 17 jaar toe. Die ouer, veral die vader, gebruik fisieke aggressie om morele waardes by die kind tuis te bring. Verbale of fisieke aggressie neig daartoe om die kind ekstern te beheer en lei nie tot outonomie nie, maar steek vas by die heteronomiese fase.

3.3.2.3 Gesagstrukture in die gesin

Coleman en Strauss (1990:281,288,289) identifiseer vier soorte gesagstrukture wat in die huweliksrelasie voorkom te wete **eweredige**

gesag, verdeelde gesag, die dominante vader en die dominante moeder. By die **eweredige gesagstruktuur** neem die man en vrou gesamentlik besluite. **Verdeelde gesag** kom daarop neer dat die egpaar verantwoordelikhede en besluitneming verdeel. Die persoon wat 'n bepaalde verantwoordelikheid het, het die finale seggenskap met betrekking tot die bepaalde verantwoordelikheid. Die minste konflik kom voor waar die egpaar gesag deel, maar nie verdeel nie. Die egpare wat gesag deel, is meer geneig om konsensus te bereik oor die gepaste gesagstruktuur in die gesin met die gevolg dat relasies tussen gesinslede toereikend van aard is.

Waar die **man of vrou** in die gesinsituasie **domineer**, mag disharmoniese huweliksrelasies voorkom, wat gekenmerk word deur spanning, haat, wantroue, rusie en gewelddadige optrede tussen huweliksmaats (Pretorius 1979:141; Scott 1980:49). Coleman en Strauss (1990:291) het bevind dat die meeste konflik in gesinne voorkom waar die **vader op dominerende wyse optree**.

Evans (1982:134) verwys na die gesagsituasie waar die **vrou domineer** as die **dominante-moeder** en **onbekwame vadersindroom**. In dié gesin is die vader afwesig, gewoonlik as gevolg van werksomstandighede. Die huis word beskou as die moeder se area. Die moeder neem al die huislike pligte waar, terwyl die vader oneffektief in die gesinsituasie is. Ernstige gedragsafwykinge, soos die kinders se betrokkenheid by jeugmisdaad en aggressiewe gedragsmanifestasies, kan voortvloei uit so 'n gesinsituasie as gevolg van die kind se problematiese of ontoereikende relasies met ouers (Trojanowicz 1978: 75).

3.3.2.4 Toepassing van gesag in die gesinsituasie

Volgens Emery (1992:275,276) dui **gesag** op outoriteit en sosiale invloed. 'n Ouer het wetlike outoriteit in die gesin wat veroorsaak dat sekere reëls toegepas word. Dit is essensieel vir die gesin se sosiale funksionering en die ontwikkeling van die adolessent se mo-

raliteit, veral met betrekking tot sy houding teenoor outoritêre figure (Damon 1988:52). Baumrind (1975:140) tref 'n onderskeid tussen die **demokratiese** en **outoritêre ouer**. Dié tipe ouerlike benadering word vervolgens bespreek, sowel as die invloed daarvan op aggressie.

Die **demokratiese** ouer lei die kind op 'n rasionele wyse en hou ook waardes voor, maar bespreek die waardes en normes met die kind. Die kind word nie met reëls en regulasies oorweldig nie en die ouer neem sodoende ook die kind se gevoelens in ag. Die ouer gebruik beredenering as die middel om sy gesag te laat geld (Baumrind 1975: 140).

Die **outoritêre** ouer word deur Baumrind (1975:139) beskryf as iemand wat gedrag probeer vorm en evalueer en gestandaardiseerde waardes aan die adolessent voorhou waaraan hy moet voldoen. Hy vereis gehoorsaamheid van hom en dat hy nie die waardes mag bevraagteken nie. Ongehoorsaamheid word gevolglik swaar gestraf. Volgens Davidson en Smith (1982:931) is die kind meer geneig om die ouer se aggressiewe gedragsmanifestasie na te volg. Die begrippe demokraties en outokraties kan ook in verband gebring word met gesinstipes.

3.3.2.5 Gesinstipes

In dié literatuur word drie **gesinstipes** onderskei te wete die **demokratiese, permissiewe en outoritêre gesinne**. Die aard van die gesin kan 'n invloed op aggressiewe gedrag uitoefen en word vervolgens bespreek.

In die **demokratiese gesin** word gesag en vertroue in 'n gebalanseerde mate aangetref en die kind word geleidelik begelei tot selfstandige keuses. Die relasie tussen ouer en kind word gekenmerk deur 'n gevoelsmatige binding en samehorigheid. Die ouers beskerm hulle kinders, maar laat hulle terselfdertyd toe om die wyer sosiale werklikheid te ondersoek. Ongewenste samelewingsinvloede word

sover moontlik bespreek en vir die kind in perspektief gestel. Die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering word op die fondament van verworwe lewensbeskouings voltrek. Inskakeling by groepe in die samelewing berus op die kind se eie keuse, maar kom ooreen met die ouer se lewensbeskouings (Botha:1974:41).

Besluitneming in die demokratiese gesin geskied op unilaterale wyse. Die begrip **unilateraal** dui daarop dat die ouers en adolessent saam besluite neem oor reëls en gedrag in die huis. Vele konflikte tussen die ouer en adolessente kan op dié wyse opgelos word (Youniss & Smollar 1985:73).

Volgens Conger (1991:205,206) glo die demokratiese ouer dat die gedrag van die adolessent nie soseer gevrees moet word nie, maar eerder die veranderinge wat in die samelewing intree. Die adolessent behoort daarom selfdissipline, kreatiwiteit, 'n eie waardesisteem, onafhanklikheid, selfonderhouding en die vermoë om te kan onderskei tussen assertiwiteit en vyandigheid aan te leer.

Voldoende outonomie in ooreenstemming met sy ouderdom in die gesinsituasie, lei tot genoegsame onafhanklikheid, meer ekstraverte gedrag en sosiale aanpassing. Kinders in dié gesinsituasie mag by tye ongehoorsaam, opstandig en sonder respek (oneerbiedig) voorkom as gevolg van die ouer se gebrek aan die toepassing van ernstige strafmaatreëls. Aggressie, wat in opstandigheid manifesteer, is van korte duur en lei selde tot chroniese gevoelens van woede (Conger 1975:100).

In die **permissiewe of pseudo-demokratiese gesin** openbaar die ouers 'n laat-maar-gaan houding. Bandelose vryheid heers in die gesin en die kinders word nie aan ouerlike gesag onderwerp nie (Botha 1974: 39; Evans 1982:132). Besluitneming word aan die kinders oorgelaat (Evans 1982:132). In die uiterste permissiewe omgewing (gesin) word geen eise aan die kind gestel nie. Die kind het geen of min basis waarvolgens hy kan onderskei tussen persoonlike en sosiale erva-

ringe. Die kind kan nie op 'n akkurate en realistiese wyse die belangrikheid van reëls insien nie (Coopersmith 1967:188).

Botha (1974:40) meld dat die relasie tussen ouer en kind gekenmerk word deur weinig simpatieke gesagsleiding van die ouer se kant af, met die gevolg dat daar nie 'n vertrouensrelasie tussen die ouer en kind bestaan nie. Die kind word blootgestel aan sy eie drifte, drange en begeertes omdat sy gesinsituasie wangenormeerd is. Die gevaar bestaan dat so 'n kind by ongewenste groepe sal inskakel op grond van 'n begeerte na tydelike genotsbelewing en negatiewe portuurgroep-identifikasie.

Goode (1974:34) bring die permissiwiteit van die ouer(s) in verband met aggressie. Indien ouers meer tyd saam met hulle kinders spandeer en reëls tydsaam aan die kinders verduidelik, tree die kinders minder aggressief op. Die permissiewe houding van die moeder teenoor die aggressiewe kind is van deurslaggewende belang. Die kind se aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor sy ouers, portuur en res van die gesinslede mag toeneem, indien die moeder dit nie ernstig opneem nie of selfs ignoreer (Olweus 1980:645).

Die begrip **outoritêre gesin** dui daarop dat die ouers die reg het om te moniteer, rigting te gee, gedrag te beheer, reëls vas te stel en toe te sien dat die reëls nagevolg word (Youniss & Smollar 1985: 73). Volgens Conger (1991:205) tree ouers outoritêr op teenoor die kind omdat hulle vyandiggesind voel, nie gepla wil word nie en glo dat dit die enigste wyse is waarop respek vir outoriteit aangeleer kan word.

Botha (1974:37,38) tref 'n onderskeid tussen die **verdedigend-outoritêre gesin** en **aggressief-outoritêre gesin**. Met betrekking tot die **verdedigend-outoritêre gesin** poog die ouer om die kind te isoleer van samelewingsinvloede omdat die samelewingsnorme nie korrelleer met die norme tuis nie. In so 'n huislike atmosfeer word die kind oorbeskerm en kan die kind nie na behore uitgaan na die sosiale

werklikheid nie met die gevolg dat hy ook nie na behore met die sosiaal-maatskaplike norme georiënteer word nie. In die **aggressief-outoritêre gesin** tree die ouer(s) outoritêr teenoor die kind op met die oog daarop dat die kind die posisie in die samelewing moet bereik wat die ouer(s) nooit kon bereik nie. Die gevolge van dié houding van die ouer teenoor die kind is dat die kind nie gesag aanvaar wat as dwang beleef word nie. Die binding tussen ouer en kind word dus versteur. Konflik en spanning word dikwels in so 'n relasie aangetref. Die outokratiese ouer skep nie vir die adolessent geleenthede vir toenemende outonomiteit nie, met die gevolg dat daar nie 'n goeie kommunikasie tussen ouer en adolessent bestaan nie. Negatiewe identifikasie wat nie op respek gebaseer is nie, vind gevolglik plaas (Bothma 1988:11).

Omdat die ouer oorstreng is, word te hoë eise aan die kind gestel. Die oorstrenge ouer laat die kind nie toe om geleidelik onafhanklik te word nie, met die gevolg dat die kind frustrasie in die gesinsituasie ervaar. Die gefrustreerde kind kan aggressief teenoor sy ouers en teenoor die samelewing raak (Balswick & Macrides 1975:262, 263). Die kind twyfel of hy aanvaar word aangesien sy gedrag meestal afgekeur word (Pretorius 1979:135). Conger (1991:206) voel dat kinders uit outoritêre gesinne deur hulle ouers verwerp word.

3.3.2.6 Toepassing van dissiplinêre tegnieke in die gesin

Coopersmith (1967:190,192) tref 'n onderskeid tussen **positiewe** en **negatiewe beheer** of **kontrole-tegnieke. Positiewe tegnieke** sluit beloning, loftoeswaaiing en ondersteuning van die kind se sosiaal aanvaarbare gedrag in. Om dié gedrag by die kind vas te lê, word positiewe kontroletegnieke verlang. Straf, indien dit direk na die oortreding toegepas word, kan daartoe lei dat die gedragsmanifestasie waarvoor die kind gestraf is, afneem (Martin & Pear 1992:171, 168). **Negatiewe tegnieke** sluit fisieke straf, isolasie en onttrekking van liefde in en kan tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die kind lei.

Tedeschi (1984:12) tref 'n onderskeid tussen **drie soorte strafmaatreëls, naamlik onttrekking van voorregte, sosiale straf en fisieke straf**, terwyl Damon (1988:61) die **onttrekking van liefde** as strafmaatreël geïdentifiseer het.

Onttrekking van voorregte dui op die onttrekking van behoeftes wat die indiwidu bevredig en veiligheid en beskerming bied, byvoorbeeld die verbod om na 'n bepaalde gunsteling T.V.-program te kyk, of weiering dat die seun die familiemotor mag gebruik (Bandura & Walters 1959:225; Tedeschi 1984:12)).

Sosiale straf sluit in die toesegging van kru name, negatiewe identiteite, negatiewe evaluering van 'n indiwidu, uitsluiting van 'n indiwidu uit 'n groep en handelinge of seremonieë wat daarop uit is om die indiwidu te beledig, te na te kom, of af te kraak (Tedeschi 1984:13).

Volgens Wauchope en Strauss (1990:133) pas ongeveer 'n derde van ouers in die V.S.A. **fisieke straf** op tieners (15 tot 17 jaar) toe. Wauchope en Strauss (1990:137,138) noem minder gewelddadige optredes van die ouer (soos byvoorbeeld om die kind te gryp en dreiging om die kind met 'n objek te gooi) en die kind te klap of te slaan as voorbeelde van fisieke straf.

Strauss (1990:184,185) is van mening dat die volgende faktore daartoe lei dat die ouer die kind fisiek straf:

- Deur fisieke straf leer die kind om sy ouers te gehoorsaam. In dié verband meen Felson (1984:111) dat die oorsake van fisieke straf tweërlei van aard kan wees, te wete die oortreding van norme en die weiering om opdragte uit te voer. In die geval van die oortreding van norme, word die kind gestraf vir dit wat hy alreeds verkeerd gedoen het en in die geval van die weiering om opdragte uit te voer, word straf toegepas indien die kind nie 'n

opdrag uitvoer nie. Die kind leer dus die verskil tussen reg en verkeerd aan (Strauss 1990:184,185).

- Die ouer glo dat hy sy liefde betoon as hy sy kind tugtig. Dit veroorsaak dat die kind deur sy hele lewe leer dat diegene wat hom straf, hom eintlik lief het. Goode (1974:25,26) gaan van die standpunt uit dat die toepassing van fisieke straf 'n metode is wat daarop gemik is om die doelwitte van die ouer te bereik. Dit word veral toegepas in die gesin waar daar 'n gebrek aan ander dissiplinêre tegnieke soos respek en liefde is en waar die ouers verskil oor die toepassing van dissipline op die kinders. Volgens Stets en Strauss (1990:160) voel dié ouer bedreigd omdat sy doelwitte met betrekking tot die opvoeding van sy kind nie bereik word nie, en straf daarom die kind op fisieke wyse.

Wauchope en Strauss (1990:141) het bevind dat die **moeder eerder** geneig is om **fisieke straf** toe te pas omdat sy meer tyd saam met die seun spandeer as die vader. Uit navorsing is bewys dat 96% van voltydse huisvroue daartoe geneig is om fisieke straf op kinders toe te pas, selfs al glo hulle nie daaraan nie (Dibble & Strauss 1990: 172,173).

Youniss en Smollar (1985:64,65) het uit hul navorsing met 'n groep adolessente seuns afgelei dat 92% aan hulle moeders ongehoorsaam is, 69% nie hul kamers opruim as sy dit versoek nie, 62% terugpraat, 60% jok, 52% dink dat hul moeder hul te hard laat werk met betrekking tot tuiswerkies en 73% word kwaad indien sy weier dat hy mag uitgaan. Dit lei tot ontoereikende relasiestigting tussen moeder en seun wat tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die seun kan lei as gevolg van gevoelens van vyandigheid, verwerping en kilheid (Olweus 1980:645).

Laer intellektuele vermoëns, beroepsvlakke en laer sosiale klas, konserwatiewe politieke oortuiginge, asook 'n outoritêre houding deur die vader deurdat hy sy mag wil laat geld word deur Goode

(1974:32,33) as redes vir die toepassing van **fisieke straf** deur die **vader** geïdentifiseer. Ander outeurs identifiseer weer die volgende as redes vir die toepassing van fisieke straf:

- Strauss (1990:197) is van mening dat vaders wat die gesagsposisie in die gesin handhaaf meer geneig is om gewelddadig op te tree teenoor gesinslede.
- Die vader wil gehoorsaamheid van sy seun eis (Steinmetz 1974: 171,172; Youniss & Smollar 1985:64).
- As die seun nie aan die vader se verwagtinge voldoen nie (Youniss & Smollar 1985:64).
- Youniss en Smollar (1985:63) het uit hul navorsing met 'n groep adolessente seuns afgelei dat 31% van die seuns uit die groep skreeuery, kritisering of belediging deur die vader as 'n teken van onrespekvol teenoor hom beskou. Adolessente (11%) uit die groep het hul vaders as te outoritêr beskou en het te streng optrede van die ouer se kant af en onregverdige behandeling as outoritêr beskou.

Die **onttrekking van liefde** as 'n strafmaatreël kan verreikende gevolge op die kind hê. Die onttrekking van liefde as 'n dissiplinêre tegniek lei daartoe dat die kind nie selfstandige morele standaarde ontwikkel nie. Die kind konformeer eerder met die ouer se standaarde om die goedkeuring van die ouer te verkry (Damon 1988:61).

Coopersmith (1967:181) stel dat die **onttrekking van liefde** eintlik neerkom op ontereikende affeksie teenoor die kind en dat die kind homself dan ongunstig evalueer wat bydra tot 'n lae (ontoereikende) selfkonsep. Olweus (1980:645) is van mening dat sterk negatiewe affektiewe reaksies teenoor die kind tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die kind kan lei.

3.3.2.7 Die invloed van strafmaatreëls op aggressie

Die gevolge van die toepassing van straf op die adolessente seun kan sy relasies met gesinslede, met andere buite die gesin en sy eie persoonstruktuur soos volg beïnvloed:

Die seun ervaar ambivalente emosies teenoor sy vader, wat veral lei tot die belewing van ongeborgenheidsgevoelens wat selfs tot geweldadige optredes by die seun kan lei (Scott 1980:50). Omdat die vader meer krities, minder bekommerd, minder openhartig en meer vyandig teenoor die seun is, evalueer vader en seun mekaar negatief. Ontoereikende relasiestigting tussen vader en seun ontstaan (Morris, Horne, Jesell, Passmore, Walker & Sayger (1988:263). Die seun word so deur die vader se aggressiwiteit aangemoedig om ook aggressief op te tree (Goode 1974:33).

Waar die vader hom aan die toepassing van dissipline in die gesinsituasie onttrek het, ontstaan gevoelens van onsekerheid (Coopersmith 1967:196; East 1991:437). Die relasie tussen vader en seun ontbreek aan warmte, met die gevolg dat die seun gevoelens van ontevredenheid ervaar (East 1991:439). Die afwesigheid van die vaderfiguur kan verder daartoe lei dat die vader minder konstruktiewe probleemoplossings-gedragsmanifestasies modelleer en dat die aggressiewe adolessente seun gevolglik oor ontoereikende probleemoplossingsvaardighede beskik (Morris et al. 1988:262).

3.3.3 **Die aggressiewe adolessente seun se relasies met sy gesin**

Daar blyk 'n gebrek aan die gesinsessensies, aanvaarding, liefde, respek, opregtheid en eerlikheid, asook vertroue in die gesin voor te kom wat tot onbevredigende interpersoonlike relasies lei. Etlike redes hiervoor is die afdwinging van reëls in die huis deur fisieke aggressie wat daartoe lei dat die seun nie die waardes en normes van die ouer werklik aanleer nie, maar eerder aggressief teenoor andere optree omdat hy in opstand teenoor sy ouers kom en hulle as rolmodel gebruik.

In sommige gesinne probeer die vader deur gewelddadige optrede domineer en dit lei tot spanning, haat, wantroue en rusie. Soms moet die moeder al die huislike pligte waarneem omdat die vader afwesig is of 'n ondergeskikte rol in die gesinsituasie speel. Hierdie faktore kan daartoe lei dat aggressiewe gedragsmanifestasies kan manifesteer omdat die seun nie aan vaderlike dissipline onderwerp word nie, met die gevolg dat die vaderlike rolmodel ontbreek. Die seun kan dan betrokke raak by die negatiewe portuurgroep (kyk afdeling 3.5.2.2). Aggressiewe gedragsmanifestasies by adolessente seuns kom meestal voor in permissiewe of outokratiese gesinne. In die outokratiese gesin is die ouer oorstreng en vereis totale gehoorsaamheid, met die gevolg dat daar nie wedersydse respek en 'n vertrouensverhouding tussen ouer en adolessent bestaan nie. Konflik en spanning word dikwels in so 'n relasie aangetref. Aggressie kan manifesteer. Waar die ouers te permissief is, ontstaan gevoelens van onsekerheid by die adolessent en ontwikkel hy 'n teësin in dissiplinering. Hy word blootgestel aan die uitlewing van sy eie begeertes en kan gevolglik aggressief teenoor sy ouers en portuur optree as hulle van hom verskil. Die onsekerheid en verwardheid wat die adolessente seun beleef as gevolg van sy ontoereikende gesinsrelasies kan sy relasie met die self nadelig beïnvloed. Die relasie met die self word vervolgens bespreek.

3.4 **RELASIE MET DIE SELF**

In die eerste plek word die begrip **self** omskryf aan die hand van die struktuurkomponente **die ek, die self, identiteit en selfkonsep.** In die tweede plek word daar gelet op **faktore** wat tot **ontoereikende relasiestigting** met die self lei, te wete ontoereikende selfevaluering, ontoereikende identifisering, ontoereikende identiteitsvorming en ontoereikende selfkonsepvorming.

3.4.1 Omskrywing van die begrip self

Vir Jacobs (1981:150) dui die indiwidu se **relasie met die self** op die intrapsigiese struktuur wat bestaan uit die volgende struktuurkomponente, te wete **die ek, die self, identiteit en selfkonsep.** Volgens Gergen (1971:23) verwerk die indiwidu sy ervaringe deur beheer oor sy omgewing te bekom deur die wyse waarop hy probleme oplos en die wyse waarop ervaringe beleef word. Die indiwidu organiseer sy ervaringe deur na homself as "**Ek**" of "**My**" te verwys (Combs & Snygg 1959:126).

Mead (1962:178) stel dat die **ek** en **my** twee dele van 'n geheel is. Alhoewel hulle nie identies is nie, openbaar hulle hulle albei in die indiwidu se sosiale ervaringe. Vir Vrey (1977:7) is die **ek** geestelik van aard en die stukrag agter al die indiwidu se denke en handelinge. Calhoun en Acocella (1990:35,36,37) beskryf die **ek** as 'n proses en beskou dit as die setel van aanpassing omdat dit op die indiwidu se emosies en denke dui. Die **my** word deur Bugental (1978:132) beskryf as 'n begrip wat op die ervaringe van die indiwidu dui. Die **my** sluit die fisieke liggaam, gedragspatrone en gevoelens van die indiwidu in.

Vrey (1977:7) vat die **ek** soos volg saam: "Die **ek** is 'n geestelike dimensie van 'n indiwidu wat slegs kan bestaan in sy geïntegreerdheid met die ander dimensies van persoonwees. Daarom kan dit slegs geken word as afgeleide struktuur daar dit relasies vorm met die self en die wêreld en dit die stukrag agter al die mens se handelinge is".

Vir Combs en Snygg (1959:123) verwys die begrip "**self**" na die beskrywing of verwysing van 'n spesifieke indiwidu en sluit die liggaam, denke en gevoelens van die indiwidu in (Calhoun & Acocella 1990:13). Raath en Jacobs (1990:7) huldig 'n soortgelyke siening deur die self te beskou as die kern van elke mens se leefwêreld, soos hy dit waarneem en ervaar. Vrey (1984:14) beskryf die self as

die Gestalt van wat hy syne kan noem. Smith (1985:16) onderverdeel die **self** in vier perspektiewe wat in tabelvorm so daaruit sien:

TABEL 1: Die vier perspektiewe van die self.

Die self van my wat net ek ken	Die self wat andere van my ken
Die self wat ekself en andere van my ken	Die self wat vir niemand toeganklik is nie

Volgens Raath en Jacobs (1990:8) is die **self** veelfasettig. Dié begrip is belangrik vir die vorming van die selfkonsep en in die wordingsproses van die indiwidu omdat hy in verskillende rolle optree. Die seun kan byvoorbeeld terselfdertyd skolier, sportman, seun van sy ouers en lid van die portuurgroep wees. Die veelfasettigheid van die **self** word bewys aan die hand van die vele fasette waaruit die **self** bestaan te wete die fisieke, sosiale, ideale, persoonlike, gesin en die sedelike self.

Die **fisieke self** verwys na die liggaamlike en al die prosesse wat daarmee gepaard gaan (Calhoun & Acocella 1990:35). Dit kom neer op die sensasies wat die indiwidu as gevolg van sy liggaamlike funksies beleef. Dwarsdeur sy lewe brei sy liggaamsbeeld (liggaamlike self) uit namate die indiwidu kennis en ervaring opdoen (Allport 1961:41).

Die **sosiale self** dui volgens James (1901:293) op die aanvaarding wat die indiwidu van sy portuur ontvang. Gergen (1971:6,7) bou hierop voort en beweer dat die sosiale self na die denke en gedragsmanifestasies verwys wat die indiwidu van andere oorneem in reaksie op andere en die samelewing.

Die **ideale self** dui op dit wat die indiwidu graag wil wees (Calhoun & Acocella 1990:37; Raath & Jacobs 1990:28). Bull (1969:98,99) gaan van die standpunt uit dat die ideale self wat hy as die ideale ego beskou, deur liefde beheer word. Die ideale ego dien as 'n positiewe aansporing en is die beeld wat die indiwidu aan homself voorhou

soos wat hy graag wil wees. Die indiwidu kan sy ideale self meet deur die beantwoording van die volgende vrae:

Is dit hoe ek dink ek is?

Is dit hoe ek werklik lyk?

Is dit hoe ek graag wil wees?
(Behr, Cilliers & Meyer 1988:39).

Die **persoonlike self** dui vir Vrey en Venter (1983:3,5) op die self in sy psigiese relasies. 'n Indiwidu met 'n toereikende selfkonsep oordink die moontlike gevolge van sy aggressiewe handelinge. So is hy tevrede met sy prestasies en bars nie sommer in woede-buie uit, wat in aggressie kan manifesteer nie.

Die **gesinself** verwys na die self in gesinsrelasies. 'n Indiwidu met 'n positiewe selfkonsep se relasies met gesinslede dui op wedersydse aanvaarding. Hy is verseker van sy gesin se affektiewe gevoelens teenoor hom (Vrey & Venter 1983:3,6).

Die **sedelike self** verwys na die self in verhouding met sedelike norme (Vrey & Venter 1983:3). James (1901:296) beskou die sedelike self as die geestelike self. Vir Vrey en Venter (1983:7) dui 'n positiewe identifikasie met norme op die aanvaarding van morele en godsdienstige waardes wat eerlikheid, getrouheid en vertroue in andere insluit. Hy kan reg en verkeerd van mekaar onderskei met die gevolg dat hy vertroue in homself en die belangrikheid van die onderskeiding tussen reg en verkeerd besef.

Volgens Grobbelaar (1980:48) is die begrip **identiteit** van Latynse oorsprong naamlik "identitas" wat eendersheid of selfheid beteken. Eendersheid of selfheid dui vir Allport (1961:114,115) op die persoonlike voornaamwoorde, ek en my. Wanneer die indiwidu na homself as die ek of my verwys, kan hy 'n **valse en/of ware identiteit** openbaar. Valse identiteit word gebou op die beoordeling van die ado-

lessent se voorkoms, kleredraq, woonbuurt vanwaar hy afkomstiq is en sy ouers se sosio-ekonomiese status. Ware identiteit dui op die ware innerlike van die indiwidu wat soms verborqe maq wees (Saunders 1992:14,15).

Raath en Jacobs (1990:8) omskryf die begrip **identiteit** as die betekenis wat 'n indiwidu aan homself as mens heg en waarmee hy die vraag "wie is ek" beantwoord. Vir Vrey (1984:49) gaan die beantwoording van dié vraag gepaard met die indiwidu se selfevaluering. Volgens Terblanche (1981:67) word selfevaluering gedoen aan die hand van andere se opmerkings en houdings. Drie bronne kan onderskei word waaruit die indiwidu kennis van homself verkry en wat hy kan aanwend om sy aanvaarbaarheid vir die ander te peil, naamlik:

- Positiewe of negatiewe aanmerkings wat die adolessent geduriq van ander oor homself moet aanhoor.
- Andere se woordelose boodskappe by wyse van die menslike blik, qebare, liqqaamsbeweqinqs en houdinqs waaraan die indiwidu betekenis qee en wat hy interpreteer as afwysend en vyandiq.
- Positiewe of negatiewe idees wat die adolessent van homself het na aanleiding van wat hy dink hoe andere hom sien en evalueer.

Felker (1974:2) definieer die begrip **selfkonsep** as 'n unieke stel waarnemings, idees en houdings wat die indiwidu van homself het. Mol (1984:31,77) bring die indiwidu se houding met betrekking tot homself in verband met sy selfagting wat as die oorsprong van sy selfkonsep beskou word. Die adolessent se selfagting kan deur kritiek, veroordeling en verkleinering beïnvloed word. Dié faktore sal hom nie motiveer om sy qedraq te verbeter nie, maar eerder sy selfaqtinq verlaaq met die qevolq dat hy homself later as 'n nikswerd beskou.

3.4.2 Faktore wat tot ontoereikende relasiestigting met die self kan lei

Voortspruitend uit die struktuurkomponente manifesteer 'n **ontoereikende selfevaluering**, **ontoereikende identifisering** met gewenste rolmodelle, **ontoereikende identiteitsvorming** en **ontoereikende selfkonsepvorming** wat tot 'n **ontoereikende relasiestigting met die self** lei. Dié faktore word telkens in verband met die aggressiewe adolessente seun gebring.

3.4.2.1 Ontoereikende selfevaluering

Selfevaluering gaan hand aan hand met subjektiewe norme en standaarde. Dié norme en standaarde berus gewoonlik op die norme en standaarde van die bepaalde gemeenskap waaraan die indiwidu behoort. Dit is veral deur identifisering met volwasse modelle en die antisipering van die ander se oordeel dat die indiwidu betekenis gee aan die ouer se norme en standaarde (Terblanche 1981:69).

Volgens Bandura (1973:208), asook Cairns en Cairns (1991:264), verskil die selfevaluering van hoogs-aggressiewe en nie-aggressiewe adolessente. Die hoogs-aggressiewe adolessent blyk trots te wees op die vermoë om te veg en andere te beseer. Die aggressiewe adolessent se selfevaluering is meer geneig op selfverhoging (Schneider & Leitenberg 1989:142). Bandura (1973:210) stel dat die aggressiewe adolessent poog om sy aggressiewe gedragsmanifestasie te regverdig aan die hand van sekere beginsels. Vir Schloss (1983:108) gaan selfevalueringsvaardighede gepaard met selfmoniterings en selfblamering. Selfmonitering dui op die persoonlike bewuswording van eie handelinge. 'n Jeugdige wat nie sy eie gedrag kan moniteer nie, blyk onbewus daarvan te wees dat sy aggressiewe handelinge sosiaal onaanvaarbaar is. Selfblamering verwys na die vermoë om eie gedrag te straf of te versterk. Aggressiewe gedragsmanifestasies word versterk deur die beloning wat dit vir die manifesteerder inhou. Bandura (1973:207) verwys na die versterking van aggressiewe gedragsmanifestasies deur die beloning wat as selfversterking dien. Self-

versterking verwys na die indiwidu se evaluering van sy gedragsmanifestasie in ooreenstemming met hoe andere sy gedragsmanifestasie beoordeel. Dit is veral deur identifisering met volwasse modelle en die antisipering van die ander se oordeel dat die adolessent betekenis gee aan die opvoeder se norme en standaarde (Terblanche 1981:69).

3.4.2.2 Ontoereikende identifisering

Vir Kagan (1971:7,12) word die identiteit van die indiwidu via **identifisering** gevorm. Jacobs en Vrey (1982:20) definieer die begrip **identifisering** as 'n aktiwiteit waartydens die indiwidu daarna strewe om die verskil tussen sy selfkonsep en ideaalbeeld uit die weg te ruim.

Identifisering dui vir Kagan (1971:12-14) op die indiwidu se vertroue in sommige karaktereienskappe of kenmerke wat aan 'n bepaalde indiwidu of rolmodel toegedig word. Die rolmodel kan wissel van 'n gesinslid en vriend tot 'n fiktiewe karakter. Identifisering met 'n bepaalde rolmodel kan nie plaasvind indien daar nie 'n vertroue in die rolmodel is nie. Die vertroue gaan gepaard met die geloof dat die rolmodel en indiwidu min of meer oor dieselfde eienskappe beskik. Die rolmodelleringsfiguur en die identifiseerder moet sommige eienskappe deel. Die identifiseerder herken sekere ooreenkomstige eienskappe of gedragsmanifestasies van homself in die model. Identifisering met 'n bepaalde model word versterk deurdat die identifiseerder die gevolge van 'n bepaalde gedragsmanifestasie visueel aanskou en glo dat hy die rolmodel se emosies deel. Die volgende stap is dat die identifiseerder die bepaalde gedragsmanifestasie navolg met die vertroue dat die bepaalde gedragsmanifestasie dieselfde gewenste resultate vir hom sal hê. Indien die indiwidu nie bevredigende relasies met betroubare en betekenisvolle rolmodelle het nie (Erikson 1975:413) en die verskille tussen sy selfkonsep en ideaalbeeld te groot is, kan die adolessent 'n **identiteitskrisis** ervaar. Vir Saunders (1992:14) dui die begrip identiteitskrisis op

die ervaringe van die indiwidu waar hy oor homself twyfel. Die identiteitskrisis lei tot vertwyfeling, opstandigheid en verwardheid wat tot aggressiewe handelinge kan lei.

Identiteit word gevorm deur die indiwidualisering en samestelling van begrippe wat met behulp van identifisering gevorm word. Hierdie indiwidualisering help die indiwidu om te ontwikkel tot 'n persoon met 'n **eie identiteit** wat deur identiteitsvorming plaasvind (Raath & Jacobs 1990:9).

3.4.2.3 Ontoereikende identiteitsvorming

Die vorming van 'n **eie identiteit** is 'n lewenstaak wat van die wieg tot die graf geskied, hoofsaaklik onbewustelik vir die betrokke indiwidu en vir die gemeenskap. Dit gaan gepaard met die groei en ontwikkeling van die kind waar hy al hoe meer in staat is om toenemend onafhanklik op te tree. Tydens dié wording en selfstandigwording neem sy selfkonsepte toe en wysig mettertyd. Die **selfidentiteit** ontwikkel en verkry 'n groot mate van bestendigheid tydens adolessensie. Die belangrike is dat 'n **eie identiteit** met opvoedingshulp vorm aanneem en so deur ander aanvaar word (Vrey 1984: 49).

Die indiwidu belewe verskillende situasies op sy eie besondere manier en vorm relasies met belangrike persone in sy lewe. Hy gee betekenis aan hierdie relasies en vorm sodoende 'n eie identiteit. Die vorming van 'n **eie identiteit** is die produk van die indiwidu se betekenisgewing aan die self (Raath & Jacobs 1990:11).

Die indiwidu se identiteitsvorming is aanvanklik grootliks op sy eie waarnemings van homself gebaseer (Fitts, Adams, Radford, Richards, Thomas, Thomas & Thompson 1971:29). Namate hy ouer word, speel interaksie met die belangrike persone in sy lewe 'n al groter rol en is dit die manifestasies van hierdie persone wat vir hom 'n aanduiding gee van hoe hy moet optree om aanvaar te word, of wat

dit is wat veroorsaak dat hy verwerp word (Raath & Jacobs 1990:11). Volgens Horrocks en Jackson (1972:60) manifesteer 'n **anti-identiteit** wanneer die indiwidu se gedrag nie ooreenstem met sy hipotetiese identiteit nie. **Hipotetiese identiteite** word gevorm na aanleiding van die indiwidu se rolgedrag. Wanneer hierdie hipotetiese identiteite deur die rolgedrag bevestig word, lei dit tot beter selfbegrip en selfaanvaarding. Indien die adolessent verwerping belewe vanweë sy identiteite, veroorsaak dit 'n persoonlike konflik wat tot identiteitsdiffusie lei (Jacobs & Vrey 1982:34).

So stel Jacobs en Vrey (1982:35) dat die persoonlike konflikte wat die **diffuse adolessent** ervaar, tot onsekerheid lei en 'n nadelige uitwerking het op sy relasies en taakverrigting.

Omdat die **identiteitsdiffuse adolessent** probleme ondervind om 'n volwasse identiteit te vestig, tree hy emosioneel onvolwasse op (Baumeister 1991:519). Sy emosionele onvolwassenheid mag daartoe lei dat hy met sterk portuurleiers identifiseer wat tot eksperimentering met afwykende gedrag, waaronder aggressiewe gedragsmanifestasies en jeugmisdaad, lei. Cambell, Adams en Dobson (1984:511) meld dat die identiteitsdiffuse adolessent sterk onder die invloed van die negatiewe portuurgroep kan kom.

Volgens Erikson (1968:173,174,167,135,136) kan 'n **negatiewe identiteit** die gevolg wees van die identifisering met ongewenste en gevaarlike rolmodelle wat vir die indiwidu gewens voorkom. Dit kan tot 'n vyandigheid jeens die rolmodelle in die gesinsituasie en samelewingsnorme lei. Die indiwidu kan 'n onvermoë openbaar om ware en wedersydse vriendskappe met positiewe portuurgroeplede te sluit en sal indien nodig, diegene vernietig wat hom bedreig.

3.4.2.4 Ontoereikende selfkonsepvorming

In sy interaksie met die gesinslede leer die adolessent om te differensieer tussen aanvaarding of verwerping, bekwaamheid of onbe-

kwaamheid en gevoelens van waardeloosheid. Deur dié emosies definieer die indiwidu homself. Hoe positiewer sy selfdefinisies, hoe sterker is sy bekwaamheidsgevoelens. Hoe negatiewer sy selfdefiniëring, hoe meer gefrustreerd en ongelukkig word die indiwidu (Coopersmith 1967:188,189).

Combs en Snygg (1959:136,141) stel dat die indiwidu se bekwaamheids- of onbekwaamheidsgevoelens ontwikkel uit die aard van sy gesinsrelasies en sy ervaringe.

Combs en Snygg (1959:237,265,269) onderskei tussen die **bekwame en onbekwame persoonlikheid.** Die begrip **bekwame persoonlikheid** word gedefinieer as 'n indiwidu wie se behoeftes in 'n hoë mate bevredig word. **Onbekwame persone** beskou hulleself as ontoereikend en glo dat hulle nie sukses kan behaal nie. Hulle behoeftes word nie bevredig nie. Dié gevoelens van onbekwaamheid kan die resultaat wees van bepaalde ervaringe gedurende sy kinder- en adolessente-jare. Die verwerpingsgevoelens wat hy ervaar, lei daartoe dat hy bedreigd voel en dat hy homself verdedig. Sy selfverdedigende houding of gedrag word versterk indien hy verdere verwerpingsgevoelens deur die portuur ervaar wat daartoe mag lei dat hy aggressief teenoor hulle kan optree in 'n poging om te oorleef (Allport 1961:285,286).

Volgens Allport (1961:119) lei gevoelens van onbekwaamheid tot 'n **negatiewe eiewaarde.** So lei die ouer se negatiewe houding daartoe dat die adolessent byvoorbeeld 'n negatiewe eiewaarde ontwikkel.

Coopersmith (1967:188,189) bring 'n hoër of **positiewe eiewaarde** in verband met ferme en duidelike eise wat die ouer aan die kind stel. Die eiewaarde van die indiwidu is die gevolg van sy selfdefiniëring omdat selfdefiniëring op sy beurt weer die resultaat van die toepassing van reëls is. Deur dié reëls word die indiwidu daartoe genoop om kragte buite homself en die behoeftes van andere te herken en erken. Gevolglik kan hy onderskei tussen eksterne en interne ervaringe en raak hy bewus van die verskil tussen begeertes en reali-

teit. Indien die reëls wat die ouer op die kind afdwing te streng of rigied is, bemoeilik dit die onderskeidingsvermoë van die indiwidu tussen sy eie begeertes en die werklikheid. Hy kan dus nie tussen eksterne en interne ervaringe onderskei nie.

Die indiwidu se eiewaarde ontwikkel mettertyd tot sy **selfkonsep** wat aanleiding gee tot 'n gedragsiklus wat geneig is om te bevestig dat die indiwidu hom voorstel vir wat hy eintlik is. Dit word ook beïnvloed deur sy interpretasie van wat andere van hom sê en hoe andere oor hom voel (Griesel & Jacobs 1991:19).

Volgens Raath en Jacobs (1990:25,26) beweeg die **selfkonsep** tussen twee pole, naamlik **negatief en positief**. Daar word onderskei tussen 'n **realistiese en onrealistiese selfkonsep**. 'n **Realisties-positiewe selfkonsep** beteken dat die indiwidu sy negatiewe eienskappe aanvaar en verwerk. Calhoun en Acocella (1990:66) se siening met betrekking tot die positiewe selfkonsep stem ooreen met die van Raath en Jacobs. Cilliers (1988:19) verkies om die term goeie selfkonsep te gebruik. 'n Goeie selfkonsep dui op die fokussering op die self en andere.

'n **Realisties-negatiewe selfkonsep** verwys na die gevolge van bepaalde omstandighede onder meer 'n terugslag (Raath & Jacobs 1990: 26). Die gevolg is dat die indiwidu min selfvertroue, 'n kritiese houding en 'n lae selfagting openbaar, met die ervaring van minderwaardigheidsgevoelens (Cilliers 1988:19).

Vir Raath en Jacobs (1990:27,28) dui 'n **onrealisties-negatiewe selfkonsep** op 'n onrealistiese selfkonsep en kan die gevolg wees van die terugslag wat nie op die lange duur verwerk is nie. Die seun glo nog steeds dat hy 'n mislukking is.

Volgens Calhoun en Acocella (1990:65) dui die **negatiewe selfkonsep** van die indiwidu daarop dat hy homself as ongeorganiseerd beskou. Stabiliteit ontbreek sodat hy homself nie werklik ken nie en ge-

volglik nie kennis dra van sy sterk en/of swak punte en waardes nie. In sommige gevalle kan die negatiewe selfkonsep ook dui op 'n te rigiede en te georganiseerde optrede wat die resultaat is van 'n te streng opvoeding (Calhoun & Acocella 1990:66) en kan manifesteer in aggressie (Coopersmith 1967:191).

Coopersmith (1967:137,138) se navorsing het daarop gedui dat aggressie as gevolg van 'n negatiewe selfkonsep alreeds tydens die vroeëre kinderjare kan manifesteer en wel in die vorm van vernietigende gedrag teenoor speelgoed, meubels, klerasie en ongespesifiseerde items. Klein kinders met 'n lae eiewaarde blyk meer vernietigend van aard te wees. Dit dui daarop dat die kind met 'n lae eiewaarde meer geneig is om voorwerpe te verniel. Die kind haal sy aggressie op die voorwerp uit. Dit word beskou as 'n reaksie deur 'n indiwidu wat sy swakhede erken, maar nie oor die vermoë beskik om die werklike bron van sy vyandige gevoelens te konfronteer nie. Nie alle aggressiewe kinders tree vernielsugtig teenoor voorwerpe op nie. Sommige aggressiewe kinders kan nie 'n verband tussen 'n lae eiewaarde en aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor ander indiwidue toon nie. So stel Perry, Perry en Kennedy (1992: 310) dat die aggressiewe adolessent oor 'n positiewe selfkonsep beskik indien sy aggressiewe gedragsmanifestasies effektief is. Hy verwag min teenstand van sy slagoffers en daarom is daar min konflik by die aggressiewe gedragsmanifestasie betrokke.

'n **Onrealisties-positiewe selfkonsep** wys op die tekens van 'n negatiewe selfkonsep, maar wek die skyn van 'n positiewe selfkonsep (Raath & Jacobs 1990:28). Volgens Cilliers (1988:19) kan die indiwidu wat aan minderwaardigheidsgevoelens ly, probeer kompenseer deur meerderwaardig op te tree om sodoende andere te beïndruk. So bring Allport (1961:131,133) vertwyfeling en verwardheid in verband met aggressiewe gedragsmanifestasies. Die aggressiewe adolessente seun verdoesel sy minderwaardigheidsgevoelens deur sy aggressiewe gedragsmanifestasies. Verdoeseling van die indiwidu se ware gevoe-

lens van swakheid agter 'n bravade word as 'n verdedigingsmeganisme beskou.

3.4.3 Die aggressiewe adolessente seun se relasie met homself

Meeste outeurs is van mening dat dié aggressiewe adolessente seun oor 'n ontoereikende selfkonsep beskik wat die gevolg is van die volgende faktore:

- **Negatiewe selfevalueringsvaardighede** deurdat die aggressiewe gedragsmanifestasie gemik is op selfverhoging en nie daarvan bewus daarvan is dat sy aggressiewe handelinge sosiaal-onaanvaarbaar is nie (kyk afdeling 3.4.2).

- **Ontoereikende identifisering met rolmodelle** wat tot 'n identiteitskrisis by die adolessente seun kan lei. Die vertwyfelinge, opstandigheid en verwardheid wat die adolessente seun beleef, kan tot aggressiewe handelinge by hom lei.

- **Ontoereikende identiteitsvorming** wat kan lei tot identiteitsdiffusie en 'n negatiewe identiteit. Beide neig om met die negatiewer portuurgroep te identifiseer as gevolg van sy onsekerheid en vyandigheid jeens rolmodelle in die gesinsituasie (kyk afdeling 3.5.2.2). Aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor diegene w a t hom bedreig, manifesteer (kyk afdeling 3.4.2.2).

- **Ontoereikende gesinsrelasies** wat tot die ontwikkeling van onbekwaamheidsgevoelens by die adolessente seun lei. Hy ervaar verwerpingsgevoelens wat hom bedreigd laat voel. 'n Negatiewe eiewaarde manifesteer in 'n onrealistiese selfkonsep. Meeste outeurs is van mening dat die aggressiewe adolessente seun oor 'n onrealisties negatiewe en/of positiewe selfkonsep beskik. Hy kan die skyn van 'n positiewe selfkonsep openbaar maar verbloem sy vertwyfeling agter die masker van 'n aggressiewe bravade. Soos afgelei, neig die aggressiewe adolessente seun om met 'n negatiewe portuurgroep te identifiseer. Portuurrelasies word vervolgens bespreek (kyk afdeling 3.4.2.4).

3.5 RELASIE MET PORTUUR

Eerstens word die begrip **portuur** bespreek. Tweedens word **faktore** wat tot **ontoereikende relasiestigting met die portuur** lei, bespreek te wete, verwerping deur die portuurgroep en betrokkenheid by negatiewe portuurrelasies.

3.5.1 Die begrip "portuur"

Die HAT (1976:658) verwys na die begrip **portuur** as gelykes. Vir Vrey (1984:25) dui die portuur op maats. 'n Groep maats of portuurlede vorm groepe of groeperinge. Die begrip **groeperinge** dui op die persepsie van die indiwidu om aan 'n groep te behoort (Aboud 1992: 366).

Volgens Rogers (1985:263) word groepe gevorm na aanleiding van die ouderdom van lede van die groep. Die eerste groepie waaraan die indiwidu moontlik kan behoort, is die speelgroepie op die tweejarige ouderdom. Dié portuurgroep word deur fisiese verbintenisse gebind. Hulle deel fisieke aktiwiteite, maar emosionele bande tussen groepslede ontbreek (Selman 1980:143).

Op die ouderdom van 8 tot 10 jaar vorm die kinders bendes wat vir selfs 'n dekade kan aanhou. Die bende is gewoonlik homogeen omdat dit fokus op aktiwiteite wat veral met die geslag van die bepaalde groep in verband gebring kan word (Rogers 1985:263). Die deelname aan fisieke aktiwiteite lei tot die ontwikkeling van groepskohesie. Die begrip **groepskohesie** word gedefinieer as die positiewe gevoelens wat tussen groepslede bestaan as gevolg van die gemeenskaplike aktiwiteite (Selman 1980:143).

Op ongeveer 11 tot 12 jaar, met die aanvang van die adolessensiefase neem die invloed van die bende af en word klieke (klein groepies) gevorm. Die verhoudings tussen die lede is een van intieme kameraadskap waarin idees en ervaringe gedeel word. Groeplede is gewoonlik van dieselfde geslag en ouderdom en deel dieselfde be-

langstellings en voorkeure (Thom 1985:376). Die klieke word mettertyd groter (Rogers 1985:263). Die redes vir die uitbreiding van die klieke is dat die adolessent reeds vanaf sy middelkinderjare (pubertytdperk) 'n behoefte daaraan het om met 'n groep te identifiseer (Engelbrecht et al. 1982:90). Thom (1985:376) verwys na die uitbreiding van die klieke as los groepe wat bestaan uit ongeveer 20 tot 30 lede.

Calhoun en Acocella (1990:291), Kagan (1971:140) en Van der Linden (1991:98) gaan van die standpunt uit dat die adolessent aanvaarding deur die portuurgroep verlang. Dié aanvaarding lei daartoe dat hy die standaarde van die portuurgroep aanvaar en homself daarvolgens evalueer. Die groter portuurgroep bied ook vir die adolessent die raamwerk vir die vorming van heteroseksuele relasies (Thom 1985: 376).

Calhoun en Acocella (1990:291) is van mening dat die portuurgroep tydens adolessensie 'n belangriker rol as die gesin speel. Die adolessent word gevolglik maklik deur die portuurgroep beïnvloed. Daar word oor die algemeen van die standpunt uitgegaan dat die ouers as brug tussen die samelewing, in dié geval die portuurgroep, en die kinders dien. Deur die pogings van die ouers word die kinders gesosialiseer en hulle persoonlikhede word gevorm deur sosiaal aanvaarbare karaktereienskappe (Youniss 1980:1). Daar kan afgelei word dat die waardes van die ouerhuis en dié van die portuurgroep ooreen sal stem (Foster-Clark & Blyth 1991:768).

Adolessente-portuurgroepe kan **formeel of informeel** van aard wees. **Formele groepe** het 'n redelike permanente struktuur, soos 'n klub, terwyl **informele groepe** bestaan uit klieke, groter groepies en vriendskappe. Alhoewel die laat-kinderjarebendegroep al ontbind het, kan adolessenteportuurgroepe bendes vorm (Rogers 1985:264). Klieke bestaan uit ongeveer drie lede wat min of meer dieselfde belangstellings deel en in sommige gevalle 'n sterk affektiewe gevoel vir mekaar het (Rogers 1985:267; Selman 1980:144). Sterk af-

fektiewe bande lei tot spanwerk sodat hegte vriendskappe gesluit word (Selman 1980:144) en dat die eise wat die samelewing aan die adolessent stel, soms in groepsverband oorkom word (Rogers 1985: 267).

Die groter groep is nie so persoonlik soos die kliek nie daarom kan etlike klieke in 'n groep bestaan. Klieke kan op dié stadium as subgroepe beskou word en het hulle eie outonomie binne die groot groep. Die groep bestaan uit lede van beide geslagte en is sosiaal onskadelik van aard. Hulle is gevolglik selde in die moeilikheid (Rogers 1985:268). Relasies in die subgroepe word gekenmerk deur konformering en 'n groepstoebehorenheid.

Een van die belangrikste invloedsfere van die portuur is dat die adolessent met die portuur **konformeer** (Foster-Clark & Blyth 1991: 768; Vrey 1984:26). Volgens Thom (1985:379) het **interaksie en konformering** met die portuurgroep die volgende positiewe invloede:

- "Binne die portuurgroep kry die adolessent die geleentheid om nuwe rolle aan te leer en daarmee te eksperimenteer, wat bydra tot effektiewer sosiale funksionering.
- Identifikasie met die groep bevorder emansipasie van die ouerhuis.
- In die groep kan die adolessent vrylik praat oor sy vrese, verwarde gevoelens, ideale en drome. Sodoende kry hy geleentheid om ontslae te raak van emosionele spanning.
- Die groep bied aan die adolessent wat probleme in sy verhouding met die ouers ervaar 'n warm vriendskaplike kameraadskap wat aan hom 'n gevoel van veiligheid, aanvaarding en begrip gee.
- Die groep voorsien die adolessent van gedragsnorme vir hierdie oorgangstadium. Hy ontwikkel dus 'n groepsidentiteit.
- Groeplidmaatskap bied die adolessent die geleentheid om sy identiteit verder uit te bou.

- Die groep dra by tot die adolessent se formulering van sy identiteit. Die lede van die groep help die adolessent om die konflikte in homself en met ander op te los. Verder leer hy binne die groep om bekwaamheid te respekteer, terwyl die groep 'n bron van terugvoering is oor sy persoonlikheidskenmerke, voorkoms en gedrag."

Die adolessenteportuurgroep se waardes en belange is soms in kontras met die van volwassenes, soos byvoorbeeld jong meisies wat eina-mini's dra, of seuns wat hulle hare in 'n baie modieuse styl laat sny. Die voorkoms van adolessente bring hulle in konflik met gesagsfigure soos ouers en onderwysers (Havighurst 1980:337,338). Dié konflik lei gewoonlik slegs tot verbale aggressiewe gedragsmanifestasies wat deur die gesagsfigure as rebellering teen hulle gesag beskou word. Rebellering teen die ouer of ander gesagsfigure is nie ongewone gedrag nie (Theron 1990:423). So stel Wicks-Nelson en Israel (1984:272) dat 60% tot 80% van normale adolessente hulle ouers se versoeke of opdragte opponeer.

3.5.2 Faktore wat tot ontoereikende relasiestigting met die portuur kan lei

Volgens Foster-Clark en Blyth (1991:767) verkry die adolessent 'n sin vir groeptoebehorenheid deur middel van portuurrelasies. Dié groeptoebehorenheid word gekenmerk deur samewerking en vertroue (Vrey 1984:26). Die portuurgroep bied hom die geleentheid om die dinge waaroor hy nadink vrylik met die portuurgroep te bespreek. Die adolessent wat met soveel onsekerheid besig is om die volwasse wêreld te verken, vind binne die portuurgroep die sekerheid en aanvaarding waarna hy hunker. Sy behoefte na sosiale aanvaarding word bevredig (Engelbrecht et al. 1982:90).

Portuurgroepaanvaarding word deur Dekovic (1992:7) gedefinieer as die aanvaarding van die portuurlid deur 'n relatiewe groot groepie portuurgroeplede. Indien die adolessent deur die portuurgroep aan-

vaar word, lei dit tot die sluiting van hegte vriendskappe met sekere portuurgroeplede.

Die aanvaarding deur die portuurgroep maak dit vir die adolessent moontlik om die volwasse wêreld te eksploreer. Dit help hom om ervaring op te doen en om self in die samelewing opgeneem te word. Die aard van die portuurgroep kan 'n baie groot invloed uitoefen op die gesonde of ongesonde leefwêreld van die adolessent (Engelbrecht et al. 1982:90).

3.5.2.1 Verwerping deur die portuurgroep

Die belangrikste faktore wat tot ontoereikende relasiestigting met die portuur lei, is verwerping en betrokkenheid by negatiewe portuurgroepe. Nie alle adolessente word deur die portuurgroep aanvaar nie. Parkhurst en Asher (1992:239) bring die wyse waarop die adolessent met sy portuur kommunikeer in verband met **verwerping**. Volgens Youniss (1980:108) openbaar die verworpe adolessent 'n onvermoë tot mededeelsaamheid. Dié onvermoë kan lei tot verbale en fisieke aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor portuurlede wat hom verwerp. Hierdie aggressiewe gedragsmanifestasies kan ook in sy latere lewe manifesteer (Kupersmidt & Patterson 1991:444).

Die adolessent wat deur die portuurgroep verwerp word, verkry nie die nodige sosiale ondersteuning van die groep nie (Juvonen 1991: 679). Een van die redes wat Parkhurst en Asher (1992:233,238) aangee, wat lei tot min ondersteuning van die portuurgroep, is die onvermoë om tergery deur die portuur te hanteer. Die aggressief-verworpe adolessent interpreteer tergery as kritiek teenoor homself. Die portuurgroep is geneig om diegene te verwerp wat beide aggressief en hiperaktief is omdat hulle hom as gedragsafwykend beskou en omdat hy gebruik maak van oneffektiewe aggressie (Juvonen 1991: 679). Die oneffektiewe aggressiewe adolessent tree aggressief op as gevolg van emosionele konflikte wat hy ervaar. Dodge (1991b:201) verwys na die oneffektiewe gedragsmanifestasies as reaktiewe ag-

gressie omdat hy deur die portuurgroep verwerp word, as gevolg van sy aggressiewe gedragsmanifestasies, soos byvoorbeeld om portuurlede te terg, te dreig, te domineer en gevegte te begin. Die kanse is goed dat hy die geveg sal verloor omdat sy frustrasie en gevoelens van desperaatheid moontlik oordryf is (Perry et al. 1992: 310). Die oneffektiewe aggressor word die prooi van portuuraanvalle (Perry et al. 1992:311) en uitsluiting uit die groep (Youniss 1980: 108).

Die **gevolge van portuurgroepverwerping** is dat die verworpe portuurlid beperkte geleenthede tot positiewe portuurrelasies het wat daartoe kan lei dat die indiwidu in die latere lewe aanpassingsprobleme kan ondervind (Dekovic 1992:6; Kupersmidt & Coie 1990:1358). Volgens Dekovic (1992:7) kan die verworpe portuurlid **betrokke raak by negatiewe portuurrelasies.**

3.5.2.2 Betrokkenheid by negatiewe portuurgroepe

Die verworpe portuurlid neig om met ander verworpe portuurlede saam te groepeer en kan betrokke raak by afwykende gedrag omdat hy eerder deur die ander verworpe kinders aanvaar word (Dekovic 1992:7).

Rogers (1985:268) verwys na die negatiewe portuurgroepe as bendes. **Bendes** sluit kenmerke van die formele en informele groepe in. Dit is formeel van aard as gevolg van die sosiale struktuur omdat bende-aktiwiteite intens is en sekere reëls geld. In sommige gevalle kan die bende slegs uit een geslag bestaan, waarna verwys kan word as 'n aksiegroep, met 'n bepaalde roetine en fisieke sterkte.

Volgens Havighurst (1980:350) raak die negatiewe portuurgroepe betrokke by straatgevegte, vandalisme, diefstal en selfs drankmisbruik. Die siening kom met dié van Dishion et al. (1991:176) ooreen wat die negatiewe portuurgroep as die asosiale portuurgroep beskou. Die seuns is by vele gevegte betrokke en raak maklik in die moeilikheid. Asosiale gedrag kan tot jeugmisdaad en kriminele oortre-

dinge lei. Bendes of die negatiewe portuurgroepe het gewoonlik 'n leier (Foster-Clark & Blyth 1991:767; Parkhurst & Asher 1992:239).

'n **Bendeleier** is bekend vir sy fisieke krag, vreesloosheid, aggressiewe gedragsmanifestasies (gevegte) en vernuftigheid. Hy beskik oor die mag in die groep. Geen besluite word sonder hom geneem nie (Rogers 1985:269).

Rogers (1985:39) bring die indiwidu se mate om beheer oor andere te bekom in verband met aggressiewe gedragsmanifestasies. Die indiwidu poog om beheer oor die sosiale omgewing te bekom juis omdat hy te veel bevele van sy ouers moes ontvang. Die enigste wyse waarop dié indiwidu glo dat hy sosiaal aanvaar sal word, is deur beheer oor sy portuurgroep. Dodge (1991:201) stel dat dié aggressiewe adolessente seun gebruik maak van pro-aktiewe aggressie omdat hy deur sy aggressiewe gedragsmanifestasies sy doelwitte wil bereik.

Juvonen (1991:679) het uit haar navorsing bevind dat adolessente wat gedurigdeur reëls verbreek dikwels sosiaal verwerp word deur die portuurgroep. Adolessente wat gedurig reëls verbreek behoort verantwoordelikheid vir hulle gedrag te aanvaar. Die portuur is meer geneig om sulke adolessente met 'n negatiewe houding te bejeen. Die negatiewe portuurgroep word nie net deur die positiewe portuurgroep afgekeur nie, maar ook deur die ouers.

Van der Linden (1991:93) het uit sy navorsing afgelei dat **ouers** in sommige gevalle nie die portuurgroep waarin die adolessent beweeg, goedkeur nie as gevolg van die negatiewe aard van die portuurgroep, wat byvoorbeeld die rook van marijuana en botsings met die polisie kan insluit. Die portuurgroep wakker in sommige gevalle opstandigheid teenoor die samelewing en ouer aan (Kagan 1971:141).

Die gevolge van die opstandigheid mag tot **ontoereikende relasiestigting tussen ouer en adolessent** lei en kan oorgaan in aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor sy ouers en portuurgroepe wat nie

dieselfde waardes en standaarde as sy portuurgroep handhaaf nie (Griffin 1987:249,250). Volgens Dishion et al. (1991:172) kan asosiale gedrag ontwikkel as gevolg van die ontoereikende gesinsrelasies.

3.5.3 Die aggressiewe adolessente seun se relasie met die portuur

Die aggressiewe adolessente seun se portuurrelasies is ontoereikend van aard as gevolg van sy identifisering met 'n negatiewer portuurgroep. Verwerping deur die positiewe portuurgroep as gevolg van sy ontoereikende kommunikasievermoë en 'n onvermoë tot mededeelsaamheid lei daartoe dat hy min ondersteuning van die positiewe portuurgroep kry en hy identifiseer gevolglik met 'n negatiewer portuurgroep. So word die aggressiewe adolessente seun in 'n groep opgeneem waar hy glo hy sosiaal aanvaar word. Die negatiewe aard van die portuurgroep lei daartoe dat hy in konflik met sy ouers kom indien hulle nie dieselfde normes en waardes as die portuurgroep handhaaf nie. Dié konfliksituasie kan tot aggressiewe gedragsmanifestasies tussen die ouer en die adolessente seun lei (kyk afdeling 3.5.2.1 en 3.5.2.2).

3.6 SAMEVATTING

In dié hoofstuk is die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun breedvoerig ontleed. Die begrip leefwêreld sluit die aggressiewe adolessente seun se relasies met sy gesin, die self en die portuur in. In die volgende hoofstuk word die navorsingsontwerp beskryf.

HOOFSTUK IV

NAVORSINGSONTWERP

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die **leefwêreld** van die **aggressiewe adolessente seun** volledig bespreek. Die relasies van die seun met sy **gesin, die self** en die **portuur is besin.** Met betrekking tot die relasie met die self is daar verwys na die selfkonsep van die aggressiewe adolessente seun. Die selfkonsep van die indiwidu en die relasies met die portuur word beïnvloed deur die relasies met die ouers.

In dié hoofstuk word die **navorsingsontwerp** van dié studie bespreek. Dit behels die beskrywing van die doel en navorsingsprobleem, die bespreking van die verkenningsmedia, die stel van die postulate, die selektering van die proefpersone, die werkswyse wat gevolg is en die verwerking van die toetsresultate. Dit word vervolgens onder die subhoofde bespreek.

4.2 DOEL EN NAVORSINGSPROBLEEM VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

As navorsingsprobleem is die vraag gestel na die **aard** van die aggressiewe adolessente seun se leefwêreld (kyk afdeling 1.2.3). Kennis in verband met die aggressiewe adolessente seun se leefwêreld kan vir die opvoedkundige sielkundige van waarde wees in die hulpverlening wat aan die seun gegee word. Enersyds kan dié kennis bydra tot insig by die terapeut en andersyds tot insig by die kliënt en sy ouers oor moontlike oorsake van aggressiewe gedrag en dit kan die basis van hulpverlening vorm.

Die **doel** van die empiriese ondersoek is om **postulate** oor die aard van die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun, soos uit die literatuur verkry, aan enkele gevallestudies in die praktyk te verifieer.

Die **hoofdoel** van dié navorsing is daarin geleë om die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun te verken. Die relasies van die adolessente seun moet verken word. Daar moet gewaak word teen veralgemening omdat elke ouerhuis en elke indiwidu uniek is. Nogtans word daar in dié ondersoek gepoog om meer lig te werp op die relasies van die aggressiewe adolessente seun met sy gesin, sy portuur en die self.

4.3 BESPREKING VAN DIE VERKENNINGSMEDIA

Die **menstekening, gesinstekening, sinsvoltooiingsmedium, Emotions Profile Index (EPI), Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV), Tematiese Appersepsietoets (TAT) en Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS)** is die verkenningsmedia wat gebruik is om die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun te verken. Die verskillende media word vervolgens bespreek.

4.3.1 Menstekening

4.3.1.1 Agtergrond, doel en eienskappe

As verkenningsmedium hou die **menstekening** besondere moontlikhede in op grond van die indiwidu se talryke verhoudings wat hy al met die self en ander persone gestig het. Met die teken van 'n menslike figuur inkorporeer die kind sy ervaringe en gee sodoende 'n statiese deursneebeeld van homself in sy opvoedinggesitueerdheid (Van Niekerk 1986:142). Volgens Van der Merwe en Jacobs (1992:2) kommunikeer die kind sy unieke leefwêreld deur die tekeninge en daardeur verkry die terapeut insae in sy behoeftes, drange, tekortkominge, moeilikhede en psigiese steurnisse (Nel & Esterhuizen 1958:25).

4.3.1.2 Betroubaarheid en geldigheid

Die menstekening is 'n **kwalitatiewe diagnostiese medium** en kan as sodanig beskou word omdat dit 'n wyse is waarop die indiwidu sy nood aan andere kommunikeer, veral in situasies waar hy nie graag

oor sy nood wil praat of oor die voldoende taalvermoë beskik nie (Van der Merwe & Jacobs 1992:9).

Omdat die indiwidu sy nood deur die menstekening aan die terapeut kommunikeer, kan die menstekening as 'n **projeksietegniek** beskou word. Projeksietegnieke is metodes waardeur die onbewuste gevoelens van die indiwidu kan manifesteer (Machover 1949:4). Daar kan nie net op grond van 'n kind se tekeninge sonder meer tot 'n diagnose gekom word nie, maar moet altyd deur ander projeksiemedia geverifieer word (Engelbrecht et al. 1982:127,128).

4.3.1.3 Interpretasie

Die interpretasie van die menstekening kan bemoeilik word indien die terapeut die tekening interpreteer vanuit sy eie verwysingsraamwerk en nie vanuit die unieke en veranderlike leefwêreld van die kind nie, omdat die kind se verwysingsraamwerk nie dieselfde as dié van die volwassene is nie (Di Leo 1970:122; Van der Merwe & Jacobs 1992:2). Die interpretasie van die menstekening vanuit die volwasse interpreteerder se verwysingsraamwerk kan aanleiding gee tot misleidende hipoteses. Dié probleem kan oorkom word deur gesprekvoering met die kind. Hierdeur word die unieke simboliek wat hy aan sy tekening heg vir die volwassene verstaanbaar gemaak en kan die kind as totaliteit gesien word (Bell 1948:360; Lark-Horovicz 1976:4; Van der Merwe & Jacobs 1992:7,98;).

Die menstekening kan ook geïnterpreteer word vanuit 'n psigo-analitiese sienswyse waardeur die menstekening simbolies vertolk word (Van Niekerk 1986:148). Vir Di Leo (1973:36), asook Kellogg (1970: 230) kan daar so tot die bewuste en onderbewuste van die indiwidu deurgedring word omdat die interpretasie van so 'n aard is dat sekere sensasies, persepsies en emosies in 'n besondere liggaamsdeel van 'n mens geleë is. Volgens dié metode word die tekenstyl van elke liggaamsdeel of die afwesigheid daarvan, gekoppel aan die bepaalde betekenis wat dit sou hê (Machover 1949:36-83).

4.3.1.4 Waarde van die menstekening vir die identifisering van aggressie

Vir die doel van dié studie word aggressie by die adolessente seun aan die hand van sy menstekening geïdentifiseer na aanleiding van die siening van Nel en Esterhuizen soos in Van Niekerk (1986:148-157) gestel. Die volgende aspekte van die menstekening kan beduidend wees met betrekking tot aggressiewe gedragsmanifestasies:

- indien die tekenaar sy folio in die dwarste draai;
- ferm stewige lynvoering;
- lang en/of breë figure;
- groot figure wat in die middel van die bladsy geteken is;
- 'n groot kop;
- beklemtoonde hare op die kop;
- beklemtoonde mond met tande;
- beklemtoonde, dreigende en donker oë;
- prominente neus en neusgate;
- kragtig ingekleurde hande;
- handskoentipe hande wat veral beduidend is op onderdrukte aggressie;
- gebalde vuiste;
- skerppuntige vingers en naels met litte en meer as vyf vingers;
- tone.

Dit is belangrik om met die kind in gesprek te tree oor sy tekening.

4.3.2 **Die huisgesintekening**

4.3.2.1 Agtergrond, doel en eienskappe

'n A4-folio word aan die kind gegee met die versoek om sy gesin te teken. Die kinetiese gesinstekening word ook soms gevra, waar hy sy gesin moet teken waar elkeen 'n taak verrig.

Die gesinstekening gee die terapeut insae in die kind se persepsie van sy gesinskonstellasie, sy selfkonsep, vrese, fantasieë en gesinskonflikte (Klepsch & Logie 1982:77).

4.3.2.2 Betroubaarheid en geldigheid

Di Leo (1973:96,105) beskou die gesinstekening as 'n **diagnostiese hulpmiddel**, veral met betrekking tot gedragsafwykinge. Uit sy navorsing het dié outeur 'n sterk affektiewe komponent in sodanige tekeninge gevind omdat die kind sy eie gevoelens met betrekking tot sy gesinsrelasies uitdruk. Weglatings soos 'n bepaalde familielid of die self, die plasing van die familielede, ooreenkoms in kleredrag, interaksie en isolasie is van betekenis.

4.3.2.3 Interpretasie

Die gesinstekening word in dié studie geïnterpreteer na aanleiding van die siening van Di Leo (1973:108,112,113), asook Klepsch en Logie (1982:86,87,88), waarvolgens daar op die **algemene indruk en spesifieke faktore** gelet word.

Met die **algemene indruk** word verwys na die interaksie tussen die gesinslede in die tekening. Daar word gelet op die funksionering van die gesinslede en die kohesie tussen hulle. Deur na etlike spesifieke faktore soos die **weglating van figure, toevoeging van bykomende figure, plasing van figure, grootte van figure, ooreenkomste tussen figure, dié basislyn en verwydering van sekere figure** te

let, kan afleidings oor die aggressiewe adolessente seun se relasies met sy gesin, die self en die portuur gemaak word.

Relasie met die **gesin**

- Die **weglating van 'n bepaalde gesinslid** uit die tekening dui op verwerping of negatiewe gevoelens ten opsigte van dié betrokke indiwidu.
- **Afstand tussen figure** en die **plasing van figure** is van betekenis. Die tekenaar plaas homself dikwels langs 'n betrokke persoon omdat hy van dié persoon hou of omdat hy meer aandag van die persoon verlang.
- Die kind is soms geneig om homself min of meer dieselfde te teken as diegene van wie hy hou. Die indiwidu wat byvoorbeeld **anders lyk** op die tekening mag dalk die probleem in die gesinsituasie wees.
- **Onsekerheid** in die gesin word in verband gebring met 'n **streep onder die gesinslede.**
- **Verdeling van gesinslede in kompartemente** dui op min samewerking tussen die gesinslede.
- Verworpe gesinslede word soms **ver verwyderd** van die ander geteken.

Relasie met **die self**

- **Weglating van die self** dui op 'n ontoereikende selfkonsep.
- **Klein figure** kan op minderwaardigheidsgevoelens dui. Daar moet daarteen gewaak word om kleiner figure in die gesinstekeninge te vergelyk met groter menstekeninge. Die kind is geneig om minder detail in die gesinstekening as in die menstekening weer te gee.

Relasie met die portuur

Toevoeging van bykomende faktore dui op 'n moontlike vriendskap tussen die tekenaar en dié persoon of die wens dat dié persoon sy vriend kan wees.

4.3.2.4 Waarde van die gesinstekening vir die identifisering van aggressie

Daar word op dieselfde faktore as by die menstekening gelet (kyk afdeling 4.3.1.4).

4.3.3 Die sinsvoltooiingsmedium

4.3.3.1 Agtergrond, doel en eienskappe

Die sinsvoltooiingstoets is saamgestel na aanleiding van die "Onvoltooide Sinnetoets" van Rotter. Dit bevat 'n aantal onvoltooide sinne wat deur die kind voltooi moet word. Die onvoltooide gedeeltes is so saamgestel dat die kind in die voltooide sin kan sê wat hy bedoel. In elke sin kan die kind 'n "stukkie wêreld", soos hy dit beleef, na vore bring. Die voltooide sin verbeeld die werklikheid, wat sy innerlike kan insluit (Van Niekerk 1986:273).

4.3.3.2 Betroubaarheid en geldigheid

Volgens Goldberg (1965:813), asook Rabin en Zlotorgorski (1981:127), word die sinsvoltooiingsmedium al die afgelope drie dekades deur navorsers en vir kliniese doeleindes gebruik. Die feit dat sielkundiges dié medium al so lank op kwalitatiewe wyse gebruik en selfs nuwes ontwerp, dui aan dat daar vertroue in die verkenningsmedium bestaan. Sacks en Levy (1959:357,358,375) beskou dié tegniek nie as 'n gestandaardiseerde toets nie, maar wel as 'n projektiewe tegniek, omdat die sinsvoltooiingprotokolle die indiwidu se bewuste en onbewuste gevoelens na vore bring en 'n verband toon met die TAT-protokolle.

Die sinsvoltooiingsmedium kan as 'n geldige en betroubare projeksietoets beskou word omdat dié tegniek die kind kan stimuleer, dit die resultaat van sy handelinge kan wees en inligting betreffende sy relasies daardeur verkry kan word (Du Toit & Jacobs 1989:73). Vir Sacks (1965:824) dui die indiwidu se response direk op homself en na andere. Die geldigheid en betroubaarheid van die medium kan egter bevraagteken word indien die terapeut bevooroordeeld teenoor die kind is (Samuels 1965:177).

4.3.3.3 Interpretasie

Outeurs soos Holsopple en Miale (Rabin & Zlotogorski 1981:130,131), asook Rotter en Rafferty (1950:14-20), identifiseer die volgende faktore by die evaluering of interpretasie van die medium:

- Is die algemene ondertoon negatief of positief van aard?
- Is die kind se rol aktief of passief van aard?
- Is die antwoorde spesifiek?
- In watter tyd (hede, verlede of toekoms) is die sinne voltooi?
- Kom daar vaagheid in die response voor?
- Dui die response op betrokkenheid of halfhartige betrokkenheid?
- Is daar 'n verandering in die kind se identifikasie met betrekking tot verskeie sinne?
- Het die kind by sommige of sekere sinne gehuiwer om te antwoord?
- Kom daar enige weersprekings voor?

Volgens Rabin en Zlotorgorski (1981:133) kan die response in vier kategorieë, naamlik interpersoonlike houdinge, begeertes, gevolge van eie gevoelens of handelinge en reaksie op eksterne stimuli ingedeel word. So kan die terapeut die volgende afleidings maak:

- basiese konflikte wat na vore kom;

- die wyse waarop die kind hierdie konflikte hanteer;
- beperkinge in die kind se mondering; en
- positiewe aspekte wat as grondslag gebruik kan word om verder daarop te kan bou.

4.3.3.4 Waarde van die sinsvoltooiingsmedium vir die identifisering van aggressie en die indiwidu se relasiestigting met sy gesin, die self en die portuur

Omdat daar soveel verskillende soorte sinsvoltooiingsmediums bestaan en elke indiwidu die sinne op 'n ander wyse beantwoord, is dit moeilik om 'n indeling te maak van watter sinne betrekking het op die indiwidu se relasiestigting en sy aggressiwiteit. Elke gevallestudie se sinsvoltooiingsprotokolle is ingedeel onder die opskrifte aggressiwiteit, relasie met sy gesin, die self en die portuur na aanleiding van sy unieke protokolle.

4.3.4 Persoonlikheidstoetse

4.3.4.1 Agtergrond, doel en eienskappe

'n Persoonlikheidstoets meet bepaalde konstrukte wat gewoonlik op teoretiese grondslag geïdentifiseer is (Taljaard 1989:348). Allport (1961:28) definieer persoonlikheid as die dinamiese organisasie binne die indiwidu se psigo-fisiese sisteme wat sy gedrag en denke bepaal. Elke indiwidu is uniek en daarom moet die persoonlikheid van die indiwidu as geheel bestudeer word.

In dié studie word gebruik gemaak van die **HSPV** en die **EPI** as persoonlikheidstoetse. Die doel van die **HSPV** is om maksimum inligting aangaande 'n verskeidenheid persoonlikheidsdimensies in die sekondêre skoolfase te bekom (Taljaard 1989:373). Die **EPI** is 'n persoonlikheidstoets wat ontwerp is om inligting te verskaf oor sekere basiese persoonlikheidskenmerke en gee vir die terapeut insig met be-

trekking tot die aard van probleme en innerlike konflikte (Plutchik & Kellerman 1974:1)

4.3.4.2 Betroubaarheid en geldigheid

Ontledings wat op sielkundige toetse gegrond is, moet as addisionele inligting beskou word wat oor 'n hoë mate van geldigheid en betroubaarheid kan beskik indien dit die ware beeld van 'n persoon se persoonlikheidsproblematiek weergee. Daar moet in ag geneem word dat betroubaarheid en geldigheid ten opsigte van groepe bereken word. Die sielkundige moet baie versigtig te werk gaan wanneer hy op grond van persoonlikheidstoetse besluite wil neem of advies wil verskaf met betrekking tot 'n spesifieke indiwidu (Taljaard 1989: 349).

4.3.4.3 Interpretasie

Die **HSPV** meet veertien primêre persoonlikheidsdimensies (Taljaard 1989:373). Die onverwerkte tellings word in standaardpunttellings omgesit. Die belangrikste standaardtellings is stiene, waardeur tellings van 1-10 verkry kan word. Behalwe die veertien primêre persoonlikheidsdimensies, kan die HSPV ook tweede-orde faktore soos die introversie-ekstroversiefaktor en angs meet (Madge & Du Toit 1985:7,22). Die HSPV kan veral gebruik word om leerlinge se emosionele probleme te identifiseer. Gedragsafwykinge kan ook geïdentifiseer word (Taljaard 1989:375).

Probleme word deur die **EPI** uitgewys in 'n sirkelvormige profiel wat die toetsafnemer in staat stel om persoonlikheidseienskappe te vergelyk en konflikte en emosies uit te wys (Plutchik & Kellerman 1974:1).

4.3.4.4 Waarde van persoonlikheidstoetse vir die identifisering van aggressie

Aggressie word vir die doel van dié studie by die **HSPV** geïdentifiseer deur 'n hoë telling in faktor E wat op selfgelding, aggressie en opstandigheid kan dui. **Faktor E+** (hoë telling) toon 'n noue verband met **faktor F+** (sorgvryheid) en I- (gehardheid). Met sorgvryheid word veral verwys na 'n onverskillige houding en impulsiwiteit. **Faktor** I- dui op ontoegeeflikheid wat gepaard gaan met 'n harde en onsentimentele houding. Ander faktore wat verband met aggressiwiteit kan hou, is:

- Faktor A- (kille, kritiese en norse houding);
- Faktor C- (egoswakheid). Neiging om betrokke te raak by rusies en probleemsituasies; en
- Faktor G+ (Hoë drangpeil). Spanning, gefrustreerdheid, prikkelbaarheid en gejaagdheid (Madge & Du Toit 1985:8-22; Madge & Du Toit 1989:4-48).

Met betrekking tot die **EPI** kan aggressie vir die doel van dié studie geïdentifiseer word deur **faktor 7**. Routellinge word verwerk na persentasies. 'n Hoë telling (85% en hoër) kan beduidend wees op 'n neiging tot bakleierigheid en rebelsheid. Aggressie word dus openlik getoon. In dié studie word die proefpersone se EPI-profiele geïnterpreteer na aanleiding van die siening van Plutchik en Kellerman (1974:8).

4.3.5 **Tematiese appersepsietoets (TAT)**

4.3.5.1 Agtergrond, doel en eienskappe

Die **TAT** bestaan uit 31 swart- en witplate, saamgestel deur Morgan en Murray (Van Niekerk 1986:252). Die plaat word aan die kind voorgehou en hy word versoek om 'n verhaaltjie daaroor te vertel. Hy moet probeer vertel wat vooraf plaasgevind het, wat nou gebeur en

hoe die gebeure sal eindig. Geen suggesties oor die inhoud mag gegee word nie (Murray 1971:4).

Die hoofelemente van die rasionaal van die TAT is die volgende:

- Die indiwidu se persoonlikheid kom tot uiting in sy gedrag. Sy gedrag is nie toevallig nie, maar 'n manifestasie van die persoon wat in aksie is (Du Toit & Piek 1987:17).
- 'n Indiwidu se waarneming van sy wêreld is 'n aanduiding van hoe hy in sy wêreld staan. Sy ondervindinge, behoeftes en vrese bepaal sy waarneming en gedrag (Du Toit & Piek 1987:18).
- Daar mag 'n verband bestaan tussen die aanleiding en daaropvolgende gedragsmanifestasies. Du Toit en Piek (1987:18) verwys na hierdie aspek as psigiese determinasie.
- Kontinuïteit: Die voorbeelde van gedrag wat deur middel van die TAT verkry word, kan gesien word as aanduidings van hoe die persoon in ander situasies en in die toekoms sal optree. Die moontlikheid dat hy ook anders sal optree, kan in 'n mate ook afgelei word uit die inligting wat hy verskaf (Du Toit & Piek 1987:19).

4.3.5.2 Betroubaarheid en geldigheid

Die TAT bied 'n voorbeeld van gedrag en daarom gaan dit nie om die betroubaarheid en geldigheid van die TAT nie. Die vermoë van die sielkundige wat die toets gebruik, is meer ter sprake. Waardevolle kwalitatiewe informasie en insig kan uit die TAT verkry word (Du Toit & Piek 1987:17). Ten eerste is dit 'n medium waardeur die indiwidu se overte gedrag tot uiting kom en hy oor sy gevoelens kommunikeer. Ten tweede kan die indiwidu se onbewuste, of dit waaroor hy onbereidwillig is om te gesels, ook na vore kom (Murray 1965: 427).

Omdat die verkenningsmedia subjektief is, moet die terapeut die TAT-resultate met ander media in verband bring (Van Niekerk 1986: 254).

4.3.5.3 Interpretasie

Volgens Van Niekerk (1986:254) is die interpretasie van die TAT fenomenologies van aard omdat die inhoudelike simbolies ontleed word en daar gesoek word na bepaalde temas. Die terapeut sal verhoudings wat aanleiding gee tot die emosies van die indiwidu, in die temas vind.

Henry (1956:56) ontleed die **TAT-protokolle** na aanleiding van **vorm en inhoud**. Met betrekking tot **vorm** word die lengte en organisasie van die verhaal en taalgebruik in ag geneem. Ten aansien van **inhoud** word op die komponente gunstige en ongunstige inhoud en die dinamiese struktuur gedui. Gunstige inhoud sluit alles in wat die kind sê terwyl ongunstige inhoud dui op dit wat weggelaat is. Dinamiese struktuur dui op irrasionele inhoud wat nie verband hou met dit wat die indiwidu moontlik wil sê nie.

4.3.5.4 Die waarde van die TAT vir die identifisering van aggressiwiteit en die indiwidu se relasiestigting

Die TAT is 'n verkenningsmedium wat besonder geskik is om 'n bepaalde relasie, diepere gevoelens en aggressiewe gedragsmanifestasies van die indiwidu uit te lig. Du Toit en Piek (1987:83) reken dat die volgende kaarte ideaal geskik is om aanduidings van aggressiwiteit te identifiseer, naamlik Kaart 1 (Vioolkaart), Kaart 3BM (frustrasiekaart), Kaart 6BM (moeder-seun-verhouding), Kaart 7BM (vader-seun-verhouding) en Kaart 8BM (direkte aggressiwiteit). Volgens die navorsing van Murstein (1965:575) is daar 'n verband tussen die selfkonsep en die TAT-aggressiewe vertellings en gedrag. Dit kom daarop neer dat aggressiwiteit in die TAT-vertellings wel aanduidend is van aggressiwiteit in die persoon. In welke mate die

aggressiwiteit in gedrag na vore sal kom, word bepaal deur die omgewing en die gerigtheid van die indiwidu se aggressie. Indien hy sy aggressie inhou, kan intra-aggressie verwag word wat daarop dui dat sy aggressie nie maklik na buite gerig word nie (Du Toit & Piek 1987:81,82). Vir die doel van dié studie word die proefpersone se TAT-protokolle geïnterpreteer na aanleiding van die siening van Du Toit en Piek (1987:44-52)

4.3.6 Adolessente selfkonsepskaal (ASKS)

4.3.6.1 Agtergrond, doel en eienskappe

Die praktiese waarde en kennis van 'n persoon se selfkonsep is nuttig aangesien dit verband hou met persoonlikheidsafwykinge en gedragsprobleme (Vrey & Venter 1983:1).

Dit waarvan die mens bewus is of bewus gemaak kan word, vorm die dimensies van die selfkonsep. Hierdie dimensies vorm die strukture van die selfkonsep wat geïntegreerd die totale grootte van die selfkonsep aandui (Vrey & Venter 1983:3). Die struktuur bestaan uit die volgende konstrukte:

- Die fisieke self of die self in verhouding tot die liggaamlike;
- Die persoonlike self (die self in sy eie psigiese relasies);
- Die gesin self (die self in gesinsrelasies);
- Sosiale self (die self in sosiale relasies); en
- Die sedelike self (die self in relasie tot sedelike norme en selfkritiek) (Vrey & Venter 1983:8-9).

Die proefpersoon word voorsien van 'n toetsboekie en 'n potlood. Twee kontrasterende beskrywings van twee persone word gegee. Die proefpersoon moet telkens besluit watter van die twee beskrywings, A of B, die meeste ooreenkoms met hom vertoon. Daar is geen tydsbeperkinge in die afneming van die toets nie.

4.3.6.2 Geldigheid en betroubaarheid

Volgens Borg (Vrey & Venter 1983:13) voldoen dié toets aan konstrukgeldigheid wat dui op die mate waarin 'n toets op 'n besondere teorie gebaseer is. Die geldigheid van so 'n toets word bepaal deur die korrelasie van dié toetstellings met ander toetse waarvan die konstrukgeldigheid bewys is, te bereken. Vir die bepaling van die konstrukgeldigheid van die selfkonseptoets kan die tellings nie gekorreleer word met 'n ander selfkonseptoets nie, omdat daar tans nie so 'n toets bestaan nie.

Die betroubaarheid van die toets sal afhang van die mate waarin die toets onder standaard-omstandighede toegepas word en die gedrag van die proefpersone tydens die toetssituasie (Vrey & Venter 1983:12).

4.3.6.3 Interpretasie

Op grond van die stanegetellings word die selfkonseptoets onderverdeel in hoë, medium en lae selfkonseptellings.

4.3.6.4 Waarde van die ASKS vir dié navorsing

Uit die interpretasie van die ASKS kan 'n afleiding gemaak word betreffende die adolessent se selfkonsep, omdat die stanegetellings in persentasie omgesit kan word. Vir die doel van dié studie word die proefpersone se ASKS-resultate geïnterpreteer na aanleiding van die siening van Vrey en Venter (1983:4-16).

4.4 DIE STEL VAN POSTULATE

Aan die hand van die literatuurstudie word die volgende postulate gestel wat dan in enkele gevallestudies oor aggressiewe adolessente seuns, in die praktyk getoets word. 'n Aantal aspekte wat uit die literatuurstudie verkry is, soos byvoorbeeld die neurologiese oorsake van aggressie en wanfunksionering van die psigiese strukture as oorsaak van aggressie val buite die bestek van hierdie studie en

geen postulate word daaroor gestel nie. Klem word gelê op enkele relasies van die aggressiewe adolessente seun.

Postulaat 1

Emosies soos angs, woede, frustrasie en depressie is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 2.2.4.1 tot 2.2.4.4).

Postulaat 2

Die aggressiewe adolessente seun beskik nie oor toereikende sosiale vaardighede nie (kyk afdeling 2.4.4.1).

Postulaat 3

Toereikende gesinsessensies is by die aggressiewe adolessente seun afwesig (kyk afdeling 3.3.2.1.1 tot 3.3.2.1.4).

Postulaat 4

Ontoereikende ontwikkeling van moraliteit in die gesin is teenwoordig by die aggressiewe adolessente seun (kyk afdeling 3.3.2.2).

Postulaat 5

Ontoereikende toepassing van gesag kom in die gesin van die aggressiewe adolessente seun voor (kyk afdeling 3.3.2.3).

Postulaat 6

Die aggressiewe adolessente seun kom uit òf 'n outokratiese òf 'n permissiewe gesinstipe (kyk afdeling 3.3.2.5).

Postulaat 7

Die aggressiewe adolessente seun word onderwerp aan aggressiewe strafmaatreëls (kyk afdeling 3.3.2.6).

Postulaat 8

Ontoereikende selfevaluering is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 3.4.2.1).

Postulaat 9

Ontoereikende identifisering met rolmodelle is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 3.4.2.2).

Postulaat 10

Ontoereikende identiteitsvorming en selfkonsepvorming kom by die aggressiewe adolessente seun voor (kyk afdeling 3.4.2.3 en 3.4.2.4).

Postulaat 11

Die aggressiewe adolessente seun word deur die portuurgroep verwerp (kyk afdeling 3.5.2.1).

Postulaat 12

Die aggressiewe adolessente seun is betrokke by negatiewe portuur-relasies (kyk afdeling 3.5.2.2).

4.5 SELEKTERING VAN DIE PROEFPERSONE

Vir die doel van dié ondersoek is besluit om vyf adolessente seuns (ouderdomme 14 - 17 jaar) vir gevalle-studies te selekteer. Al vyf seuns is deur hulle onderskeie skole vir gedragsprobleme aangemeld.

Aggressiewe gedragsmanifestasies is in al vyf gevalle een van die aanmeldingsredes.

4.6 METODE VAN ONDERSOEK

Nadat die betrokke vyf seuns by die Onderwyshulpsentrum aangemeld is, is hulle aan die navorser toegesê vir verdere bemoeienis. Ten eerste is 'n onderhoud met elke seun gevoer en daarna is met die toepassing van die verkennings- en projeksiemedia begin. Evaluering het oor ongeveer drie dae gestrek.

Na die toepassing van die verkenningsmedia is onderhoude met die seuns gevoer wat opgevolg is deur onderhoude met die ouers en departementshoofde van die skole wat die leerlinge bywoon. Na dié betrokke onderhoude is terapeutiese onderhoude met die betrokke seuns gevoer. Onderhoude en toetsing is deurgaans indiwidueel gedoen.

Dié studie is 'n idiografiese studie met die doel om die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun te verken met behulp van verskillende verkenningsmedia. Vir Nunnaly (1967:471) dui 'n idiografiese studie op 'n persoonlike benadering. Aangesien hier net met vyf leerlinge in diepte gewerk word, is die idiografiese metode die aangewese wyse omdat dit die bestudering van indiwiduele kenmerke wat eie aan 'n besondere persoon is, insluit. Volgens Jacobs (1980: 141) is 'n idiografiese studie 'n noukeurige, beplande, wetenskaplik gegronde stel gegewens met die oog op 'n evaluasie van enkele indiwidue. Dit gaan in 'n idiografiese studie om die samestelling van 'n persoonsbeeld, in dié geval, die leefwêreld (relasies) van die aggressiewe adolessente seun. Die begrip persoonsbeeld dui op die wyses waarop die persoon al sy relasies tot 'n sinvolle geheel integreer (Jacobs & Vrey 1982:128). Vir die doel van dié studie word drie van die vyf gevalle bespreek.

Daar moet in ag geneem word dat die bevindinge uit die ondersoek nie veralgemeen kan word nie, omdat die verkenningsmedia wat ge-

bruik is, subjektief van aard is. Die aantal proefpersone is te beperk en is dus nie 'n verteenwoordige steekproef van die populasie aggressiewe adolessente seuns nie.

4.7 VERWERKING VAN DIE TOETSRESULTATE

Omdat dit 'n idiografiese studie is, word toetsresultate nagesien volgens die betrokke handleidings en/of maskers van die bepaalde verkenningsmedia. Interpretasie van gegewens word volgens 'n bepaalde handleiding gedoen. Die ondersoek word voltooi deur 'n geskrewe verslag en die stel van bevindinge.

4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die beplanning van die empiriese ondersoek breedvoerig bespreek. Aspekte soos afleidings oor aggressie by adolessente seuns uit die literatuurstudie, seleksie van proefpersone, verkenningsmedia en metode van ondersoek het onder die soeklig gekom. In hoofstuk V word daar tot die empiriese ondersoek oorgegaan. Die resultate van die toetse word in hoofstuk V bespreek.

HOOFSTUK V

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die metode van ondersoek en die empiriese navorsingsontwerp volledig bespreek. Daar is verskeie ondersoekmedia binne die raamwerk van hierdie ondersoek ingeskakel ten einde so 'n volledig moontlike persoonsbeeld van die aggressiewe adolessente-seun te verkry. Die persoonsbeeld sal 'n aanduiding wees van hoe die leefwêreld van die besondere aggressiewe adolessente seun daar sal uitsien.

5.2 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE A (Jan: 15 jaar oud en in standerd 8)

5.2.1 Eerste onderhoud

Uit die eerste onderhoud kom die volgende indrukke na vore:

Jan kom ietwat slordig voor. Hy gee die indruk van iemand wat ongemaklik is en lyk nors en onvriendelik. Hy wou op dié stadium nie veel gesels nie, maar het wel genoem dat hy soms baie verbaal en fisiek aggressief optree teenoor sy portuur en sy kop teen die muur stamp as hy woede-reaksies ervaar (postulaat 1).

Jan se ouers is geskei. Hy bly tans by sy moeder wat baie streng is (postulaat 6). Hy mag nie in die week met sy maats uitgaan nie. Sy hartsbegeerte is om by sy vader op die plaas te woon, maar dan sal hy in die koshuis moet inwoon en dit wil hy nie graag doen nie. Hy besoek sy vader elke naweek en mag dan doen wat hy wil (postulaat 6). Hy spandeer gewoonlik naweke met 'n portuurgroep wat ongeveer drie jaar ouer as hy is. Hulle gunsteling tydverdryf is om plaaslike kroeë te besoek (postulaat 12). Hy identifiseer met negatiewe rolmodelle (postulaat 9) en kom redelik goed met sy stiefmoeder oor die weg.

5.2.2 Tekeninge

5.2.2.1 Die menstekening

Die waarnemings uit die menstekening van Jan (kyk bylae A:1) word in TABEL 2 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 2: Waarnemings uit menstekening van Jan.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Folio in dwarste gedraai	**Aggressie**, opstandigheid, verskil graag van ander
2. Menstekening is bo na links geteken	Ingesteldheid op prestasie Ontoereikendheidsbelewing Introvert, selfbewus, onseker van homself
3. Lynvoering is ferm	Ambisie, selfgeding, **aggressie**
4. Swart inkleuring onder skoene, tussen oë en bokant oë	Opstandigheid, Impulsiwiteit, Ontevredenheid met sy liggaam, Ontoereikendheidsbelewing
5. Klein figuur	Ontoereikendheidsbelewing (Hy is sterk gebou en byna 2 meter lank) Ontoereikende selfkonsep
6. Voete in teenoorgestelde rigtings geteken	Beskou sy opvoedingsituasie as problematies
7. Vele besonderhede op figuur (das, sak, sokkies, strikkies op skoene)	Bekommerd oor sy opvoeding= gesitueerdheid
8. Das	Puberteitsprobleme
9. Groot kop, duidelike tande, breë grynslag, groot mond, handskoenagtige vingers	**Aggressiwiteit**
10. Groot ore	Oorgevoeligheid vir kritiek. Soeke na goedkeuring.
11. Versterkings onder die skoene	Hulpeloosheid en onsekerheid.
12. Kort arms	Swak toekomsgerigtheid. Gebrekkige ondernemingsgees. Eksplorasie-onwil.
13. Handskoenagtige vingers	Ontwyking en **onderdrukte aggressie**

Uit dié waarnemings en moontlike interpretasies kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot Jan se relasiestigting en sy aggressiwiteit. Die aggressie waarvoor Jan by die Onderwyshulpdiens aangemeld is, blyk duidelik uit dié tekening (sien waarneming 1, 3, 9 en 13 in TABEL 2).

Die feit dat hy sy opvoedingsituasie as problematies beskou en bekommerd is daaroor, dui op moontlike problematiese gesinsrelasies wat moontlik te wyte is aan sy ouers se egskeiding (postulaat 3). Dit manifesteer in onsekerheid, opstandigheid en 'n ontoereikende selfkonsep (postulaat 10). Hy ondervind ernstige probleme om sy ware gevoelens uit te druk wat bydra tot gevoelens van hulpeloosheid (postulaat 8). Aggressie manifesteer teenoor sy gesinslede en skoolportuur.

5.2.2.2 Die huisgesintekening

In TABEL 3 word die waarnemings uit die gesinstekening van Jan (kyk bylae A:1) weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 3: Waarnemings uit die gesinstekening van Jan.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Vader en moeder is langs mekaar geteken al is hulle geskei. Hulle word ver van mekaar geteken.	Hy begeer dat sy ouers saam moet wees of selfs herenig moet word.
2. Plaasbedrywighede word afgeskort op 'n ander folio.	Hy wil graag op die plaas by sy vader bly.
3. Jan laat homself by beide tekeninge weg.	Mag dui op 'n ontoereikende selfbeeld en gevoelens van verwerping deur sy ouers.
4. Stiefmoeder word weggelaat uit tweede tekening van plaasbedrywighede.	Hy ervaar negatiewe gevoelens teenoor haar. Moontlik aanvaar hy haar nie.
5. Samuel, die swart plaaswerker, by tweede tekening bygevoeg.	Hy identifiseer goed met plaaslewe en het goeie relasies met plaaswerkers.
6. Invoeg van stiefsuster by tweede tekening.	Hy aanvaar haar.
7. Vader en moeder is ver van mekaar geteken.	Dui op relasieprobleem of die verwydering tussen hulle.
8. Weglating van homself.	Relasieprobleem met albei ouers.
9. Baie klein figure.	Minderwaardigheidsgevoelens.
10. Drie afsonderlike tekeninge by tweede tekening. Pa en Samuel op die trekkers en Soekie, spelende voor die rekenaar.	Dui plaasbedrywighede aan of kan dui op min samewerking tussen gesinslede.

Uit die huisgesintekening kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot Jan se gesinsrelasies en die self. Met betrekking tot sy gesinsrelasies voel hy ongelukkig oor sy ouers se egskeiding (postulaat 1). Daar bestaan min kohesie tussen sy biologiese ouers, met die gevolg dat hy moontlik verwerpingsgevoelens ervaar (postulaat 3). Dié gevoelens manifesteer in 'n ontoereikende selfkonsep wat gepaard gaan met gevoelens van minderwaardigheid (postulaat 10 en 8).

Dit is nodig om Jan se relasies, veral sy gesinsrelasies verder te verken.

5.2.3 Die sinsvoltooiingsmedium

Jan se sinsvoltooiingsprotokolle (kyk bylae A:2) kan soos volg in tabelvorm ingedeel word:

TABEL 4: Sinsvoltooiingsprotokolle van Jan.
(Die nommer dui die sinnommer aan, terwyl P of N die positiewe of negatiewe aard van die sin aandui).

Aggressie	Relasie met gesin	Relasie met self	Relasie met portuur
14 auto-erotisme N	28 **Vader** het min gesag oor hom N	5 skaam N	1 meisies P
32 auto-erotisme N	36 Vader het min gesag oor hom P	30 min waagmoed N	2 vriende N
52 auto-erotisme N	16 Moeder te streng N	40 skaam N	4 meisie N
	54 Sin oor moeder uitgelaat N	49 misluking N	11 maats P
	50 Luister as vader praat N		13 meisies N
			19 meisie N
			23 meisie P
			47 meisie P
			57 meisie N

Die **ondertoon** van die sinne is meer negatief as positief van aard. 'n Negatiewe ondertoon kan meestal in verband gebring word met relasies met die skoner geslag, sy moeder en die skoolsituasie terwyl die positiewe ondertoon meer te make het met sy vader en die plaas.

Dieselfde aanname kan gemaak word met betrekking tot sy **aktiewe** of **passiewe** rol. Waar dit gaan om sy relasies met meisies, blyk hy passief te wees. Hy neem aktief deel aan rugby en tree soms autoeroties op (kyk afdeling 2.4.1.2).

Vaagheid kom wel in sommige van die sinne voor, veral met betrekking tot sy relasies met meisies, die skoolsituasie en sy moeder.

Die indruk word geskep dat Jan nie weet hoe om sy gevoelens of houdinge in taal uit te druk nie.

Dit blyk uit sy response dat Jan goed met sy vader en die plaassituasie identifiseer, maar nie juis met skoolwerk en skoolreëls nie.

Uit dié waarnemings en moontlike interpretasies kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot Jan se relasie met sy gesin, die self en die portuur.

Dit blyk dat Jan beter met sy vader as met sy moeder kommunikeer. Sy vader is nie baie streng met hom nie en pas permissiewe dissiplinêre tegnieke toe (sin nr. 28 en postulaat 6). Die indruk word selfs in een van die sinne geskep dat hy wil hê dat sy vader hom moet dissiplineer (sin nr. 36 en postulaat 3 en 4).

Sy relasie met sy moeder blyk ontoereikend te wees. Hy het selfs een sin wat met 'n moeder verband hou, uitgelaat en beskou haar as te outokraties (sin nr. 16 en 54 en postulaat 6). Die verskillende wyses waarop sy geskeide ouers hom probeer dissiplineer, skep verwardheid en onsekerheid by Jan sodat hy nie op 'n akkurate en realistiese wyse die belangrikheid van reëls kan insien nie (kyk afdeling 3.3.2.5).

Die feit dat hy noem dat sy suster ver van hom af is, mag tog daarop dui dat hy na haar verlang. Sy was ook pertinent deel van sy tweede huisgesintekening (sin nr. 6).

Dit wil voorkom asof Jan nie alle aspekte van homself aanvaar nie (postulaat 8). Hy is byvoorbeeld jammer dat hy ooit begin rook het. Auto-erotiese gedrag manifesteer as hy gefrustreerd raak (sin nr. 14, 32 en 52). Hy beskou homself as skaam (sin nr. 45). Dit kan een van die redes wees waarom hy probleme met die skoner geslag ondervind. Hy voel dat hy 'n mislukking is (sin nr. 49). Dié negatiewe

gevoelens manifesteer in 'n onrealisties, negatiewe selfkonsep (postulaat 10).

Baie van Jan se response het verband gehou met 'n betrokke meisie. Uit die response blyk dat hy op haar verlief is, maar dat sy nie in hom belangstel nie. Tog droom hy van haar en het die intense begeerte om haar as meisie te wil hê. Hieruit kan afgelei word dat sy relasies met portuurlede van die teenoorgestelde geslag ontoereikend is (postulaat 11).

5.2.4 Persoonlikheidstoetse

5.2.4.1 EPI

Die verskillende persoonlikheidstrekke, soos uit die EPI (kyk bylae A:3:1) na vore kom, word in TABEL 5 weergegee.

TABEL 5: Persoonlikheidstrekke volgens EPI van Jan.

	Dimensies	Roupunt	Persentiel
1	Gehoorsaam	14	2
2	Wankontrole	18	86
3	Behoedsaam	13	42
4	Somber	3	26
5	Wantrouig	11	57
6	Beheersd	23	68
7	Aggressief	18	85
8	Sosiaal	10	24
9	Vooroordeel	35	50

Vir die doel van dié studie word slegs die dimensies bespreek wat met aggressie verband hou, naamlik gehoorsaamheid, wankontrole en aggressie.

Die uitsonderlike lae telling vir **gehoorsaamheid** dui op die neiging om dinge nie te aanvaar nie, wantroue in andere en ongehoorsaamheid wat sy norse en onvriendelike houding verklaar.

Die hoë telling vir **wankontrole** dui op 'n neiging tot impulsiwiteit en avontuurlustigheid. Impulsiwiteit kan bydra tot aggressiewe gedragsmanifestasies (postulaat 1).

Die hoë telling vir **aggressie** dui op 'n neiging tot bakleierigheid. Sy aggressie word gevolglik openlik getoon. Soms kan hy as 'n rebel beskryf word.

'n Indiwidu met die persoonlikheidskombinasies van **lae sosiaal en hoë wankontrole** soek eerder na avontuur deur objekte as deur mense. Die gevolg is dat dié indiwidu betrokke kan raak by gevaarlike aktiwiteite en kanse sal neem (Plutchik & Kellerman 1974:9) (postulaat 12).

Die inligting wat uit die EPI verkry word, dui op die teenwoordigheid van aggressiwiteit by Jan.

5.2.4.2 Die HSPV

Die verskillende persoonlikheidstrekke soos uit die HSPV (kyk bylae A:3:2) na vore kom, word in TABEL 6 weergegee.

TABEL 6: Persoonlikheidstrekke volgens die HSPV van Jan.

FAKTOR	BESKRYWING	STIEN
A-	Terughoudend	4
B	Intelligent	5
C-	Egoswakheid	2
D	Terughoudend	5
E+	Dominansie	7
F+	Sorgvryheid	7
G-	Laer Superego	3
H-	Skugterheid	2
I-	Laer Superego	3
J+	Skugterheid	2
O+	Skuldgeneigdheid	10
Q2+	Selfgenoegsaam	9
Q3-	Gebrekkige Selfsentiment	4
Q4+	Hoë Drangpeil	7

Die uitvalle (enige stiene van 1-3 of 8-10) en faktore wat met aggressie verband hou word vervolgens bespreek.

Terughoudendheid (faktor A-) kan gepaard gaan met ingetoënheid, afgetrokkenheid, kritiese houding, afsydigheid en onbuigsaamheid. Die indiwidu is geneig om sy eie idees te handhaaf en kan wantrouig en skepties voorkom, asook 'n geneigdheid hê om dikmond te wees.

Faktor A- toon 'n verband met die **dominansiefaktor (E+)** wat dui op selfgeding, aggressie en moontlike onversetlikheid. Indiwidue wat hoë tellings in dié faktor behaal, neig om selfversekerd, selfstandig, stug, vyandiggesind, plegtig, opstandig en eiewys voor te kom. Faktor E+ toon 'n verdere verband met die faktore F+ (sorgvryheid) en I- (gehardheid).

Die redelike hoë telling van **sorgvryheid (F+)** dui op geesdriftigheid, onverskilligheid en 'n dons-maar-op-houding. Spraaksaamheid, opgeruimdheid, openhartigheid, impulsiwiteit, lewendigheid en wakkerheid is onder andere faktorpatrone wat in ondersoeke gevind is (Madge & Du Toit 1989:19).

Die lae telling van **gehardheid (I-)** dui op ontoegeeflikheid. Die indiwidu kom hard, selfstandig, selfgenoegsaam en onsentimenteel voor.

Die besondere lae telling van **egoswakheid (C-)** dui op die neiging om maklik beïnvloed te word deur emosies. Die indiwidu raak maklik ontsteld, verander van buie en kom emosioneel onstabiel voor. Ander faktorpatrone wat kan voorkom is ontduiking van verantwoordelikheid en die neiging om maklik tou op te gooi. Wat aggressiewe gedragsmanifestasies betref, kan die indiwidu geneig wees om betrokke te raak in rusies en probleemsituasies. Faktor C- toon 'n verband met G- (laer superego). Dié faktore kan sy relasiestigting met sy portuur nadelig beïnvloed en dit kan manifesteer in verwerping deur die skoolportuur (postulaat 11 en 12).

Die lae telling van **laer superego (G-)** dui op die neiging om reëls te verontagsaam. Ander faktorpatrone wat mag voorkom, is ongeërgdheid, ligsinnigheid, traagheid en onbetroubaarheid wat 'n manifestasie van aggressie kan wees.

Die hoë stien in die faktor J+ (versigtig individualisties) kan 'n aanduiding wees van ongevoelige evaluering, in homself gekeerdheid en behoedsaamheid. Dit wil voorkom asof hy dinge alleen wil doen en nie maklik vergeet as hy onregverdig behandel is nie. J+ indiwidue is geneig om op die agtergrond te bly en kan menings hê wat van die groep verskil. Gevolglik kan hy min vriende hê. Die telling toon 'n verband met faktor I- (gehardheid). Dié faktor benadeel sy relasies met positiewe portuurgroeplede (postulaat 11 en 12).

Die lae telling vir **Faktor H- (skugterheid)** dui op skaamheid, bedeesdheid en 'n sensitiwiteit vir dreigemente. Ander faktorpatrone wat kan voorkom is ingetoënheid in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag, afsydigheid, kilheid, ongeselligheid, geneigdheid om verbitterd te wees en sorgsaamheid. Faktor H- toon 'n verband met A- (terughoudendheid) wat daartoe kan lei dat hy nie deur die vroulike portuurgroep aanvaar word nie (postulaat 11).

In **faktor O+ (skuldgeneidheid)** het Jan die hoogste moontlike telling behaal wat gepaard kan gaan met vrees, selfverwyt, onveiligheid en bekommernis. Ander faktorpatrone wat kan voorkom, is terneergedruktheid, oorheersing deur buie, gevoeligheid vir andere se goedkeuring of afkeuring en eensaamheid (postulaat 1 en 10). Faktor O+ toon 'n verband met C- (egoswakheid).

Die hoë telling van **selfgenoegsaamheid (Q2+)** mag dui op vindingrykheid en eie besluitneming. Ander faktorpatrone wat kan voorkom, is introversie op skool, koppigheid en 'n ouer vriendekring wat sy relasiestigting met die positiewe portuurgroep nadelig beïnvloed, omdat sy belangstellings (soos die misbruik van drank saam met 'n

ouer portuurgroep) daartoe lei dat hy nie met die skoolportuur identifiseer nie (postulaat 11 en 12).

Die redelike lae telling van **gebrekkige selfsentiment (Q3)** kan moontlik dui op onbeheersdheid, laksheid, die neiging om eie drange te volg en die minagting van sosiale reëls (postulate 2 en 4).

Die redelike hoë telling van **Q4+ (hoë drangpeil)** kan op gespannenheid, gefrustreerdheid, gejaagdheid en prikkelbaarheid dui.

Vir die doel van dié studie word die **twee grootste tweede-orde faktore naamlik introversie en angs** bepaal. Volgens Van der Westhuizen (1980:125-126) kan angs by die indiwidu ook bepaal word na aanleiding van die volgende faktore waar Jan se tellinge langsaan verskyn:

-Q3:	(gebrekkige selfsentiment)	-	4
-C :	(gebrekkige ego-ontwikkeling)	-	2
+O :	(geneigdheid tot skuldgevoelens)	-	10
Q4+:	(hoë drangpeil)	-	7

Dit wil voorkom asof Jan wel angs beleef. Volgens die angskomponent (-Q3) kan sy angs verband hou met sosiale karakterstrukture en gewoontes. Skuldgeneigdheid (+O) hou verband met gevoelens van onwaardigheid, terneergedruktheid en skuld. In Freudiaanse terme suggereer die begrip dat angs ontstaan as gevolg van druk van die superego. Faktor +Q4 (hoë drangpeil) verteenwoordig die mate waarin angs opgewek word deur die druk van die id, dit wil sê deur opgewekte drange en onbevredigende (gefrustreerde) behoeftes. Die verband tussen 'n gebrekkige ego (-C) en angs kom neer op 'n onveilige ego wat tot baie verdedigingsmeganismes by die indiwidu kan lei (postulaat 1).

Uit 'n vergelyking tussen die HSPV- en EPI-resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

- Faktor +H blyk nie te korreleer met die HSPV tellinge nie. Met betrekking tot die HSPV het Jan 'n stien van twee behaal. Omdat faktor -H (skugterheid) in geheel gesien moet word saam met faktore +E (dominansie), +F (sorgvryheid) en -G (laer superego) is die verskil nie van wesenlike belang nie. Faktor H+ kom in die persoonlikheidstrekke wankontrole en behoedsaam van die EPI voor.

- 'n Veel ernstiger konflik word in Jan se EPI-telling met betrekking tot somberheid gevind. Dit wil voorkom asof Jan 'n veel hoër telling met betrekking tot somberheid moes behaal het omdat dit eerder verband hou met die HSPV se verbandhoudende faktore (-C, -H, +Q2 en +Q4). Dit wil voorkom asof Jan meer depressief is as wat hy voorgee om te wees (postulaat 1). Die hipotese hou ook verband met die hoë telling wat hy met betrekking tot faktor O+ (skuldgeneigdheid) van die HSPV. 'n Hoë telling in dié faktor kan ook op terneergedruktheid en gevoelens van onwaardigheid dui (postulaat 8).

- Die volgende kan as redes gegee word vir bogenoemde diskrepans: Jan kon moontlik met die beantwoording van die EPI die mees sosiaalaanvaarbare antwoord gekies het óf hy ontken moontlik sy depressiewe gevoelens.

5.2.4.3 Identifisering van Jan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die EPI en die HSPV

Jan se gesinsrelasies blyk ontoereikend te wees, veral sy relasiestigting met sy moeder. Dié relasie word gekenmerk deur wantroue, norsheid, vyandiggesindheid, opstandigheid en hardkoppigheid wat deur sy moeder as rebellering teenoor haar gesag beskou word (postulaat 3). Die situasie tuis word gevolglik gekenmerk deur rusies, met die gevolg dat Jan by sy vader op die plaas wil gaan woon (postulaat 3). Wat Jan se relasie met homself betref, blyk dit weereens dat hy oor 'n ontoereikende selfkonsep beskik wat die gevolg kan

wees van die hoë mate van skuldgeneigdheid wat hy openbaar (postulaat 10). Dit kan gepaard gaan met gevoelens van onveiligheid en bekommernis (postulaat 1).

Portuurrelasies blyk ook ontoereikend te wees en word benadeel deur sy indiwidualistiese houding en selfgenoegsaamheid. Indien hy met 'n portuurgroep identifiseer, sal dit met 'n portuurgroep wees wat ouer is as hy, as gevolg van sy selfgenoegsaamheid. Dié portuur mag moontlik negatief van aard wees as gevolg van Jan se neiging om sosiale reëls te minag en onbeheers op te tree. Aggressie teenoor positiewe portuurgroeplede kan manifesteer (postulaat 11 en 12).

5.2.5 Die TAT

5.2.5.1 TAT-protokolle

Jan se TAT-protokolle sien soos volg daaruit:

Kaart 1 (vioolkaart): "Die kleintjie het sy pa se viool op die tafel sien lê. Hy hoop hy sal hom leer om dit te speel." (20 sekondes).

Kommentaar: Die seuntjie se aandeel in dié kaart is passief omdat die viool nie bespeel word nie. Hy raak emosioneel by die passiewe handeling betrokke wanneer hy hoop dat sy vader hom dit sal leer bespeel. In die kort verhaaltjie realiseer die hoop nie en die seuntjie word gelaat met onbevredigende behoeftes. Dit wil voorkom asof hy deur sy vader verwerp word en of dié mag weier om hom te leer speel. Hieruit kan afgelei word dat Jan moontlik gevoelens van verwerping deur sy vader ervaar (postulaat 3). Dit wil ook voorkom asof daar nie altyd aan sy behoeftes binne die gesinsituasie voldoen word nie.

Kaart 3BM (frustrasie-kaart): "Dit lyk asof sy hartseer of kwaad is. Sy weet nie wat om te doen nie." (16 sekondes).

Kommentaar: Die meisie in die verhaaltjie is nie in staat tot self-handhawing nie want sy tree besluiteloos op. In die verhaaltjie blyk 'n afwesigheid van aggressiwiteit te wees. Die rewolwer wat op die kaart verskyn, word nie raakgesien nie wat mag dui op die onderdrukking van aggressiwiteit. Dit wil voorkom asof Jan hulpeloos (besluiteloos) en terneergedruk is en sy aggressie onderdruk (postulaat 1).

Kaart 6BM (moeder-seun-verhouding): "Dit lyk soos ma en seun. Hulle lyk hartseer. Dit lyk asof die vader dalk weg is, dood is of iets mee fout is. Hulle het nie 'n goeie verhouding nie want hulle kyk weg van mekaar af". (20 sekondes).

Kommentaar: Jan het die moeder-seun-verhouding raakgesien, maar het die vader in die verhaaltjie ingebring. Dit mag dui op 'n verlange na die vader. Die relasie tussen die moeder en seun is ontoereikend en dit wil voorkom asof hulle mekaar vermy. Hieruit kan afgelei word dat daar relasieprobleme tussen hom en sy moeder is as gevolg van kommunikasieprobleme (postulaat 3).

Terneergedruktheid kom ook in die verhaaltjie voor met betrekking tot die afwesige vader, asook 'n vaagheid oor sy doen en late. Dit mag dui op onsekerheid met betrekking tot die relasies van die seun en moeder met die vader. Depressiewe gevoelens kom gevolglik by Jan voor (postulaat 1).

Kaart 7 BM (vader-seun-verhouding): "Lyk soos 'n outjie en pa. Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen hulle. Dit lyk asof hulle gesels." (14 sekondes).

Kommentaar: Jan het die toereikende verhouding tussen die vader en seun raakgesien. Die afleiding kan gemaak word dat hy goed met sy vader kommunikeer.

Kaart 8 BM (direkte aggressie): "Lyk asof hulle in die bos was. Die ou na wie almal opsien, is raakgeskiet. Hulle probeer nou die koeël uithaal. Dit is 'n operasie in die bos". (20 sekondes).

Kommentaar: Dié kaart bied 'n gewelddadige toneel. Daar is geleentheid om aan te dui teenoor wie die aggressie bestaan en hoe dit hanteer word deur die interpretasie van wie geskiet en wie geopereer is. Die verhaaltjie speel af in die bos. Die feit dat die leier raakgeskiet is, en as leier aanvaar word, mag daarop dui dat Jan met sy portuurleiers identifiseer. Die feit dat die groep die operasie uitvoer, is 'n verdere aanduiding van hulpvaardigheid en samewerking tussen die groeplede. Dit lyk asof Jan goed met die portuur of groep saamwerk en selfs die groepleiers aanvaar. Die feit dat dié groep in die bos was, mag op 'n bepaalde groep dui maar hy meld nie in sy verhaaltjie wie die groep is nie, byvoorbeeld 'n groep weermagmanne. Dié groep met wie hy identifiseer, blyk avontuurlustig, moontlik aggressief en ouer as hy te wees. Dié faktore kan moontlik op 'n negatiewe portuur dui.

5.2.5.2 Jan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT

Jan se relasiestigting met sy **moeder** is ontoereikend. Hulle relasie met mekaar word daardeur gekenmerk dat hulle mekaar vermy, met die gevolg dat hulle nie oor hulle verskille en probleme kommunikeer nie. Kommunikasie met sy vader blyk meer toereikend te wees.

Jan se ontoereikende relasiestigting met sy **ouers** lei daartoe dat sy behoeftes nie bevredig word nie wat manifesteer in hulpeloosheid, onderdrukking van aggressie en terneergedruktheid. Hierdie manifestasies werk negatief op sy **selfkonsep** in (postulaat 1 en 10).

Wat Jan se **portuurrelasies** betref, het twee aspekte na vore gekom. Enersyds het hy goeie relasiestigting met manlike lede van die portuur wat gekenmerk word deur avontuurlustigheid en moontlike ag-

gressiewe gedragsmanifestasies. Hy identifiseer sterk met portuurleiers. Dié faktore kan bydra tot identifisering met 'n negatiewer portuur as gevolg van sy aggressiwiteit (postulaat 12). Andersyds ondervind hy ontoereikende relasiestigting met lede van die teenoorgestelde geslag wat uiters negatief inwerk op sy selfkonsep omdat dié ontoereikende relasie tot verdere onsekerheid by hom lei (postulaat 10).

5.2.6 ASKS

5.2.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal

Die resultate wat Jan op die selfkonsepskaal behaal het, word in TABEL 7 weergegee.

TABEL 7: Resultate van Jan se selfkonsepskaal.

Subtoetse met onderdele	Punt uit 6	Punt vir subtoets behaal	Maksimum totaal van subtoets	Probleem-areas
A: Fisieke self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 4 3	10	18	
B: Persoonlike self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 0 2 0	2	18	✓
C: Die self in verhouding met gesin en familie Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 3 2	8	18	✓
D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 3 2	5	18	✓
E: Die self in verhouding met waardes Identiteit Aanvaarding Gedrag	 1 3 1	4	18	✓
F: Selfkritiek	9	9	10	✓
TOTAAL		38	100	

Jan het 'n totale telling van 38 in dié toets behaal. Dit dui op 'n baie lae selfkonsep. Die ooreenstemmende stanege is een.

5.2.6.2 Bespreking van die resultate van die ASKS

Die subtoetse met onderafdelings word vervolgens bespreek:

A: Fisieke self

Identiteit: 3/6 - Omdat drie 'n baie gemiddelde telling is, kan 'n mens die afleiding maak dat Jan soms onaantreklik voel en onnet mag voorkom (postulaat 8).

Aanvaarding: 4/6 - Uit dié telling wat Jan behaal het, blyk dat hy redelik tevrede met sy gewig, voorkoms, lengte en liggaamsdele is.

Gedrag: 3/6 - Selfagting word weerspieël in wat gedoen word en hoe dit gedoen word, soos liggaamsversorging, veeleisende arbeid, lewenslus en genotsbelewing. Jan het 'n gemiddelde telling behaal. Hy kan kommervol en senuweeagtig in sekere situasies voorkom (postulaat 1 en 8).

B: Persoonlike self

Identiteit: 0/6 - Dit blyk dat Jan dit moeilik vind om homself in alle situasies te handhaaf. Impulsiwiteit, ontevredenheid met prestasies en 'n antagonistiese houding kan voorkom. 'n Onrealisties-negatiewe selfkonsep manifesteer (postulaat 10).

Aanvaarding: 3/6 - Jan is nie tevrede met sy persoon, sy onvriendelikheid teenoor andere en sy probleemoplossingsvaardighede nie (postulaat 8).

Gedrag: 2/6 - Dit wil voorkom asof Jan homself nie in alle situasies kan handhaaf nie en nie die gevolge van sy handelinge oorweeg nie (postulaat 4 en kyk afdeling 3.3.2.2).

C: Die self in verhouding met gesin en familie

Identiteit: 3/6 - Dié gemiddelde telling wys daarop dat Jan nie altyd deur sy gesin en familie aanvaar word nie. Hy betwyfel dalk die feit dat hulle hom in alle situasies sal bystaan (postulaat 3).

Aanvaarding: 3/6 - Die telling bewys dat Jan nie altyd trots op sy gesin en familie is nie. Die rede hiervoor kan sy ouers se egskeiding wees. Hy is nie tevrede met die onderlinge relasie tussen sy ouers nie (postulaat 3).

Gedrag: 2/6 - Die lae telling dui op 'n probleemarea in sy selfkonsep. Gesinsrelasies is ontoereikend. Die gevolg is 'n onrealisties-negatiewe of lae selfkonsep. Hy kan onregverdig teenoor gesinslede optree (postulaat 10 en kyk afdeling 3.4.2.4).

D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap

Identiteit: 1/6 - Jan ken homself as iemand wat onvriendelik teenoor andere is. Hy beleef homself as ongewild by die teenoorgestelde geslag en voel dat andere moeilik met hom maats maak (postulaat 11).

Aanvaarding: 3/6 - Dié telling wat Jan behaal het, wys daarop dat hy nie altyd sy sosiale self aanvaar nie. Aanduidinge daarvan is dat hy wens dat hy nie so selfbewus of teruggetrokke is nie (postulaat 8).

Gedrag: 1/6 - Dit wil voorkom asof Jan sy sosiale self verwerp omdat hy moeilik vriende maak, selfbewus in die teenwoordigheid van andere voel en dit moeilik vind om gesprekke met vreemdes aan te knoop (postulaat 8).

E: Die self in verhouding met waardes

Identiteit: 1/6 - Uit dié lae telling kan afgelei word dat Jan nie op 'n positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes identifiseer nie (postulaat 4).

Aanvaarding: 1/6 - Dié lae telling dui daarop dat Jan nie verantwoordelikheid vir andere wat hulp nodig het, aanvaar nie. Hy mag soms oneerlik optree (postulaat 4).

Gedrag: 2/6 - Jan identifiseer nie met positiewe gedragswyses nie. Dit blyk hieruit dat hy nie altyd weet wat reg of verkeerd is nie, veral as dit kom by aggressiewe gedragsmanifestasies. 'n Rede hiervoor kan die verskillende dissiplinêre maatreëls wees wat sy ouers op hom toepas (postulaat 4).

F: Selfkritiek: 9/10 - Jan blyk krities teenoor homself te wees en is gevolglik op die verdediging (postulaat 8).

5.2.6.3 Relasies met gesin, die self en die portuur soos afgelei uit die ASKS

Uit die ASKS kom dit voor asof Jan oor 'n lae selfkonsep beskik wat minderwaardigheidsgevoelens en ontevredenheid met betrekking tot sy norsheid, prestasies, ontoereikende relasies met die teenoorgestelde geslag, selfbewustheid, teruggetrokkenheid en ongewildheid by maats van sy ouderdom manifesteer (postulaat 10, 8 en 11).

Daar kan aanvaar word dat Jan homself nie aanvaar nie (postulaat 8). Die selfverwerping of lae selfagting word moontlik deur sy gesinsrelasies veroorsaak. Hy voel tans dat hy deur sy ouers verwerp word (postulaat 3). Dit kan lei tot relasieprobleme met die teenoorgestelde geslag en portuur (postulaat 11). Verwerping en lae selfagting het ook duidelik uit die sinsvoltooiingsmedium en TAT-resultate na vore gekom. Uit die TAT het dit na vore gekom dat hy wel goeie relasies met die portuur het. Die aard van die portuur kan bevraagteken word omdat Jan min waarde heg aan sedelike en religieuse waardes (postulaat 4 en 12). Identifikasie met positiewe gedragswyses kom nie altyd voor nie. Impulsiwiteit kan 'n verdere bydrae lewer tot negatiewe gedragsmanifestasies, onder andere aggressie.

'n Samevattende persoonsbeeld word vervolgens bespreek.

5.2.7 Samevattende persoonsbeeld

Vir die doel van dié studie word Jan se samevattende persoonsbeeld in drie komponente verdeel, naamlik relasie met gesin, die self en portuur.

5.2.7.1 Relasie met gesin

Uit die menstekening is daar afgelei dat Jan sy opvoedingsituasie as problematies beleef (postulaat 3). Omdat sy ouers geskei is, woon hy by sy moeder. Hy ervaar 'n intense begeerte om by sy vader op die plaas te woon. Twee belangrike redes kan hiervoor aangegee word. Ten eerste identifiseer hy baie goed met die plaaslewe en tweedens dissiplineer sy vader hom glad nie (postulaat 5). Die gevolg is dat hy nie goed met sy moeder oor die weg kom nie, omdat sy hom op 'n outokratiese wyse probeer dissiplineer en hom nie toelaat om te doen wat hy wil nie (postulaat 5 en 6).

Die TAT-resultate het verder lig gewerp op Jan se relasies met sy ouers en tussen sy ouers onderling. Hieruit blyk dat daar moontlik nie aan al sy behoeftes voldoen word nie, met die gevolg dat hy frustrasies ervaar wat in auto-erotisme manifesteer (postulaat 1). Alhoewel hy baie na sy vader verlang, voel hy soms asof hy deur sy vader verwerp word wat in verband met sy ouers se egskeiding gebring kan word (postulaat 3). Resultate uit die gesinstekening en sinsvoltooiingsmedium toon 'n noue verband met dié vermoede.

Uit die TAT is verder afgelei dat daar nie 'n goeie relasie tussen sy ouers bestaan nie. Alhoewel geskei, probeer die ouers mekaar vermy en gee nie werklik uitdrukking aan hulle gevoelens teenoor mekaar nie (postulaat 3).

Dié negatiewe houding tussen hulle het 'n baie nadelige invloed op Jan. Uit die selfkonseptoets is afgelei dat hy eintlik voel hy word deur sy ouers verwerp (postulaat 3). Hierdie verwerpingsgevoelens mag daartoe lei dat hy onregverdig teenoor sy gesinslede mag optree

en nie op hulle trots voel nie. 'n Verdere effek van dié negatiewe houding tussen sy ouers kan gesien word in Jan se lae selfkonsep wat duidelik uit sy menstekening, gesinstekening, selfkonseptoets, persoonlikheidstoetse en sinsvoltooiingsmedium na vore gekom het (postulaat 8 en 10). Uit die selfkonseptoets is afgelei dat hy nie kan onderskei tussen reg en verkeerd nie. Dit kan ook 'n gevolg wees van konflik tussen sy ouers, veral met betrekking tot die toepassing van dissipline (postulaat 4 en 5). Ontoereikende relasiestigting met sy ouers en tussen sy ouers onderling dra by tot die vorming van 'n negatiewe en diffuse identiteit wat uiters ontoereikend inwerk op sy selfkonsep en portuurrelasies, omdat positiewe identifisering met sy ouers as rolmodelle ontoereikend is (postulaat 10 en 9).

5.2.7.2 Relasie met die self

Vir die doel van dié studie is Jan se aggressiewe gedragsmanifestasies van belang. In een van sy sinsvoltooiingsmediumresponse het hy gemeld dat hy **self-vernietigende gedrag** openbaar wanneer hy bedreigd en gefrustreerd voel (postulaat 1). Uit die TAT en menstekening is afgelei dat hy sy aggressie onderdruk. Hy leef sy aggressie nie uit nie, maar rig dit eerder teenoor homself. Sy aggressiewe gedragsmanifestasies kan ook manifesteer in sy impulsiwiteit, koppigheid, avontuurlustigheid, bakleierigheid en frustrasies wat uit die EPI, sinsvoltooiingsmedium en HSPV na vore gekom het.

'n Onrealisties-negatiewe selfkonsep manifesteer omdat Jan homself nie kan aanvaar nie (postulaat 10). Hy evalueer homself negatief. Uit die menstekening, gesinstekening en selfkonseptoets is afgelei dat hy aan gevoelens van minderwaardigheid lei (postulaat 8). Die effek van dié minderwaardigheidsgevoelens kan duidelik gesien word in sy menstekening, HSPV-resultate en selfkonseptoets. Hy kom skaam, teruggetrokke en selfbewus voor, maar aanvaar nie hierdie karaktereienskappe nie (postulaat 10). Die gevolge hiervan kan wees dat hy homself nie kan handhaaf nie en soms onverskillig, ligsin-

nig, hard, ontoegeeflik, onsentimenteel en aggressief optree. Dié karaktereienskappe het veral uit die HSPV-resultate na vore gekom.

Een van die ernstige konflikte wat Jan ervaar, is die feit dat hy voorgee dat hy nie depressief is nie. Gevoelens van terneergedruktheid het duidelik na vore gekom uit die TAT en HSPV. Dit gaan gepaard met skuldgevoelens. Sy skuldgeneigdheid kan veroorsaak word deur skuldgevoelens met betrekking tot aggressiewe gedragsmanifestasies, die feit dat sy ouers geskei is en die feit dat hy homself nie aanvaar nie (postulaat 3 en 8). Dié faktore dra by tot die vorming van 'n onrealisties-negatiewe selfkonsep. Aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor positiewe portuurlede kan moontlik sy selfkonsep versterk, met die gevolg dat 'n onrealisties-positiewe selfkonsep by tye manifesteer (postulaat 10 en kyk afdeling 3.4.2.4).

5.2.7.3 Relasie met die portuur

Uit die TAT-protokolle en sinsvoltooiing het veral twee aspekte van sy relasies met die portuur na vore gekom. In die eerste plek blyk dat hy relasieprobleme met meisies ondervind. Verlief op 'n bepaalde meisie wat nie sy liefde beantwoord nie, ervaar hy gevoelens van verwerping. Hy voel veral selfbewus en skaam in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag wat vir hom probleme met hulle veroorsaak (postulaat 11 en 8).

Tweedens blyk Jan soms goeie relasies met die portuur te hê. Daar blyk goeie samewerking tussen portuurgroeplede te wees. Sy relasies met die portuur kan nadelig beïnvloed word deur sy wantroue in andere, afsydigheid, norsheid en teruggetrokkenheid. Dié karaktereienskappe het uit die EPI en HSPV na vore gekom.

Die aard van die portuurgroep waaraan Jan behoort, kan beïnvloed word deur sy avontuurlustigheid (EPI), koppigheid in die skoolsituasie en die minagting van sosiale reëls (HSPV), die feit dat hy nie op 'n positiewe sosiale wyse met sedelike en religieuse waardes

identifiseer nie (selfkonseptoets), bakleierigheid en aggressiwiteit (EPI) en 'n negatiewe houding jeens skoolwerk, skoolreëls en onderwysers (sinsvoltooiing en postulaat 2 en 4). Die portuurgroep waaraan hy behoort neig om meer negatief van aard te wees wat tot ernstige probleme met gesagsfigure kan lei, met die gevolg dat hy aggressief teenoor hulle kan optree (postulaat 12).

5.3 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE B (Stiaan, 15 jaar oud, standerd 7)

5.3.1 Eerste onderhoud

Uit die eerste onderhoud kom die volgende indrukke na vore:

Stiaan is klein en fyngebou. Hy skep die indruk van iemand wat baie ongelukkig is. Sy ouers is geskei en hy bly by sy vader, stiefmoeder, stiefbroer en suster. Hy is lief vir sy stiefbroer, maar kom glad nie goed met sy stiefmoeder oor die weg nie. Hy wil ook veel meer tyd saam met sy vader spandeer, maar sy vader se besigheidskedule maak dit feitlik onmoontlik (postulaat 3).

Sy ouers kla dat hulle geen gesag oor hom het nie (postulaat 5) en dat hy sterk drank saam met sy vriende gebruik (postulaat 12). Dit wil op dié stadium voorkom asof Stiaan sy aggressie op sy ouers uithaal deur hulle gesag te verwerp.

Dit is nodig om Stiaan se relasies met homself, sy ouers en portuur te verken. Dieselfde media wat in geval A toegepas is, is ook op Stiaan toegepas.

5.3.2 Tekeninge

5.3.2.1 Die menstekening

Die waarnemings uit die menstekening (kyk bylae B:1) deur Stiaan word in TABEL 8 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 8: Waarnemings uit die menstekening van Stiaan.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Tekening in middel van folio	Onbuigsaamheid, spanning, onsekerheid, stroefheid tot interpersoonlike relasies
2. Het aanhoudend uitgevee wat tot verbetering gelei het	Oorversigtigheid, affektiewe labiliteit Bereidheid tot distansiëring tot gnosties-kognitiewe vlak
3. Neem baie tyd vir tekening	Perfeksionisme
4. Lang, breë figuur	Problematiese op-voedingsituasie Spanning en aggressie
5. Groot figuur Prominente neusgate, tande, dreigende en donker oë, skerppuntige vingers	**Aggressie**
6. Skerppuntige vingers	Openlike aggressie
7. Lang, breë figuur, baie spiere, hare en klein voete	Ontoereikendheid
8. Stereotipe karakter (liggaamsbou)	Ontoereikendheidsgevoelens, veral tot sy eie liggaam
9. Groot figuur in middel van folio	Fantaseer dat hy groot en sterk is

Uit dié waarnemings en moontlike interpretasies kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot Stiaan se aggressiwiteit en sy relasiestigting met sy gesin, die self en die portuur.

Aggressiwiteit kom duidelik na vore uit sy groot figuur met die prominente neusgate, tande, dreigende en donker oë, asook skerppuntige vingers. Die aggressiwiteit gaan gepaard met spanning wat in angs kan manifesteer (postulaat 1).

Sy relasiestigting met sy gesin kan moontlik ontoereikend wees as gevolg van die feit dat hy sy opvoedingsituasie, wat moontlik gekenmerk word deur onbuigsaamheid en spanning, as problematies beskou (postulaat 3). Dit lei tot onsekerheid by hom wat in 'n ontoe-

reikende selfkonsep, veral met betrekking tot sy eie liggaam kan manifesteer (postulaat 8). Geen afleidings met betrekking tot sy relasies met die portuur kon uit die menstekening gemaak word nie.

5.3.2.2 Die gesinstekening

Stiaan het die gesin saam met wie hy tans woon geteken, wat uit vyf mense bestaan, te wete sy klein boetie, suster, vader, stiefmoeder, wat swanger is met haar tweede kind by Stiaan se vader, en homself.

Die waarnemings uit die gesinstekening (kyk bylae B:1:1) van Stiaan word in TABEL 9 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 9: Waarnemings uit gesinstekening van Stiaan.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Figure baie na aan mekaar en raak op een of ander wyse aan mekaar.	Goeie interaksie en kohesie tussen gesinslede bestaan.
2. Gesin is baie realisties geteken. Selfs sy stiefmoeder se swangerskap is aangedui.	Aanvaar die swangerskap en dalk selfs die ongebore baba.
3. Sy eie figuur is tussen sy vader en eie suster geplaas.	Goeie identifikasie met hulle. Begeerte op kontak met sy vader.
4. Groot figure	**Aggressie**
5. Verskeie ooreenkomste tussen figure, nl. donker, dreigende oë, prominente tande.	**Aggressiwiteit** in die gesinsituasie.
6. Knope op kleding by al die figure.	Gevoelens van afhanklikheid, infantiliteit en ontoereikendheid.
7. Stiefmoeder se kleding is sonder knope.	As gevolg van haar kleredrag met swangerskap. Kan ook wees dat hy nie met haar identifiseer nie.

Uit die gesinstekening kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot Stiaan se relasiestigting en aggressiwiteit gemaak word:

Stiaan smag na meer kontak met sy **vader** wat dui op moontlike ontoereikende relasies tussen hom en sy vader (postulaat 3). Die feit dat die figure so groot en dreigend geteken is, mag moontlik dui op aggressiwiteit tussen gesinslede (postulaat 3 en 7).

Die ontoereikende **gesinsrelasies** manifesteer in gevoelens van afhanklikheid en ontoereikendheid (postulaat 10 en 8).

5.3.3 Die sinsvoltooiingsmedium

Stiaan se sinsvoltooiingsprotokolle (kyk bylae B:2) kan soos volg in tabelvorm ingedeel word:

TABEL 10: Waarnemings uit sinsvoltooiingsprotokolle van Stiaan. (Die nommer dui die sinnommer aan, terwyl P of N die positiewe of negatiewe aard van die sin aandui).

Aggressie	Relasie met gesin	Relasie met self	Relasie met portuur
14 nie bakleierig P	6 suster P	5 positief oor toekoms P	2 goeie relasie P
32 nie bakleierig P	7 suster P	8 sportief P	11 klasmaats P
	12 biologiese moeder P	17 introvert P	15 vriendinne P
	16 biologiese moeder P		37 vriendinne P
	19 suster P		
	23 biologiese moeder P		
	24 broer P		
	28 vader N		
	31 moeder P		
	36 vader P		
	40 moeder en suster N		
	44 stiefmoeder N		
	50 vader N		
	53 vader N		
	54 moeder P		

Die **ondertoon** van Stiaan se sinne is meestal positief. Waar negatiewe ondertone wel voorkom, is sy stiefmoeder meestal ter sprake waaruit 'n mens kan aflei dat hy nie 'n goeie relasie met haar het nie (postulaat 3).

Uit sy sinsvoltooiingsprotokolle kan die volgende afleidings gemaak word:

- Hy herhaal vanjaar standerd sewe. Hy het besluit om vanjaar harder te werk en identifiseer op 'n meer positiewe wyse met skoolwerk.
- Hy blyk van sport te hou: om motorfietse te ry en om by 'n gimnasium te gaan oefen. Dié begeerte het ook duidelik uit sy groot menstekening na vore gekom.

Uit die tabel kan die volgende afleidings met betrekking tot Stiaan se relasies met sy gesin, die self en die portuur gemaak word:

Uit sy response blyk dit tog dat hy 'n goeie relasie met sy suster en stiefbroer het (sin nr. 6, 7, 19 en 40). Ten spyte van dié goeie relasies het hy 'n intense begeerte om by sy biologiese moeder te bly (sin nr. 12 en 23). Die rede vir dié ongelukkigheid is moontlik te wyte aan relasieprobleme met sy stiefmoeder (sin nr. 44) en dat sy vader nie genoeg tyd saam met hom spandeer nie (postulaat 3 en sin nr. 34 en 50).

Dit wil voorkom asof Stiaan 'n introvert is (sin nr. 17). Ten spyte hiervan het hy goeie relasies met sy maats (sin nr. 2). Sy vriendekring sluit lede van beide geslagte in (sin nr. 3, 11, 15 en 37). Hy kom sportief voor en sy begeertes kom ooreen met dié van sy portuur (sin nr. 23).

Net soos in die geval van sy menstekening, blyk hy nie sy liggaam te aanvaar nie, maar weet hoe om dit te verbeter (postulaat 8 en sin nr. 8). Wat sy aggressie betref, sal hy homself maklik verdedig alhoewel hy 'n groot mate van selfbeheer openbaar (sin nr. 14 en 32).

5.3.4 Persoonlikheidstoetse

5.3.4.1 Die EPI

Die verskillende persoonlikheidstrekke, soos uit die EPI (kyk bylae B:3:1) na vore kom, word in TABEL 11 weergegee.

TABEL 11: Waarnemings uit EPI van Stiaan.

Dimensies	Roupunt	Persentiel
1. Gehoorsaam	6	4
2. Wankontrole	11	44
3. Behoedsaam	17	68
4. Somber	6	54
5. Wantrouig	12	64
6. Beheersd	31	99
7. Aggressief	8	47
8. Sosiaal	6	8
9. Vooroordeel	27	19

Die uitvalle word vervolgens bespreek:

Gehoorsaam: 4 - Dié lae telling wat Stiaan behaal het, dui op die neiging om dinge nie te aanvaar nie, wantroue in andere en ongehoorsaamheid wat deur outoritêre figure as 'n rebellering teenoor hulle gesag beskou kan word (postulaat 3 en 5).

Behoedsaam: 68 - Alhoewel die telling nie hoog is nie, neig dit tog na 'n hoë telling. Kenmerke van dié dimensie is versigtigheid, angstigheid en bekommernis dat hy in die moeilikheid kan kom. In een van die sinsvoltooiingsresponse het Stiaan ook gemeld dat hy nie maklik iets by die skool sal doen wat hom in die moeilikheid kan laat beland nie (postulaat 1).

Wantrouig: 64 - Ook dié telling neig meer na die bo-gemiddelde. 'n Neiging tot koppigheid, fyngevoeligheid en sarkasme kan voorkom. 'n Kritiese houding en vyandigheid is kenmerke van dié dimensie.

Beheersd: 99 - Hier is 'n baie hoë telling behaal wat daarop dui dat Stiaan sy omgewing wil leer ken en wil leer hoe om dit te hanteer. Hy het die neiging om sy lewenswyse te organiseer, maar het

'n behoefte aan sosiale kontak en poog om goed georganiseerd te wees. Hy blyk oor goeie selfbeheer te beskik. Dié faktor het ook uit die sinsvoltooiingsmedium na vore gekom.

Sosiaal: 8 - Dié lae telling dui op 'n neiging om anti-sosiaal, onvriendelik en introspektief te wees (postulaat 8).

Vooroordeel: 19 - Dié lae telling kan 'n aanduiding wees dat Stiaan geneig is om homself op 'n sosiaal-onaanvaarbare wyse te beskryf. Dit korreleer met die bevindinge uit die menstekening dat hy sy liggaam byvoorbeeld nie aanvaar nie. Dit mag wees dat hy 'n lae selfkonsep het as gevolg van hierdie minderwaardigheidsgevoelens (postulaat 8 en 10).

5.3.4.2 Die HSPV

Die verskillende persoonlikheidstrekke soos uit die HSPV (kyk bylae B:3:2) na vore kom, word in TABEL 12 weergegee.

TABEL 12: Waarnemings uit HSPV van Stiaan.

FAKTOR	BESKRYWING	STIEN
A	Terughoudendheid	5
B	Lae Intelligensie	4
+C	Hoë Egosterke	7
D	Terughoudendheid	6
+E	Dominansie	9
+F	Sorgvryheid	7
+G	Hoër Superegosterkte	7
+H	Vrypostigheid	7
-I	Ontoegeeflikheid	3
J	Lewenslustigheid	5
O	Selfversekerdheid	6
Q2	Groepafhanklikheid	4
Q3	Gebrekkige Selfsentiment	5
Q4	Lae drangpeil	4

Die uitvalle (stiene van 1-3 en 8-10) word vervolgens bespreek. Ter wille van volledigheid word faktore waarin stiene van 4 of 7 behaal is, ook bespreek.

Die hoë gemiddelde telling van **egosterkte (+C)** kan 'n aanduiding wees dat hy emosioneel stabiel, volwasse en kalm van geaardheid is. Dit dui daarop dat hy by situasies kan aanpas en selfbeheersing aan die dag kan lê om probleme te voorkom. Faktor +C toon 'n hoë korrelasie met +G waar Stiaan ook 'n stien van 7 behaal het.

Die hoë gemiddelde telling by **superegosterkte (+G)** kan 'n aanduiding wees van pligsgetrouheid, volharding en moraliteit. Dit toon 'n kontras met wat hy in die sinsvoltooiingsmedium gemeld het dat hy nie van reëls en regulasies hou nie omdat dit te streng is. Dit kan dus bevraagteken word of hy wel morele standaarde en reëls in ag neem (postulaat 4). Dit kan wees dat hy homself as goed wou voordoen.

Met betrekking tot die **dominansiefaktor (+E)** het Stiaan 'n hoë telling. Die karaktereienskappe wat met faktor +E in verband gebring word, is selfgeding, aggressie, koppigheid, onafhanklikheid, vyandigheid en opstandigheid. Die eienskappe korreleer met bevindinge ten opsigte van die menstekening. Faktor +E toon 'n verband met faktore -A (terughoudendheid), +F (sorgvryheid) en -I (ontoegeeflikheid). Met betrekking tot faktor A het Stiaan 'n lae gemiddelde telling behaal. Ingetoëndheid, afgetrokkenheid, kritiese houding, afsydigheid en onbuigsaamheid kan by hom voorkom. Dit is egter binne die normale perke.

'n Hoë gemiddelde telling van **sorgvryheid (+F)** is behaal. Eienskappe van dié faktor is geesdriftigheid, onverskilligheid, openhartigheid, impulsiwiteit, lewendigheid en wakkerheid. Dit dui daarop dat Stiaan nie maklik bang word nie en toon 'n korrelasie met een van sy sinsvoltooiingsresponse wat ook laat blyk dat hy nie bang is nie en homself sal verdedig indien hy moet. Faktor +F toon 'n verband met +H (vrypostigheid) waarin ook 'n hoë gemiddelde telling behaal is.

Vrypostigheid (+H) verwys veral na sosiale vrypostigheid. Kenmerke hiervan is waaghalsigheid, vrymoedigheid, ongebondenheid en impulsiwiteit. Hy kan ook daartoe neig om 'n openlike belangstelling in die teenoorgestelde geslag te toon. Kunssinnigheid en emosionele belangstellings is moontlik. Dié faktore korreleer met bevindinge uit die menstekening en sinsvoltooiingsmedium.

'n Lae telling is by **ontoegeeflikheid (-I)** behaal. Dit kan dui op hardheid, onsentimentaliteit, selfstandigheid en die neiging om min van die lewe te verwag. Lae tellings op I kan op onnatuurlikheid dui. Dit wil voorkom asof Stiaan moontlik die vraelys nie heeltemal eerlik beantwoord het nie. Dieselfde aanname geld vir faktor +G (hoër superegosterkte).

Stiaan het in **faktor Q2 (groepafhanklikheid)** 'n lae gemiddelde telling behaal wat daarop dui dat hy 'n lid van 'n groep kan wees. Dit korreleer met bevindinge uit die sinsvoltooiingsmedium dat hy vriende het en met hulle identifiseer. Sy portuurrelasies blyk goed te wees.

Rustigheid, traagheid, ontspannenheid en kalmte is kenmerke van 'n **lae drangpeil (Q4)**. Dit dui daarop dat Stiaan tog kalm en bedaard is.

5.3.4.3 Identifisering van Stiaan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die EPI en die HSPV

Stiaan se ontoereikende **relasie met sy stiefmoeder** kan te wyte wees aan sy wantroue in andere en ongehoorsaamheid wat uit die EPI na vore gekom het. Dié ontoereikende relasie het tot gevolg dat hy baie angs ervaar omdat hy sy ware gevoelens onderdruk (postulaat 1). Hy weet nie of hy sy werklike gesinsituasie moet aanvaar of verwerp nie, met die gevolg dat hy sy aggressiwiteit, onverskilligheid, impulsiwiteit en waaghalsigheid onderdruk (postulaat 1).

Stiaan se relasie met **die self** blyk ontoereikend te wees as gevolg van sy onsekerheidsgevoelens. Die lae telling van die HSPV op I- dui daarop dat hy onnatuurlik optree, met ander woorde, nie werklik homself uitleef en homself aanvaar nie (postulaat 8 en 10).

Stiaan se **portuurrelasies** blyk toereikend te wees, alhoewel hy meer neig om 'n introvert te wees. Sy relasiestigting met die teenoorgestelde geslag is gunstig, terwyl sy groepafhanklikheid daarop dui dat hy goed met sy portuur identifiseer. Kommer bestaan egter oor die aard van dié portuur. Alhoewel hy 'n hoë mate van selfbeheer openbaar en dit veroorsaak dat hy nie maklik by portuurgroepaktiwiteite betrokke sal raak wat hom in die moeilikheid kan laat beland nie, korreleer dié faktor van die EPI nie met die ooreenstemmende HSPV-faktor nie (postulaat 12).

Die kombinasie van die twee dimensies, **hoë behoedsaamheid en hoë kontrole**, dui op angs (Plutchik & Kellerman 1974:9 en postulaat 1). Dit blyk uit die EPI en die HSPV dat Stiaan sy aggressie uitleef deur 'n negatiewe houding teenoor andere. Dié negatiewe houding gaan gepaard met ongehoorsaamheid tuis, 'n kritiese houding teenoor reëls (tuis en by die skool), asosiale verkeer en onvriendelikheid (postulaat 3). Die feit dat hy altyd probeer om homself te beheer en nie sy aggressie uitleef nie, lei daartoe dat hy baie angs ervaar. Die menstekening toon dat hy openlik aggressief is, terwyl die EPI daarenteen aandui dat hy oor 'n baie hoë mate van selfbeheer beskik. Passiewe aggressie manifesteer dus (postulaat 1 en kyk afdeling 2.2.3.3).

In 'n vergelyking tussen die EPI en HSPV-resultate blyk dat vele konflikte voorkom, soos byvoorbeeld gehoorsaamheid en beheersdheid wat in aggressie kan manifesteer.

Gehoorsaamheid - Volgens die EPI is Stiaan geneig om dinge nie te aanvaar nie en kan hy ongehoorsaam en krities wees (postulaat 3). Die ooreenstemmende faktore van die HSPV is -A, -C, -H en Q2. Uit

dié resultate blyk dat faktore +H (vrypostigheid), +C (hoë egosterkte) en Q2 (groepafhanklikheid) nie met die EPI-resultate ooreenstem nie. Voordat die konflik bespreek word, moet gemeld word dat hy met betrekking tot +C en +H hoë gemiddelde tellinge en met betrekking tot Q2 'n lae gemiddelde telling behaal het. Die konflik kan hoogstens as 'n neiging tot konflik beskou word. Dit wil voorkom asof hy ongehoorsamer en meer afhanklik is as wat hy voorgee om te wees. Miskien wil hy nie sy ware gevoelens wys nie of verkeer hy in 'n konflik om sy werklike situasie te aanvaar of te verwerp. Hy mag nie werklik sy huislike omstandighede en selfs die skoolsituasie aanvaar nie (postulaat 3). 'n Antagonistiese houding manifesteer.

Beheersdheid - Stiaan het 'n baie hoë telling in selfbeheersing in die EPI behaal wat nie met die ooreenstemmende faktore (-E, -F en -H) van die HSPV korreleer nie. Dit mag daarop dui dat hy eerder geneig is om op 'n dag tot dag basis te leef en eintlik oor min selfkontrole en selfbeheersing beskik. Dit wil weer eens voorkom asof hy sy ware gevoelens onderdruk en passiewe aggressie manifesteer. Dalk wou hy homself beter voorstel as wat hy werklik is (postulaat 8).

Dit is nodig om Stiaan se innerlike konflikte en werklike aard van relasies met veral sy gesinslede beter te verken. Die TAT mag lig op dié saak werp.

5.3.5 Die TAT

5.3.5.1 TAT-protokolle

Stiaan se TAT-protokolle sien soos volg daaruit:

Kaart 1 (Vioolkaart): "Die outjie lyk nie baie lus vir die viool nie. Dit lyk asof hy gedwing word om dit te speel anders sou hy dit lankal gelos het." (17 sekondes).

Kommentaar: Die karakter in die verhaaltjie se rol is passief. Hy distansieer homself eintlik van die vioolspelery deur dit as 'n gedwonge aktiwiteit te beskou. Hieruit kan afgelei word dat Stiaan 'n negatiewe houding teenoor outoritêre figure (diegene wat hom dwing om aan bepaalde aktiwiteite deel te neem) kan hê (postulaat 5). Die afleiding kan verder gemaak word dat hy moontlik 'n vrees vir sy ouers kan hê, daarom dat hy aanhou met die aktiwiteit al hou hy nie daarvan nie. Die gevolge kan wees dat hy sy ware gevoelens onderdruk en moontlik straf mag vrees (postulaat 7).

Kaart 3BM (Frustrasiekaart): "Daar is 'n vrou en haar seun op die toneel. Hulle lyk baie ongelukkig." Hy sien dan die geweer raak. "Dié persoon het aan selfmoord gedink." (16 sekondes).

Kommentaar: Ongelukkigheid tussen moeder en seun kan te wyte wees aan die feit dat een van die twee moontlik wou selfmoord pleeg. Die verhaaltjie word gekenmerk deur depressiewe gevoelens. Hieruit kan afgelei word dat Stiaan moontlik depressief is en dalk al selfs aan selfmoord as 'n uitweg gedink het (postulaat 1).

Kaart 6BM (Moeder-seunverhouding): "Die ou lyk bekommerd. Hy wil vir sy ma iets vertel - dat hy sy werk verloor het". (10 sekondes).

Kommentaar: Stiaan het die relasie tussen moeder en seun raakgesien. Daar blyk 'n positiewe relasie tussen hulle te bestaan want hy neem sy moeder in sy vertroue. Hieruit kan afgelei word dat hy moontlik 'n goeie vertrouensverhouding met sy biologiese moeder het (ook afgelei uit 'n mededeling aan die terapeut). Dié aspek het ook uit die sinsvoltooiingsmedium na vore gekom.

Kaart 7BM (Vader-seunrelasie): "Die pa gaan vir sy seun 'n lesing gee. Die seun is nie baie gelukkig hieroor nie. Die vader is nie tevrede met sy seun se optrede nie want hy wil nie leer nie en hy gooi die familie se naam weg." (18 sekondes).

Kommentaar: Stiaan sien die verhouding tussen dié vader en seun raak. Die relasie is negatief van aard. Die vader verwerp die seun omdat hy nie wil leer nie en dinge doen wat die familie se naam benadeel (postulaat 3). Dit is opmerklik dat die vader die seun nie fisiek straf nie, maar hom eerder verwerp (postulaat 5). Hieruit kan afgelei word dat hy moontlik voel hy word deur sy vader verwerp omdat hy 'n jaar gedruip het en moontlik by bedrywighede betrokke is wat nie deur sy vader goedgekeur word nie. Sy vader mag dié aktiwiteite (soos byvoorbeeld drankmisbruik saam met vriende, soos afgelei uit die eerste onderhoud) beskou as die verwerping van sy gesag (postulaat 12).

Kaart 8BM (Direkte aggressie): ...(12"). "Die seun het sy ma geskiet. Dit lyk nie of hy omgee nie. Die dokters kyk of hulle haar miskien kan help. Hy het haar geskiet want sy het hom aanhoudend kwaad gemaak." (20 sekondes).

Kommentaar: Stiaan gee hier moontlik aanduidinge van hoe hy oor sy stiefmoeder voel. Sy haat mag so erg wees dat hy haar selfs dood wens. Sy aggressie is teenoor haar gerig omdat sy woede-reaksies by hom ontlok (postulaat 3). Dit wil verder voorkom asof hy nie eintlik omgee wat van sy stiefmoeder sal word nie. Op dié vraag waarom hy sy stiefmoeder so haat, het hy geantwoord dat sy baie streng is en hom perfek probeer kry (postulaat 6). Dit verklaar sy negatiewe houding teenoor reëls en die verwerping van sy ouers en veral sy stiefmoeder se gesag, omdat sy hom nie aanvaar soos hy is nie (postulaat 3, 6 en 8).

Kaart 4 (Man-vrourelasie): "Die man is kwaad vir die vrou. Hy wil loop, maar die vrou probeer keer. Die paartjie het huweliksprobleme. Sy is lief vir hom en wil hom nie verloor nie." (17 sekondes).

Kommentaar: Dit is nie duidelik of dié relasie verwys na Stiaan se vader se relasie met sy tweede of eerste vrou nie. Wat wel van be-

lang is, is die feit dat die paartjie huweliksprobleme ondervind en dat hy in sy onderbewussyn baie bewus hiervan is (postulaat 3).

Kaart 13MF (Verwerping van die vrou): ...(12"). "Die man voel jammer vir homself. Hy het met die vrou getrou, maar is nie lief vir haar nie." (10 sekondes).

Kommentaar: Die man verwerp sy vrou en ondervind selfs skuldgevoelens met betrekking tot die vrou met wie hy getroud is. Dit kan moontlik 'n aanduiding wees van hoe Stiaan sy vader en stiefmoeder se huweliksverhouding sien (postulaat 3).

Dié huweliksrelasie kan ook dui op die relasie tussen Stiaan se vader en sy eerste vrou. Dit kon 'n liefdelose huwelik gewees het, waar die man sy vrou verwerp. Dit kan daarop neerkom dat hy dalk geweet het sy vader is nie werklik vir sy moeder lief nie.

5.3.5.2 Stiaan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT

Uit die TAT-protokolle kan afgelei word dat Stiaan sy emosies onderdruk. Hy beleef frustrasies en depressie omdat hy nie sy gevoelens, veral aggressiwiteit uitleef nie (postulaat 1). Sy aggressie is vermoedelik teenoor sy stiefmoeder gerig en hy kom daarom in opstand teen haar gesag (postulaat 5 en 6).

Dit blyk dat Stiaan se relasie met sy vader moontlik nie na wense is nie. Hy voel dat sy vader hom verwerp omdat hy nie so goed op skool vaar nie (postulaat 3). Dit kan wees dat hy wraak neem op sy stiefmoeder en vader deur hulle gesag te verwerp (postulaat 5). Uit die sinsvoltooiingsmedium kan afgelei word dat hy nie met sy stiefmoeder oor die weg kom nie. Die TAT-protokolle het die aard van dié relasie bevestig (postulaat 3). Daarenteen blyk hy 'n goeie vertrouensverhouding met sy ware moeder te hê. Dit wil voorkom asof sy hom aanvaar soos hy is.

Wat sy **selfkonsep** betref, blyk dit ontoereikend te wees as gevolg van die verwerpingsgevoelens wat hy ervaar en die feit dat hy sy lewe as nikswerd beskou (postulaat 8).

Weinig inligting met betrekking tot sy **portuurrelasies** het uit die TAT na vore gekom.

5.3.6 Die ASKS

5.3.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal

Die tellinge wat Stiaan op die selfkonsepskaal behaal het, word in **TABEL 13** uiteengesit.

TABEL 13: Resultate van Stiaan se selfkonsepskaal.

Subtoetse met onderdele	Punt uit 6	Punt vir subtoets behaal	Maksimum totaal van subtoets	Probleemareas
A: Fisieke self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 4 4 3	11	18	
B: Persoonlike self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 5 3 4	12	18	
C: Die self in verhouding met gesin en familie Identiteit Aanvaarding Gedrag	 1 3 3	7	18	✓
D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap Identiteit Aanvaarding Gedrag	 4 3 3	10	18	
E: Die self in verhouding met waardes Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 2 5	10	18	✓
F: Selfkritiek	7	7	10	✓
TOTAAL		38	100	

Volgens die telling van 56% beskik Stiaan oor 'n lae selfkonsep.

5.3.6.2 Bespreking van die resultate van die ASKS

A: Fisieke self

Identiteit: 4/6 - Stiaan identifiseer homself merendeels met iemand wat gesond en netjies is.

Aanvaarding: 4/6 - Dit blyk dat hy sy gewig, voorkoms, lengte, liggaamsdele en aantreklikheid vir die teenoorgestelde geslag in 'n groot mate aanvaar.

Gedrag: 3/6 - Dit dui daarop dat Stiaan nie toereikende genotsbelewing en lewenslus met betrekking tot sy handelinge ervaar nie (postulaat 8). 'n Onrealisties-negatiewe selfkonsep kan deur dié gevoelens gevorm word (postulaat 10 en kyk afdeling 3.4.2.4).

B: Persoonlike self

Identiteit: 5/6 - Stiaan blyk uit hierdie subtoets opgeruimd, kalm en bedaard voor te kom wat in konflik met die EPI-resultate is wat daarop dui dat hy maklik selfbeheer kan verloor.

Aanvaarding: 3/6 - Daar kan afgelei word dat Stiaan nie volkome tevrede is met sy persoon, die mate van vriendelikheid teenoor andere en sy vermoë om probleme op te los nie (postulaat 8).

Gedrag: 4/6 - Dit wil voorkom asof hy homself in die meeste situasies kan handhaaf en dat hy die moontlike konsekwensies van sy handelinge oorweeg.

C: Die self in verhouding met die gesin

Identiteit: 1/6 - Die lae telling dui daarop dat Stiaan voel dat hy nie deur sy gesin aanvaar word nie. Dit het ook so uit die TAT-protokolle na vore gekom. Dit wil voorkom asof hy twyfel dat sy gesin hom in alle situasies sal bystaan (postulaat 3).

Aanvaarding: 3/6 - Dié gemiddelde telling wys daarop dat Stiaan nie altyd trots op sy gesin is nie. Hy is ontevrede met die onderlinge konflik wat daar tussen gesinslede bestaan, veral tussen sy regte moeder en vader en selfs sy vader en stiefmoeder (postulaat 3).

Gedrag: 2/6 - Dié lae telling dui op 'n probleemarea in sy selfkonsep. Gesinsrelasies is ongesond en die gevolg is 'n onrealisties-negatiewe selfkonsep (kyk afdeling 3.4.2.4). Hy kan dalk onregverdig teenoor sy gesinslede optree wat in verband gebring kan word met opstand teenoor die gesag van ouers, veral sy stiefmoeder, wat duidelik uit die TAT na vore gekom het (postulaat 3, 8 en 10).

D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap

Identiteit: 4/6 - Dit blyk dat Stiaan redelik gewild by sy maats en lede van die teenoorgestelde geslag is. Hy maak maklik vriende en ondervind dat andere toenadering by hom soek. Portuurrelasies blyk gesond te wees.

Aanvaarding: 3/6 - Stiaan kom teruggetrokke op skool voor, maar nie in sy sosiale omgang nie. Hy is gewild onder sy portuur en blyk tevrede te wees met sy portuurrelasies.

Gedrag: 3/6 - Alhoewel Stiaan redelik maklik vriende maak, dui dit tog daarop dat hy andere nie maklik vergewe nie. Ontoegeeflikheid is een van die karaktereienskappe wat ook uit die HSPV na vore gekom het en mag soms sy portuurrelasies benadeel. Dit beïnvloed sy relasies met sy gesin nadelig, want hy verwerp die gesag van sy ouers (postulaat 12).

E: Die self in verhouding met waardes

Identiteit: 3/6 - Stiaan blyk geredelik met sedelike en religieuse waardes te identifiseer (postulaat 4).

Aanvaarding: 2/6 - Dié lae telling dui daarop dat Stiaan nie verantwoordelikheid vir andere wat hulp nodig het, aanvaar nie. Hy mag soms oneerlik optree en is nie altyd getrou nie (postulaat 4).

Gedrag: 5/6 - Stiaan identifiseer tóg met positiewe gedragswyses en dit kan tot sy vermoë tot 'n hoë mate van selfbeheer bydra. Die nadeel hieraan verbonde is dat hy soms sy ware gevoelens, veral aggressiwiteit onderdruk en onnatuurlik voorkom.

F: Selfkritiek: 7/10 - Hy blyk redelik krities teenoor homself te wees. Dit is een van die faktore wat tot sy lae selfkonsep bydra (postulaat 8). Die ander faktor is geleë in sy gesinsrelasies waar hy verwerping deur sy stiefmoeder en vader ervaar (postulaat 3).

5.3.6.3 Relasies met gesin, die self en die portuur soos afgelei uit die ASKS

Dit blyk uit die ontleding van die ASKS dat Stiaan se grootste probleem in sy **gesinsituasie** geleë is. Hy voel hy word deur sy vader en stiefmoeder verwerp (postulaat 3). Sy aggressie is teenoor sy stiefmoeder gerig en terselfdertyd het hy 'n behoefte aan meer kontak met sy biologiese moeder. Omdat hy so verworpe voel, kom hy in opstand teen gesag, veral teen dié van sy ouers (postulaat 5). Sy lae **selfkonsep** (onrealisties-negatief) kan in verband gebring word met die feit dat hy nie altyd sy eie liggaam aanvaar nie en baie krities teenoor homself is (postulaat 8). Hy blyk goeie **portuurrelasies** te hê, maar aanvaar homself nie altyd nie (postulaat 8).

5.3.7 Samevattende persoonsbeeld

Die samevattende persoonsbeeld word vir die doel van dié studie onderverdeel in drie komponente, naamlik relasies met die gesin, die self en die portuur.

5.3.7.1 Relasie met gesin

Uit die gesinstekening is afgelei dat Stiaan nie met sy stiefmoeder goed oor die weg kom nie, en 'n begeerte openbaar om meer tyd saam met sy vader deur te bring. Uit die tekening blyk dit dat sy vader

hom moontlik verwerp (postulaat 3). Die sinsvoltooiingsresponse onderskryf hierdie hipotese. Die sinsvoltooiingsresponse en TAT-protokolle het 'n aanduiding van die aard van sy relasie met sy stiefmoeder gegee. Hy openbaar 'n uiters negatiewe houding teenoor haar omdat sy so outokraties is en hom nie wil aanvaar soos hy is nie. Hy voel dus verworpe (postulaat 3 en 6). Die TAT-protokolle het ook aangedui dat sy vader hom nie altyd aanvaar nie. Hy verwerp sy seun omdat hy nie skolasties presteer soos hy dink hy behoort nie en verwerp sommige van sy handelinge (postulaat 3). Dit veroorsaak dat Stiaan bitter ongelukkig tuis is (postulaat 1). Omdat hy verwerpingsgevoelens ervaar, reageer hy met 'n negatiewe houding jeens sy ouers deur hulle gesag te verwerp. Sy antagonistiese houding teenoor reëls veroorsaak dat hy ook ongehoorsaam en krities tuis is (postulaat 5, 6 en 1). Passiewe aggressie manifesteer (kyk afdeling 2.2.3.3). Hierdie feite kom ook uit die sinsvoltooiingsmedium, EPI en TAT na vore.

Volgens die sinsvoltooiingsmedium en TAT-resultate blyk dit dat hy 'n baie goeie vertrouensrelasie met sy moeder, asook met sy suster van agtien het. Hy aanvaar sy stiefbroer.

5.3.7.2 Relasie met die self

Omdat Stiaan deur sy vader en stiefmoeder verwerp word en hulle moontlik hoë eise aan hom stel waaraan hy nie kan voldoen nie, is hy baie krities teenoor homself (postulaat 8 en 10). Dit het duidelik na vore gekom uit die selfkonseptoets, menstekening en EPI. Volgens die menstekening gaan dié kritiese ingesteldheid gepaard met 'n neiging tot perfeksionisme en volgens die EPI met 'n neiging om sy situasie, veral tuis, nie te aanvaar nie, asook ongehoorsaamheid.

As gevolg van hierdie kritiese ingesteldheid, beleef Stiaan vele negatiewe gevoelens, onder andere onsekerheid, spanning, ontoereikendheid, angstigheid, onvriendelikheid, koppigheid, vyandigheid en

opstandigheid (postulaat 1). Dié persoonlikheidseienskappe het veral uit die menstekening, EPI en HSPV na vore gekom. Gevoelens van ontoereikendheid en onsekerheid kan veral met 'n lae selfkonsep in verband gebring word (postulaat 8). Die selfkonseptoetsresultate onderskryf hierdie lae selfagting en gevolglike lae selfkonsep (postulaat 10). Uit beide die menstekening en selfkonseptoets het dit na vore gekom dat hy sy liggaam nie aanvaar nie en kan daar afgelei word dat hy homself nie aanvaar nie (postulaat 8). Dit word ook onderskryf deur een van die EPI-dimensies (vooroordeel). Hierin is 'n sterk aanduiding dat hy homself eerder as sosiaal-onaanvaarbaar beskryf (postulaat 8). 'n Onrealisties-negatiewe selfkonsep manifesteer (postulaat 10).

Die negatiewe aard van Stiaan se relasies met sy stiefmoeder en vader beïnvloed sy relasie met homself uiters nadelig. Aggressie kom voor in sy menstekening, gesinstekening, die HSPV en TAT. Sy aggressie is veral teen sy stiefmoeder gerig en kom tot uiting in die verwerping van haar gesag (postulaat 3 en 5). Die HSPV-resultate onderskryf sy aggressiewe, koppige, ontoegeeflike, vyandige en opstandige houding.

Ongelukkig blyk hy nie daartoe in staat te wees om sy aggressie uit te leef nie en manifesteer dit onder die dekmantel van vele verdedigingsmeganismes, onder andere deur die neiging om homself beter voor te stel as wat hy dink hy is, asook die handhawing van 'n hoë mate van selfbeheer. Dié konflikte het veral na vore gekom omdat toetsresultate van die HSPV en EPI nie altyd ooreengestem het nie. Die feit dat hy goeie selfbeheersing aan die dag lê, het na vore gekom uit die EPI, selfkonseptoetsresultate en sinsvoltooiingsresponse. Gevolglik kan hy soms sy ware gevoelens onderdruk om uit die moeilikheid te bly. In werklikheid kan dit wees dat hy eintlik baie roekeloos, onverskillig, impulsief en ongebonde kan optree. Die konflikte wat hy ervaar, kan verder lei tot angs en depressiewe gevoelens (postulaat 1). Volgens die EPI-resultate kom Stiaan nie baie depressief voor nie, maar die hipotese word nie ondersteun

deur die TAT-protokolle nie. Die ondertoon van meeste van die verhaaltjies is dié van ongelukkigheid en hartseer, veral waar sy relasies met sy stiefmoeder en vader ter sprake is (postulaat 1). Angs het wel uit een van die EPI-dimensies na vore gekom, maar tog blyk dit uit die HSPV-resultate en selfkonseptoets dat hy wel kalm en bedaard van aard is. Dit mag dié lae drangpeil wat uit die HSPV na vore gekom het wees wat daartoe lei dat hy so 'n hoë mate van selfbeheer aan die dag kan lê en sy aggressie kan onderdruk.

Die sinsvoltooiingsmedium toon dat Stiaan moontlik 'n introvert is. Uit dieselfde medium is ook afgelei dat hy baie vriende het. Die EPI-telling wat hy in sosiale verkeer behaal het, dui op introversie, wat korreleer met die resultate van die sinsvoltooiingsmedium. Die HSPV-resultate is in kontras met die EPI-resultate. Die ekstro- of introversie-faktor is nie bereken nie, omdat hy moontlik nie die HSPV-vraelys volkome eerlik beantwoord het nie, of wil voorgee dat hy eintlik 'n ekstrovert is. Met betrekking tot faktor A (ekstroversie-introversie) het hy 'n gemiddelde telling behaal. Dit dui daarop dat hy na beide rigtings kan neig wat heel normaal is.

5.3.7.3 Relasie met die portuur

Uit die sinsvoltooiingsmedium is afgelei dat Stiaan goeie portuurrelasies met beide geslagte het. Sy sportiewe geaardheid en liefde vir motorfietse behoort die aard van sy portuur te bepaal. Die selfkonsepresultate bevestig dat hy vriende uit lede van beide geslagte het. Een van sy sinsvoltooiingsresponse onderskryf sy geneigdheid om maklik vriende te maak ten spyte van die feit dat hy soms geneig is om teruggetrokke te raak. Hy hou van sy maats en sal baie dinge saam met hulle doen, maar sal nie meedoen as hulle betrokke is by handelinge wat hom in die moeilikheid sal bring nie. Daarvoor beskik hy oor 'n te hoë mate van selfbeheer. Indien hy nie dié mate van selfbeheer openbaar nie, neig hy eerder om met die negatiewe portuurgroep te identifiseer omdat dié portuurgroepe eerder geneig is tot impulsiewe, roekelose en onverskillige optredes, soos

byvoorbeeld om saam met sy vriende te rook en drank te misbruik (postulaat 12).

5.4 **BESPREKING VAN GEVALLESTUDIE C** (Johan, 15 jaar oud en in standerd 6)

5.4.1 **Eerste onderhoud**

Uit die eerste onderhoud met Johan, het die volgende na vore gekom:

Johan is by die Onderwyshulpsentrum aangemeld vir swak gedrag, onder andere opstandigheid, parmantigheid en verbale aggressiwiteit teenoor onderwysers (postulaat 4). Hy openbaar 'n negatiewe houding teenoor die skool, skoolwerk en sy portuurgroep, wat soms in aggressiewe handelinge oorgaan (postulaat 11 en 12). Sy moeder is baie bekommerd oor sy gedragsmanifestasies by die skool en tuis. Hy kom nie met sy vader oor die weg nie, omdat sy vader baie geweldadig teenoor sy gesinslede optree (postulaat 3, 5 en 7). Die gevolg is dat sy gesinslede in vrees lewe. Die moeder het al erken dat sy die kinders teen haar man se aggressie moet beskerm (postulaat 5 en 7).

5.4.2 **Tekeninge**

5.4.2.1 Die menstekening

Die waarnemings uit die menstekening (kyk bylae C:1) van Johan word in TABEL 14 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 14: Waarnemings uit die menstekening van Johan.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasies
1. Papier in dwarste gedraai	Geneig om te verskil, opstandig, **aggressief**
2. Na links geteken	Introvertief, selfbewus, basiese onsekerheid
3. Ferm, stewige lyn voering	Selfgeldend, **aggressief**
4. Lang, breë figuur	Spanning, **aggressie**, vyandigheid. Beleef opvoeding as problematies.
5. Voete in teenoorgestelde rigtings.	Beleef opvoedingsituasie as problematies. Ontevrede en ongelukkig daarmee.
6. Beklemtoonde knope.	Gevoelens van afhanklikheid en ontoereikendheid.
7. Beklemtoonde gordel.	Puberteitsprobleme.
8. Beklemtoonde mond.	**Aggressief**, haatdraend.
9. Beklemtoonde, dreigende oë.	Agterdogtig, vyandig, **aggressief**.
10. Prominente neus en neusgate.	**Aggressiwiteit**.

5.4.2.2 Die gesinstekening

Johan is gevra om sy gesinslede as objekte voor te stel in plaas van die konvensionele gesinstekening (kyk bylae C:1). Hy het sy moeder as 'n blom voorgestel en sy vader is met 'n aggressiewe gesig geteken.

5.4.2.3 Gevolgtrekkings uit die mens- en gesinstekening met betrekking tot Johan se relasiestigting en aggressiwiteit

Hy beskou sy opvoedingsituasie (**gesinsituasie**) as problematies. Ongelukkigheid en ontevredenheid met die situasie manifesteer (postulaat 3). Uit die gesinstekening kan afgelei word dat sy vader aggressief optree, terwyl sy moeder as saggeaard ('n blom) beskou

word (postulaat 5, 6 en 7). Ontoereikende **gesinsrelasies** lei tot spanning, vyandigheid, haatdraendheid en aggressiwiteit (postulaat 3).

Min inligting met betrekking tot sy **selfkonsep** kom uit die mens- en gesinstekening na vore. Die enigste aspek wat genoem kan word is dat hy moontlik 'n introvert en baie selfbewus is. Dit kan manifestasies van 'n ontoereikende selfkonsep wees (postulaat 8).

Johan se selfbewustheid, haatdraendheid, vyandigheid en agterdogtigheid kan sy relasies met die **portuur** benadeel (postulaat 11).

Aggressiwiteit kom duidelik na vore uit die ferm, stewige lynvoering, die lang en breë figuur, beklemtoonde mond, dreigende, donker oë en die prominente neus met neusgate.

Uit sy vader se gelaatstrekke wat so gewelddadig voorgestel is (donker, dreigende oë, neus en neusgate en mond met tande), wil dit voorkom asof Johan se aggressie teenoor hom gemik is. Dit lyk asof die vader vrees verwek (postulaat 5, 6, 7 en 1).

5.4.3 Sinsvoltooiingsmedium

Johan se sinsvoltooiingsprotokolle (kyk bylae C:2) word in TABEL 15 weergegee.

TABEL 15: Waarnemings uit sinsvoltooiingsprotokolle van Johan. (Die nommer dui die sinnommer aan, terwyl P of N die positiewe of negatiewe aard van die sin aandui).

Aggressie	Relasie met gesin	Relasie met die self	Relasie met die portuur
2 Openlike aggressie: verbaal en fisiek N 7 Bang om te veg N 22 Openlike aggressie N 23 Openlike aggressie N	14 Goeie relasie met moeder P 1 Ontwyk sin oor vader N 16 Verwyt vader N 26 Vermy sin oor huweliks-lewe N	17 Vertroue in sy vermoëns P	8 Goeie portuur-relasies P 10 Goeie portuur-relasies P 13 Goeie portuur-relasies P 25 Goeie portuur-relasies met lede van die teenoorgestelde geslag P

Die volgende afleidings kan met betrekking tot Johan se relasiestigting en sy aggressiwiteit met sy gesin, die self en die portuur gemaak word:

Hy ontwyk een sin oor die **vaderfiguur** wat kan dui op ontoereikende relasiestigting met sy vader (sin nr. 1). Dit wil voorkom asof hy sy vader verwyt (sin nr. 16 en postulaat 5, 6 en 7). 'n Goeie relasie tussen hom en sy **moeder** bestaan (sin nr. 14 en 29).

Wat sy relasie met **die self** betref, blyk dit sover dat hy redelike vertroue in sy vermoëns het, ook wat sy aggressiwiteit betref (sin nr. 17). Sy vriende weet dat hy goed kan baklei en nie bang is om fisiek aggressief teenoor andere op te tree nie (postulaat 12, 8 en 10 en sin nr. 22). Dié faktor kan tot nadeel van positiewe portuurgroeprelasies strek (postulaat 12).

Ten spyte van aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor **positiewe-portuurgroeplede** (fisiek, sin nr. 22 en 23) en onderwysers (meer verbaal van aard, sin nr. 2) blyk hy oor 'n groot vriendekring te beskik (sin nr. 13). Dié portuurgroep waarin hy beweeg, aanvaar sy gedrag (postulaat 12).

5.4.4 Persoonlikheidstoetse

5.4.4.1 EPI

Die verskillende persoonlikheidstrekke, soos uit die EPI (bylae C:3:1) na vore kom, word in TABEL 16 weergegee.

TABEL 16: Waarnemings uit EPI van Johan.

Dimensies	Roupunt	Persentiel
1. Gehoorsaam	22	82
2. Wankontrole	14	65
3. Behoedsaam	9	19
4. Somber	3	26
5. Wantrouig	10	50
6. Beheersd	13	10
7. Aggressief	12	67
8. Sosiaal	20	99
9. Vooroordeel	37	60

Vir die doel van dié studie word slegs uitvalle 1 tot 3 en 8 tot 10 en verbandhoudende faktore met aggressie bespreek.

Gehoorsaamheid: 82 - Dié hoë persentasie dui op die neiging om dinge te aanvaar, betroubaarheid, gehoorsaamheid en afhanklikheid. Dié hoë telling word bevraagteken omdat hy so ongehoorsaam op skool is.

Behoedsaamheid: 19 - Dié lae telling dui op die neiging om minder versigtig te wees en kanse te neem wat hom in die moeilikheid kan laat beland (postulaat 4).

Beheersdheid: 10 - Dit dui op min selfkontrole en ongeorganiseerdheid met betrekking tot sy denke en aktiwiteite (postulaat 4).

Sosiaal: 99 - Dit dui op vriendelikheid, liefdevolheid en ekstroversie.

Met betrekking tot die dimensie **aggressiwiteit** het Johan 67% behaal. Die telling neig meer na 'n hoër gemiddeld. Hy kan dus soms bekleierig en aggressief wees.

Die kombinasie van **hoë sosiaal** en **lae behoedsaamheid** toon die neiging om van sosiale verkeer te hou, maar dui ook op 'n onverantwoordelikheid en 'n ontoereikende gewete (postulaat 4). Dié kombinasie kan tot aggressiewe gedrag lei (Plutchik & Kellerman 1974:9).

Die kombinasie hoë gehoorsaamheid en lae behoedsaamheid dui op swak oordeel en impulsiewe gedrag. Ook dié karaktereienskappe kan in verband met aggressiwiteit gebring word (Plutchik en Kellerman 1974:9).

5.4.4.2 Die HSPV

Die tellinge wat Johan op die HSPV (kyk bylae C:3:2) behaal het, word in TABEL 17 weergegee.

TABEL 17: Waarnemings uit HSPV van Johan.

FAKTOR	BESKRYWING	TELLING
A+	Hartlik	7
B+	Meer Intelligent	7
C+	Emosioneel Stabiel	8
D	Flegmaties	5
E	Onderdanig	5
F+	Entoesiasties	8
G+	Pligsgetrou (Hoë Superego)	9
H+	Waaghalsig	9
I-	Ontoegeeflik	4
J	Lewenslustig	5
O-	Selfversekerd	2
Q2	Sosiaal Groepafhanklik	5
Q3	Onbeheersd	3
Q4	Gespanne	8

Vir die doel van dié studie word slegs uitvalle 1 tot 3 en 8 tot 10 en verbandhoudende faktore met aggressie bespreek.

Faktor C (Emosioneel stabiel) - 8: Dit dui op kalmte, standvastigheid, verantwoordelikheid en selfbeheersing. Die hoë telling wat behaal is, korreleer met sy telling vir faktor G+ (pligsgetrouheid). Dit dui op volharding, verantwoordelikheid, vasberadenheid en pligsgetrouheid, maar korreleer nie met gedragsmanifestasies soos aggressie en onverantwoordelike optrede nie (postulaat 4).

Faktor F+ (Entoesiasme) - 8: Die hoë telling gee aanduiding van sorgeloosheid, onbesorgdheid, opgewektheid, openhartigheid en spraaksaamheid.

Faktor H+ (Waaghalsigheid) - 9: Dit gaan gepaard met sosiale vrypostigheid, dikvelligheid, vriendelikheid, impulsiwiteit en 'n onbekommerde houding (postulaat 4).

O- (Selfversekerdheid) - 2: Dit gaan gepaard met kalmte, rustigheid, selfvoldaanheid, geen vrese, ongevoelig vir die opinie van andere en selfvertroue (postulaat 4).

Q3 (Onbeheersdheid) - 3: Dié lae telling dui op die neiging om eie drange te volg en sosiale reëls te verontagsaam en verkeer in konflik met die hoë stiene wat vir faktore C+ (emosioneel stabiel) en G+ (pligsgetrouheid) behaal is (postulaat 4).

Q4 (Gespannenheid) - 8: Dit dui op die belewing van frustrasie en prikkelbaarheid.

5.4.4.3 Identifisering van Johan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die EPI en die HSPV

Johan se aggressiewe gedragsmanifestasies kan beïnvloed word deur sy impulsiwiteit, ongevoeligheid vir andere, die feit dat hy min vrees toon, vertroue in sy gedragsmanifestasies het, asook die navolging van sy eie drange (postulaat 4). Impulsiwiteit en min selfbeheersing het ook uit die EPI na vore gekom.

Omdat Johan konflikte ervaar, soos byvoorbeeld die feit dat hy voorgee dat hy emosioneel-stabiel en pligsgetrou voorkom, beleef hy spanning, frustrasie en prikkelbaarheid (postulaat 1). Dié gedragspatrone dra ook by tot die manifestering van aggressiwiteit.

5.4.5 Die TAT

5.4.5.1 TAT-protokolle

Johan se TAT-protokolle sien soos volg daaruit:

Kaart 1: "A boy is reading a book - or something. He's start closing his eyes - thinking about it." (14 sekondes).

Kommentaar: Johan raak nie werklik betrokke by die vioolspelery nie. Dit kan ook wees dat hy voel dat hy nie aan die eise wat aan hom gestel word, voldoen nie, daarom dat hy die eise eerder vermy (postulaat 4).

Kaart 7BM: "An old man telling the younger man to speak to him. Order him, tell him what's wrong and what's right. (15 sekondes).

Kommentaar: Johan het die vader-seun verhouding raakgesien. Uit dié protokol kan afgelei word dat sy vader dominerend is en moontlik nie sy seun se behoeftes en gevoelens in ag neem nie (postulaat 3 en 6).

Kaart 8BM: "Guy cutting other guy up. The boy doesn't care. (10 sekondes).

Kommentaar: Johan gee hier 'n gewelddadige toneel. Die seuntjie wat toekyk gee nie werklik om wat gebeur nie. Johan kamoefleer nie werklik sy aggressie nie, maar onderdruk dit eerder deurdat hy nie die geweer raakgesien het nie. Hy gee egter nie in dié protokol enige aanduidinge teenoor wie sy aggressiwiteit gerig is nie. Vermoedens bestaan dat dit teen sy vader kan wees omdat dié so domine-

rend is en nie sy seun se behoeftes en gevoelens in ag neem nie (postulaat 3, 5 en 6).

5.4.5.2 Johan se relasiestigting en aggressiwiteit na aanleiding van die TAT

Sy relasiestigting met sy **vader** blyk ontoereikend te wees, want hy neem nie sy gevoelens en behoeftes in ag nie (postulaat 3). Omdat Johan sy vader vrees, onderdruk hy sy aggressiwiteit teenoor hom (postulaat 6 en 7). Die onderdrukking van sy ware gevoelens manifesteer in gevoelens van minderwaardigheid omdat hy voel dat hy nie werklik aan die eise wat aan hom gestel word voldoen nie (postulaat 8). 'n Ontoereikende **selfkonsep** manifesteer wat gepaard gaan met depressiwiteit (postulaat 10 en 1). Depressiwiteit word vermoed omdat sy protokolle so kort is en hy min omgee vir wat om hom aangaan (postulaat 1). Min inligting rakende sy **portuurrelasies** het uit sy TAT-protokolle na vore gekom.

5.4.6 **ASKS**

5.4.6.1 Die resultate van die selfkonsepskaal

Johan se uitslae met betrekking tot die selfkonsepskaal word in **TABEL 18** weergegee.

TABEL 18: Resultate van Johan se selfkonsepskaal.

Subtoetse met onderdele	Punt uit 6	Punt vir subtoets behaal	Maksimum totaal van subtoets	Probleemareas
A: Fisieke self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 6 6 6	18	18	
B: Persoonlike self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 5 5 5	15	18	
C: Die self in verhouding met gesin en familie Identiteit Aanvaarding Gedrag	 6 5 6	17	18	
D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap Identiteit Aanvaarding Gedrag	 6 6 5	17	18	
E: Die self in verhouding met waardes Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 4 5	12	18	✓
F: Selfkritiek	5	5	10	✓
TOTAAL		84	100	

Johan het 'n hoë telling op die selfkonsepskaal behaal wat op 'n hoë selfkonsep dui.

5.4.6.2 Relasies met die gesin, die self en die portuur soos afgelei uit die ASKS

Kortliks kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot sy relasiestigting met sy gesin, die self en die portuur.

Dit blyk tog uit die selfkonseptoets dat Johan deur sy **gesinslede** aanvaar word en daar vertroue tussen die gesinslede bestaan. Die aanname kan veral gemaak word met betrekking tot sy relasiestigting met sy moeder.

Wat sy **selfkonsep** betref, blyk dat Johan sy fisieke en persoonlike self aanvaar. Hy aanvaar sy liggaamsbeeld en as gevolg daarvan word hy deur lede van die teenoorgestelde geslag aanvaar en voel hy nie minderwaardig in die geselskap van andere nie. Hy geniet die vriendskap van andere. Dié aspek strek tot voordeel van sy **portuur-groeprelasies.**

Portuurgroeprelasies kan nadelig beïnvloed word deur die moontlike negatiewe identifisering met morele en godsdienstige waardes. In die selfkonseptoets het hy vir dié dimensie maar 3 uit 6 behaal. Dit kan daartoe lei dat hy kan neig om met 'n negatiewer portuur-groep te identifiseer waar normes en waardes nie so 'n belangrike rol speel nie (postulaat 12).

Wat sy **aggressiewe gedragsmanifestasies** betref, is die uitslae van die ASKS in konflik met dié van die EPI en HSPV. Volgens dié per-soonlikheidstoetse beskik Johan nie oor 'n groot mate van selfbe-heer nie, maar volgens dimensie II (persoonlike self) beskik hy wel oor voldoende selfkontrole. Die afleiding kan gemaak word dat hy in konflik verkeer met betrekking tot selfbeheer, wat kan bydra tot aggressiewe gedragsmanifestasies.

5.4.7 **Samevattende persoonsbeeld**

Johan se samevattende persoonsbeeld sien soos volg daaruit:

5.4.7.1 Relasies met die gesin

Johan se **gesinsrelasies** is ontoereikend van aard, wat veroorsaak word deur sy vader se gewelddadige optrede teenoor sy gesin (pos-tulaat 3, 5, 6 en 7). Spanning en vyandigheid manifesteer tussen

die gesinslede en die vader, maar terselfdertyd vrees hulle hom ook (postulaat 1). 'n Goeie relasie tussen hom en sy moeder bestaan.

5.4.7.2 Relasie met die self

Wat sy **relasie met die self** betref, beleef Johan gevoelens van ontoereikendheid (menstekening) as gevolg van sy ontoereikende gesinsrelasies, veral met sy vader (postulaat 8). Dit manifesteer in vyandigheid, spanning, haartdraendheid en depressie (postulaat 1). Die HSPV en ASKS toon 'n hoë mate van selfbeheersing, terwyl die EPI op 'n gebrek aan selfbeheersing dui. Dié gebrekkige selfbeheersing gaan gepaard met impulsiwiteit wat tot die manifestering van aggressie kan lei. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Johan vertroue het in sy aggressiewe gedragsmanifestasies omdat hy min vrees toon en ongevoelig vir die opinie van andere voorkom (HSPV) (postulaat 4).

Sy aggressiewe gedragsmanifestasies gaan gepaard met 'n hoë mate van oënskynlike selfvertroue. Hy tree dus aggressief op ter versterking van sy ontoereikende selfkonsep (postulaat 8 en 10). Hy blyk oor die skyn van 'n positiewe selfkonsep te beskik en verbloem daardeur sy ware gevoelens. 'n Onrealisties-positiewe selfkonsep manifesteer.

5.4.7.3 Relasie met die portuur

Johan blyk goeie **portuurrelasies** te hê soos blyk uit die sinsvoltooiingsmedium en die ASKS. Daar is veral aanduidinge van goeie portuurrelasies met lede van beide geslagte. Dit blyk dat hy met beide positiewe en negatiewe portuurgroepe identifiseer. Omdat hy nie op 'n positiewe wyse met sy vader identifiseer nie, kan 'n diffuse of negatiewe identiteit ontwikkel wat kan manifesteer in betrokkenheid by negatiewe portuurgroepe. Kommer bestaan by die terapeut dat hy met 'n negatiewer portuurgroep kan identifiseer as gevolg van sy negatiewe houding teenoor die skool, skoolwerk en

onderwysers, wat gepaard gaan met opstandigheid en verbale aggressie, asook 'n negatiewe identifisering met normes en waardes en die konflikte wat hy ervaar, veral met betrekking tot sy selfbeheersing en gehoorsaamheid (postulaat 4, 9, 10, 11 en 12). Dit wil voorkom asof Johan se gedrag teenoor die portuur en sy gesinslede gekenmerk word deur onvoorspelbaarheid, juis as gevolg van die konflikte wat hy ervaar, as gevolg van die ontoereikende aard van sy gesinsrelasies (postulaat 3).

5.5 GEVALLESTUDIES D EN E

Dié gevallestudies word in bylae D en E agter in die studie bespreek om te verhoed dat dié studie die gevraagde lengte oorskry.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die toetsresultate bespreek, na aanleiding van die navorsingsontwerp wat in hoofstuk IV bespreek is. In hoofstuk VI word daar vasgestel of die ondersoek wat hier gedoen is, wel die teorie soos in die literatuur vervat, steun al dan nie.

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING EN SLOT

6.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek is gelet op die aard van die **leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun**. Met leefwêreld word verwys na die adolessente seun se **relasies met sy gesin, die self** (selfbeeld) en **die portuur**. Die adolessente seun se gesinsrelasies oefen 'n invloed uit op sy aggressiewe gedragsmanifestasies wat weer ontoereikende relasiesting met die self en die portuur tot gevolg kan hê. Daar bestaan 'n wisselwerking tussen aggressie en die leefwêreld van die kind.

In dié hoofstuk word 'n samevatting gegee van die bevindinge uit die literatuur, asook die bevindinge uit die gevallestudies. Verder word tot 'n gevolgtrekking met betrekking tot dié navorsing gekom, enkele implikasies uitgewys en aanbevelings gemaak.

6.2 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE

'n Studie uit die bestaande literatuur in verband met die onderwerp is gemaak in 'n poging om die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun te deurskou.

Aggressie word as 'n **emosie** beskou omdat dit deel vorm van die affektiewe lewe van die mens. Daar is ook konnotatiewe en kognitiewe aspekte by emosies betrokke (kyk afdeling 2.2.1).

Aggressie kan beskou word as 'n **gedragspatroon** wat op verbale en motoriese wyses tot uiting kom. Daar is 'n duidelike onderskeiding tussen aggressie as wyse van selfgelding en aggressie as gedragsafwyking. Aggressie as **gedragsafwyking** sluit betrokkenheid by geveg-

te, ongehoorsaamheid, gemeenheid, destruktiwiteit, vyandigheid en fisieke, asook verbale aggressie in (kyk afdeling 2.2.2).

In die literatuur word **drie vorme** van aggressie onderskei, te wete **verbale, fisieke** en **passiewe** aggressie. Dit blyk uit die literatuur dat angs, woede, frustrasie en depressie die belangrikste emosies is wat met aggressie verband hou (kyk afdeling 2.2.3.1 tot 2.2.3.3 en 2.2.4.1 tot 2.2.4.4).

Etlike navorsingstudies het aangetoon dat aggressiewe gedragsmanifestasies tussen die ouderdom van 10 tot 19 jaar toeneem. Kinders wat in die junior skoolfases hoë vlakke van aggressiewe gedrag openbaar, se aggressie neem nie maklik binne vyf jaar af nie (kyk afdeling 2.3).

Die oorsake van aggressie is bestudeer aan die hand van etlike terapeutiese skole. Die **psigo-dinamiese perspektief** onderskei die volgende oorsake van aggressie, te wete die Oedipuskompleks, onbeheersde dranguitlewing en die wanfunksionering van die psigiese strukture (kyk afdeling 2.4.1.1 tot 2.4.1.3).

Die **omgewings-oorerwing hipoteses** gaan van die standpunt uit dat aggressiewe gedragsmanifestasies 'n genetiese oorsprong kan hê, maar dat negatiewe omgewingsfaktore en die indiwidu se psigologiese aspekte ook bydra tot aggressiewe gedragsmanifestasies (kyk afdeling 2.4.2.1).

Die sentrale-senuweestelsel beheer die vrystelling van **hormone**, terwyl die endokrienestelsel uit hormone en hormonale bindings bestaan. Tydens adolessensie word die adolessent se emosies beïnvloed deur die **biologiese veranderinge** wat gepaard gaan met verhoogde hormonale vlakke (kyk afdeling 2.4.2.2).

Die **sosiaal-leerteoretiese perspektief** beskou aggressie as 'n karaktertrek wat aangeleer word. Dit is vir die aggressiewe indiwidu

'n wyse om met sy medemens te kommunikeer en sy probleme op te los. Hy leer in die eerste plek sy aggressiewe gedragsmanifestasies tuis aan. So kan die **problematiese gesinsrelasies** daartoe lei dat aggressiewe gedrag toeneem in intensiteit, indien meer as een gesinslid gebruik maak van aggressiewe gedragsmanifestasies (byvoorbeeld vader én seun). Aggressiewe gedragsmanifestasies word versterk indien die aggressiewe indiwidu sosiale goedkeuring verkry, status bekom of poog om sy manlikheid te bewys deur sy aggressiewe gedrag (kyk afdeling 2.4.3.1 tot 2.4.3.3).

Ander stimuli wat volgens die **sosiaalteoretiese benadering** tot aggressie by die adolessente seun kan lei, is vyandige gevoelens by gesinslede, toepassing van fisieke straf en die permissiewe optrede van die ouers (kyk afdeling 2.4.3.4).

Die **kognitiewe gedragsmodifikasie** is 'n siening wat van die standpunt uitgaan dat die aggressiewe ouer gebrekkige sosiaal-kognitiewe vaardighede aan die adolessent modelleer, deur meer gebruik te maak van magstegnieke, om hulle wil te laat geld. Dit manifesteer probleemoplossingsvaardighede by die adolessent. Wanneer die aggressiewe adolessente seun sosiale probleme sou moet oplos, sal hy eerder gebruik maak van 'n aggressiewe of vyandige oplossing of intensie (kyk afdeling 2.4.4).

In hoofstuk III is die **leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun** bespreek. Met die begrip **leefwêreld** word daar verwys na die relasies van die adolessente seun met sy gesin, die self en die porutuur. In dié relasies gee hy betekenis, raak hy betrokke en belewe hy sy emosies. As gevolg van sy gebrekkige affeksie vir andere, ondervind hy probleme om toereikende relasies met andere te stig. Die kern van elke mens se leefwêreld is sy eie self, maar dit staan nie los van sy relasies met andere, soos met sy gesin en portuur nie. Ontoereikende gesinsrelasies word beïnvloed deur 'n gebrek aan liefde, ontoereikende aanvaarding, ontoereikende respek, ontoereikende opregtheid en eerlikheid, asook ontoereikende ver-

troue. Die ontoereikende aard van dié gesinsessensies lei tot die belewing van frustrasies en vyandigheidsgevoelens, verwerpingsgevoelens, asook woede-uitbarstings by die adolessente seun. Aggressiewe gedragsmanifestasies manifesteer (kyk afdeling 3.2 en 3.3).

Aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessente seun word verder veroorsaak deur etlike ander faktore in die gesinsituasie, te wete die ontoereikende ontwikkeling van moraliteit in die gesin, ontoereikende gesagstrukture in die gesin, die ontoereikende toepassing van gesag in die gesin, gesinstipes, asook die ontoereikende toepassing van dissiplinêre tegnieke in die gesin (kyk afdeling 3.3.2.2 tot 3.3.2.7).

Ontoereikende gesinsrelasies wat tot aggressiewe gedragsmanifestasies by die adolessente seun kan lei, kan ook manifesteer in 'n ontoereikende selfkonsep. Meeste outeurs is van mening dat die aggressiewe adolessente seun oor 'n onrealisties-positiewe selfkonsep beskik. Sy minderwaardigheidsgevoelens verdoesel hy agter meerderwaardigheidsgevoelens om andere te beïndruk, terwyl hy eerder oor 'n lae selfagting en negatiewe selfevalueringsvaardighede beskik as gevolg van onder andere die identifisering met negatiewe rolmodelle. Identifisering met rolmodelle dui daarop dat die aggressiewe adolessente seun identifiseer met diegene met wie hy sekere eienskappe (onder andere aggressie) deel. Aggressiewe gedragsmanifestasies word versterk indien hy die gevolge van die aggressiewe gedragsmanifestasie deur die ouer visueel aanskou. So verkry die adolessent vertroue in die aggressiewe gedragsmanifestasie en die vorming van 'n negatiewe of diffuse identiteit is die gevolg (kyk afdeling 3.4.2.1 tot 3.4.2.4).

'n Adolessent met 'n negatiewe identiteit openbaar 'n onvermoë om ware en wedersydse vriendskappe met positiewe portuurgroepe te sluit. Hy ervaar lede van die portuurgroep as 'n bedreiging en tree dan op 'n aggressiewe wyse teenoor hulle op. Die diffuse adolessente seun ervaar onsekerheid wat 'n nadelige uitwerking op sy re-

lasies het. Dit beïnvloed veral sy skoolwerk omdat sy taakverrigting ontoereikend is. Ook neig hy daartoe om met negatiewe portuurgroeplede te identifiseer. Kenmerke van die negatiewe portuurgroep sluit betrokkenheid by straatgevegte, oortreding van reëls, vernielsug en drankmisbruik in. Portuurgroeplede se gedrag kan asosiaal van aard wees. Die aggressiewe adolessente seun se relasies met die negatiewe portuurgroep kan gepaard gaan met ontoereikende relasiestigting met sy ouers (wat veral sy gedrag beskou as rebellering teen hulle gesag) en die positiewe portuurgroep (wat die betrokkenheid by asosiale gedrag verwerp) (kyk afdeling 3.5.2.1 en 3.5.2.2).

Om saam te vat: Die aggressiewe adolessente seun se leefwêreld blyk ongunstig te wees, as gevolg van ontoereikende relasies met sy gesin, wat 'n ontoereikende selfkonsep en ongunstige relasies met die positiewe portuurgroep in die hand werk en daartoe bydra dat hy eerder met die negatiewe portuurgroep identifiseer.

6.3. BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie ondersoek het dit gegaan oor die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun. Na 'n deeglike teoretiese ontleding van die begrippe aggressie en leefwêreld is 'n aantal postulate aan die hand van die literatuurstudie met betrekking tot die leefwêreld van die aggressiewe adolessente seun gestel. In die praktyk is oorgegaan tot die inskakeling van verskeie media om so 'n volledig moontlike persoonsbeeld van enkele aggressiewe adolessente seuns te verkry, om vas te stel in watter mate die leefwêreld van dié besondere gevalle met die literatuur ooreenstem.

Daar is gepoog om die relasies van die aggressiewe adolessente seun met sy gesin, die self en die portuur te bepaal. Relasies met objekte (skoolwerk) word in samehang met bogenoemde relasies bespreek.

Vyf proefpersone is uit etlike plaaslike laer- en hoërskole geïdentifiseer. Al vyf adolessente seuns is deur hulle onderskeie skole by die Onderwyshulpsentrum aangemeld as gevolg van hulle aggressiewe gedragsmanifestasies op skool en/of tuis. Bemoeienis is met al vyf leerlinge gemaak. Sekere media, soos die EPI en die HSPV, is onder andere ingeskakel om die vermoede aggressie te bevestig, terwyl 'n verskeidenheid ander media lig op die aard van die aggressie en moontlike oorsake gewerp het.

Die besonderhede ten opsigte van die gestelde postulate wat ten opsigte van die proefpersone uit die verkenningsmedia verkry is, word in TABEL 19 weergegee. Inligting met betrekking tot die verskillende relasies van die proefpersone word in TABEL 20 weergegee.

TABEL 19: Samevatting van postulate wat voorkom in proefpersone (A tot E) se leefwêreld.

Postulaat	A	B	C	D	E
1	Woede, auto-erotisme, frustrasie, depressie	Angs, depressie, vrees, frustrasie	Vrees, frustrasie, depressie	Angs, vrees, depressie	Angs, depressie
2	Minag sosiale reëls Beskou meeste persepsies tuis en op skool as vyandig	Minag sosiale reëls Beskou meeste persepsies tuis en op skool as vyandig	Minag sosiale reëls Beskou meeste persepsies tuis en op skool as vyandig	Minag sosiale reëls Beskou meeste persepsies tuis en op skool as vyandig	Minag sosiale reëls Beskou meeste persepsies tuis en op skool as vyandig
3	Ontoereikende liefde, vertroue en respek tussen moeder en seun	Voel verwerp deur vader Min vertroue, respek en opregtheid tussen seun en stiefmoeder	Ontoereikende liefde, aanvaarding, respek, opregtheid en eerlikheid tussen vader en seun	Ontoereikende liefde, aanvaarding, respek, opregtheid en eerlikheid tussen vader en seun	Ontoereikende liefde en vertroue tussen seun en sy ouers
4	Identifiseer nie op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes nie	Identifiseer nie op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes nie	Identifiseer nie op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes nie Swak gewete	Identifiseer nie op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes nie	Identifiseer nie op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes nie
5	Dominante biologiese moeder- en onbekwame vader sindroom	Dominante stiefmoeder	Dominante vader	Dominante vader	Vader afwesig
6	Streng moeder Vader is permissief	Streng en outokratiese stiefmoeder	Outokratiese en aggressiewe vader	Outokratiese en aggressiewe vader	Permissief, ouers afwesig
7		Verbale aggressiewe strafmaatreëls	Fisieke aggressiewe straf	Fisieke aggressiewe straf	
8	Ontoereikende selfbeheer, selfblamering	Beleef gevoelens van liggaamlike ontoereikendheid Beleef homself negatief	Selfevaluering geneig tot selfverhoging	Ontoereikende selfbeheer, selfblamering	Beleef gevoelens van liggaamlike ontoereikendheid Evalueer homself negatief
9	Identifiseer met ouer portuurgroep	Identifiseer nie op positiewe wyse met ouers	Haat vader: identifiseer met vader se aggressie	Haat vader: identifiseer met vader se aggressie	Identifiseer met ouer broer
10	Onrealisties negatiewe selfkonsep	Onrealisties negatiewe selfkonsep	Onrealisties positiewe selfkonsep	Onrealisties negatiewe selfkonsep	Onrealisties negatiewe selfkonsep
11	Verwerp deur meisies en positiewe portuurgroep	Gewild onder sportportuurgroep	Verwerp deur positiewe portuurgroep	Verwerp deur positiewe portuurgroep	Gewild onder sportportuurgroep
12	Misbruik sterk drank, negatiewe identifikasie met skoolreëls, rook, avontuur deur objekte	Waaghalsig, drankmisbruik, verwerp gesag, rook	Rook, misbruik drank, minag skoolreëls, rebelleer teen gesag	Rook, misbruik drank, minag skoolreëls, rebelleer teen gesag, het al dagga gerook, draai stokkies	Impulsief, rebels, negatief teenoor skoolreëls, drankmisbruik, draai stokkies

TABEL 20: Sinopsis van die vyf proefpersone se relasies met die gesin, die self en die portuur.

Proefpersoon	Relasie met ouers	Relasie met die self	Relasie met die portuur
A JAN	Ouers geskei. Bly by moeder. Sy probeer hom op outokratiese wyse dissiplineer. Swak relasie met moeder manifesteer. Begeer om by sy vader op plaas te bly. Vader dissiplineer hom op permissiewe wyse.	Ouers verskil m.b.t. verskillende dissiplineringstegnieke. Dit manifesteer in verwardheid, onsekerheid, woede en frustrasie wat weer lei tot auto-erotisme (kopstampery), depressie en 'n ontoereikende selfkonsep.	Identifiseer met 'n ouer, negatiewe portuurgroep wat op drankmisbruik en roekelose optredes ingestel is. Word deur skoolportuur (veral meisies) verwerp.
B STIAAN	Ouers geskei. Woon by vader en stiefmoeder. Stiefmoeder tree baie outokraties op en optrede word deur sy vader gesteun. Kom dus nie goed met sy vader oor die weg nie. Hy vrees straf en verwerping.	Ouers tree baie streng op. Gaan gepaard met verwerping. Vrees, angs, frustrasie en depressie manifesteer. Word nie toegelaat om sy ware emosies uit te leef nie, daarom manifesteer konflikte, passiewe aggressie en 'n ontoereikende selfkonsep.	Identifiseer met positiewe (sportiewe) en negatiewe portuurgroep. Negatiewe portuurgroeprelasies (drankmisbruik) manifesteer indien hy nie sy nodige selfbeheer kan openbaar nie.
C JOHAN	Ouers nog by mekaar. Vader mishandel gesinslede (ook moeder) fisiek. Vader tree outokraties op. Moeder probeer as buffer tussen vader en seun optree. Johan vrees sy vader se fisieke straf.	Ouers verskil in toepassing van dissiplinêre tegnieke. Vrees, frustrasie, depressie, woede en 'n ontoereikende (positiewe) selfkonsep manifesteer.	Identifiseer met negatiewe portuurgroep wat in opstand teen gesag kom en aggressief teenoor positiewe portuurgroeplede optree.
D JACUES	Ouers nog by mekaar. Vader mishandel gesinslede wat in vrees vir hom leef. Vader tree outokraties teenoor gesin op en misbruik alkohol. Moeder tree op as buffer tussen vader en seun.	Swak gesinsrelasies en outokratiese optrede van vader manifesteer by seun in angs, vrees, depressie en 'n ontoereikende selfkonsep.	Identifiseer met negatiewe portuurgroep wat drank misbruik, gesag verwerp en selfs al betrokke was by die rook van dagga.
E KAREL	Ouers verkeer gereeld sosiaal, a.g.v. vader se besigheid. Drank word gereeld deur ouers gebruik. Hul is nie betrokke by opvoeding van hul kinders nie en tree permissief op. Kinders is op hulself aangewese.	Permissiewe gesagstoepassing tuis manifesteer in skuldgevoelens, angs en depressie wat weer tot 'n ontoereikende selfkonsep lei.	Identifiseer met 'n ouer negatiewe portuurgroep (rebels, negatief teenoor skoolreëls en drankmisbruik.

Tabel 19 en 20 word vervolgens in samehang bespreek.

Postulaat 1

Emosies soos angs, woede, frustrasie en depressie is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 2.2.4.1 tot 2.2.4.4).

Proefpersone A en B ervaar frustrasie wat onderskeidelik in autoerotiese gedrag (kyk afdeling 2.4.1.2) en passiewe aggressie (kyk afdeling 2.2.3.3) manifesteer. Al vyf proefpersone beleef depressiewe gevoelens. Proefpersone B, C, D en E ervaar angs, terwyl proefpersone B, C en D ook vrees openbaar. Proefpersone B, C, D en E se gevoelens van vrees en/of angs manifesteer in fisieke en verbale aggressie (kyk afdelings 2.2.3.1 en 2.2.3.2), terwyl D se gevoelens in passiewe aggressie manifesteer.

Dit is opmerklik dat al vyf proefpersone gevoelens van depressie ervaar. Drie persone beleef frustrasie, angs en vrees, terwyl een woede ervaar.

Postulaat 2

Die aggressiewe adolessente seun beskik nie oor toereikende sosiale vaardighede nie (kyk afdeling 2.4.4.1).

Proefpersoon A verstaan nie sy moeder nie. Proefpersoon B verstaan nie sy stiefmoeder en vader nie. Proefpersone C en D begryp nie die aggressiewe handelinge van hul vaders nie. Proefpersoon E se ouers is te min tuis om opreg met hulle seun te kommunikeer.

Al vyf proefpersone weet nie werklik hoe om met andere, soos byvoorbeeld gesagsfigure en positiewe portuurgroeplede, te kommunikeer nie, omdat hulle op skool en tuis meeste persepsies as vyandig beskou. Daar kan afgelei word dat al vyf proefpersone se interper-

soonlike onderhandelingstrategieë tussen die eerste en tweede vlakke funksioneer, omdat hulle ernstige probleme ondervind om hulle eie gevoelens en relasies met andere te verstaan. Hulle kan nie konflikte in wedersydse behoeftes en relasies uitwerk nie (Brion-Meisels & Selman 1984:282).

Postulaat 3

Toereikende gesinsessensies is by die aggressiewe adolessente seun afwesig (kyk afdeling 3.3.2.1.1 tot 3.3.2.1.4).

Proefpersoon A blyk oënskynlik 'n goeie vertrouensverhouding met sy vader te hê omdat hulle goed met mekaar kommunikeer, maar hy bevraagteken sy gesag. Die relasie tussen hom en sy moeder is ontoereikend. Omdat hulle mekaar probeer vermy, kan hulle nie werklik met mekaar kommunikeer nie. Ontoereikende liefde, vertroue en respek tussen moeder en seun manifesteer, met die gevolg dat hulle nie hulle verskille met betrekking tot sy dissiplinering uitpraat nie.

Proefpersoon B voel verwerp deur sy vader wat nie werklik sy seun se ware gevoelens respekteer nie en moontlik sy druiping in 1992 moeilik verwerk het. Tussen Stiaan en sy stiefmoeder bestaan min liefde, vertroue, respek en opregtheid as gevolg van oorstrengheid. Alhoewel hy nie fisiek aggressief teenoor sy ouers optree nie, manifesteer sy aggressie in 'n negatiewe houding teenoor skoolreëls en die verwerping van sy ouers se gesag.

By proefpersone C en D manifesteer die gevolge van die gewelddadige optredes van die vader teenoor gesinslede in ontoereikende liefde, -aanvaarding, -respek, -opregtheid en -eerlikheid. Die ontoereikende aard word gekenmerk deur vrees vir die vaderfiguur.

Proefpersoon E ervaar verwerping deur sy ouers. Ontoereikende liefde en vertroue tussen hom en sy ouers manifesteer as gevolg van sy ouers se "afwesigheid weens hulle besige besigheidskedule".

Die slotsom is dat ontoereikende gesinsessensies by al vyf proefpersone teenwoordig is.

Postulaat 4

Ontoereikende ontwikkeling van moraliteit in die gesin is teenwoordig by die aggressiewe adolessente seun (kyk afdeling 3.3.2.2).

Uit die ASKS en EPI is afgelei dat proefpersone A,B,C en D nie op 'n positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes identifiseer nie. Proefpersoon E heg byvoorbeeld min waarde aan waardes deur te rook, drank te misbruik en opstandig, asook verbaal aggressief teenoor gesagsfigure op skool op te tree. Tog ervaar hy skuldgevoelens. Dit blyk dat proefpersone A, B, C en D nie altyd kan onderskei tussen reg en verkeerd nie. Morele ontwikkeling manifesteer op 'n sosionomiese of konvensionele vlak.

Daar is verder afgelei dat proefpersoon C min empatie, skaamte en skuldgevoelens openbaar, omdat hy min berou toon met betrekking tot sy aggressiewe gedragsmanifestasies.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat al vyf proefpersone se morele ontwikkeling ontoereikend is.

Postulaat 5

Ontoereikende toepassing van gesag kom in die gesin van die aggressiewe adolessente seun voor (kyk afdeling 3.3.2.3).

In die geval van proefpersone A en B word de gesag gehandhaaf deur die (dominante) biologiese moeder en (dominante) stiefmoeder onderskeidelik. In die geval van proefpersoon A is die vader met betrek-

king tot sy seun se dissiplinering "afwesig" (dominante moeder- en onbekwame vadersindroom). In geval van proefpersoon B word die moeder se strenge optrede deur die vader goedgekeur.

Proefpersone C en D se vaders bied min teenstand. Hier kan verwys word na dominante vaders.

In die geval van proefpersoon E word die gesag tuis gehandhaaf deur die ouer broer van agtien jaar oud.

In al vyf proefpersone se gesinsituasies is die toepassing van gesag ontoereikend. Rebellering teen gesag manifesteer by al vyf proefpersone.

Postulaat 6

Die aggressiewe adolessente seun kom uit óf 'n outokratiese óf 'n permissiewe gesinstipe (kyk afdeling 3.3.2.5).

Proefpersoon A voel verward en onseker as gevolg van die verskil in sy ouers se dissiplineringstegnieke. Waar sy moeder volgens hom te outoritêr is, tree sy vader te permissief teenoor hom op. Hy rebelleer teen sy moeder se gesag.

Proefpersoon B se vader en stiefmoeder tree outoritêr op. Rebellering teen hulle gesag manifesteer in 'n norse antagonistiese houding jeens hulle, omdat hy nie werklik toegelaat word om sy ware gevoelens te wys nie.

Proefpersone C en D se vaders blyk die outoritêre figure in die onderskeie gesinne te wees. Huweliksrelasies word gekenmerk deur spanning en rusie wat in aggressie manifesteer. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die gesinne agggressief en outoritêr is.

Proefpersoon A se vader en albei E se ouers maak gebruik van permissiewe dissiplinêre tegnieke, deur hulle verantwoordelikhede met betrekking tot die opvoeding van hulle onderskeie seuns te ontduik deur die seuns die vrye teuels te gee. Proefpersoon E se ouers is min tuis en laat die seun aan sy eie lot oor.

Postulaat 7

Die aggressiewe adolessente seun word onderwerp aan aggressiewe strafmaatreëls (kyk afdeling 3.3.2.6).

Proefpersone C en D word aan aggressiewe strafmaatreëls onderwerp. Proefpersoon B ervaar ook 'n intense vrees vir straf wat meer verbaal aggressief van aard is. Proefpersone B, C en D ervaar verwerping as gevolg van dié aggressiewe strafmaatreëls teenoor hulle.

Proefpersoon E mag aan fisieke straf onderwerp word indien die vader onder die invloed van drank verkeer.

Postulaat 8

Ontoereikende selfevaluering is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 3.4.2.1).

Proefpersone A, B en D se aggressiewe gedragsmanifestasies gaan gepaard met ontoereikende selfmoniterings asook selfblameringsvaardighede, omdat hulle nie hulle eie aggressiewe gedrag kan beheer nie.

Proefpersoon C se selfevaluering is meer geneig tot selfverhoging omdat hy so trots is op sy aggressiewe gedragsmanifestasies.

Proefpersone B en E beleef gevoelens van liggaamlike ontoereikendheid en evalueer hulself gevolglik negatief.

Al vyf proefpersone se selfevaluering is ontoereikend.

Postulaat 9

Ontoereikende identifisering met rolmodelle is by die aggressiewe adolessente seun teenwoordig (kyk afdeling 3.4.2.2).

Proefpersone A en E identifiseer met 'n portuurgroep ongeveer 3 tot 5 jaar ouer as hulself. Proefpersoon A identifiseer met 'n groep jong mans wat naby sy vader woon, terwyl proefpersoon E met sy broer identifiseer.

Proefpersone C en D haat hul vaders, maar identifiseer alreeds met hul vaders se aggressiewe gedragsmanifestasies en drankmisbruik.

Proefpersoon B rebelleer teen sy ouers se gesag deur nie op positiewe wyse met hulle te identifiseer nie, maar eerder hulle drank te steel en self te rook.

Nie een van die proefpersone identifiseer op 'n positiewe wyse met hul ouers nie.

Postulaat 10

Ontoereikende identiteitsvorming en selfkonsepvorming kom by die aggressiewe adolessente seun voor (kyk afdeling 3.4.2.3 en 3.4.2.4).

Proefpersone A, B, D en E beskik oor 'n onrealisties-negatiewe selfkonsep. Al vier dié proefpersone ervaar gevoelens van onbekwaamheid. Hulle selfkonsepte kan deur aggressiewe gedragsmanifestasies versterk word met die gevolg dat 'n onrealisties-positiewe selfkonsep kan manifesteer.

Proefpersoon C beskik oor 'n ontoereikende positiewe selfkonsep en verdoesel so sy ware gevoelens van swakheid.

Omdat al vyf proefpersone nie op 'n positiewe wyse met hul ouers identifiseer nie, manifesteer 'n diffuse en negatiewe identiteit wat tot die ontwikkeling van 'n ontoereikende selfkonsep lei, as gevolg van hulle gevoelens van onsekerheid en verwardheid.

Postulaat 11

Die aggressiewe adolessente seun word deur die portuurgroep verwerp (kyk afdeling 3.5.2.1).

Proefpersone A, C en D word deur die positiewe portuurgroep verwerp, alhoewel proefpersone C en D nie deur die vroulike lede van die portuurgroep verwerp word nie.

D	12			6	DELIBERATE, STODGY, PLACID (Phlegmatic Temperament)	UNRESTRAINED, NERVOUS (Excitability)
E	14			9	OBEDIENT, MILD, DEPENDENT (Submissiveness)	ASSERTIVE, AGGRESSIVE, DOMINEERING (Dominance)
F	12			7	SOBER, SILENT, SERIOUS (Desurgent)	HAPPY-GO-LUCKY, ENTHUSIASTIC (Surgent)
G	13			7	CASUAL, QUITTING, UNDEPENDABLE ("Super Ego" Weakness)	CONSCIENTIOUS, PERSEVERING ("Super Ego" Strength)
H	12			7	TIMID, THREAT-SENSITIVE, SHY (Threctia)	VENTURESOME, THICK-SKINNED (Parmia)
I	4			3	PRACTICAL, TOUGH-MINDED (Harria)	TENDER MINDED, SENSITIVE, PROTECTED (Premsia)
J	8			5	VIGOROUS, GOES READILY WITH GROUP (Zeppia)	INDIVIDUALISTIC, OBSTRUCTIVE, REFLECTIVE (Coasthenia)
O	11			6	SECURE, RESILIENT, CONFIDENT (Confident Adequacy)	DISCOURAGED, WORRYING, SELF-REPROACHING (Guilt Proneness)
Q_3	8			4	GROUP FOLLOWER, VALUES SOCIAL APPROVAL (Group Dependency)	MAKES OWN DECISIONS, RESOURCEFUL (Self-Sufficiency)
Q_4	11			5	CARELESS, IGNORES STANDARDS, LAX (Weak Self-Sentiment)	SELF-CONTROLLED, SELF RESPECTING (Strong Self-Sufficiency)
Q_4	7			4	RELAXED, COMPOSED (Low Ergic Tension)	TENSE, DRIVEN, IRRITABLE (High Ergic Tension)



Second-Order Factors (Optional):

Extraversion ☐ Anxiety ☐

Comments: _____

Copyright 1990 Institute for Personality and Ability Testing. All rights reserved. Printed in U.S.A.

GEVALLESTUDIE C

Johan, standerd 6, vyftien jaar oud

BYLAE C: 1

FIGUUR 5: Johan se menstekening.



FIGUUR 6: Johan se gesinstekening.



BYLAE C: 2

Johan se sinsvoltooiingsprotokolle:

INSTRUCTIONS: Below are sixty partly completed sentences. Read each one and finish it by writing the first thing that comes to your mind. Work as quickly as you can. If you cannot complete an item, circle the number and return to it later.

1. I feel that my father seldom like
2. When the odds are against me I feel screaming and eating and fighting
3. I always wanted to have a motorbike
4. If I were in charge I would make life more easier for everybody
5. To me the future looks like it will be full of criminals
6. The men over me
7. I know it is silly but I am afraid of Fighting
8. I feel that a real friend should help me in every way
9. When I was a child
10. My idea of a perfect woman Blue eyes, nice legs and nice personality; sense of humour
11. When I see a man and a woman together
12. Compared with most families, mine
13. At work, I get along best with my friends
14. My mother is very kind and nice
15. I would do anything to forget the time I nearly drowned
16. If my father would only do the best for his family
17. I believe that I have the ability to do anything
18. I could be perfectly happy if I did not have problems with my (Kat)
19. If people work for me
20. I look forward to the holidays
21. In school, my teachers are not so nice to me
22. Most of my friends don't know that I am afraid of Fighting
23. I don't like people who start arguing with me and trying to pick a fight with me
24. Before the war, I
25. I think most girls are very nice
26. My feeling about married life is

BYLAE C:3

PERSOONLIKHEIDSPROFIELE VAN JOHAN

BYLAE C:3:1

Johan se EPI-profiel:



BYLAE C:3:2

Johan se HSPV-profiel:

IPAT

H.S.P.Q. TEST PROFILE

2114

Name: _____ Age: ____ Sex: _____ Std. in School: _____ Date: _____

FACTOR	Raw Score Form A	Raw Score Form B	Raw Score Total	Sten Score	LOW SCORE DESCRIPTION	HIGH SCORE DESCRIPTION
A		14		7	CRITICAL, RESERVED, COOL (Schizothymia)	WARM, SOFT-HEARTED, PARTICIPATING (Cyclothymia)
B		6		7	DULL, LESS INTELLIGENT (Low general mental capacity)	MORE INTELLIGENT, BRIGHT (High General Mental Capacity)
C		15		8	EMOTIONALLY IMMATURE AND UNSTABLE (Ego weakness)	EMOTIONALLY MATURE, STABLE, REALISTIC (Ego Strength)
D		9		5	DELIBERATE, STODGY, PLACID (Phlegmatic Temperament)	UNRESTRAINED, NERVOUS (Excitability)
E		9		5	OBEDIENT, MILD, DEPENDENT (Submissiveness)	ASSERTIVE, AGGRESSIVE, HEADSTRONG (Dominance)
F		14		8	SOBER, SILENT, SERIOUS (Desurgent)	HAPPY-GO-LUCKY, ENTHUSIASTIC (Surgent)
G		18		9	CASUAL, QUITTING, UNDEPENDABLE ("Super Ego" Weakness)	CONSCIENTIOUS, PERSEVERING ("Super Ego" Strength)
H		16		9	TIMID, THREAT-SENSITIVE, SHY (Threctia)	VENTURESOME, THICK-SKINNED (Parmia)
I		6		4	PRACTICAL, TOUGH-MINDED (Harria)	TENDER MINDED, SENSITIVE, PROTECTED (Premsia)
J		8		5	VIGOROUS, GOES READILY WITH GROUP (Zeppia)	INDIVIDUALISTIC, OBSTRUCTIVE, REFLECTIVE (Coasthenia)
O		5		2	SECURE, RESILIENT, CONFIDENT (Confident Adequacy)	DISCOURAGED, WORRYING, SELF-REPROACHING (Guilt Proneness)
Q_2		9		5	GROUP FOLLOWER, VALUES SOCIAL APPROVAL (Group Dependency)	MAKES OWN DECISIONS, RESOURCEFUL (Self-Sufficiency)
Q_3		8		3	CARELESS, IGNORES STANDARDS, LAX (Weak Self-Sentiment)	SELF-CONTROLLED, SELF RESPECTING (Strong Self-Sufficiency)
Q_4		14		8	RELAXED, COMPOSED (Low Ergic Tension)	TENSE, DRIVEN, IRRITABLE (High Ergic Tension)

STANDARD TEN SCORE (STEN)

Average

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

STENS

econd-Order Factors (Optional):

Extraversion ☐ Anxiety ☐

omments: _____

Copyright 1990 Institute for Personality and Ability Testing All rights reserved Printed in U.S.A.

GEVALLESTUDIE D

Jacques, standerd 9, sestien jaar oud

BYLAE D: 1

EERSTE ONDERHOUD

Jacques se ouers het hom persoonlik, teen sy wil, na die Onderwyshulpsentrum gebring omdat hulle hom nie meer tuis kon beheer nie (postulaat 5). Hy is rebels en opstandig tuis en op skool. Hy wil nie meer skoolgaan nie omdat hy die skool, skoolreëls en onderwysers haat (postulaat 4). Hy rook, misbruik drank en was al met daggarokers deurmekaar (postulaat 12). Die skoolhoof wou hom op dié stadium skors om bogenoemde redes en omdat hy so baie stokkies draai.

Jacques se ouers kom oud en afgemat voor. Hulle het na drank geruik (postulaat 3). Jacques was glad nie beïndruk met die hele situasie nie. Al wat hy wil doen, is om 'n tegniese kollege by te woon en weg te kom uit die huis. Hy was baie onwillig om met projeksie toetsing te begin en het baie kere nie vir terapie opgedaag nie.

Die verkenningsmedia wat vir Jacques gebruik is, is die menstekening, gesinstekening (aangepas), sinsvoltooiingsmedium, EPI en TAT.

BYLAE D:2

GESINS- EN MENSTEKENING

Die tekeninge hieronder is afdrukke van die gesins- en mensteke-ninge wat deur Jacques weergegee is.

Figure 7 en 8: Mens- en gesinstekening van Jacques.







BYLAE D:2:1

MENSTEKENING

Die waarnemings uit die menstekening van Jacques word in TABEL 21 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 21: Waarnemings uit menstekening van Jacques.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Begin nie dadelik of binne halfminuut na versoek om te teken nie.	Onsekerheid; gespannenheid; angstigheid (postulaat 1).
2. Min tydsverbruik.	Opstandigheid; lewensonsekerheid; afwysing van die taak of ondersoeksituasie.
3. Figuur meer na links geteken.	Introversief; selfbewus; basies onseker.
4. Figuur op boonste helfte geteken.	Ingestel op prestasie, maar beleef homself as ontoereikend (postulaat 8). Onsekerheidsbelewing.
5. Baie kort sketsagtige lyne.	Angs (postulaat 1). Lewensonsekerheid.
6. Stywe lyne.	Opstandigheid en **aggressiwiteit.**
7. Klein, skraal en tingerige figuur.	Gevoelens van verwerping (postulaat 3). Terneergedruktheid; lewensonsekerheid.
8. Groot kop in vergelyking met lyf.	**Aggressiwiteit.** Intellektuele aspirasies.
9. Grynslag (mond).	Gemaak-vriendelik. Soek na goedkeuring in interpersoonlike relasies.
10. Groot ore.	Oorgevoelig vir kritiek (postulaat 8).
11. Uitgestrekte arms.	Behoefte aan liefde. Lewensonsekerheid.
12. Hande, vingers en voete weggelaat.	Onsekerheid; gevoelens van hulpeloosheid; onmag om te presteer; sosialiseringsprobleme; neerslagtigheid (postulaat 1).

Uit die menstekening kan die volgende afleidings met betrekking tot Jacques se relasies met sy **gesin, die self, die portuur** en sy **aggressiewe gedragsmanifestasies** gemaak word:

Dit wil voorkom asof **gesinsrelasies** uiters **ontoereikend** is as gevolg van die onsekerheid en angstigheid wat uit die gesinstekening na vore kom (postulaat 3). **Opstandigheid teenoor outoritêre figure** mag voorkom, maar hy smag ook terselfdertyd na liefde (postulaat 5).

Ontoereikende gesinsrelasies manifesteer in 'n **ontoereikende selfkonsep** (onrealisties-negatief) wat gekenmerk word deur terneergedruktheid, gevoelens van verwerping en introversie (postulaat 8 en 10). Dié karaktereienskappe kan daartoe lei dat Jacques se **portuurrelasies** ook **ontoereikend** van aard is, alhoewel hy na goedkeuring in interpersoonlike relasies soek (postulaat 12).

Opstandigheid en aggressie word uit die menstekening geïdentifiseer deur stywe lynvoering en 'n groot kop.

BYLAE D:2:2

GESINSTEKENING

Jacques het geweier om sy gesin te teken. Dit mag op **ontoereikende gesinsrelasies** dui (postulaat 3). Die terapeut het dit aanvaar en hom toe versoek om sy vader en moeder as objekte te teken. Dié versoek was meer aanvaarbaar.

Jacques het sy **vader** as 'n **perd** voorgestel omdat 'n perd, volgens hom, 'n **aggressiewe dier** is (postulaat 3). Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat Jacques se vader moontlik aggressief teenoor sy seun optree (postulaat 7).

Jacques het sy **moeder** as 'n **swaan** geteken, wat kan dui op 'n meer **toereikende relasie** met haar as met sy vader. Die swaan kan ook op skoonheid dui. Volgens Jacques is sy moeder 'n baie mooi vrou.

BYLAE D:3

SINSVOLTOOIING

Jacques se sinsvoltooiingsprotokolle:

Complete these sentences to express your real feelings. Try to do every one.
Be sure to make a complete sentence.

1. I like dance on saturday nights
2. The happiest time of live is when the school close
3. I want to know what to make with my live
4. Back home I always want to do something
5. I regret to muder somone or myself
6. At bedtime I always think ~~wa~~ what I did the whole day
7. Men can be good ~~and~~ but the most of them are bad
8. The best is what I want to be one day
9. What annoys me is when somlody give me the blame and it's not my fole
10. People alway see'd the bad side in you but ~~m~~ not the good
11. A mother is the best thing in live
12. I feel that I ~~yes~~ just want to run away but I can't
13. My greatest fear is to kill somebody slaan fis. aggr
14. In school the teatchers are the most of the time bad
15. I can't go to a shcool where I don't want toe be

16. Sports is an important thing in your live
17. When I was a child I always wanted to be a springbok rugby player
18. My nerves are finished when there are problemes at school and home
19. Other people never think things over before they do it
20. I suffer under all my sisters
21. I failed being a good son for my pearents verreip
22. Reading gives me the creaps
23. My mind alway think about the things I did in the past
24. The future wont be to good ~~mo~~ for me
25. I need to go someware wear I dont have trouble
26. Marriage is ~~me~~ not to good for you when you are to young
27. I am best when I'm feeling happy
28. Sometimes I ~~me~~ never want to go to school anymore
29. What pains me is that people never tell the true story
30. I hate to be at someplaces I dont want to be
31. This place can help you If you need help
32. I am very scared to go home
33. The only trouble is that my father drink a bid to ~~must~~ muts
34. I wish that I was a grownup
35. My father alway want to make trouble
36. I secretly want to be the best I can
37. I never want to go back to Hans Moore
38. Dancing is something I enjoy verry muts
39. My greatest worry is wat would happen to my pearents one day
40. Most women are ~~[illegible]~~ very smart

BYLAE D:3:1

SINSVOLTOOIINGSPROTOKOLLE

Jacques se sinsvoltooiingsprotokolle kan soos volg in tabelvorm ingedeel word.

TABEL 22: Sinsvoltooiingsprotokolle van Jacques.
(Die nommer dui die sinnommer aan, terwyl P of N die positiewe of negatiewe aard van die sin aandui).

Aggressie	Gesinsrelasies	Relasie met die self	Portuurrelasies
5 Skuldgevoelens N 13 Vrees om iemand te vermoor N 19 Impulsiwiteit N	11 Goeie relasie met moeder P 20 Swak relasies met susters N 25 Ernstige probleme met gesinsrelasies N 32 Vrees om huis toe te gaan N 33 Vader, moontlik alkoholis N 35 Vader tree skoorsoekerig op (postulaat 6) N 40 Goeie relasie met moeder P	7 Lae selfkonsep N 5 Skuldgevoelens N 9 Skuldgevoelens N 12 Depressie N 18 Senuweeagtig N 23 Skuldgevoelens N	40 Goeie relasies met vroulike portuurlede (postulaat 11) P 2 swak relasies met 6 skoolwerk, 14 skoolportuur en 15 onderwysers (postulaat 11) N 37

Uit die sinsvoltooiingsmedium kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot Jacques se **relasiestigting en aggressiwiteit.**

Dit wil voorkom asof Jacques goeie relasies met sy **moeder** het, maar nie goed met sy **susters** oor die weg kom nie (postulaat 3). Ernstige probleme in die gesin kom voor as gevolg van die **vader** se **drankprobleem.** Die moontlikheid bestaan dat die **vader outoritêr** en

aggressief teenoor sy gesin optree, daarom dat Jacques die huis vrees (postulaat 3, 5, 6 en 7).

Jacques se ontoereikende gesinsrelasies manifesteer in 'n **onrealisties-negatiewe selfkonsep** wat gekenmerk word deur **depressiwiteit, senuweeagtigheid en skuldgevoelens** (postulaat 1 en 8).

Jacques se **portuurrelasies** met die **vroulike portuurgroep** blyk goed te wees, moontlik as gevolg van sy goeie relasies met sy moeder. Hy kan egter neig om met 'n **negatiewer portuurgroep** te identifiseer, as gevolg van sy negatiewe houding jeens die skool, skoolwerk en onderwysers (postulaat 12).

Jacques se **aggressiwiteit** word veroorsaak deur sy **ontoereikende gesinsrelasies,** ontoereikende selfkonsep en ontoereikende portuurrelasies (postulaat 8, 10, 11 en 12). **Skuldgevoelens en vrees** manifesteer as gevolg van sy **aggressiewe gedragsmanifestasies** (postulaat 1). Sy aggressiewe gedragsmanifestasies teenoor andere kan daarop gemik wees om sy **selfkonsep te versterk.** In dié situasies manifesteer 'n **onrealisties-positiewe selfkonsep** (postulaat 10).

BYLAE D:4

EPI

Die verskillende persoonlikheidstrekke, soos uit die EPI na vore kom, word in TABEL 23 weergegee.

TABEL 23: Persoonlikheidstrekke volgens die EPI van Jacques.

	Dimensies	Roupunt	Persentiel
1	Gehoorsaam	22	82
2	Wankontrole	8	21
3	Behoedsaam	14	49
4	Somber	4	35
5	Wantrouig	12	64
6	Beheersd	22	61
7	Aggressief	3	14
8	Sosiaal	17	67
9	Vooroordeel	39	72

Sy profiel sien soos volg daaruit:



BYLAE D:4:1

UITVALLE VOLGENS DIE EPI

Vir die doel van dié studie word slegs uitvalle onder 15% en bo 80% bespreek.

Gehoorsaamheid (82%): Dié hoë telling dui op die neiging om dinge te aanvaar, betroubaarheid, gehoorsaamheid en afhanklikheid. Dié hoë telling kom in konflik met die hoër gemiddelde telling wat Jacques vir die dimensie **wantrouig (64%)** behaal het. Dié hoër telling dui op koppigheid, fyngevoeligheid, 'n sarkastiese houding, vyandigheid en 'n kritiese ingesteldheid. Dié persoonlikheidseienskappe kan meer met Jacques se negatiewe houding teenoor sy vader, die skool en skoolreëls in verband gebring word (postulaat 3 en 4).

Aggressie (14%): Dié lae telling dui op **min aggressiwiteit.** Hy neig om effens passief te wees en nie sy aggressie openlik te toon nie, maar eerder te onderdruk. Dié lae telling kom in konflik met die kombinasietelling van hoë gehoorsaamheid en die lae gemiddelde telling vir behoedsaamheid. Dié kombinasie dui op die neiging om swak te oordeel, avontuurlustigheid en **impulsiwiteit,** wat in verband met **aggressiewe gedragsmanifestasies** gebring kan word (postulaat 4).

Uit die EPI kan afgelei word dat Jacques in **konflik** verkeer **tussen gehoorsaamheid en wantrouigheid.** Dit kan moontlik wees dat hy meer wantrouig en minder gehoorsaam is as wat hy voorgee. Dié konflik verklaar moontlik sy negatiewe houding teenoor outoritêre figure, veral sy vader en onderwysers, asook die skool en skoolreëls (postulaat 3 en 5).

Sy **aggressie is passief van aard.** Dit kan wees dat hy uit vrees vir sy vader, sy **aggressiwiteit onderdruk** (postulaat 7). Onder-

drukking van sy ware aggressiwiteit lei tot die manifestering van die konflik tussen gehoorsaamheid en wantrouigheid.

BYLAE D:5

TAT

Hieronder volg 'n opsomming van die belangrikste TAT-protokolle van Jacques:

Kaart 1: "Outjie het mooi viool gehad en wou dit nog altyd gespeel het. Hy het niemand gehad om dit te leer speel nie.

Kommentaar: Jacques distansieer homself van die buitewêreld en die eise wat aan hom gestel word. Die feit dat niemand hom ooit leer viool speel het nie, dui daarop dat sy behoeftes nie bevredig word nie en dat hy moontlik **verwerpingsgevoelens** ervaar (postulaat 3).

Kaart 3BM (Frustrasiekaart): "Die meisie is moeg vir lewe. Sy drink baie pille om dood te gaan. Sy slaap nog van al die pille. Sy sal nie sterf as hulle haar by 'n dokter kan kry nie".

Kommentaar: Die meisie op die kaart is nie by magte om haarself te handhaaf nie, daarom probeer sy selfmoord pleeg. Haar aggressie is op haarself gerig. Hieruit kan afgelei word dat Jacques se **aggressie op homself gemik** is. Die feit dat die geweer nie raakgesien is nie, kan dui op die onderdrukking van aggressiewe gevoelens. **Ernstige depressie** by Jacques word vermoed (postulaat 1).

Kaart 4: "Man wou uitgegaan het om iemand te gaan slaan. Vrou probeer hom keer".

Kommentaar: Die vrou probeer die man keer om nie met andere te gaan baklei nie. Hierdie protokol kan dui op **overte aggressie** by Jacques se **ouers** (postulaat 3 en 6). Die man tree moontlik fisiek aggressief teenoor andere op, terwyl sy vrou hom probeer keer (postulaat 7).

Kaart 7BM (Vader/seun verhouding): "Jong ou baie ongelukkig omdat dinge nie gebeur soos hy dit wil hê nie. Die ou oom probeer altyd alles teen hom doen."

Kommentaar: Uit dié protokol kan afgelei word dat Jacques se **vader** hom baie teenstaan in dit wat hy probeer doen (postulaat 5). Dié negatiewe houding van sy vader manifesteer in 'n diepe ongelukkigheid by Jacques, wat nou grens aan depressie (postulaat 1).

Kaart 8BM (direkte aggressiwiteit): "Ou was in skietongeluk. Die mense is besig om te opereer om die koeël te verwyder. Hy gaan dit nie maak nie. Hy het te veel bloed verloor."

Kommentaar: Die feit dat daar 'n operasie ter sprake is, dui daarop dat Jacques sy **aggressiwiteit** met goeie bedoelings kamoefleer. Hy sien egter nie die geweer raak nie, wat weer eens op die onderdrukking van sy aggressiwiteit dui.

Uit die TAT-protokolle kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot Jacques se **relasiestigting en aggressiwiteit** gemaak word:

Sy relasiestigting met sy **vader is ontoereikend**, moontlik weens die vader se aggressiwiteit teenoor sy gesinslede (postulaat 7). Dit wil voorkom asof Jacques se vader sy seun nie aanvaar nie. Gevolglik manifesteer **verwerpingsgevoelens en depressie** (postulaat 1). Daar is alreeds in die sinsvoltooiingsmedium vasgestel dat Jacques se vader moontlik gewelddadig teenoor sy gesinslede optree (postulaat 7). Vrees manifesteer by Jacques, wat daartoe lei dat hy sy **aggressiwiteit onderdruk** (postulaat 1).

Relasiestigting tussen Jacques se **ouers is ontoereikend**. Dit wil voorkom asof sy moeder as buffer dien tussen die vader en diegene teenoor wie hy aggressief optree. Dit kan wees dat sy probeer om haar gesinslede teen haar man te beskerm (postulaat 3, 5, 6 en 7).

Die feit dat Jacques gevoelens van verwerping en depressie ervaar as gevolg van sy ontoereikende gesinsrelasies, manifesteer in 'n

ontoereikende selfkonsep wat gepaard gaan met **aggressiewe gevoe-- lens wat onderdruk word of teenoor homself gemik** is. Selfmoord as gevolg van sy **depressie** kan nie uitgesluit word nie (postulaat 1, 8 en 10).

BYLAE D:6

ASKS

Die resultate wat Jacques op die selfkonsepskaal behaal het, word in TABEL 24 weergegee.

TABEL 24: Resultate van Jacques se selfkonsepskaal.

Subtoets met onderdele	Punt uit 6	Punt vir sub-toets behaal	Maksimum totaal van sub-toets	Probleem-areas
A: Fisieke self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 3 4 1	8	18	✓
B: Persoonlike self Identiteit Aanvaarding Gedrag	 1 1 2	4	18	✓
C: Die self in verhouding met gesin en familie Identiteit Aanvaarding Gedrag	 4 2 3	9	18	✓
D: Die self in verhouding met die sosiale gemeenskap Identiteit Aanvaarding Gedrag	 2 1 3	6	18	✓
E: Die self in verhouding met waardes Identiteit Aanvaarding Gedrag	 1 0 2	3	18	✓
F: Selfkritiek	8	8	10	✓
Totaal		38	100	

Uit die selfkonseptoets kan die gevolgtrekking gemaak word ten opsigte van Jacques se **relasies met sy gesin, die self en sy portuur**, dat hy oor 'n lae **(ontoereikende) selfkonsep** beskik.

Sy **relasiestigting met sy gesin** is ontoereikend. Hy voel nie trots op sy gesinsituasie nie, moontlik as gevolg van sy vader se drankprobleem (postulaat 3), hulle onderlinge rusie en sy vader se gewelddadige optrede teenoor sy gesin (postulaat 5 en 7). Die gevolg hiervan is 'n ontoereikende selfkonsep (postulaat 8). Dié ontoereikende selfkonsep werk weer nadelig in op sy relasies met sy portuur. As gevolg van sy gebrekkige identifisering met sedelike waardes, kan hy eerder met 'n **negatiewe** as 'n positiewe **portuurgroep** identifiseer (postulaat 12).

BYLAE D:7

SAMEVATTENDE PERSOONSBEELD

BYLAE D:7:1

RELASIE MET GESIN

Gesinsrelasies blyk **ontoereikend** te wees (postulaat 3). Ernstige relasieprobleme tussen Jacques en sy vader manifesteer, as gevolg van sy vader se drankprobleem en gevolglike gewelddadige optrede teenoor gesinslede (postulaat 5 en 7). Die gevolg is dat Jacques sy vader vrees (postulaat 1). Ontoereikende relasiestigting tussen man en vrou kom ook voor (postulaat 3). Dit wil voorkom asof Jacques se moeder haar gesinslede teen haar man wil beskerm (postulaat 6 en 7). Dit lei alles daartoe dat hy beter met sy moeder as met sy vader oor die weg kom.

BYLAE D:7:2

RELASIE MET DIE SELF

Ontoereikende gesinsrelasies manifesteer in 'n **ontoereikende self-evaluering** (postulaat 8). Jacques se ontoereikende (onrealisties-negatiewe) selfkonsep gaan gepaard met 'n **lae selfagting** wat manifesteer in die onderdrukking van sy **aggressie**, onsekerheid, gevoelens van hulpeloosheid, skuldgevoelens, **depressie** en **opstandigheid** (postulaat 1 en 8). Dié gedragsmanifestasies kan tot selfvernietigende gedrag lei. **Passiewe aggressie** manifesteer (postulaat 1).

BYLAE D:7:3

RELASIE MET DIE PORTUUR

Ontoereikende gesinsrelasies het tot gevolg dat Jacques nie op voldoende wyses met normes en waardes identifiseer nie (postulaat 4). Die gevolg is dat sy **identiteitsdiffusie tot die vorming van 'n negatiewe identiteit lei** (postulaat 10) en hy gevolglik geneig is om met die **negatiewer portuur** te identifiseer as gevolg van sy antagonistiese houding teenoor die skool, skoolwerk, die skoolportuur en onderwysers (postulaat 11 en 12).

GEVALLESTUDIE E

Karel, standerd 5, veertien jaar oud

BYLAE E: 1

EERSTE ONDERHOUD

Karel is by die Onderwyshulpsentrum aangemeld omdat hy gereeld stokkies draai, rook, parmantig en opstandig is, drank misbruik en verbaal aggressief teenoor onderwysers optree (postulaat 2, 4 en 12). Die hoof dreig om hom te skors.

Hy is die tweede jongste van die kinders. Sy ouer broer is 18 jaar oud en op kollege. Sy klein sussie is nog nie op skool nie. Sy broer het op skool gereeld stokkies gedraai, gerook en drank misbruik (postulaat 9). Karel se vader is 'n welbekende besigheidsman. Sy moeder help sy vader in die besigheid. Die kinders is gevolglik baie op hulself aangewese en is meestal alleen tuis (postulaat 3).

Karel was baie gretig om met die afneming van die verkenningsmedia te begin. Die media wat gebruik is, is die menstekening, gesinstekening, sinsvoltooiingsmedium, EPI en TAT.

Karel het die terapiesessies baie geniet. Die HSPV en ASKS is nie afgeneem nie, omdat Karel se gedrag na bemoeienis, baie verbeter het en hy nog op laerskool is.

BYLAE E:2

MENSTEKENING

Die tekening hieronder is 'n afdruk van die menstekening wat deur Karel weergegee is.

Figuur 9: Menstekening van Karel.



BYLAE E:2:1

BESPREKING VAN MENSTEKENING

Die waarnemings uit die menstekening van Karel word in TABEL 25 weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 25: Waarnemings uit menstekening van Karel.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Begin nie dadelik nie.	Onseker, gespanne, angstig (postulaat 1)
2. Teken lid van die teenoorgestelde geslag.	Moontlike identifikasieprobleme met vader (postulaat 3).
3. Teken in die middel van die papier.	Onbuigsaam, gespanne, probleme t.o.v. interpersoonlike relasies.
4. Groot, in die middel van die papier.	**Aggressief**, opstandig en agterdogtig.
5. Neusgate.	**Aggressiwiteit.**
6. Weggelate pupille.	Liggaamsbelewing (moontlik swaksiende).
7. Beklemtoonde mond.	**Aggressiwiteit.**
8. Beklemtoonde hare.	Gevoelens van liggaamlike ontoereikendheid, puberteitsprobleme, interpersoonlike relasieprobleme, **aggressie** (postulaat 8).
9. Arms regaf langs lyf.	Spanning (postulaat 1).
10. Voete in teenoorgestelde rigtings.	Beleef opvoedingsituasie as problematies (postulaat 3).

Uit die menstekening kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot Karel se **relasiestigting** en **aggressiwiteit** gemaak word:

Karel se **opvoedingsituasie** tuis kan as **ontoereikend** (problematies) beskou word (postulaat 3). Dit wil voorkom asof hy ontoereikend met sy vader as rolmodel identifiseer (postulaat 9). Angstigheid, spanning en onsekerheid manifesteer (postulaat 1).

Onsekerheidsgevoelens en ontoereikende liggaamsbelewing kan in verband gebring word met 'n **ontoereikende selfkonsep** wat manifesteer

in ontoereikende interpersoonlike relasies, wat portuurrelasies kan insluit (postulaat 12).

Aggressiwiteit by Karel kan veral geïdentifiseer word deur die groot figuur, die neusgate, beklemtoonde mond en beklemtoonde hare. Dit is nog nie duidelik teenoor wie Karel se aggressie gemik is nie.

BYLAE E:2:2

GESINSTEKENING

Figuur 10: Gesinstekening van Karel.



In TABEL 26 word die waarnemings uit die gesinstekening van Karel weergegee, asook moontlike interpretasies van elke waarneming.

TABEL 26: Waarnemings uit die gesinstekening van Karel.

Waarnemings uit tekening	Moontlike Interpretasie
1. Vader en moeder nie langs mekaar geteken nie.	Moontlike relasieprobleme (postulaat 3).
2. Broer langer as vader geteken.	Broer kan moontlik die dominerende figuur in die gesin wees. Vader speel dus nie die rol as outoritêre figuur wat hy behoort te speel nie (postulaat 5).
3. Karel langs sy vader geteken.	Hy smag moontlik na meer kontak met sy vader (postulaat 3).
4. Karel teenoor sy vader geteken en via hulle voete met mekaar verbind.	Moontlike goeie identifikasie met vader of die begeerte na meer kontak met sy vader (postulaat 3).
5. Figure verbind met mekaar via voete.	Moontlike goeie samewerking tussen gesinslede of begeerte tot beter samewerking tussen gesinslede (postulaat 3).
6. Vyandige, agterdogtige en dreigende oë, prominente neuse en groot monde met tande.	Moontlike aggressiewe gedragsmanifestasies by gesinslede.
7. Groot figure.	Problematiese opvoedingsituasie, spanning, grootdoenerigheid, vyandigheid, aggressie en gevoelens van ontoereikendheid (postulaat 3 en 8).
8. Laat sy jongste suster uit tekening.	Moontlike relasieprobleme met sy suster, a.g.v. die groot ouderdomsverskil (postulaat 3).

Uit dié afleidings kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot Karel se **relasiestigting** en **aggressiwiteit** gemaak word:

Karel beskou sy gesinsituasie as problematies, moontlik as gevolg van konflik tussen sy **moeder** en **vader**, asook sy **broer** se dominerende houding (postulaat 3 en 5). Die gevolge hiervan is dat Karel moontlik nie na wense met sy vader identifiseer nie (postulaat 10),

maar tog ook behoefte tot meer kontak met hom openbaar (postulaat 3). **Aggressiwiteit** kom oënskynlik by gesinslede voor, wat tot spanning, vyandigheid en **aggressie by Karel** lei (postulaat 3). Dié **ontoereikende gesinsrelasies** dra by tot gevoelens van ontoereikendheid wat in 'n **ontoereikende selfkonsep** kan manifesteer (postulaat 8).

BYLAE E:3

SINSVOLTOOIING

Karel se sinsvoltooiingsprotokolle:

COMPLETE THESE SENTENCES TO EXPRESS YOUR REAL FEELINGS. TRY TO DO THEM

1. I would like to go to durban - fun: enjoy 'yaurself'
2. My friends all have mountain Bikes
3. Work is a really a boreing thing in life
4. I am sorry I alway fight with my Brother
5. In future I shall always do my home work
6. My sister realy brigs me
7. In the past I was a good footbaler
8. Sports is alot of exercise and hard work
9. A hostel is like jail. (rules) bettlers you. Want to go to the hostel. - financial problems.
10. My teacher is realy nice
11. The boys are good at simming
12. I would prefer to two to england
13. What bothers me is my big brother.
14. When somebody threatens me I realy get aranerd brother beats" me up.
15. The girls in my class are pretty
16. My mother is very kind
17. In the class I misbehave a lot (don't do work, talkative. not cheecky towards teacher.

17. In the class I misbehave

18. Headache is really horrable

19. If I have a problem I always speak to my Parents (mother) I can run away from hell

20. The subject I hate is History

21. IF ONE makes a mistake you must learn from it

22. The correct thing to do is always do your home work

23. I often dream about my girlfriend. (family does not know about it)

24. My brother is a very good cyclist

25. Homework is the worst thing to do

26. I hope that I will be very rich.

27. I have decided to play soccer

28. My father always works on a weekend (doesn't bother me — I play TV games)

29. Our principal is a very nice man

30. Sometimes I am afraid when I am alone (imagination.) threats werewolf

31. A mother is always there for you

32. If someone teases me I just ignore them

33. Rules and regulations are horible and boring

34. Letters are always long to write

35. When I am alone I enjoy my self at home more

36. A father is always their for you

37. I like lots of sweets and Junk food...

38. When I go to bed I think about loda the day going past

39. People are very strang

40. My greatest fear is out in the dark alone

41. Stomach pain is not very nice

42. From now on I shall alway do my homework

43. My nerves are as calm as ever

44. My only problem is I hate school

45. Secretly I alway play tv games.

46. I wish I could go on a lifetime holiday (responsibity) - serfing.

47. At night I alway relax

48. To get a hiding is very painful

49. I have failed school before

50. If my father had to go on holiday on bisines I would be upset

51. Liquor horrible is very expensive and

52. When I get angry I am not nice to be oro

53. I should never have played around in std 4 and I would of passed

54. My mother will retire in about ten years

55. In the school : all my freinds always have a smile

56. If one does not work hard ones fails

57. I can't be brave all the time

BYLAE E:3:1

SINSVOLTOOIINGSPROTOKOLLE

Karel se sinsvoltooiingsprotokolle kan soos volg in tabelvorm ingedeel word.

TABEL 27: Sinsvoltooiingsprotokolle van Karel.
(Die nommer dui die sinnommer aan, terwyl P of N die positiewe of negatiewe aard van die sin aandui).

Aggressie	Relasie met gesin	Relasie met self	Relasie met portuur
52 Erken aggressiwiteit P 57 Kan nie altyd dapper wees nie P	4 Aggressief teenoor broer N 5 Suster pla hom N 13 Ontoereikende relasie met ouer broer N 16 Goeie relasie met moeder P 19 Goeie re- 31 lasie met moeder P 24 Ouer broer is 'n goeie fietsryer P 28 Vader werk baie hard - spandeer min tyd saam met gesin N 36 Begeer meer kontak met sy vader N 50 Vader gaan moontlik baie op besigheidstoere N 51 Ouers gebruik sterk drank N 54 Moeder bykans op aftree-ouderdom P	35 Geniet dit om soms alleen te wees P	2 Baie vriende P 9 Antago- 33 nistiese houding teenoor reëls N 10 Sportvriende P 15 Goeie re- 23 lasie met vroulike portuurlede P 17 Swak gedrag in klas om portuurgroep te beïndruk N 55 Goeie portuurrelasies P

Uit dié analise kan die volgende afleidings met betrekking tot Karel se **relasiestigting** en **aggressiwiteit** gemaak word:

Karel se **gesinsrelasies** blyk **ontoereikend** te wees. Sy vader is 'n besigheidsman wat selfs naweke nie tuis is nie. Die gevolg is dat Karel meer kontak met sy vader begeer (postulaat 3). Beide sy ouers gebruik sterk drank. Ten spyte hiervan is Karel se **relasiestigting met sy moeder** toereikend. Hy kan sy probleme met haar bespreek. Karel identifiseer met sy **ouer broer** wat 'n goeie fietsryer is. **Aggressiewe gedragsmanifestasies** tussen hulle kom voor. As gevolg van sy identifisering met sy broer as rolmodel, kan 'n **diffuse of negatiewe identiteit** ontwikkel omdat hy nie op positiewe wyses met sy vader identifiseer nie (postulaat 9).

Portuurrelasies blyk toereikend te wees. Hy het goeie portuurrelasies met beide geslagte. Hy identifiseer met beide die **negatiewer en positiewer portuurgroep** (postulaat 12). Vrees bestaan dat hy met 'n negatiewer portuurgroep kan identifiseer as gevolg van sy antagonistiese houding teenoor die skool en skoolreëls (postulaat 12). Op 'n meer positiewe wyse identifiseer hy met 'n sportportuurgroep.

BYLAE E:4

EPI

Die verskillende persoonlikheidstrekke van Karel, soos dit uit die EPI na vore kom, word in TABEL 28 weergegee.

TABEL 28: Persoonlikheidstrekke volgens die EPI van Karel:

	Dimensies	Roupunt	Persentiel
1	Gehoorsaam	22	82
2	Wankontrole	8	21
3	Behoedsaam	12	35
4	Somber	0	4
5	Wantrouig	13	71
6	Beheersd	20	49
7	Aggressief	6	32
8	Sosiaal	20	99
9	Vooroordeel	40	78

Sy profiel sien soos volg daaruit:



BYLAE E:4:1

UITVALLE VOLGENS DIE EPI

Gehoorsaamheid (82%): Dié hoë telling dui daarop dat Karel dinge aanvaar, betroubaar is, gehoorsaam is en moontlik afhanklik kan wees. Dié telling verkeer egter in konflik met die hoë gemiddelde telling van **71% vir wantrouigheid** wat op koppigheid, fyngevoeligheid, sarkasme en 'n kritiese ingesteldheid dui.

Wankontrole (21%): Dié lae telling dui op die neiging om nie avontuurlustig te wees nie en die neiging om weg te skram van sosiale verkeer. Dit is in konflik met die hoë telling van 99% wat hy vir sosiaal behaal het.

Somber (4%): Die konflikte wat Karel ervaar, manifesteer in gevoelens van **depressiwiteit** omdat die lae telling wat hy vir dié dimensie behaal het, moontlik dui op die ontkenning van sy depressiewe gevoelens (postulaat 1).

Identifisering van aggressiwiteit uit die EPI

Alhoewel Karel 'n lae gemiddelde telling van 32% vir **aggressiwiteit** behaal het, het hy ook 'n lae gemiddelde telling vir die teenoorgestelde dimensie van aggressie, naamlik behoedsaam, behaal. Dit dui op 'n konflik tussen **aggressiwiteit en behoedsaamheid**. Hy kan dus meer bakleierig, aggressief en rebels wees as wat hy voorgee om te wees. Lae behoedsaamheid dui op die neiging om minder versigtig te wees, kanse te waag en hy kan soms as gevolg hiervan in die moeilikheid beland. Dié karaktereienskappe korreleer meer met aggressiwiteit.

Ontkenning van sy ware aggressiewe gevoelens manifesteer in **depressiwiteit** (postulaat 1).

BYLAE E:5

DIE TAT

Hieronder volg 'n opsomming van die belangrikste TAT-protokolle van Karel:

Kaart 1: "Once upon a time there was a young boy who wants to be a musican. Gets a violin for his birthday. He practice, broke a string. Next day he have it fixed - played it. He decided to start playing for the school and became the best violin player in the school. One day his violin broke." (2 minute, 5 sekondes).

Kommentaar: Uit dié protokol kan afgelei word dat Karel ambisie het, deurdat hy wel aan die eise wat aan hom gestel word, voldoen. Hy behaal sukses. Dit wil op die stadium voorkom asof sy ambisie moontlik nie op die werklikheid berus nie, en beskou kan word as die begeerte of behoefte na sukses. Sy behoeftes word nie tans bevredig nie. **Depressie** manifesteer (postulaat 1).

Kaart 3BM: "Long time ago there was a happy family, mother, father and two kids, a boy and a girl. After a few years, the parents started to fight. The father drank in front of the children. The mother shouted at him. He hit her. The children ran away from home and the mother crying." (1 minuut, 15 sekondes).

Kommentaar: Dié kaart ontlok **frustrasie en aggressie.** Uit Karel se protokol kan afgelei word dat hy nie daartoe in staat is om homself te handhaaf nie (postulaat 8). Hy en die ander kinders onttrek uit die konfliksituasie wanneer die vaderfiguur aggressief teenoor die moeder optree (postulaat 3 en 7). Daar kan vermoed word dat Karel via sy ontvlugting sy aggressie onderdruk omdat hy nie die geweer in die verhaaltjie raakgesien het nie.

Kaart 6BM: "One day there was a son that grew up. He was in his twenties. His mother was old. He had to go away to the army.

Stayed in army for 20 months. He had a weekend pass en went to his mother. She was upset because he went to the army voluntary. He had to go. Have to go to the police prison, because he had to give a month notice." (1 minuut, 50 sekondes).

Kommentaar: Karel het in die protokol die moeder/seun verhouding raakgesien. Dit wil voorkom of die moederfiguur nie die seun wil laat gaan nie en hom steeds wil beskerm. Sy sien moontlik nie werklik haar seun se behoeftes raak nie (postulaat 3).

Kaart 7BM: "Business man started a company. He lend money from the bank, years ago. Years later, he lost 3,2 million dollars. He had spend all his money on a vacation. Bank contacted him to ask where money was that he lent. They went to court. Tackled lawyer. Decided to plead guilty. They give him 30 days to pay." (2 minute, 26 sekondes).

Kommentaar: Karel sien via dié protokol nie die vader/seun relasie raak nie, maar beskryf hier eerder die aard van sy vader se beroep ('n besigheidsman). Dié man in die verhaaltjie tree oneerlik op, maar die saak word tog opgelos. **Skuldgevoelens** oor die oneerlikheid kom ook uit dié protokol na vore (postulaat 3 en 4).

Kaart 8BM: " One day, a soldier from the army came home. He went out to a meal and went to a bar and got drunk. When he came home, drunk, the next morning he did'nt go to the army. He was in trouble. Three weeks later he got a weekend pass. He went to his wife. He must go to war. Here he was shot. There was an operation to take the bullet out." (2 minute, 6 sekondes).

Kommentaar: Dié kaart verteenwoordig direkte aggressiwiteit, omdat dit 'n gewelddadige toneel skep. Uit Karel se protokol kan afgelei word dat **sy aggressie teenoor homself gerig is.** Hy is dié een wat geskiet is. Hy meld nie wie die operasie uitvoer nie. Wat egter van belang is, is die gewonde se houding teenoor drank. Dit blyk dat hy

drank mag misbruik, wat tot die **betrokkenheid by die negatiewe portuurgroep** kan lei (postulaat 1 en 12).

Uit die TAT-protokolle kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot Karel se **relasiestigting en aggressiwiteit** gemaak word:

Gesinsrelasies blyk **ontoereikend** te wees (postulaat 3). Karel se vader tree moontlik aggressief teenoor sy vrou op. Die kinders probeer die aggressiwiteit ontvlug (postulaat 7). Dit wil voorkom asof Karel se moeder hom probeer beskerm en sodoende soms haar seun se behoeftes misken. Karel se **vader** speel nie 'n belangrike rol met betrekking tot sy dissiplinering nie, met die gevolg dat Karel **nie na wense met sy vader identifiseer nie** (postulaat 10). Karel identifiseer wel met sy vader se beroep, maar openbaar 'n begeerte tot meer kontak met hom (postulaat 3).

Karel se onbevredigende behoefte-bevrediging manifesteer in ontvlugting, **onderdrukking van sy aggressiwiteit en skuldgevoelens** oor swak gedrag. Die gevolge hiervan is 'n **onrealisties-negatiewe selfkonsep** wat kan manifesteer in **selfvernietigende gedrag** (postulaat 1, 8 en 10).

Wat Karel se portuurrelasies betref, kan afgelei word dat hy met 'n **negatiewer portuurgroep identifiseer** veral ten opsigte van drankmisbruik (postulaat 12).

BYLAE E:6

SAMEVATTENDE PERSOONSBEELD

BYLAE E:6:1

RELASIE MET DIE GESIN

Karel se **gesinsrelasies** is **ontoereikend**, wat te wyte is aan konflik tussen sy vader en moeder, asook sy **vader** se besige besigheidskedule (postulaat 3). Relasiestigting met sy **moeder** is meer toereikend. Daar bestaan 'n goeie vertrouensverhouding tussen moeder en seun, alhoewel sy moeder soms haar seun se behoeftes misken. Die gesinsituasie word oorheers deur 'n **ouer broer** (postulaat 5). Ernstige konflik, wat in **aggressie** manifesteer, bestaan tussen Karel en sy broer. **Drankgebruik** kom gereeld in dié **gesin** voor wat tot geweld in die gesinsituasie bydra (postulaat 3 en 7).

BYLAE E:6:2

RELASIE MET DIE SELF

Ontoereikende gesinsrelasies manifesteer in opstandigheid, spanning, **aggressiwiteit, depressie** en **gevoelens van ontoereikendheid** by Karel (postulaat 1). Al dié manifestasies kan in verband gebring word met 'n **onrealisties-negatiewe selfkonsep** wat in Karel se geval tot selfvernietigende gedrag kan lei (postulaat 1, 8 en 10).

BYLAE E:6:3

RELASIE MET DIE PORTUUR

Ontoereikende gesinsrelasies en 'n ontoereikende selfkonsep manifesteer in **ontoereikende portuurrelasies,** omdat Karel neig om met 'n **negatiewer portuurgroep** te identifiseer, waar dit gaan om 'n antagonistiese houding teenoor reëls, die skool en drankmisbruik (postulaat 12). Redes wat hiervoor aangegee kan word, is Karel se identifisering met 'n **ouer portuurgroep,** as gevolg van sy identifikasie met sy broer en die ontoereikende identifisering met sy vader as rolmodel (postulaat 9).